**OTJE**

deur Annie M.G. Schmidt

in Afrikaans vertaal deur Marietjie Nelson as

**OTTIE**

Bylae tot die ongepubliseerde proefskrif

**`Ze willen grieven eten': Teorie en praktyk van die vertaling van 'n Nederlandse kinderboek**

voorgelê vir die graad

DOCTOR LITTERARUM (Toegepaste Linguistiek)

in die Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys


P

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| Hotel de Koperwiek | Die Koper Lyster Hotel | 1 |
| Grieven | Griewe | 5 |
| Lijsterpastei | Lysterpastei | 9 |
| Het voorgerecht | Die voorgereg | 13 |
| Tante Melia | Tant Melia | 16 |
| Betsie | Betsie | 19 |
| Het diner | Die ete | 24 |
| Afscheid | Afskeid | 27 |
| Het kompjoetergebouw | Die rekenaargebou | 31 |
| Op het parkeerterrein | Op die parkeerterrein | 35 |
| Kwark de Kraai | Kwark die Kraai | 39 |
| Brandnetelsoep | Brandnetelsop | 43 |
| Wie durft er door een raam te vliegen? | Wie sal waag om by die venster in te vlieg? | 47 |
| Een stoet van vogels | 'n Hele stoet voëls | 50 |
| Twee papieren moeten terug | Twee papiere moet teruggebring word | 53 |
| Een nieuwe schuilplaats | 'n Nuwe wegkruipplek | 56 |
| Herman | Herman | 59 |
| Achtervolgd | Agtervolg | 62 |
| De poes van die wasserette | Die kat by die wasoutomaat | 66 |
| Een portret van Tos | 'n Portret van Tom | 70 |
| Autopech | Teenspoed met die motor | 74 |
| Tos heeft een baan | Tom kry werk | 78 |
| De sleutel van kamer 17 | Die sleutel van kamer 17 | 82 |
| Een gele sportauto | 'n Geel sportmotor | 86 |
| Het verhaal van de schrijver | Die verhaal van die skrywer | 90 |
| Brandnetels voor de soep | Brandnetels vir die sop | 94 |
| Meneer Zelf | Meneer Self | 98 |
| De Stevige Pot | Die Stewige Pot | 103 |

| | | |
|---|---|---|
| Tantes | Tantes | 108 |
| Otje hakt de knoop door | Ottie hak die knoop deur | 112 |
| Bij de tantes in huis | By die tantes | 117 |
| Juffrouw Ochtendster | Juffrou Môrester | 120 |
| Het komt nooit meer goed | Dit sal nooit weer regkom nie | 125 |
| De winkel van meneer Pijpetoon | Meneer Pypedans se winkel | 129 |
| Rusthuis Vredelief | Die Hersteloord Vredelief | 133 |
| De redding | Die redding | 137 |
| Weer op reis | Weer op reis | 142 |
| Het raadhuis van Kokkelburg | Die raadsaal van Kokkelburg | 146 |
| De tekenwedstrijd | Die tekenwedstryd | 150 |
| Feest | Fees | 155 |
| Hun eigen hotel | Hul eie hotel | 161 |

Hotel de Koperwiek

In de buurt van Hollebroek, aan een groen weggetje midden in de bossen ligt een klein hotel, De Koperwiek.

Op die maandagmorgen in mei was het er doodstil. Er stonden geen auto's, behalve het oude bestelwagentje van de kok.

De hond Boef lag te slapen op het terras en de dikke poes waste zich op de regenton.

Binnen in de hal stond de eigenaar van het hotel, meneer Pardoes. Hij praatte somber met z'n vrouw.

'Dit wordt te gek,' zei hij. 'Al maanden geen gasten. Zelfs in het weekend geen gasten. Hotel De Koperwiek zal moeten sluiten.'

'Het voorjaar is net begonnen. Het wordt mooi weer, ze komen nog wel,' zei mevrouw Pardoes. 'We moeten alleen bezuinigen.'

'Nog meer bezuinigen?' riep de baas. 'Hoe dan?'

'Minder personeel.'

'Minder personeel? Mens, we hebben helemaal geen personeel meer. Geen kamermeisje, geen kelner, we doen alles zelf.'

'We hebben de kok,' zei mevrouw Pardoes. 'Hij moet elke maand geld hebben. En hij eet ontzettend veel. En hij heeft z'n dochtertje bij zich. Dat kind eet ook bordenvol iedere dag.'

'Wou je de kok wegdoen?' riep haar man verschrikt. 'Wou je Tos ontslaan? En dan? Dan moet jij zelf koken en het enige wat je kunt maken is snijbonen met gehakt en dat nog heel vies! En bovendien: Tos doet ook de tuin. Ik kan 'm niet ontslaan.'

'Niet ontslaan,' zei z'n vrouw. 'Gewoon minder loon. Ga het 'm maar meteen zeggen.'

De baas zuchtte. 'Nog minder loon?'

'Ja, er kan nog best wat af.'

Die Koper Lyster Hotel

In die buurt van Holspruit, langs 'n grondpad tussen baie groen bosse staan 'n klein hotelletjie, die Koper Lyster Hotel.

Op hierdie Maandagoggend in Mei was dit doodstil daar. Daar was geen motors voor die deur nie, net die kok se ou stasiewaentjie.

Boef die hond het gelê en slaap op die stoep en die vet kat het bo-op die reënwatertenk haar gesig sit en was.

Binne in die ontvangsportaal staan die eienaar van die hotel, meneer Kaplaks. Hy lyk terneergedruk en hy praat met sy vrou.

'Dit word darem nou te erg,' sê hy. 'Dit is nou al maande lank dat ons nie mense kry nie. Selfs nie eers oor die naweek nie. Ons sal die Koper Lyster Hotel moet sluit.'

'Die lente begin nou net. Die weer begin mooi word. Hulle sal nog kom', sê mevrou Kaplaks. 'Ons moet net 'n bietjie bespaar.'

'Nog meer bespaar?' roep die baas. 'Hoe kan ons?'

'Minder personeel.'

'Minder personeel? My liewe mens, ons het glad nie meer personeel nie. Ons het nie 'n kamerbediende nie, nie 'n kelner nie, ons doen alles self.'

'Ons het nog die kok,' sê mevrou Kaplaks. 'Hy moet elke maand betaal word. En hy eet verskriklik baie. En hy het sy dogtertjie by hom. Daardie kind eet ook elke dag bordevol kos.'

'Wil jy tog nie die kok laat loop nie?' roep haar man verskrik. 'Wil jy vir Tom ontslaan? En dan? Dan moet jy self koskook en al wat jy kan maak is groenbone en maalvleis, en dan smaak dit bowendien aaklig! En verder versorg Tom ook die tuin. Ek kan hom nie ontslaan nie.'

'Nee, nie ontslaan nie,' sê sy vrou, 'net minder betaal. Gaan sê dit sommer dadelik vir hom.'

Die baas sug. 'Nog minder betaal?'

'Ja, jy kan nog maklik iets aftrek.'

'Ga jij het 'm dan zeggen.'

'Nee,' zei ze. 'Dat moet jij doen. Vooruit, doe het. Hij is in de keuken.'

Buiten was de tuin. Een groot gazon en bloeiende perken. Daarachter stonden hoge bomen, kastanjes en beuken vol met zingende lijsters en merels en daarachter begon het bos, waar de eksters woonden en de roeken.

Aan het eind van de tuin liep een klein meisje. Het was Otje, het dochtertje van de kok. Ze liep met haar hoofd naar beneden want ze was bezig veertjes te zoeken. Ze verzamelde vogelveertjes die ze op zolder bewaarde in een oud kussensloop. Ze had al weer een handje vol, toen ze onder de linde een dood vogeltje zag liggen.

'Een lijster,' zei Otje. 'Ach, arme lijster.'

Ze keek naar boven. Daar, op een tak van de lindeboom zat een levende lijster heel hard te zingen. Otje kende alle vogels in de tuin en deze ook. Het was de lijster Tiet.

'Tsjuuuu-tiet-tiet-tiet-tuuu,' zong hij.

'Kijk 's,' zei Otje. Ze wees naar de dode vogel.

'Ik heb het gezien-tien-tien,' zong de lijster. 'Het is m'n tante. Het hindert niet-tiet-tiet. Het is m'n tante maar.'

Otje vond het erg ongevoelig van Tiet om zo over z'n tante te praten.

'Zal ik haar begraven?' vroeg ze.

'Doe maar wat je niet kan laten tralalaten,' zong Tiet. 'Ik heb een nest en mijn vrouw Bessie legt vanmiddag haar eerste ei!'

Juist toen Otje een mooi plekje had gevonden om de vogeltante te begraven, kwam de hond Boef aanrennen. Hij blafte zenuwachtig en riep: 'Kom gauw ! Je vader heeft het weer! Hij smijt met pannen en vorken! Kom gauw, wauw, wauw !'

Otje liet het vogeltje liggen en holde over het gazon.

'Gaan sê jy dit dan vir hom.'

'Nee,' sê sy. 'Dit moet jy doen. Toe, doen dit nou. Hy is in die kombuis.'

Buitekant was die tuin. 'n Groot grasperk en beddings vol blomme. Daaragter het hoë bome gestaan, kastaiings en beuke vol singende lysters van allerhande soorte en dààragter het die bos begin, waar die eksters en die kraaie gewoon het.

Waar die tuin ophou, loop 'n klein dogtertjie. Dit is Ottie, die kok se dogtertjie. Sy loop kop onderstebo, want sy is besig om veertjies te soek. Sy maak veertjies bymekaar en hou hulle op die solder in 'n ou kussingsloop. Sy het alreeds 'n handvol gehad toe sy 'n dooie voëltjie onder die lindeboom sien lê.

''n Lyster,' sê Ottie. 'Ag foeitog, die arme lyster.'

Sy kyk op. Daar, op 'n tak van die lindeboom sit 'n lewendige lyster en sing kliphard. Ottie het al die voëls in die tuin geken, hierdie een ook. Dit was die lyster Twiet.

'Tsjuuuu-twiet-twiet-twiet-tuu,' sing hy.

'Kyk hier,' sê Ottie. Sy wys na die dooie voël.

'Ek het gesien-tien-tien,' sing die lyster. 'Dis my tannie. Dit maak nie saak nie, niet-twiet-twiet. Dis maar net my tannie.'

Dit was vir Ottie baie ongevoelig van Twiet om so van sy tannie te praat.

'Moet ek haar begrawe?' vra sy.

'Doen dit maar as jy nie anders kan nie, trala-lannie,' sing Twiet. 'Ek het 'n nes en my vrou Bessie gaan vanmiddag haar eerste eier lê!'

Net toe Ottie 'n mooi plekkie gekry het om die voëltannie te begrawe, kom Boef, die hond, aangehardloop. Hy blaf senuweeagtig en roep: 'Kom gou! Jou pa het dit weer! Hy gooi kastrolle en vurke rond! Kom gou, whou, whou!'

Ottie los die voëltjie en hol oor die gras.

Haar vader had het weer. Ze wist wat dat betekende. Hij had een driftbui en als hij een driftbui had sloeg hij wild om zich heen en vernielde alles. Ze liep zo hard mogelijk. De dikke poes kwam haar tegemoet. 'Je bent te laat, Otje,' zei ze. 'Je vader heeft een afgekloven kip naar de baas z'n hoofd gegooid. Hij is ontslagen.'

Toen Otje de keukendeur opendeed zag ze haar vader zitten, uitgeput en bleek met zweetdruppeltjes op z'n voorhoofd. De driftbui was over maar om hem heen lagen gebroken borden en schalen, visgraten, kippebotjes, slierten bami en nog veel meer.

'Pappa ! Je had me nog zó beloofd dat je niet meer driftig zou worden.'

Tos, de kok, veegde z'n voorhoofd af en zuchtte.

'Ik kon het niet helpen,' zei hij. 'Ik was buiten mezelf.'

Otje begon de scherven op te rapen. 'Ben je echt ontslagen?' vroeg ze.

Tos knikte. Hij keek hulpeloos en zielig. Er viel een traan op z'n strikje. 'Ik heb een kip naar z'n hoofd gegooid,' zei hij. 'Ik heb 'm uitgescholden en uitzuiger tegen 'm geroepen. Hij wou me alweer minder loon geven en het was al zo weinig. Nu heeft hij me op staande voet ontslagen.'

'Maar dat kan toch maar niet zomaar, pappa? Dat mag hij toch niet doen?'

'Och kind,' zei Tos. 'Je weet toch dat ik geen papieren heb. Met iemand die geen papieren heeft, kunnen ze alles doen. Ze kunnen me laten werken voor een schijntje en ze kunnen me ontslaan wanneer het ze belieft.'

Otje wist wel dat haar vader 'geen papieren' had. Hij had het haar vaak gezegd. Maar wat het precies betekende wist ze niet. Ieder mens heeft papieren nodig, zei Tos altijd. Zonder papieren kun je niet leven. Maar wat voor papieren dat precies waren?

'Kom kind,' zei haar vader. 'We moeten onze bullen pakken en wegwezen.' Hij zette z'n muts af.

Haar pa hét dit weer. Sy weet wat dit beteken. Hy is in 'n woedebui, en wanneer hy in 'n woedebui is, slaan hy en gaan tekere en verniel alles. Sy hardloop so vinnig as sy kan. Die vet kat ontmoet haar 'n ent weg. 'Jy is te laat, Ottie,' sê sy. 'Jou pa het die baas met 'n hoendergeraamte teen die kop gegooi. Hy is ontslaan.'

Toe Ottie die kombuisdeur oopmaak, sien sy haar pa sit, bleek en uitgeput, met sweetdruppeltjies op sy voorkop. Die woedebui was verby, maar rondom hom lê gebreekte borde en skottels, visgrate, hoenderbeentjies, toue spaghetti en nog baie ander goed.

'Pappa! Jy het my so mooi belowe om nie meer kwaad te word nie.'

Tom, die kok, vee sy voorkop af en sug.

'Ek kon dit nie help nie,' sê hy. 'Ek was heeltemal buite myself.'

Ottie begin die stukke optel. 'Het hulle jou regtig ontslaan?' vra sy.

Tom knik. Hy lyk hulpeloos en hartseer. 'n Traan val op sy strikdassie. 'Ek het hom met 'n hoender teen die kop gegooi,' sê hy. 'Ek het hom uitgeskel en hom 'n uitsuier genoem. Hy wou alweer my salaris verminder, en dit is al so min. Nou het hy my sommer dadelik in die pad gesteek.'

'Maar hy kan dit mos nie sommer so doen nie, Pappa? Dit word mos nie toegelaat nie.'

'Ag, my kind,' sê Tom. 'Jy weet tog ek het nie papiere nie. Met iemand wat nie papiere het nie, kan die mense enigiets doen. Hulle kan my laat werk vir amper niks en hulle kan my ontslaan wanneer hulle lus het.'

Ottie het geweet haar pa "het nie papiere" nie. Hy het haar dit al baie keer vertel. Maar wat dit presies beteken het, het sy nie geweet nie. Elke mens het papiere nodig, het Tom altyd gesê. Sonder papiere kan jy nie leef nie. Maar watse papiere dit nou eintlik was?

'Kom, my kind,' sê haar pa. 'Ons moet ons goed inpak en verkas.' Hy haal sy wit mus af.

'Waar moeten we naar toe, pappa ? Je zegt altijd dat je geen andere baan kunt krijgen zonder... zonder... papieren. '

'We hebben onze auto, kind. Onze bestelwagen. We trekken door het land en we kamperen.'

Otje dweilde de laatste etensresten van de keukenvloer.

'Rondtrekken...' zei ze. 'Eigenlijk best leuk. We hebben slaapzakken en een kooktoestel. Als het regent kunnen we in de auto slapen. Toch vind ik het jammer om hier weg te moeten. We zijn vriendjes met alle vogels in de tuin. En met Boef de hond en met Betsie de poes.'

'We vinden weer andere vriendjes,' zei Tos. 'Overal zijn vogels en honden en katten. Kom mee, Otje.'

Op dat moment hoorden ze het geluid van een auto die knersend stopte voor het hotel.

'Gasten?' vroeg Otje weifelend.

Tos keek uit het raam.

'Ik geloof het warempel,' zei hij. 'Een vreemde auto. Hotelgasten. En nu hebben ze geen kok meer. Net goed ! Laten we gaan. Kom mee!'

'Nog even wachten, pappa,' zei Otje.

'Waarnatoe gaan ons, Pappa? Jy sê dan altyd jy kan nie ander werk kry sonder.... sonder.... papiere nie.'

'Ons het darem nog ons motor, my kind. Ons stasiewa. Ons trek deur die land en ons kampeer.'

Ottie vee die laaste stukkies kos van die vloer af op.

'Rondtrek....' sê sy. 'Dit sal eintlik lekker wees. Ons het slaapsakke en 'n gasstofie. As dit reën, kan ons in die motor slaap. Maar dis darem jammer dat ons hier moet weggaan. Ons is vriende met al die voëls in die tuin. En met Boef, die hond, en Betsie, die kat.'

'Ons sal weer ander vriende maak,' sê Tom. 'Daar is orals voëls en honde en katte. Kom saam, Ottie.'

Op dieselfde oomblik hoor hulle die geknars van 'n motor wat voor die hotel stilhou.

'Mense?' vra Ottie weifelend.

Tom kyk deur die venster.

'Dit lyk sowaar so,' sê hy. ''n Vreemde motor. Mense vir die hotel. En nou het hulle nie meer 'n kok nie. Goed so! Kom ons loop. Kom, Ottie!'

'Wag net 'n bietjie, Pappa,' sê Ottie.

Grieven

In hotel De Koperwiek waren eindelijk gasten aangekomen. Het waren twee Franse meneren met hun twee Franse mevrouwen. Ze hadden hun koffers nog even in de auto gelaten en ze praatten alle vier tegelijk en vroegen iets aan meneer Pardoes en z'n vrouw.

'Ik versta ze niet,' zei meneer Pardoes. 'Ze vragen iets. Wat willen ze?'

'Ze zeggen iets van "grieven",' zei z'n vrouw.

'Wat bedoelen ze dan?'

'Ik weet het niet. Haal de kok er even bij. Die kan Frans praten.'

'De kok ? En ik heb 'm net ontslagen !'

'Ja, maar hij is nog niet weg. Zijn bestelauto staat er nog.'

Nee, Tos was nog niet weg. Hij stond met Otje door het keukenraampje naar buiten te turen. Alles wat ze konden zien was het spatbord van de nieuwaangekomen auto. "t Is een dure auto,' zei Tos, 'dat kan ik wel zien.'

Er werd aan de deur gekrabd. Het was Boef, de hond.

Zijn buitenlanders,' zei hij. "t Zijn Fransen. De baas verstaat ze niet.'

'Dat is jammer,' zei Tos.

'Jij kan ze misschien beter verstaan,' zei Boef.

'Ik ben weg,' zei Tos. 'Ze hebben me ontslagen, weet je nog wel?'

"t Zou toch fijn zijn als je er even bij kwam,' zei de hond.

'Nee,' zei Tos. 'Ik ben er niet meer, dus . . .'

Maar nu was er weer iemand aan de keukendeur. Meneer Pardoes stak z'n hoofd naar binnen en zei: 'Luister 's Tos . . .'

Griewe

Die Koper Lyster Hotel het eindelik weer mense gekry. Dit was twee Fransmanne met hulle twee Franse vrouens. Hulle het hulle tasse eers in die motor laat staan en hulle praat al vier gelyk en vra iets vir meneer Kaplaks en sy vrou.

'Ek verstaan nie wat hulle sê nie,' sê meneer Kaplaks. 'Hulle vra iets. Wat wil hulle hê?'

'Hulle sê iets van "griewe" ' sê sy vrou.

'Nou wat bedoel hulle?'

'Ek weet nie. Roep gou bietjie die kok. Hy kan Frans praat.'

'Die kok! Ek het hom dan nou net in die pad gesteek!'

'Ja, maar hy is nog nie weg nie. Sy stasiewa staan nog daar.'

Nee, Tom was nog nie weg nie. Hy en Ottie het agter die kombuisvenstertjie gestaan en loer. Al wat hulle kon sien, was die modderskerm van die motor wat net aangekom het. 'Dis 'n duur motor,' sê Tom, 'dit kan ek darem uitmaak.'

Daar word aan die deur gekrap. Dis Boef, die hond.

'Dis uitlanders,' sê hy. 'Franse. Die baas kan hulle nie verstaan nie.'

'Dis jammer,' sê Tom.

'Jy kan hulle dalk beter verstaan,' sê Boef.

'Ek is weg,' sê Tom. 'Hulle het my in die pad gesteek, onthou jy nie?'

'Dit sal tog gaaf wees as jy 'n bietjie soontoe gaan,' sê die hond.

'Nee,' sê Tom. 'Ek is nie meer hier nie, dus...'

Maar nou kom daar weer iemand by die kombuisdeur. Meneer Kaplaks steek sy kop by die deur in en sê: 'Hoor hierso, Tom...'

| | |
|---|---|
| Tos zweeg. | Tom bly stil. |
| 'Er zijn vier Fransen en ik kan ze niet verstaan.' | 'Daar is vier Franse en ek kan nie verstaan wat hulle sê nie.' |
| Tos zweeg. | Tom bly stil. |
| 'En jij spreekt zo voortreffelijk Frans, Tos...' ging de baas door. | 'En jy kan so uitstekend Frans praat, Tom ...' hou die baas aan. |
| Toen de kok nog altijd bleef zwijgen, zei hij: 'Ze hebben grieven.' | Toe die kok nog steeds stilbly, sê hy: 'Hulle het griewe...' |
| Nu keek Tos verbaasd op. 'Grieven? Bedoelt u klachten? Hoe kan dat nou? Ze zijn er net. Waar klagen ze dan over?' | Nou kyk Tom verbaas op. 'Griewe? Bedoel u klagtes? Hoe is dit moontlik? Hulle het nog skaars hier aangekom. Waaroor kla hulle dan?' |
| 'Ik weet het niet,' zei meneer Pardoes. 'Zou jij asjeblieft even mee willen gaan?' | 'Ek weet nie,' sê meneer Kaplaks. 'Sal jy nie asseblief 'n bietjie soontoe kom nie?' |
| Otje gaf haar vader een duw. 'Doe het,' zei ze. | Ottie stoot aan haar pa. 'Doen dit,' sê sy. |
| Tos zette z'n muts weer op en ging met de baas mee naar het terras waar de twee dames en twee heren luid zaten te kwebbelen in het Frans, terwijl ze af en toe in de lucht wezen met hun vinger. Zodra ze de kok zagen, begonnen ze tegen hem te praten. | Tom sit sy wit mus weer op en gaan saam met die baas na die stoep waar die twee dames en twee here kliphard sit en babbel in Frans, terwyl hulle af en toe met 'n vinger in die lug op wys. Sodra hulle die kok sien, begin hulle met hom praat. |
| Tos luisterde en zei: 'Aha. Ja ja, wie wie.' Maar toen schudde hij z'n hoofd en riep: 'Non non non!' | Tom luister en sê: 'Ooo. Ja, ja, whie, whie.' (So klink die Franse woord vir "ja".) Maar toe skud hy sy kop en roep: 'Non, non, non!' |
| 'Wat willen ze ?' vroeg meneer Pardoes. 'Wat voor grieven hebben ze?' | 'Wat wil hulle hê?' vra meneer Kaplaks. 'Watse griewe het hulle?' |
| 'Ze hebben geen grieven,' zei Tos. 'Ze willen grieven eten.' | 'Hulle het nie griewe nie,' sê Tom. 'Hulle wil griewe eet.' |
| 'Grieven eten?' | 'Griewe eet?' |
| '"Grives",' zei Tos. 'Lijsters. In Frankrijk eten ze lijsters.' | '"Grives",' sê Tom. 'Dis die Franse woord vir lysters. In Frankryk eet die mense lysters.' |
| 'Lijsters...' zei meneer Pardoes verwonderd. Hij keek voor 't eerst van z'n leven naar de vogels in z'n tuin. | 'Lysters...' sê meneer Kaplaks verwonderd. Vir die eerste maal in sy lewe kyk hy na die voëls in sy tuin. |
| 'Zijn dat lijsters?' vroeg hij. | 'Is dit lysters?' vra hy. |
| 'Ja, 't zit hier vol,' zei Tos. | 'Ja, hier is baie van hulle,' sê Tom. |

'Die kunnen ze krijgen,' zei de baas. 'Zeg maar dat ze net zoveel lijsters kunnen eten als ze willen. 0, wat wordt dat een lekker goedkoop dineetje. Ik laat ze duur betalen en het kost mij niets. Jij mag ze schieten, Tos. Ik haal even m'n geweer uit de hal.'

'Nee,' riep Tos, 'ik schiet geen lijsters dood. 't Zijn vriendjes van me en bovendien is het broedtijd en ik heb al non non non gezegd.'

'Dan zeg ik: Wie wie wie,' zei de baas. En hij riep naar de gasten: 'Wie wie! Naturel! Grieven zat!'

Toen haalde hij zijn geweer uit de hal, duwde het Tos in de handen en zei: 'Het is geladen, dus vooruit: Ik weet dat je kunt schieten.'

Tos deinsde achteruit en riep: 'Ik doe het niet, ik wil het niet!'

'Dan blijf je ontslagen,' zei meneer Pardoes kwaad. Hij wilde het geweer terugbrengen, maar een van de Franse meneren nam het van hem over.

'Ze willen zelf schieten,' zei Tos verschrikt.

'Mooi, laat ze maar,' zei de baas. En hij ging naar binnen om de wijn te halen die besteld was.

Tos bleef angstig kijken om te zien wat er zou gebeuren.

De Fransman sloop met het geweer tussen de struiken en mikte voorzichtig op een vogel in de boom. Maar de twee de Fransman werd jaloers en ging hem achterna.

'Ik wil eerst!' riep hij in het Frans. 'Ik schiet veel beter.'

'Blijf af!' schreeuwde de ander. Ze hadden nu allebei het geweer vast en ze rukten en trokken en sloegen en vochten. De dames begonnen te gillen, de vogel vloog weg en het geweer ging af, juist toen meneer Pardoes naar buiten kwam met de wijn.

Het schot raakte hem net niet. Maar wel het dienblad met twee flessen rode wijn, vier glazen en een schaal zoute prieters en prutters. Het gaf een oorverdovend gekletter en de gasten waren er even stil van.

'Hulle kan hulle maar eet,' sê die baas. 'Sê vir hulle hulle kan net soveel lysters eet as wat hulle wil. Dit sal vir jou 'n lekker goedkoop aandete word. Ek laat hulle duur betaal en dit kos my niks nie. Jy kan hulle skiet, Tom. Ek sal gou my geweer gaan haal.'

'Nee,' roep Tom,'ek wil nie lysters doodskiet nie. Hulle is my maatjies en bowendien is dit nou broeityd en ek het klaar non non non gesê.'

'Dan sê ek: whie whie whie,' sê die baas. En hy roep na die gaste: 'Whie whie whie! Naturel! Baie griewe!'

Toe gaan haal hy sy geweer in die portaal, stop dit in Tom se hande en sê: 'Hy's gelaai. Gaan nou: Ek weet jy kan skiet!'

Tom deins agteruit en roep: 'Ek sal dit nie doen nie, ek wil nie!'

'Dan bly jy ontslaan,' sê meneer Kaplaks kwaad. Hy wil die geweer terugvat, maar een van die Fransmanne neem dit by hom oor.

'Hulle wil self skiet,' sê Tom verskrik.

'Mooi, laat hulle maar,' sê die baas. En hy gaan binnetoe om die wyn te gaan haal wat bestel is.

Tom bly staan angstig om te kyk wat gaan gebeur.

Die Fransman sluip met die geweer tussen die struike rond en mik versigtig na 'n voël in die boom. Maar die tweede Fransman word jaloers en loop agter hom aan.

'Ek wil eerste!' roep hy in Frans. 'Ek kan baie beter skiet.'

'Laat los!' skreeu die ander een. Hulle hou nou altwee die geweer vas en hulle ruk en pluk en slaan en baklei. Die dames begin te gil, die voël vlieg weg en die geweer gaan af, net toe meneer Kaplaks buitentoe kom met die wyn.

Die skoot het hom nét nie geraak nie. Maar dit het die skinkbord geraak, met die twee bottels rooiwyn en die vier glase en 'n bakkie soutigheidjies. Dit gee 'n oorverdowende lawaai af. Die mense bly skielik stil.

Doodsbleek ging meneer Pardoes zitten. Hij veegde de wijn van z'n gezicht en van z'n overhemd en probeerde beleefd te blijven. 'Het hindert niet,' zei hij pijnlijk glimlachend.

Toen viel z'n blik op de kok die achter een struik stond en z'n buik vasthield van het lachen.

'Jij. . . jij sabbelaar,' siste hij woedend. Hij gaf Tos het geweer. 'Naar het bos!' schreeuwde hij. 'En je komt met een mand vol dooje lijsters terug.'

Doodsbleek gaan sit meneer Kaplaks. Hy vee die wyn van sy gesig en sy hemp af en probeer om beleef te bly. 'Dit maak nie saak nie,' sê hy met 'n pynlike glimlag.

Toe val sy blik op die kok wat agter 'n struik staan en sy maag vashou soos hy lag.

'Jy...jy. Jou sot!' sis hy woedend. Hy gee vir Tom die geweer. 'Bos toe!' skreeu hy. 'En jy kom met 'n mandjie vol dooie lysters terug.'

## Lijsterpastei

Tos, de kok, liep langzaam door de tuin van het hotel in de richting van het bos. Hij had het geweer in z'n hand en mompelde aldoor: 'Ik doe het niet, ik doe het niet, ik schiet geen lijsters dood. '

Toen stond hij stil en keek om. Otje kwam te voorschijn van achter een bosje.

'M'n kind,' zei Tos. 'Zie je dit geweer? Weet je wat ze willen?'

'Ik weet het,' zei Otje. 'Ik heb alles gehoord. Je moet lijsters doodschieten.'

'En ze daarna grillen,' zei Tos.

'Bah,' zei Otje met afschuw. 'Wie eet er nou lijsters!'

'De Fransen.'

'Ik vind het gemeen,' zei Otje.

'Nou nee,' zei Tos. 'Wel even eerlijk blijven: Wij eten ook vogels. Kippen, kalkoenen, patrijzen...'

'Je wil toch niet zeggen dat je het gaat dóen, pappa?'

'Nee,' zei Tos. 'Ik zal in de lucht schieten en dan zeg ik straks dat ik er geen een kon raken. Maar we moeten eerst de vogels waarschuwen, zodat ze niet te hard schrikken.'

Maar de vogels waren al heel erg geschrokken door het eerste ongelukkige schot van de Fransman.

De tuin was vol zenuwachtig gefladder en getjilp. Merels, vinken, lijsters, koperwieken, kwikstaartjes en spreeuwen, alles kwetterde door elkaar. De mussen waren het lawaaiigst. 'Tos heeft een geweer ! Tos schiet ons mussen dood! Hij wil ons mussen braden!'

'Niemand lust een mus,' zei Tiet de lijster minachtend.

'Wie weet ben ik erg lekker,' zei een dikke mus beledigd.

## Lysterpastei

Tom, die kok, stap stadig deur die hotel se tuin in die rigting van die bos. Hy het die geweer in sy hand en hy mompel een stryk deur: 'Ek sal dit nie doen nie, ek sal dit nie doen nie, ek wil nie lysters doodskiet nie.'

Toe gaan hy staan en kyk om. Ottie kom agter 'n bossie uit.

'My kind,' sê Tom. 'Sien jy hierdie geweer? Weet jy wat wil hulle hê?'

'Ek weet,' sê Ottie. 'Ek het alles gehoor. Jy moet lysters doodskiet.'

'En hulle daarna braai,' sê Tom.

'Sies!' sê Ottie met afsku. 'Wie eet nou lysters?'

'Die Franse.'

'Dis gemeen,' sê Ottie.

'Nee wag,' sê Tom. 'Wees net 'n bietjie eerlik: Ons eet ook voëls. Hoenders, kalkoene, patryse...'

'Jy wil tog nie vir my sê jy gaan dit dóén nie, Pappa?'

'Nee,' sê Tom. 'Ek sal in die lug skiet en dan sê ek netnou vir hulle ek kon nie een raakskiet nie. Maar ons moet eers die voëls waarsku, sodat hulle nie te groot skrik nie.'

Maar die voëls het al vreeslik groot geskrik vir die eerste ongelukkige skoot van die Fransman.

Die tuin was vol senuweeagtige gefladder en getjilp. Swart lysters, vinke, koper lysters, kwikstertjies en spreeus, almal kwetter deurmekaar. Die mossies was die lawaaierigste. 'Tom het 'n geweer! Tom gaan ons mossies skiet! Hy wil ons mossies braai!'

'Niemand hou van mossies nie,' sê Twiet die lyster minagtend.

'Wie weet, dalk is ek baie lekker,' sê 'n vet mossie beledig.

'En we kunnen niet vluchten,' klaagde het lijstervrouwtje Bessie. 'We hebben ailemaal een nest. En ik moet vanmiddag m'n eerste ei leggen. Let op, het wordt een roerei!'

'Stilte!' bulderde Tos.

De vogels werden alleen nog maar banger, maar toen Otje rustig op de grond ging zitten en haar armen naar ze uitstrekte werden ze iets rustiger.

'Luister, allemaal,' zei Otje.

De vogels kwamen in een grote kring om haar heen zitten.

'Je hoeft niet bang te zijn,' zei Otje.

'Ik schiet straks een paar keer in de lucht,' zei Tos. 'Je moet vooral niet schrikken, ik zal niemand raken. Ga nu allemaal rustig naar je nest.'

Er kwam nog een heleboel gefluit en gefladder, maar zoetjes aan vlogen de vogels gerustgesteld naar hun eigen bomen en takken.

'En nu,' zei Tos, 'nu ga ik naar de rand van het bos om te schieten. Ik kom straks zonder lijsters terug. En ik zal dus wel ontslagen worden.'

Op dat moment dacht Otje aan het dode vogeltje dat ze 's morgens had gevonden en dat nog onbegraven in de tuin lag. 'Ik heb een dooje tante,' zei ze.

'Wat ?'

'De tante van Tiet is dood. We hebben dus een lijster. Maar dat is zeker niet genoeg voor vier gasten?'

'Nee,' zei Tos. 'Maar wat een geweldig idee. Haal het vogeltje. En haal ook het kussensloop met veertjes van de zolder.'

De Franse gasten zaten op het terras in de zon en dronken wijn. Achter in de tuin, vlak bij het bos, klonken schoten. En bij ieder schot keken de Fransen elkaar aan en likten hun lippen af.

'En ons kan nie vlug nie,' kla Bessie die lystervroutjie. 'Ons het almal neste. En ek moet vanmiddag my eerste eier lê. Julle moet net kyk, dit gaan nog 'n roereier word!'

'Stilte!' bulder Tom.

Die voëls word net al hoe banger, maar toe Ottie rustig op die grond gaan sit en haar arms na hulle toe uitsteek, kom hulle 'n bietjie tot bedaring.

'Luister, almal,' sê Ottie.

Die voëls kom sit in 'n groot kring rondom haar.

'Julle hoef nie bang te wees nie,' sê Ottie.

'Ek gaan nou-nou 'n paar skote in die lug skiet,' sê Tom. 'Julle moet regtig nie skrik nie, ek sal niemand raakskiet nie. Gaan julle nou almal rustig na julle neste toe.'

Daar volg nog baie gefluit en gefladder, maar stadigaan vlieg die voëls gerusgestel weg, elkeen na sy eie boom en sy eie tak.

'En nou,' sê Tom, 'nou gaan ek na die rand van die bos toe om te skiet. Ek sal nou-nou terugkom sonder lysters. En ek sal natuurlik ontslaan word.'

Op dié oomblik dink Ottie aan die dooie voëltjie wat sy die oggend raakgeloop het, en wat nog nie begrawe was nie. 'Ek het 'n dooie tannie,' sê sy.

'Wat?'

'Twiet se tannie is dood. Ons het dus één lyster. Maar dis seker nie genoeg vir vier besoekers nie?'

'Nee,' sê Tom, 'maar dis 'n wonderlike idee. Gaan haal die voëltjie. En bring ook jou kussingsloop met veertjies wat op die solder is.'

Die Franse besoekers sit op die stoep in die son en drink wyn. Agter in die tuin, baie naby die bos, klap skote. En by elke skoot kyk die Franse vir mekaar en lek hulle lippe af.

| | |
|---|---|
| Meneer Pardoes kwam bij hun tafel met een nieuwe fles wijn. 'Hoort u dat?' riep hij. 'Pang Pang! Grieven!' | Meneer Kaplaks kom na hulle tafel toe met 'n nuwe bottel wyn. 'Hoor u dit?' roep hy. 'Boem boem! Griewe!' |
| De gasten lachten. Ze begrepen het. | Die besoekers lag. Hulle verstaan dit. |
| 'Wie wie,' zei meneer Pardoes. 'Het zal best lukken naturel ! Pang, daar gaat weer een grief!' | 'Whie, whie,' sê meneer Kaplaks. 'Ons sal dit regkry, naturel! Boem, daar gaan weer 'n grief!' |
| Een uurtje later, juist toen meneer Pardoes de vierde fles wijn openmaakte, kwam de kok langs, het geweer over z'n schouder. Naast hem liep zijn dochtertje met een mand. Een diepe mand met slappe hengsels. Ze liepen haastig en knikten vluchtig in het voorbijgaan. | Omtrent 'n uur later, net toe meneer Kaplaks die vierde bottel wyn oopgemaak het, kom die kok verby met die geweer oor sy skouer. Langs hom loop sy dogtertjie met 'n mandjie. 'n Diep mandjie met slap handvatsels. Hulle loop haastig en knik vlugtig in die verbygaan. |
| 'Laat zien!' schreeuwde meneer Pardoes. | 'Wys vir ons!' skreeu meneer Kaplaks. |
| Heel snel, terwijl ze verderliep, deed Otje de hengels van de mand uit elkaar. | Baie vinnig, terwyl hulle nog verder loop, hou Ottie die handvatsels van die manjdie van mekaar af. |
| Ze zagen een mand vol lijsters. | Hulle sien 'n mandjie vol lysters. |
| 'Bon bon!' riepen de Fransen. | 'Bon bon!' roep die Franse. |
| 'Knap gedaan Tos !' riep meneer Pardoes. | 'Mooi so, Tom!' roep meneer Kaplaks. |
| 'Het wordt een lijsterpastei,' zei de kok nog gauw even. 'Het wordt: pate de grives.' | 'Dit sal lysterpastei wees,' sê die kok nog eers gou. 'Ons noem dit: paté de grives.' |
| 'Bon bon,' zeiden de Franse gasten. | 'Bon bon,' sê die Franse gaste. |
| Even later stonden Tos en Otje in de keuken. Ze zuchtten van opluchting. De mand stond op de vloer. Een mand vol vogelveertjes. De veren die Otje had verzameld in een kussensloop. En daar bovenop lag een dode lijster. De tante van Tiet. | 'n Bietjie later staan Tom en Ottie in die kombuis. Hulle sug van verligting. Die mandjie staan op die vloer. 'n Mandjie vol veertjies. Die vere wat Ottie bymekaargemaak het in 'n kussingsloop. En bo-op die veertjies lê 'n dooie lyster. Twiet se tannie. |
| 'Is een lijster genoeg voor een pastei?' vroeg Otje. | 'Is een lyster genoeg vir 'n pastei?' vra Ottie. |
| 'Ik heb geen enkele lijster nodig,' zei Tos. 'Je zult eens proeven wat een heerlijke lijsterpastei ik kan maken van twee diepvrieskippen met kruiden en wijn.' | 'Ek het nie 'n enkele lyster nodig nie,' sê Tom. 'Jy sal net proe watter heerlike lysterpastei ek kan maak van twee bevrore hoenders met kruie en wyn.' |
| Het was avond. De eetzaal was verlicht met kaarsen. De Franse heren en dames hadden gegeten. Pate de grives. En ijs toe. | Dit was aand. Die eetsaal was verlig met kerse. Die Franse dames en here het klaar geëet. Paté de grives. En roomys vir nagereg. |
| 'Was het bon?' vroeg meneer Pardoes. | 'Was dit bon?' vra meneer Kaplaks. |

Wie wie, het was heel erg bon bon geweest. Alle vier knikten ze geestdriftig.

De baas glimlachte en dacht: Toch goed dat ik Tos niet heb ontslagen. Tenminste... Nog niet heb ontslagen.

Whie whie, dit was baie bon gewees. Al vier knik geesdriftig.

Die baas glimlag en dink: Tog goed dat ek Tom nie in die pad gesteek het nie. Ten minste...Nog nie in die pad gesteek het nie.

Het voorgerecht

Tos en Otje waren druk bezig in de keuken.

Ze hadden samen een reusachtige zalmschotel gemaakt, in de vorm van een vis, met twee olijven als ogen, een lange rij kappertjes langs de staart, roze mayonaise bovenop en reepjes Tomaat en groene peper als versiering.

Het zag er prachtig uit en dat moest ook, want er zouden die avond elf gasten in het hotel komen dineren.

Dit was het voorgerecht. Het was klaar en Otje ging verder met de fruitschaal. Ze stapelde appels en peren rondom een grote ananas. Daartussen kwamen 'n stuk of wat bananen en een paar hele dure buitenlandse perziken. En om het nog mooier te maken schikte ze er takjes groen tussen en een slingertje madeliefies. Ook dit zag er beeldig uit.

Maar Otje zelf zag er niet zo beeldig uit. Ze zat van top tot teen onder de mayonaise, met groezelige vegen zand uit de tuin, tomatenpuree en eigeel. In haar haren zat peterselie. Ze leek zelf wel een mislukt voorgerecht. Maar ze had er geen erg in en haar vader ook niet.

Net was ze klaar met de vruchten, toen mevrouw Pardoes binnenkwam. Ze keek en riep: 'Niet te geloven!'

'Mooi, nietwaar?' zei de kok tevreden.

'Mooi ? Schandelijk ! Dat vieze kind in de keuken!'

Otje veegde verschrikt haar handen af aan haar broek en wilde weggaan, maar haar vader hield haar tegen.

'Dit kind heeft heel hard gewerkt,' zei hij. 'En prima meegeholpen.'

'Meegeholpen? Allemaal onkruid tussen de vruchten.'

Mevrouw Pardoes rukte de madeliefjes uit de fruitschaal en zei: 'De deur uit, smerig kind!'

Die voorgereg

Tom en Ottie was druk besig in die kombuis.

Hulle het saam 'n reusagtige salmgereg gemaak in die vorm van 'n vis, met twee olywe vir oë, 'n lang ry kappertjiesade langs die stert, met pienk slaaisous bo-op en repies tamatie en groen paprika* vir versiering.

Dit het pragtig gelyk, en dit was ook nodig, want daar sou die aand elf gaste in die hotel kom eet.

Dit was die voorgereg. Nou was dit klaar en Ottie het aangegaan met die vrugterangskikking. Sy stapel appels en pere rondom 'n groot pynappel. Tussenin kom nog 'n paar piesangs en 'n paar baie duur perskes wat ingevoer is uit die buiteland. En om dit nog mooier te maak, rangskik sy groen takkies tussenin en 'n stringetjie madeliefies. Ook dit het lieflik gelyk.

Maar Ottie self het nie juis so lieflik gelyk nie. Sy was van kop tot tone besmeer met slaaisous, met vuil blertse sand van die tuin, tamatiemoes en eiergeel. Daar was pietersielie in haar hare. Sy het amper gelyk soos 'n mislukte voorgereg. Maar sy het dit nie eers agtergekom nie, en haar pa ook nie.

Sy was juis net klaar met die vrugte, toe mevrou Kaplaks binnekom. Sy kyk daarna en roep uit: 'Ek kan dit nie glo nie!'

'Mooi, nie waar nie?' sê die kok tevrede.

'Mooi? Skandelik! Daardie vuile kind in die kombuis!'

Verskrik vee Ottie haar hande aan haar broek af en wil net wegloop, maar haar pa hou haar vas.

'Hierdie kind het baie hard gewerk,' sê hy, 'en my baie mooi gehelp.'

'Mooi gehelp? Kyk die onkruid tussen die vrugte.'

Mevrou Kaplaks pluk die madeliefies uit die vrugterangskikking uit en sê: 'Loop hier uit, jou smerige kind!'

Vader Tos werd eerst bleek en toen zo rood als een tomaat. Hij zei geen woord, maar hij zwol op en het leek of hij straks zou barsten.

Otje wist dat haar vader een van zijn verschrikkelijke driftbuien kreeg. En dat hij met alles zou gooien wat er maar te grijpen viel. Tos greep datgene wat vlak voor hem stond, de zalmschotel. Hij hief het gevaarte langzaam boven z'n hoofd, terwijl hij een snuivend geluid maakte.

'Niet doen, o nee, niet doen!' riep Otje.

Tos deed een pas voorwaarts in de richting van mevrouw Pardoes die achteruit deinsde en stotterde: 'Tos, je zult toch niet...'

Maar Tos hief de schotel nog dreigender en met een kort gilletje vluchtte ze de keuken uit. Ze sloeg de deur achter zich dicht.

'Zet asjeblieft neer,' zei Otje. Ze begreep dat Tos de schaal nu tegen de muur wou smijten. 'Toe nou, pappa, we hebben er zo ons best op gedaan.'

'Kan me niks schelen!' riep Tos.

'Denk aan de elf gasten.'

'Kan me nog minder schelen.'

'Als je gaat smijten word je ontslagen. En dan moeten we weg.'

'Dan gaan we weg!' riep Tos woedend, maar hij gooide nog niet.

'En je krijgt geen andere baan,' waarschuwde Otje.

Tos weifelde, maar hij hield nog altijd de zalmsla omhoog.

Nu greep Otje een stapel keukenborden uit de kast.

'Zet maar neer, pappa,' zei ze. 'En neem deze liever.'

Tos zette de schaal neer, pakte de stapel borden en smeet ze een voor een hard tegen de muur kapot.

Pa Tom word eers bleek en dan so rooi soos 'n tamatie. Hy sê nie 'n woord nie, maar hy swel op sodat dit lyk of hy enige oomblik gaan oopbars.

Ottie weet haar pa kry een van sy verskriklike woedebuie. En nou gaan hy alles gooi wat hy in die hande kan kry. Tom gryp die ding wat reg voor hom staan, die salmgereg. Hy lig die yslike ding bokant sy kop op terwyl hy 'n snuifgeluid maak.

'Moenie, o nee, moenie!' roep Ottie.

Tom gee 'n tree vorentoe in die rigting van mevrou Kaplaks wat agteruit steier, en stotter: 'Tom, jy sal tog nie....'

Maar Tom lig die bord nog dreigender op en met 'n kort gilletjie vlug sy die kombuis uit. Sy slaan die deur agter haar toe.

'Sit dit asseblief neer,' sê Ottie. Sy weet goed dat Tom die bord nou teen die muur wil gooi. 'Toe nou, Pappa, ons het so hard gewerk daaraan.'

'Dit traak my nie!' roep Tom.

'Dink aan die elf gaste.'

'Dit traak my nog minder.'

'As jy dit gooi, word jy in die pad gesteek. En dan moet ons weggaan.'

'Dan gáán ons weg!' roep Tom woedend, maar hy gooi nog nie.

'En jy sal ook nie ander werk kry nie,' waarsku Ottie.

Tom aarsel, maar hy hou nog altyd die salmslaai bokant sy kop.

Nou gryp Ottie 'n stapel ou borde uit die kas.

'Sit dit maar neer, Pappa,' sê sy. 'Vat liewer hierdie borde.'

Tom sit die salmgereg neer, vat die stapel borde en smyt hulle een vir een hard teen die muur - flenters.

Op de gang, aan de andere kant van de keukendeur, stonden meneer en mevrouw Pardoes angstig te luisteren.

'Daar heb je 't,' zei mevrouw. 'Het voorgerecht kunnen we wel vergeten. Hij heeft de zalmschotel tegen de muur gesmeten. En nu is hij bezig met de rest van het diner. Ga naar binnen en ontsla hem.'

'Ontslaan? Terwijl er elf gasten komen vanavond?'

'Die moeten dan toch al van de muur eten,' zei mevrouw. 'Wat hebben we aan een kok die al het eten om zich heen smijt.'

In de keuken zat Tos moe maar voldaan op een stoel.

"t Is over,' zei hij. 'Ik ben weer kalm. Dank je wel, m'n kind.'

Juist toen Otje de scherven had opgeveegd, stak meneer Pardoes z'n hoofd om de deur. Hii keek angstig rond want hij verwachtte muren volgekwakt met zalm. Hij zuchtte opgelucht toen hij de mooie schotel nog helemaal gaaf zag staan.

'Eh... mijn vrouw was een tikje nerveus,' zei hij. 'Ze bedoelt het niet zo kwaad.'

Toen keek hij naar Otje.

'Maar dat kind hoort inderdaad niet in de keuken,' zei hij scherp.

Even leek het of Tos weer begon op te zwellen, maar Otje zei haastig: 'Ik ga al...

ik ga al...

ik ga al !'

In die gang, aan die ander kant van die kombuisdeur, staan meneer en mevrou Kaplaks bevrees en luister.

'Daar is dit nou,' sê mevrou. 'Van die voorgereg kan ons nou maar vergeet. Hy het die salmgereg teen die muur gesmyt. En nou is hy besig met die res van die ete. Gaan in en steek hom in die pad.'

'In die pad steek? Terwyl daar vanaand elf gaste kom?'

'Hulle sal in elk geval van die muur af moet eet,' sê mevrou. 'Watter nut het ons van 'n kok wat die kos rondgooi?'

In die kombuis sit Tom moeg maar tevrede op 'n stoel.

'Dis verby,' sê hy. 'Ek is weer kalm. Baie dankie, my kind.'

Net toe Ottie die skerwe klaar opgevee het, steek meneer Kaplaks sy kop om die deur. Hy kyk angstig rond, want hy verwag mure wat gepleister is met salm. Hy sug van verligting toe hy die pragtige gereg nog heeltemal heel sien staan.

'Eh...my vrou was 'n bietjie op haar senuwees,' sê hy. 'Sy het dit nie so erg bedoel nie.'

Toe kyk hy na Ottie.

'Maar die kind hoort regtig nie in die kombuis nie,' sê hy skerp.

Vir 'n oomblik lyk dit of Tom weer begin opswel, maar Ottie sê vinnig: 'Ek gaan dadelik*..

ek gaan dadelik...

ek gaan dadelik!'

Tante Melia

Otje was de keuken uitgestuurd omdat ze er zo vreselijk smerig uitzag.

Ze besloot om in het bad te gaan.

Er waren zeven badkamers in het hotel en Otje ging naar de allermooiste, een lichtblauwe, vlak naast de duurste hotelkamer. Het mocht volstrekt niet, dat wist ze, maar ze deed het lekker toch.

En ze gebruikte twee zakjes badschuim, dat mocht ook volstrekt niet, maar ze zat in een blauw bad met blauw heet water en borstelde zich af met een blauwe badborstel en daarna waste ze haar kleren, maakte het bad keurig schoon en ging naar zolder, bloot, met de natte kleren in een knoedeltje.

De zolder van het hotel stond vol oude meubelen, oude serviezen en allerlei rommel. Daartussen stond aan iedere kant een bed. Een voor Tos en een voor Otje.

Ze hing haar kleren te drogen, trok een pyjama aan en bedacht wat ze zou gaan doen. 't Was te vroeg om te gaan slapen. Naar beneden gaan? Maar straks kwamen er elf gasten dineren en ze moest altijd uit de buurt blijven als er gasten waren. Ineens herinnerde Otje zich dat er een stapel oude Margrieten in de hoek lag, achter een spiegel. Toen ze zich bukte om er eentje te grijpen, zag ze de muis.

De muis zag haar ook en wou weglopen.

'Ik ben het maar,' zei Otje. 'Schrik maar niet. Ik wist niet dat hier muizen woonden.'

'Eentje,' zei de muis. 'Ik. Neem me niet kwalijk dat ik hieraan begonnen ben. Uit honger. Maar het smaakt niet zoals het er uitziet helaas.'

Otje keek. De muis was bezig een gekleurde advertentie van rookworst op te eten. Uit een Margriet van januari.

'Ik heb niets bij me om te eten,' zei Otje. 'Morgen zal ik iets meebrengen.'

Tant Melia

Ottie is uit die kombuis weggestuur omdat sy so smerig vuil was.

Sy besluit om te gaan bad.

Daar was sewe badkamers in die hotel en Ottie gaan na die heel mooiste een, 'n ligbloue, net langs die duurste hotelkamer. Dit is natuurlik heeltemal verbode, weet sy baie goed, maar sy doen dit nogtans, en kry tog te lekker.

Sy gebruik ook nog twee sakkies badskuim, dis ook heeltemal verbode, maar daar sit sy toe in 'n blou bad met warm blou water en skrop haarself met 'n blou badborsel. Daarna was sy haar klere, maak die bad netjies skoon en loop solder toe, sonder 'n draad aan, met die nat klere in 'n bondeltjie.

Die solder van die hotel was vol ou meubels, ou breekgoed en allerhande rommel. Tussen die goed staan aan elke kant 'n bed, een vir Tom en een vir Ottie.

Sy hang haar klere op om droog te word, trek haar pijamas aan en dink wat sy nou gaan doen. Dit is te vroeg om te gaan slaap. Sal sy ondertoe gaan? Maar nou-nou kom daar elf gaste vir ete en sy moet altyd uit die pad uit bly as daar gaste is. Meteens onthou Ottie dat daar 'n stapel ou tydskrifte in die hoek lê, agter 'n spieël. Toe sy afbuk om een te vat, sien sy die muis.

Die muis sien haar ook en wil weghardloop.

'Dis maar net ek,' sê Ottie. 'Moenie skrik nie. Ek het nie geweet hier woon muise nie.'

'Net één,' sê die muis. 'Ekke. Moenie kwaad wees omdat ek hieraan begin eet het nie. Dis van honger. Maar dit smaak nie soos dit lyk nie, ongelukkig.'

Ottie kyk daarna. Die muis was besig om 'n gekleurde advertensie van gerookte wors op te eet. Uit 'n tydskrif van Januarie.

'Ek het niks by my om te eet nie,' sê Ottie. 'Môre sal ek iets saambring.'

'Ik ben alleen,' zei de muis. 'Mijn naam is tante Melia. Mijn familie is...' Haar stem trilde. 'Ach nee, misschien leven ze nog,' zei ze toen. Mijn neef Lodewijk is zo moedig en flink. Misschien heeft hij ze allemaal in veiligheid gebracht. Onze hele familie woonde namelijk in de eetzaal, boven de keuken, in een hol naast de etenslift. Waar kun je beter wonen? Wel hadden we af en toe een smartelijk verlies. Er is een kat in huis en vaak kwam er een van ons in de muizeval. Maar dat hoort erbij, nietwaar ?'

Otje keek wat twijfelachtig.

'Nietwaar?' vroeg tante Melia dringend. 'Dat hoort toch bij 't leven van een muis? Altijd zo geweest, zal altijd zo blijven. Maar mijn neef Lodewijk dacht er anders over. Hij was roekeloos en avontuurlijk maar vooral idealistisch. Je weet niet wat dat is? Ik leg het je uit. Hij wilde naar het land zonder katten en vallen. Hij beweerde dat het bestond. Musopia.'

'En bestaat het?' vroeg Otje.

'Ik geloof het niet,' zei tante Melia, 'maar Lodewijk heeft een redevoering gehouden en we zijn allemaal met hem meegegaan. 0, het was een vreselijke tocht. Door het hele huis. Ik zal je niet alle gruwelen vertellen, maar uiteindelijk waren we nog maar met ons zessen: Lodewijk, twee van z'n broers, twee nichtjes en ik. En op een keer ergens op een trap, verscheen Betsie de kat. Ik zag de anderen wegstuiven naar beneden, terwijl ik zelf alleen naar boven kon vluchten. En nu eet ik papieren rookworst en ik weet niet of de anderen nog leven.'

'Ik zou misschien eens kunnen gaan zoeken,' zei Otje. 'Zijn ze in het hotel gebleven, dacht u? Of naar buiten gegaan ?'

'Naar buiten ? Dat zou een wisse dood betekenen,' zei tante Melia. 'Wij zijn huismuizen.'

'In elk geval kan ik eens met Betsie de poes praten,' zei Otje. 'Die ken ik goed.'

Maar nu sprong tante Melia een eind achteruit en riep met trillende snorharen: 'Met de poes praten! In dat geval trek ik mij terug. Ik heb niets gezegd. Vergeet het! Vergeet het!'

'Ek is alleen,' sê die muis. 'My naam is Tant Melia. My familie is...' Haar stem begin te bewe. 'Ag nee, miskien lewe hulle nog,' sê sy toe. 'My neef Lodewyk is so dapper en goed. Miskien het hy hulle almal gered. Ons hele familie het natuurlik in die eetsaal gewoon, in 'n gat langs die koshyser. Waar wil jy 'n beter woonplek kry? Ons het nou wel af en toe 'n droewige verlies gely. Daar is 'n kat in die huis en baiekeer het een van ons in 'n muisvalletjie beland. Maar so gaan dit mos maar, nie waar nie?'

Ottie lyk of sy nie heeltemal saamstem nie.

'Nie waar nie?' vra Tant Melia dringend. 'So gaan dit maar in die lewe van 'n muis? So was dit altyd en so sal dit altyd bly. Maar my neef Lodewyk dink nie so nie. Hy was roekeloos en avontuurlik, maar veral idealisties. Jy weet nie wat dit is nie? Kom ek verduidelik vir jou. Hy wou trek na die land sonder katte en muisvalle. Hy het gesê dit bestaan. Musopia.'

'En bestaan dit regtig?' vra Ottie.

'Ek glo nie,' sê Tant Melia, 'maar Lodewyk het 'n toespraak gehou en ons het almal saam met hom gegaan. Ag, dit was 'n vreeslike reis. Deur die hele huis. Ek sal jou nie al die vreeslike dinge vertel nie, maar op die end was daar nog net ses van ons oor: Lodewyk, twee van sy boeties, twee niggies en ek. En een keer êrens op 'n trap, toe verskyn Betsie die kat. Ek sien net hoe die ander laat spat ondertoe, terwyl ek self net boontoe kon vlug. En nou eet ek rookwors van papier en ek weet nie of die ander nog lewe nie.'

'Ek sal miskien 'n bietjie kan gaan soek,' sê Ottie. 'Dink u hulle het in die hotel gebly? Of sou hulle buitentoe gegaan het?'

'Buitentoe? Dit sou 'n gewisse dood beteken,' sê Tant Melia. 'Ons is huismuise.'

'In elk geval kan ek 'n slag met Betsie, die kat, gaan praat,' sê Ottie. 'Ek ken haar goed.'

Maar nou spring Tant Melia 'n ent weg en roep met bewende snorbaarde: 'Met die kat praat! Dan trek ek my terug. Ek het niks gesê nie. Vergeet dit! Vergeet dit!'

| | |
|---|---|
| Ze verdween achter de stapel Margrieten en wou niet meer terugkomen. | Sy verdwyn agter die stapel tydskrifte en wil nie meer uitkom nie. |
| 'Ik zal vast eens poolshoogte gaan nemen,' zei Otje | 'Ek sal tog 'n bietjie gaan verken,' sê Ottie. |
| Ze sloop in haar pyjama naar beneden, maar tussen de tweede en de eerste verdieping bleef ze op de trap zitten. | Sy sluip ondertoe in haar pijamas, maar tussen die tweede en eerste verdieping bly sy op die trappe sit. |
| Auto's buiten. Klappende portieren. Stemmen in de hal. De gasten waren aangekomen. | Motors buite. Motordeure wat klap. Stemme in die portaal. Die mense het gekom. |
| Otje besloot te wachten tot ze allemaal in de eetzaal waren en nu kwam de hond Boef de trap op en ging naast haar zitten. | Ottie besluit om te wag tot hulle almal in die eetsaal is en toe kom Boef, die hond, met die trappe op en gaan sit langs haar. |
| 'Dat is een groot nadeel,' zei hij. | 'Dis 'n groot nadeel,' sê hy. |
| 'Wat is een nadeel?' | 'Wat is 'n nadeel?' |
| 'Niet mogen blaffen,' zei Boef. 'Een hotelhond mag nooit blaffen. Kun je nagaan ! Elf wildvreemde personen op mijn erf, maar blaffen is er niet bij.' | 'Om nie te mag blaf nie,' sê Boef. "'n Hotelhond mag nooit blaf nie. Dink net 'n bietjie. Elf wildvreemde mense op my werf, maar blaf is uit.' |
| 'Ik mag ook een heleboel dingen niet,' zei Otje. 'Weet jij misschien waar de poes is?' | 'Daar is 'n hele klomp goed wat ek ook nie mag doen nie,' sê Ottie. 'Weet jy dalk waar die kat is?' |
| 'Op jacht,' zei Boef. 'Ze rook muizen, zei ze.' | 'Op jag,' sê Boef. 'Sy het gesê sy ruik muise.' |

Betsie

Onder in het hotel was een grote kelder. Aan de ene kant lag de wijn in rekken achter een traliehek. Aan de andere kant stond de voorraad blikjes op planken, in lange rijen opgestapeld.

Achter de blikken kip-in-kerriesaus zaten vijf muizen. Lodewijk met z'n twee broers en twee nichten.

Vooral de nichtjes waren zeurderig en ontevreden.

'Je zou ons naar een land brengen waar alles heerlijk was, Lodewijk,' klaagden ze. 'Het land Musopia. Is dit het nou ?'

'Ik heb gezegd een land zonder katten en vallen,' zei Lodewijk. Er is hier geen val en de kat kan er niet in. Dus...'

'Maar wat hebben we daaraan, Lodewijk, als er geen eten is? Alleen maar blikken en nog eens blikken. Geen kazen, geen zakken graan. We hebben honger !'

'Dit is nog niet het echte Musopia,' zei Lodewijk. 'Dit is nog maar een tussenland. Ik breng jullie straks verder. Ik weet in de hoek van de tegelvloer een gaatje waardoor we naar buiten komen. Volg mij !'

Hij wilde juist van de plank springen toen de deur van de kelder openging. Meneer Pardoes kwam wijn halen voor de elf gasten die nu boven in de eetzaal een sherry dronken en over een half uur aan tafel zouden gaan.

De muizen trokken zich haastig terug achter drie rijen blikjes. Tot hun grote ontsteltenis zagen ze dat de kat Betsie was meegekomen. Meneer Pardoes verdween met een mand wijn naar boven. Hij deed de kelderdeur dicht. Maar de kat bleef.

Ze ging eerst op de tegelvloer zitten, likte zich op haar gemak en geeuwde. Ze deed of ze de muizen niet zag en niet rook.

Betsie

Onder in die hotel was 'n groot kelder. Aan die een kant het die bottels wyn op wynrakke gelê agter 'n traliehek. Aan die ander kant was die voorraad blikkies op rakke, opgestapel in lang rye.

Agter die blikke met hoender-in-kerriesous het vyf muise gesit. Lodewyk met sy twee boeties en twee niggies.

Veral die niggies was neulerig en ontevrede.

'Jy het gesê jy bring ons na 'n land waar alles heerlik is, Lodewyk,' kla hulle. 'Die land Musopia. Is dit nou hierdie plek?'

'Ek het gesê 'n land sonder katte en valletjies,' sê Lodewyk. 'Hier is nie 'n valletjie nie, en die kat kan nie hier inkom nie. Dus....'

'Maar wat help dit, Lodewyk, as hier nie kos is nie? Net blikke en nogmaals blikke. Hier is nie kase of sakke koring nie. Ons is honger!'

'Dis nog nie die regte Musopia nie,' sê Lodewyk. 'Dis nog maar net 'n tussenland. Netnou sal ek julle verder neem. Ek weet waar 'n gaatjie is in die hoek van die teëlvloer. Daar kan ons buitentoe gaan. Volg my!'

Hy wou net van die rak afspring toe die deur van die kelder oopgaan. Meneer Pardoes het gekom om wyn te kry vir die elf gaste wat nou bo in die eetsaal besig was om sjerrie te drink en oor 'n halfuur aan tafel sou gaan sit.

Die muise retireer haastig agter drie rye blikkies in. Tot hulle grootste ontsteltenis sien hulle dat Betsie die kat saamgekom het. Meneer Pardoes verdwyn met 'n mandjie wyn boontoe. Hy maak die kelderdeur toe. Maar die kat bly agter.

Sy gaan eers op die teëlvloer sit, lek haarself op haar gemak en gaap. Sy maak net of sy die muise nie sien of ruik nie.

Toen wipte ze met een lenig sprongetje op hun plank. Daar zat ze. Ze kon de blikjes niet opzij duwen, maar ze kon er tussendoor gluren. En boven de blikjes was net ruimte voor haar poot.

Maar ze stak haar poot nog niet uit. Ze bleef tevreden zitten kijken.

'Ziezo...' zei ze. 'Ik heb jullie.'

'Nog niet,' zei de dappere Lodewijk brutaal. Zijn broertjes en nichtjes sidderden en drongen zich tot vlak aan de muur.

'Ik heb geduld,' zei Betsie.

Ze begon met een voorpoot te hengelen, maar omdat ze op een smalle richel zat, verloor ze haar evenwicht en viel bijna van de plank.

'Ha!' riep Lodewijk.

'Niks ha!' zei Betsie kwaad terwijl ze snel weer op haar plaats krabbelde.

Nu begon er een akelig spel. De muizen zagen de harige klauw van de poes steeds vlak boven hun hoofd gaan. En al zaten ze zo diep mogelijk ineengedoken, het was nu nog maar een kwestie van ogenblikken. Een van hen zou opgehengeld worden.

Daar kwam de poot weer met de scherpe lange nagels. Ze deden hun ogen dicht en...

'Foei!' riep Otje.

Noch Betsie noch de muizen hadden gemerkt dat ze was binnengekomen. Ze greep de poes in haar nekvel.

'Laat me los!' siste Betsie woedend. Ze spartelde en kronkelde maar Otje droeg haar naar de wijnkelder en sloot haar achter het traliehek. 'Je moest je schamen,' zei ze. 'Je krijgt hier zoveel te eten en nog jaag je op muizen.'

'Dat is mijn plicht,' zei Betsie. 'Daarvoor ben ik aangesteld. En het is ook mijn aard. Mijn natuur. Laat me d'r uit !'

Toe wip sy met één lenige sprong op hulle rak. Daar sit sy toe. Sy kon nie die blikkies wegskuif nie, maar sy kon tussen hulle deur gluur. En bokant die blikkies was net plek vir haar poot.

Maar sy steek nog nie haar poot uit nie. Sy bly ewe tevrede sit en kyk.

'Daarsy.........' sê sy. 'Nou het ek julle.'

'Nog nie,' sê die dapper Lodewyk parmantig. Sy boeties en niggies bewe en druk hulle rûe teen die muur vas.

'Ek het baie geduld,' sê Betsie.

Sy begin om met een voorpoot na hulle te kap, maar omdat sy op 'n smal lysie sit, verloor sy haar balans en val byna van die rak af.

'Aha!' roep Lodewyk.

'G'n stuk aha nie!' roep Betsie kwaad terwyl sy gou weer 'n plekkie vir haar pote kry op die rak.

Nou begin daar 'n grillerige speletjie. Die muise sien elke keer die harige klou van die kat net bokant hulle koppe verbygaan. En al sit hulle so diep as moontlik inmekaargetrek, is dit nou nog maar net 'n kwessie van oomblikke. Een van hulle sou raakgekap word.

Daar kom die poot weer met die lang, skerp naels. Hulle maak hulle oë toe en.....

'Skaam jou!' roep Ottie.

Nie Betsie of die muise het opgemerk dat sy ingekom het nie. Sy gryp die kat aan haar nekvel.

'Los my!' sis Betsie woedend. Sy spartel en draai haar lyf, maar Ottie dra haar na die wynkelder en sluit haar agter die traliehek toe. 'Jy behoort jou te skaam,' sê sy. 'Jy kry so baie kos hier, en dan jag jy nog altyd muise.'

'Dit is my plig,' sê Betsie. 'Dis waarvoor ek aangestel is. En dis in my aard ook. My natuur. Maak vir my oop!'

| | |
|---|---|
| Maar Otje trok zich niets van de kat aan. Ze ging naar de plank en gluurde tussen de blikken. | Maar Ottie steur haar glad nie aan die kat nie. Sy loop na die rak toe en kyk tussen die blikke. |
| Tien angstige oogjes keken haar aan. | Tien bang ogies kyk haar aan. |
| 'Ik heb de kat opgesloten,' zei ze. 'Kom maar te voorschijn.' | 'Ek het die kat opgesluit,' sê sy. 'Julle kan maar uitkom.' |
| 'Niet op ingaan,' waarschuwde Lodewijk zacht maar dringend. Hij beefde nu zelf ook van angst. | 'Moenie daarvoor val nie,' waarsku Lodewyk saggies maar dringend. Hy beef nou self ook van vrees. |
| 'Luister,' zei Otje. 'Een tante van jullie heeft me gestuurd. Tante Melia. Ze woont op zolder en ze is erg ongerust. Ik breng jullie boven.' | 'Luister,' sê Ottie. ''n Tannie van julle het my gestuur. Tant Melia. Sy woon op die solder en sy is baie bekommerd. Ek sal julle boontoe neem.' |
| 'Hoe?' vroeg Lodewijk. | 'Hoe?' vra Lodewyk. |
| 'In de zakken van m'n pyjama.' | 'In my pijamas se sakke.' |
| 'Ik durf niet, Lodewijk,' riep een van de nichtjes. 'Stel je voor!' | 'Ek is te bang, Lodewyk,' roep een van die niggies uit. 'Dink net wat kan gebeur!' |
| Maar Lodewijk keek Otje in de ogen en zei na enige weifeling: 'Okee!' | Maar Lodewyk kyk in Ottie se oë en sê nadat hy 'n bietjie getwyfel het: 'Oraait!' |
| Ze lieten zich alle vijf gewillig oppakken. In iedere zak gingen er twee en Lodewijk zat bij haar kraag. | Al vyf van hulle laat toe dat dat sy hulle optel. In elke sak kom twee en Lodewyk sit by haar kraag. |
| 'Ow-auw-auw-auw. . . ' schreeuwde Betsie achter de tralies. 'Wat gemeen!' | 'O-au-au-au.....' skreeu Betsie agter die tralies. 'Hoe gemeen!' |
| 'Vanavond laat mag je eruit,' zei Otje en ze ging met haar kostbare vrachtje de kelder uit en de trap op naar de hal. | 'Vanaand laat mag jy uitkom,' sê Ottie en sy loop met haar kosbare vraggie by die kelder uit en die trappe op na die portaal toe. |
| De hal was leeg, maar toen ze verder naar boven wou, zag ze tot haar schrik een van de gasten de trap afkomen. Snel draaide Otje zich om en vluchtte de keuken in waar haar vader druk bezig was bij het fornuis. | Die portaal was leeg, maar toe sy verder boontoe wou gaan, sien sy met 'n skok dat een van die gaste die trappe afkom. Vinnig draai Ottie om en vlug in die kombuis in waar haar pa druk besig was by die stoof. |
| Ze zette de muizen op tafel, tussen de zalmschotel en de fruitschaal. 'Niet van snoepen,' zei ze. 'Hier heb je alvast ~,lt kruimeltjes kaas. Ik zal een plastic tasje zoeken om jullie mee naar zolder te nemen.' | Sy sit die muise op die tafel neer, tussen die salmgereg en die vrugtebak. 'Moenie happies vat nie,' sê sy. 'Hier is solank 'n paar kaaskrummeltjies. Ek sal 'n plastiese sak soek om julle in solder toe te dra.' |
| Tos draaide zich om. | Toe draai Tom om. |
| 'Welja!' riep hij. 'Muizen op m'n tafel.' | 'Nou toe nou!' roep hy uit. 'Muise op my tafel.' |
| 'Het is Lodewijk met z'n familie,' zei Otje. | 'Dis Lodewyk met sy familie,' sê Ottie. |

'Aangenaam,' zei Tos.

Maar de muizen zeiden niets terug. Ze waren zo uitgehongerd na hun vreselijk verblijf in de kelder dat ze de kruimels in een oogwenk ophadden en zeker in de zalmsla zouden zijn gesprongen als Otje niet een handvol spekzwoerdjes tussen hen had gelegd.

'Neem ze alsjeblieft zo gauw mogelijk mee,' zuchtte Tos. 'Net nu ik het zo druk heb! Over vijf minuten begint het diner! Hoe kan ik zo werken? Hoe kan ik vlees snijden met vijf muizen om me heen op tafel?'

'Ik neem ze mee naar de zolder,' zei Otje. 'Ik zoek eerst een plastic tasje om ze in te doen.' Ze bukte zich voor de kast om een zakje te zoeken.

Toen kwam meneer Pardoes binnen.

Tos ging haastig voor de tafel staan, zodat meneer de muizen niet kon zien.

'Het is zover, Tos,' zei meneer Pardoes. 'De gasten zitten aan tafel. De zalmsla kan naar boven. Vlug!'

'Eh... juist,' zei Tos. Hij draaide zich om. De muizen waren verdwenen; er lagen alleen twee zwarte keuteltjes tussen de zalmsla en de fruitschaal. Tos veegde ze haastig weg en droeg de zalmschotel naar de etenslift. Meneer Pardoes zette de fruitschaal ernaast. Het deurtje ging dicht. De lift steeg naar boven en meneer Pardoes verliet snel de keuken om boven in de eetzaal z'n gasten te bedienen.

'Waar zijn de muizen?' vroeg Otje, die net een geschikt plastic tasje had opgediept uit de kast.

'Ik weet het niet,' zei Tos. 'Weg. Gelukkig maar. Het scheelde een haartje of de baas had ze gezien.'

'Maar waar zijn ze dan?'

'Ja hoor 's,' zei Tos. 'Ik heb nu geen tijd om naar muizen te zoeken. M'n hoofd staat niet naar muizen. Ik heb alle aandacht nodig voor het hoofdgerecht.'

'Aangename kennis,' sê Tom.

Maar die muise sê niks terug nie. Hulle was so uitgehonger na hulle vreeslike verblyf in die kelder dat hulle die krummels in 'n oogwink opgeëet het, en hulle sou beslis in die salmslaai ingespring het as Ottie nie 'n handvol spekrandjies tussen hulle neergesit het nie.

'Vat hulle asseblief* so gou as moontlik weg,' sug Tom. 'Juis nou dat ek so besig is! Oor vyf minute begin die ete! Hoe kan ek so werk? Hoe kan ek vleis sny met vyf muise rondom my op die tafel?'

'Ek sal hulle saamvat solder toe,' sê Ottie. 'Ek soek eers 'n plastiese sak om hulle in te sit.' Sy buk voor die kas om 'n sak te soek.

Toe kom meneer Kaplaks binne.

Tom gaan vinnig voor die tafel staan, sodat meneer nie die muise kan sien nie.

'Dis nou tyd, Tom,' sê meneer Kaplaks. 'Die mense sit aan tafel. Die salmslaai kan maar boontoe gaan. Gou!'

'Ee.... reg,' sê Tom. Hy draai om. Die muise het verdwyn. Daar lê net twee swart kitteltjies tussen die salmslaai en die vrugtebak. Tom vee dit haastig af en dra die salmgereg na die koshyser. Meneer Kaplaks sit die bak vrugte daar langsaan neer. Die deurtjie gaan toe. Die hyser gaan boontoe en meneer Kaplaks verlaat vinnig die kombuis om bo in die eetsaal sy gaste te bedien.

'Waar is die muise?' vra Ottie wat net die regte plastiese sak opgediep het uit die kas.

'Ek weet nie,' sê Tom. 'Weg. Ook maar gelukkig. Dit was baie amper of die baas het hulle gesien.'

'Maar waar is hulle dan?'

'Kyk,' sê Tom. 'Ek het nie nou tyd om muise te soek nie. My gedagtes is nie nou by muise nie. Ek moet nou al my aandag gee aan die hoofgereg.'

Otje kroop op handen en voeten over de keukenvloer en riep: 'Lodewijk!'

Er kwam geen antwoord.

'Ze hebben natuurlijk ergens een gaatje gevonden,' zei Tos. 'Muizen vinden overal wel een gaatje. Ga nu naar zolder, kind. Laat me rustig doorwerken.'

Aarzelend ging Otje de keuken uit. Ze had een angstig voorgevoel.

'Ottie kruip hande-viervoet op die kombuisvloer rond en roep: 'Lodewyk!'

Daar kom geen antwoord nie.

'Hulle het natuurlik êrens 'n gaatjie gekry,' sê Tom. 'Muise kry altyd orals gaatjies. Gaan jy nou maar solder toe, dan kan ek rustig my werk klaarmaak.'

Aarselend gaan Ottie uit die kombuis uit. Sy het 'n benoude voorgevoel.

## Het diner

Boven in de eetzaal zaten vijf dames en zes heren aan een lange tafel vol zilver en kaarsen en bloemen en kristal. Ze hadden sherry gedronken en ze waren in een bijzonder prettige stemming. Bij de etenslift stond mevrouw Pardoes. Ze deed het deurtje open en droeg voorzichtig de fruitschaal naar de tafel. Daarna kwam ze met het voorgerecht, de zalmsalade. Een gemurmel van bewondering steeg op. Het was dan ook een prachtschotel.

'Blijf zitten waar je zit...' fluisterde Lodewijk.

Ze zaten in de fruitschaal, onder de takjes groen, tussen de bananen en peren, diep weggedoken. Lodewijks broertjes en nichtjes waren in paniek. Ze wilden eruit springen en wegrennen, maar ze hadden ontzag voor Lodewijk en deden wat hij zei.

'Wacht tot ik ja roep,' zei Lodewijk.

Alle vijf de muizen bleven doodstil zitten.

Meneer Pardoes bediende. Hij gaf ieder van de gasten een portie zalmsalade.

De gasten wilden beginnen, maar de heer aan het hoofd van de tafel zei: 'Mag ik om een ogenblik stilte verzoeken ?'

Gehoorzaam sloten alle genodigden de ogen.

'Ja!' zei Lodewijk.

Vijf muizen sprongen uit de fruitschaal. Ze renden geruisloos over het witte tafellaken. In minder dan een seconde waren ze aan de rand en lieten zich langs de tafelpoten naar beneden glijden.

Maar er was een dame aan tafel die maar een oog dicht had. En hoe snel het ook gebeurde, ze had het gezien.

'Woe-oe-oe... waa-aa-aa!' gilde ze.

Alle gasten keken op.

'Wat? Wat is er?'

'Muizen!' schreeuwde ze.

## Die ete

Bo in die eetsaal het vyf dames en ses here aan 'n lang tafel gesit wat gedek was met silwer en kerse en blomme en kristalglase. Hulle het alreeds sjerrie gedrink en was in 'n baie goeie stemming. By die koshyser het mevrou Kaplaks gestaan. Sy het die deurtjie oopgemaak en versigtig die bak vrugte na die tafel gedra. Daarna het sy met die voorgereg gekom, die salmslaai. 'n Bewonderende geprewel kon gehoor word. Dit wás dan ook 'n spogdis.

'Bly sit waar jy sit...' fluister Lodewyk.

Hulle was in die bak vrugte, onder die groen takkies, waar hulle diep ingekruip het tussen die piesangs en pere. Lodewyk se boeties en niggies was paniekerig. Hulle wou uitspring en weghardloop, maar hulle het ontsag gehad vir Lodewyk en gedoen wat hy sê.

'Wag tot ek "nou" roep,' sê Lodewyk.

Al vyf die muise bly doodstil sit.

Meneer Kaplaks was besig om te bedien. Hy het vir elkeen van die gaste 'n porsie salmslaai ingeskep.

Die gaste wou begin maar die heer aan die hoof van die tafel sê: 'Kan ons vir 'n oomblik stilte kry vir 'n tafelgebed ?

Gehoorsaam sluit al die genooides hulle oë.

'Nou,' sê Lodewyk.

Vyf muise spring uit die vrugtebak. Hulle hardloop geruisloos oor die spierwit tafeldoek. In minder as 'n sekonde was* hulle by die rand en gly langs die tafelpote af.

Maar daar was één dame aan tafel wat net één oog toegemaak het. Maak nie saak hoe vinnig dit gebeur het nie, sy het dit gesien.

'Hoe-oe-oe.... haa-aa-aa!' gil sy.

Al die gaste kyk op.

'Wat? Wat makeer?'

'Muise!' skreeu sy.

'Waar ?'

'Daar ! Onder de tafel ! en daar ! en hier ! '

De andere dames begonnen ook te gillen. Ze trokken hun lange jurken hoog naar boven en gingen op hun stoelen staan.

Meneer Pardoes kwam aanrennen met een vleesvork en riep tegen z'n vrouw: 'Haal de kat!'

Mevrouw Pardoes kon de kat nergens vinden en dat klopte want Betsie zat nog altijd in de wijnkelder opgesloten.

Het was een vreselijk tumult en geschreeuw in de eetzaal. De arme muizen waren her en der weggerend en Lodewijk had ze niet meer in bedwang, tot ineens Otje in de deuropening stond.

'Daarheen,' riep Lodewijk. Otje bukte zich en greep de vijf muizen een voor een, stopte ze in haar plastic tasje en verdween, de trappen op. Naar zolder.

Het was zo vlug gegaan, dat de gasten er nauwelijks iets van hadden gemerkt. Ze bleven gillen en wijzen. Alleen meneer Pardoes had tot zijn verwondering Otje zien weggaan met de muizen. Hij probeerde nu de gasten te kalmeren.

'Ze zijn weg!' riep hij. 'Gaat u rustig zitten. Gaat u rustig door met het voorgerecht. Geen muis meer te zien!'

Hoewel de ergste opwinding voorbij vas, konden de dames toch geen hap neer door de keel krijgen. Om de haverklap sprongen ze weer op hun stoel, omdat ze een muis voelden onder hun rok.

'Schandelijk...' morden de heren. 'Muizen! Voor ons dure geld.'

En ofschoon meneer Pardoes hen verzekerde dat er geen muis meer in de zaal was, wou niemand meer iets eten. De stemming was bedorven; de gasten trokken hun jassen aan en gingen morrend weg, zonder te betalen. Meneer Pardoes liep hen handenwringend achterna maar het mocht niet baten: ze vertrokken in hun auto's.

'Waar?'

'Daar! Onder die tafel! en daar! en hier!'

Die ander dames begin ook te gil. Hulle trek hulle lang rokke hoog op en klim op hulle stoele.

Meneer Kaplaks kom aangehardloop met 'n vleisvurk en roep na sy vrou: 'Gaan haal die kat!'

Mevrou Kaplaks kon die kat nêrens kry nie, want Betsie was mos nog altyd toegesluit in die wynkelder.

Daar was 'n ontsettende lawaai en geskreeu in die eetsaal. Die arme muise het in alle rigtings weggehol en Lodewyk hon hulle nie meer beheer nie, tot Ottie skielik in die deuropening kom staan.

'Soontoe,' roep Lodewyk. Ottie buk af en gryp die vyf muise een vir een, stop hulle in haar plastiese sak en verdwyn, die trappe op. Na die solder toe.

Dit het so vinnig gebeur dat die gaste dit amper nie opgemerk het nie. Hulle hou aan met gil en wys. Net meneer Kaplaks het tot sy verbasing vir Ottie sien weggaan met die muise. Nou probeer hy om die gaste te kalmeer.

'Hulle is weg!' roep hy. 'U kan maar rustig gaan sit. U kan rustig aangaan met die voorgereg. Daar is nie meer 'n muis te siene nie!'

Hoewel die ergste ontsteltenis verby was, kon die dames nou glad nie die kos afgesluk kry nie. Elke hawerklap spring daar weer een op 'n stoel omdat sy 'n muis onder haar rok gevoel het.

'Skandalig...' brom die menere. 'Muise! En dit terwyl ons so duur betaal.'

En hoewel meneer Kaplaks hulle verseker het dat daar nie meer 'n muis in die vertrek was nie, wou niemand meer iets eet nie. Die stemming was bederf; die gaste het hulle jasse aangetrek en brom-brom weggegaan sonder om te betaal. Meneer Kaplaks loop handewringend agter hulle aan, maar dit help niks: hulle ry weg in hulle motors.

Een ogenblik later stond meneer Pardoes in de keuken en zei trillend van woede: 'Jij !'

Tos, die bezig was het vlees te snijden en van niets wist, keek hem verwonderd aan.

'Muizen!' schreeuwde meneer Pardoes. 'Levende muizen in het voorgerecht! Alle gasten weggelopen!'

'Wat naar nou,' zei Tos. 'En de muizen? Zijn die veilig weggekomen?'

Nu werd meneer Pardoes krijtwit van drift.

'De muizen veilig weggekomen...' kreunde hij. 'Jij durft te vragen naar het lot van de muizen ? Terwijl mijn hotel voor altijd een slechte naam heeft? D'r uit ! Ontslagen en ik wil je niet meer zien ! Je mag hier vannacht nog slapen, als ik je maar niet meer zie!'

'n Oomblik later staan meneer Kaplaks in die kombuis en roep met 'n stem wat bewe van woede: 'Jy!'

Tom, wat besig was om die vleis te sny en van niks geweet het nie, kyk hom verbaas aan.

'Muise!' skreeu meneer Kaplaks. 'Lewendige muise in die voorgereg! Al die gaste is weg!'

'Dis nou jammer,' sê Tom. 'En die muise? Het hulle darem veilig weggekom?'

Nou word meneer Kaplaks krytwit van woede.

'Die muise veilig weggekom....' kreun hy. 'Jy vra nog na die lot van die muise? Terwyl my hotel nou vir altyd 'n slegte naam het? Loop! Jy is ontslaan en ek wil jou nie weer sien nie. Jy mag nog vannag hier slaap solank ek jou net nie weer sien nie!'

Afscheid

Intussen zat Otje op zolder bij de muizen. Lodewijk en z'n broers en nichten waren veilig en wel bij tante Melia en na een roerende begroeting aten ze zich nu bijna te barsten aan alle kaaskorsten en spekzwoerdjes die Otje had meegenomen. Toen alles op was en de muizen uitgeput in slaap waren gevallen achter de spiegel, hoorde Otje de zware stap van haar vader op de zoldertrap.

'Pappa,' riep ze. 'De muizen zijn gered.'

'Dat is fijn,' zei Tos mismoedig. Hij zette een mand neer met resten van het diner.

'Waarom kijk je dan zo zielig, pappa?'

'Ik ben ontslagen.'

'Ben je... ben je weer driftig geweest ?'

'Nee,' zei Tos. "t Is om de muizen. Muizen op tafel.'

'0,' zei Otje. 'Wat vreselijk. Moeten we nu meteen weg?'

'Morgen heel vroeg,' zei haar vader. 'Laten we nu wat eten.'

Uit de mand kwam een groot stuk zalm en taart en brood en sap, en terwijl ze zaten te eten en te drinken op Otjes bed verdween de sombere trek op het gezicht van Tos.

'Otje m'n kind,' zei hij. 'Ik heb wat geld overgespaard en we hebben ons eigen bestelwagentje. Wat willen we meer? Zodra het licht is gaan we weg. En denk eens in: We zijn vrij ! Geen meneer Pardoes meer die me opjaagt. Geen mevrouw Pardoes meer die jou afsnauwt. '

'We kunnen wonen in de bestelauto,' zei Otje. 'We hebben slaapzakken en een kooktoestel.'

'We gaan trekken en we zijn vrij !' riep Tos. Hij danste tussen de oude spullen op de zolder en trapte bijna op tante Melia. 'En nu moeten we gauw gaan slapen,' zei hij. 'We zetten de wekker op half vier, zodat we heel vroeg kunnen vertrekken, nog voor de Pardoezen wakker zijn.'

Afskeid

Intussen het Ottie by die muise op die solder gesit. Lodewyk en sy boeties en niggies was veilig by Tant Melia en na 'n hartroerende groetery het hulle hul nou byna tot barstens toe gevreet aan al die kaaskorsies en spekrandjies wat Ottie saamgebring het. Toe alles op was, en die muise uitgeput aan die slaap geraak het agter die spieël, hoor Ottie die swaar voetstappe van haar pa op die soldertrappe.

'Pappa,' roep sy. 'Die muise is gered.'

'Dis mooi,' sê Tom mismoedig. Hy sit 'n mandjie neer met kos wat oorgebly het van die ete.

'Hoekom lyk jy dan so treurig, Pappa?'

'Ek is ontslaan.'

'Was jy.....was jy weer baie kwaad gewees?'

'Nee,' sê Tom. 'Dis oor die muise. Muise op die tafel.'

'O,' sê Ottie. 'Dis vreeslik. Moet ons nou dadelik weggaan?'

'Môre-oggend baie vroeg,' sê haar pa. 'Kom ons eet nou iets.'

Uit die mandjie kom 'n groot stuk salm en koek en brood en vrugtesap, en terwyl hulle so sit en eet en drink op Ottie se bed, verdwyn die treurige trek van Tom se gesig af.

'Ottie my kind,' sê hy. 'Ek het 'n bietjie geld opgespaar en ons het ons eie stasiewa. Wat wil ons meer hê? As dit lig word, ry ons. Dink net: Ons is vry. Geen meneer Kaplaks meer wat my verkeerd opvryf nie. Geen mevrou Kaplaks meer wat jou afsnou nie.'

'Ons kan in die stasiewa woon,' sê Ottie. 'Ons het slaapsakke en 'n gasstofie.'

'Ons gaan rondreis en ons is vry!' roep Tom uit. Hy dans tussen al die ou goed op die solder en trap amper op Tant Melia. 'Nou moet ons gou gaan slaap,' sê hy. 'Ons stel die wekker vir halfvier sodat ons baie vroeg kan vertrek, nog voor die Kaplakse wakker is.'

Otje kon moeilijk in slaap komen. Ze was zo opgewonden bij het idee dat ze morgenvroeg met haar vader zou vertrekken. Waarheen? Nergens heen. De wereld in. Overal heen, de hele wereld door. Toen ze eindelijk insliep, droomde ze angstig en verward van grote zalmschotels vol muizen en van hotelgasten die gillend wegliepen. Ze schrok wakker toen de wekker afliep.

Een klein stemmetje vlak bij haar oor zei dringend: 'Ik wil mee!'

Otje sloeg haar ogen op.

Naast haar op het kussen zat Lodewijk.

'We willen allemaal mee,' fluisterde hij. 'Mogen we mee?'

'Alle zes?' vroeg Otje. 'Ik weet niet of m'n vader dat goed vindt.'

Nu zat ineens tante Melia bij Otjes linkeroor op het kussen.

'Geen sprake van !' riep ze schril. 'We blijven hier. Veilig op zolder.'

'Veilig!' schreeuwde Lodewijk. 'Veilig met een kat in huis ? En met een muizeval in de eetzaal?'

'De kat komt niet op zolder,' siste tante Melia. 'En wij gaan niet naar de eetzaal, we blijven hier en Otje laat genoeg eten achter om ons hele leven lekker op te teren, is het niet, Otje?'

'We moeten allemaal mee, de wijde wereld in,' riep Lodewijk.

Het werd een hele ruzie over Otjes hoofd heen, maar Tos kwam tussenbeide en zei: 'We nemen geen muizen mee. Basta ! Uit ! En dat is dat !'

Lodewijk kroop mokkend achter de spiegel en tante Melia begon vergenoegd te ontbijten.

'Ik laat zoveel mogelijk eten voor jullie achter,' zei Otje. 'En misschien komen we jullie nog eens opzoeken.'

Ottie het gesukkel om aan die slaap te raak. Sy was so opgewonde oor die gedagte dat sy die volgende oggend saam met haar pa sou vertrek. Waarheen? Nêrens heen nie. Die wêreld in. Orals heen, die hele wêreld deur. Toe sy uiteindelik aan die slaap raak, droom sy benoud en deurmekaar van groot salmgeregte vol muise en van hotelgaste wat gillend weghardloop. Sy skrik wakker toe die wekker afgaan.

'n Klein stemmetjie teenaan haar oor sê dringend: 'Ek wil saamgaan!'

Ottie maak haar oë oop.

Langs haar op die kussing sit Lodewyk.

'Ons wil almal saamgaan,' fluister hy. 'Kan ons maar?'

'Al ses?' vra Ottie. 'Ek weet nie of my pa daarmee tevrede sal wees nie.'

Meteens sit Tant Melia nou by Ottie se linkeroor op die kussing.

'Daar is nie sprake daarvan nie!' skree sy met 'n skril stem. 'Ons bly hier. Veilig op die solder.'

'Veilig!' skree Lodewyk. 'Veilig met 'n kat in die huis. En met 'n muisval in die eetsaal?'

'Die kat kom nie op die solder nie,' sis Tant Melia. 'En ons gaan nie eetsaal toe nie, ons bly hier en Ottie los vir ons genoeg kos hier om ons hele lewe lank op te teer, nie waar nie Ottie?'

'Ons moet almal saamgaan, die wye wêreld in,' roep Lodewyk.

Dit word 'n yslike rusie heen en weer oor Ottie se kop, maar Tom kom tussenbeide en sê : 'Ons neem nie muise saam nie. Basta! Klaar! En dit is al!'

Lodewyk kruip dikbek agter die spieël in en Tant Melia begin ewe tevrede ontbyt te eet.

'Ek los vir julle soveel kos as wat ek kan,' sê Ottie. 'En dalk kom ons nog 'n slag vir julle kuier.'

| | |
|---|---|
| Het was nu vier uur. De zon ging op. Tos had al hun spullen bij elkaar gepakt. Het was maar weinig wat ze bezaten. Twee slaapzakken, kookgerei en een paar tassen met kleren en eten. | Dit was nou vieruur. Die son was besig om op te kom. Tom het al hulle goed bymekaargesit. Hulle het nie veel besit nie. Twee slaapsakke, kookgerei en 'n paar sakke met klere en kos. |
| Ze namen afscheid van de muizen. Alleen Lodewijk kwam niet te voorschijn. Hij was boos. | Hulle het afskeid geneem van die muise. Net Lodewyk het nie uitgekom nie. Hy was kwaad. |
| Ze trokken de deur van de zolder achter zich dicht, gingen naar beneden op hun tenen en liepen de tuin in. De vogels waren allemaal wakker. | Hulle trek die deur van die solder agter hulle toe, loop op hulle tone ondertoe en in die tuin in. Die voëls was almal wakker. |
| 'Gaan jullie echt weg?' vroeg de lijster Tiet. '0, doe het niet-tiet-tiet!' | 'Gaan julle regtig weg?' vra die lyster Twiet. 'Ag, moet dit nie doen nie-twiet-twiet.' |
| 'We moeten wel,' zei Otje. 'Het beste met je vrouwtje en haar eieren.' | 'Ons kan nie anders nie,' sê Ottie. Alles van die beste met jou vroutjie en haar eiers.' |
| Boef de hond kwam naar buiten. | Boef die hond kom buitentoe. |
| 'Ik zou graag met jullie meegaan,' zei hij. 'Maar ik hoor hier bij mijn baas. Kom nog eens langs, Otje.' | 'Ek sou graag wou saamgegaan het,' sê hy. 'Maar ek hoort hier by my baas. Kom kuier weer 'n keer, Ottie.' |
| 'Misschien. . . over een poos,' zei Otje. | 'Miskien...oor 'n rukkie,' sê Ottie. |
| De bagage was ingepakt en Tos startte de motor van de bestelwagen. Otje stapte in en alle vogels kwamen aanvliegen om kwetterend goeiendag te zeggen. | Die bagasie was ingepak en Tom het die enjin van die stasiewa aangeskakel. Ottie klim in en al die voëls kom aangevlieg om kwetterend te groet. |
| 'Jammer dat jullie weggaan! Bedankt voor alle vriendschap ! Wij vogels zullen jullie altijd helpen als het nodig is,' zo riepen ze. 'We zullen rondvertellen dat jullie aardig zijn voor ons vogels. Tot ziens. Goede reis!' | 'Dis jammer dat julle weggaan! Baie dankie vir al julle vriendskap! Ons voëls sal julle altyd help as dit nodig is,' roep hulle uit. 'Ons sal rondvertel dat julle goed is vir ons voëls. Totsiens. Mooi ry!' |
| De auto begon te rijden, maar ineens riep Otje: 'Stop!' | Die motor begin te ry, maar meteens roep Ottie: 'Stop!' |
| 'Wat is er?' vroeg Tos. | 'Wat makeer?' vra Tom. |
| 'Betsie zit nog opgesloten,' zei Otje. Ze stapte haastig uit, ze rende terug naar het hotel en ging de trap af naar de wijnkelder. | 'Betsie sit nog opgesluit,' sê Ottie. Sy klim haastig uit, hardloop terug na die hotel en gaan met die trappe af na die wynkelder toe. |
| Betsie keek haar woedend aan. | Betsie kyk haar woedend aan. |
| 'De hele nacht!' blies ze nijdig. 'De hele nacht heb ik hier opgesloten gezeten.' | 'Die hele nag!' blaas sy kwaad. 'Die hele nag moes ek hier opgesluit sit.' |
| 'Ik zal het nooit meer doen,' zei Otje. 'Nooit meer, want we gaan weg. Voorgoed.' | 'Ek sal dit nooit weer doen nie,' sê Ottie. 'Nooit weer nie, want ons gaan weg. Vir altyd.' |

Betsie liet zich in Otjes armen naar boven dragen en zei verschrikt: 'Voorgoed ? Hier weg ?'

'We moeten wel,' zei Otje.

'En waar heb je de muizen gelaten?' vroeg Betsie.

'De muizen ? O, daar hoef je niet meer naar te zoeken. Ze gaan allemaal met ons mee in de auto,' jokte Otje.

Boef en Betsie kwamen aan het hek staan om de auto na te wuiven.

En een troep vogels vloog nog een eind met hen mee.

Betsie laat Ottie toe om haar in haar arms boontoe te dra en sê verskrik: 'Vir altyd? Hier weg?'

'Ja, ons moet maar,' sê Ottie.

'En waar het jy die muise gelos?' vra Betsie.

'Die muise? O, jy hoef nie meer na hulle te soek nie. Hulle gaan almal saam met ons in die motor,' jok Ottie.

Boef en Betsie kom staan by die hek om vir hulle te waai.

'n Swerm voëls vlieg nog 'n ent saam met hulle.

Het kompjoetergebouw

'Nu zijn we in de stad,' zei Tos. 'Het is welletjes geweest, we gaan op een parkeerterrein staan en iets eten.'

Hij zette de bestelwagen netjes neer tussen andere auto's. Otje haalde twee vouwstoeltjes te voorschijn en een grote zak met eten. Het was erg gezellig om hier buiten in de zon te piknikken. Ze aten boterhammetjes met pindakaas en dronken sinas uit een flesje.

'Otje, wat zijn we gelukkig,' zei Tos. 'We zijn vrij. We kunnen gaan waar we willen. En bovendien heb ik wat spaarcenten. Vertel 's, wat zou je 't allerliefste willen hebben? Dan gaan we het kopen.'

'Rolschaatsen,' zei Otje zonder te aarzelen.

'Prima, prima ! Kom mee, hier vlakbij kun je ze kopen.'

Nog geen halfuur later reed Otje op de tegels van het parkeerterrein, terwijl haar vader bij de auto zat en het geld telde dat nog over was.

Hij zuchtte en keek hoe langer hoe somberder, zodat Otje op hem toe zwierde en riep: 'Is er iets akeligs?'

'Kom even zitten,' zei Tos. 'Het zit zo... ik ben erg blij dat je rolschaatsen hebt, daar gaat het niet om... maar...'

'Wat dan, pappa?'

'Ik heb niet zo veel geld meer over,' zei Tos ongelukkig.

'Moeten we de rolschaatsen terugbrengen naar de winkel ?' vroeg Otje verschrikt.

'Nee, o nee, kind, geen sprake van. Maar ik denk dat ik over een poosje toch weer moet proberen een baan te krijgen. '

'Maar pappa, je hebt altijd gezegd: Ik kan geen andere baan krijgen want ik heb geen papieren.'

'Dat is juist,' zei Tos.

Die rekenaargebou

'Nou is ons in die stad,' sê Tom. 'Dis nou eers genoeg, ons gaan nou op 'n parkeerterrein staan en iets eet.'

Hy parkeer die stasiewa netjies tussen ander motors. Ottie haal twee opvoustoeltjies te voorskyn en 'n groot sak kos. Dit was baie lekker om hier buite in die son piekniek te hou. Hulle eet toebroodjies met grondboontjiebotter en drink lemoensap uit 'n bottel.

'Ottie, maar ons is gelukkig,' sê Tom. 'Ons is vry. Ons kan gaan waar ons wil. En bowendien het ek nog 'n bietjie spaargeld. Sê nou vir my, wat wil jy die heel graagste hê? Dan gaan koop ons dit.'

'Rolskaatse,' sê Ottie sonder om te aarsel.

'Mooi, mooi! Kom saam, hier naby is 'n plek waar 'n mens dit kan koop.'

Skaars 'n halfuur later skaats Ottie op die stene van die parkeerterrein, terwyl haar pa by die motor sit en die geld wat nog oor is, tel.

Hy sug en lyk hoe langer hoe meer bekommerd, sodat Ottie met 'n swierige draai na hom toe sirkel en uitroep: 'Is daar iets vreesliks verkeerd?'

'Kom sit 'n bietjie hier,' sê Tom. 'Die ding is so.....ek is baie bly dat jy rolskaatse het, dis nie die punt nie....maar..'

'Wat dan, Pappa?'

'Ek het nie juis veel geld meer oor nie,' sê Tom ongelukkig.

'Moet ons die rolskaatse terugvat na die winkel?' vra Ottie verskrik.

'Nee, o nee, my kind. Dis glad nie die ding nie Maar ek dink dat ek oor 'n rukkie tog weer moet probeer om werk te kry.'

'Maar Pappa, jy het altyd gesê: Ek kan nie ander werk kry nie, want ek het nie papiere nie.'

'Dis waar,' sê Tom.

'Je hebt altijd gezegd: Mijn papieren zijn zoekgeraakt in de kompjoeter.'

'Ook dat is juist,' zei Tos. 'Zie je dat hoge gebouw daar? Dat is het kompjoetergebouw. Daar moest ik twee jaar geleden mijn papieren afgeven aan het loket. Voor "eventjes", zeiden ze. Ik zou ze dadelijk terugkrijgen, zeiden ze.'

'En toen?' vroeg Otje.

'Toen liep de meneer van het loket ermee weg. Er kwam een andere meneer. Die wist van niets. Ik heb gewacht en gewacht en gepraat en gesmeekt en eindelijk . . .'

'Eindelijk ben je driftig geworden, pappa ?'

Tos knikte. 'Ze hebben me buiten de deur gezet,' zei hij. 'Zonder papieren. Bij meneer Pardoes kreeg ik een baan, ook zonder papieren, maar... voor heel weinig geld. En hij kon me zomaar ontslaan.'

'Nu we toch vlak bij dat gebouw zijn,' zei Otje, 'kun je toch nog 's gaan vragen of ze je papieren gevonden hebben?'

Tos aarzelde.

'Zal ik met je meegaan?'

'Nee, ik ga alleen. Blijf jij maar even hier, m'n kind.'

Otje bleef rolschaatsen en het ging zo heerlijk dat ze haar vader helemaal vergat, totdat ze langs de bestelwagen reed, waar de vouwstoeltjes nog buiten stonden.

Zou hij nog altijd in dat gebouw zijn? dacht ze. Ik ga hem halen. Ze krabbelde op rolschaatsen het trottoir op. De deur van het gebouw stond open, ze gleed naar binnen.

Otje schrok. Er was daarbinnen een ontzettend geschreeuw. Ze zag tot haar ontsteltenis dat Tos de man achter het loket had vastgegrepen in zijn drift. De mensen in de rii achter hem probeerden hem van de ambtenaar los te rukken. Maar Tos bleef koppig vasthouden en de arme loketbediende werd langzaam door het loket naar buiten getrokken.

'Jy het altyd gesê: My papiere het weggeraak in die rekenaar.'

'Dis ook waar,' sê Tom. 'Sien jy daardie hoë gebou? Dit is die rekenaargebou. Daar moes ek twee jaar gelede my papiere afgee by 'n venstertjie. Net "vir 'n rukkie" het hulle gesê. Ek sou hulle gou terugkry, het hulle gesê.'

'En toe?' vra Ottie.

'Toe loop die man agter die venstertjie weg daarmee. Toe kom daar 'n ander man. En hy weet toe van niks nie. Ek het gewag en gewag en gepraat en gesmeek en uiteindelik...'

'Uiteindelik het jy kwaad geword, Pappa?'

Tom knik. 'Hulle het my by die deur uitgesit,' sê hy. 'Sonder papiere. By meneer Kaplaks het ek werk gekry, ook sonder papiere, maar.... vir baie min geld. En hy kon my sommer meteens in die pad steek.'

'Noudat ons tog hier by die gebou is,' sê Ottie, 'kan jy tog weer 'n keer gaan vra of hulle al jou papiere gekry het?'

Tom aarsel.

'Moet ek saam met jou gaan?'

'Nee, ek sal alleen gaan. Bly jy maar 'n bietjie hier, my kind.'

Ottie het daar gebly en aangehou met rolskaats en dit was so heerlik dat sy heeltemal vergeet het van haar pa, totdat sy weer by die stasiewa verbygekom het, waar die opvoustoeltjies nog buite gestaan het.

Sou hy nog altyd in die gebou wees? dink sy. Ek gaan hom haal. Sy sukkel met haar rolskaatse op die sypaadjie op. Die deur van die gebou staan oop, sy gly na binne.

Maar toe skrik Ottie. Daarbinne was 'n ontsettende geskreeu aan die gang. Tot haar ontsteltenis sien sy dat Tom die man agter die venstertjie vasgegryp het in sy woede. Die mense in die ry agter hom probeer om hom van die amptenaar af los te ruk. Maar Tom bly koppig vashou en die arme man agter die venstertjie word stadigaan deur die venstertjie na buite getrek.

| | |
|---|---|
| Otje reed pijlsnel over de gladde vloer tot vlak bij het loket. | Ottie skaats pylsnel oor die gladde vloer tot naby die venstertjie. |
| 'Pappa!' riep ze. 'Laat los!' | 'Pappa!' roep sy. 'Los hom!' |
| Dat hielp. Tos liet de arme man onmiddellijk los. Met het nare gevolg dat de sliert mensen achter hem een heel eind achteruit schoot en verspreid op de vloer kwam te vallen. | Dit help. Tom laat die arme man onmiddellik los. Met die nare gevolg dat die tou mense agter hom 'n ent agteruit skiet en verspreid op die vloer te lande kom. |
| 'Kom mee, pappa,' zei Otje. Ze pakte haar vader bij de arm en sleurde hem mee de deur uit. | 'Kom saam, Pappa,' sê Ottie. Sy kry haar pa aan die arm beet en sleep hom saam met haar by die deur uit. |
| 'De ellendelingen!' brieste Tos. | 'Die ellendelinge!' skree Tom briesend. |
| 'Sssst... stil maar pappa,' zei Otje en ze trok hem over de stoep naar de parkeerplaats. | 'Sjuuut.... bly nou maar stil, Pappa,' sê Ottie en sy sleep hom oor die sypaadjie na die parkeerplek. |
| 'Ze wisten weer van niets !' schreeuwde Tos. | 'Hulle weet weer van niks nie!' skreeu Tom. |
| 'Kom nou maar mee, pappa.' | 'Kom nou maar saam met my, Pappa.' |
| 'Weer geen papieren!' brulde Tos. | 'Wéér nie papiere nie!' brul Tom. |
| 'Ga maar lekker zitten. Zal ik een kopje thee zetten?' | 'Kom sit nou maar. Kan ek vir jou 'n koppie tee maak?' |
| 'Ja,' zei Tos. Langzamerhand bedaarde hij. 'De thee zit in de rugzak.' | 'Ja, asseblief,' sê Tom. Langsamerhand bedaar hy. 'Die tee is in die rugsak.' |
| Otje haalde de rugzak. | Ottie gaan haal die rugsak. |
| 'In het zijvak,' zei Tos. 'Bij de worst.' | 'In die sysakkie,' sê Tom. 'By die wors.' |
| 'Pappa,' riep Otje. 'Ik geloof dat de worst leeft!' Ze wees op het zijvak dat vreemd hobbelend bewoog. Ze deed de rits open. | 'Pappa,' roep Ottie. 'Dit lyk my die wors lééf!' Sy wys na die sysakkie wat op 'n snaakse knopperige manier besig is om te beweeg. Sy trek die rits oop. |
| Twee muizen sprongen te voorschijn. | Twee muise spring daaruit. |
| 'Lodewijk!' riep Otje. | 'Lodewyk!' roep Ottie uit. |
| 'En dit is mijn nichtje Suzie,' zei Lodewijk. 'Oef, we zijn nog net niet gestikt, weet je dat?' | 'En dit is my niggie Susie,' sê Lodewyk. 'Sjoe! Ons het so ampertjies verstik, weet jy?' |
| 'Hoe komen jullie in die tas?' vroeg Tos. 'Ik heb zelf de worst erin gedaan en 'm dichtgeritst.' | 'Hoe het julle in die sak gekom?' vra Tom. 'Ek het self die wors daarin gesit en hom toegerits.' |
| 'Toen zaten we er al in,' zei Lodewijk. 'We zijn verstekelingen. De worst is op. Sorry.' | 'Toe was ons al daarin,' sê Lodewyk. 'Ons is verstekelinge. Die wors is gedaan. Jammer.' |
| 'En jullie zaten zo lekker veilig op zolder bij tante Melia,' zei Otje | 'En julle was so lekker veilig op die solder by Tant Melia,' sê Ottie. |

'Veel te duf,' riep Lodewijk. 'We willen de wijde wereld zien. Is dit de wijde wereld ?'

'Dit is een parkeerterrein,' zei Otje. 'Niet zo geschikt voor muizen. Ik zal een veilig nestje voor jullie maken, binnen in de auto.'

'Dis glad te droog,' roep Lodewyk. 'Ons wil die wye wêreld sien. Is dit die wye wêreld?'

'Dit is 'n parkeerterrein,' sê Ottie. 'Nie baie geskik vir muise nie. Ek sal vir julle 'n veilige nessie maak, binne in die motor.'

## Op het parkeerterrein

Het was vroeg in de ochtend en de zon scheen. Tos en Otje hadden die nacht in de auto geslapen, ieder in hun slaapzak en nu zaten ze te ontbijten en ze strooiden kruimeltjes voor de vogeltjes.

Ze stonden nog steeds op het parkeerterrein. Binnen in de bestelwagen zaten Lodewijk en nicht Suzie onder een vergiet. Het was te gevaarlijk om ze los te laten. Er zwierf een kat in de buurt.

Lodewijk was ongeduldig en piepte: 'Ik wil de wijde wereld in. Ik wil op zoek gaan naar het land Musopia. Het land zonder muizevallen en zonder katten !'

'Nu nog even niet,' zei Otje. 'Wees blij dat je veilig binnen bent.'

'Otje, m'n kind, al heb ik dan geen papieren en weinig geld, toch voel ik me fijn vandaag,' zei Tos. 'Het is hier zo rustig en jij kunt rolschaatsen. Waarom zouden we eigenlijk niet hier bli jven ?'

'Hier blijven? Op een parkeerterrein?'

'Ja, waarom niet? We hebben nog een hele voorraad eten. En er is een kraan. Ik heb nog een beetje geld voor boodschappen. We sparen benzine. Heus, we moeten hier blijven. 't Is doodeenvoudig.'

Maar zo eenvoudig bleek het niet te zijn.

Er kwam bekijks.

Auto's stopten om hen heen. Mensen keken. Sommigen maakten foto's en als ze doorreden kwamen er weer nieuwe auto's .

'Wat zou er toch aan ons te zien zijn?' vroeg Tos.

'Ze vinden ons gek,' zei Otje. 'Omdat we buiten eten en omdat we de was hebben opgehangen.'

'We trekken ons er niets van aan,' zei Tos. 'We blijven gewoon zitten. Ze moeten er maar aan wennen. Neem nog een beschuitje.'

## Op die parkeerterrein

Dit is vroeg in die oggend en die son skyn. Tom en Ottie het die nag in die motor geslaap elkeen in sy slaapsak en nou sit hulle ontbyt en eet en hulle strooi krummeltjies vir die voëltjies.

Hulle staan nog steeds op die parkeerterrein. Binne in die trokkkie sit Lodewyk en sy niggie Susie onder 'n vergiet. Dit was te gevaarlik om hulle los te laat. Daar was 'n kat wat in die omgewing rondgeswerf het.

Lodewyk is ongeduldig, en hy piep: 'Ek wil die wye wêreld ingaan. Ek wil gaan soek na die land Musopia. Die land sonder muisvalletjies en sonder katte!'

'Vir 'n rukkie kan jy dit nog nie doen nie,' sê Ottie. 'Wees bly dat jy veilig binne is.'

'Ottie, my kind, al het ek nou nie papiere nie en min geld, is dit vir my vandag baie lekker,' sê Tom. 'Dis hier so stil en jy kan rolskaats. Hoekom bly ons nie maar hier nie?'

'Hier bly? Op 'n parkeerterrein?'

'Ja, hoekom nie? Ons het nog 'n hele voorraad kos. En hier is 'n kraan. Ek het nog 'n bietjie geld vir kleinigheidjies. Ons spaar petrol. Ons moet regtig hier bly. Dit is doodeenvoudig.'

Maar so eenvoudig was dit nie - soos weldra geblyk het.

Hulle word bekyk.

Motors stop rondom hulle. Mense kyk. Party neem foto's en as hulle wegry, kom daar weer nuwe motors.

'Wat kan daar nou aan ons wees om te sien?' vra Tom.

'Hulle dink ons is snaaks,' sê Ottie. 'Omdat ons buitekant eet en omdat ons die wasgoed opgehang het.'

'Ons steur ons nie daaraan nie,' sê Tom. 'Ons bly maar net sit. Hulle moet maar gewoond raak daaraan. Kry nog 'n stukkie beskuit.'

| | |
|---|---|
| En werkelijk, toen het spitsuur voorbij was, toen alle auto's een plaatsje hadden gevonden en de mensen naar hun werk waren, hield de stroom toeschouwers op. Een enkele automobilist reed nog lanzaam voorbij en stak z'n hand op. | En sowaar, toe die spitsuur verby was, toe al die motors 'n parkeerplek gekry het en die mense weggegaan het na hulle werk toe, hou die stroom toeskouers op. Een man ry nog verby in sy motor en steek sy hand op. |
| Tos groette terug. 'Zie je wel?' zei hij. 'Ze zijn aan ons gewend. En nu ga ik even brood en melk kopen, Otje. Blijf jij zolang op ons boeltje passen.' | Tom groet terug. 'Sien jy nou?' sê hy. 'Hulle is nou gewoond aan ons.' En nou gaan ek gou brood en melk koop, Ottie. Pas jy solank ons goedjies op.' |
| Toen haar vader weg was begon Otje de ontbijtboel op te ruimen. | Toe haar pa weg was, begin Ottie solank die goed van die ontbyt opruim. |
| Ineens stond daar de hond. | Meteens staan die hond by haar. |
| Het was een reusachtige herdershond. Hij sleepte een stuk lijn achter zich. Hij stond vlak bij haar en keek vals. | Dit was 'n reusagtige herdershond. Hy sleep 'n stuk tou agter hom. Hy staan baie naby haar en hy het 'n skelm uitdrukking op sy gesig. |
| Otje was nooit bang voor honden geweest, maar nu deinsde ze achteruit. De hond kwam nog dichterbij. | Ottie was nog nooit bang vir honde nie, maar nou deins sy terug. Die hond kom nog nader. |
| 'Dat gaat zo maar niet!', zei hij dreigend. | 'Dit kan nie sommer so gebeur nie!' sê hy dreigend. |
| 'Wat bedoel je...eh...wat bedoelt u?' vroeg Otje. Ze durfde niet 'jij' te zeggen tegen deze strenge hond. | 'Wat bedoel jy...e.e....wat bedoel u?' vra Ottie. Sy wou dit nie waag om 'jy' te sê vir hierdie streng hond nie. |
| 'Dat gaat zo maar niet ! Kamperen op een parkeerterrein! Dat is streng verboden. Wist je dat niet?' | 'Dit kan nie sommer so gebeur nie! Kampeer op 'n parkeerterrein! Dis streng verbode. Het jy nie geweet nie?' |
| 'Nee..' stamelde Otje. Bijna had ze gezegd: 'Nee, meneer.' | 'Nee..' stamel Ottie. Amper het sy gesê: 'Nee, Meneer.' |
| 'Hebben jullie papieren?' vroeg de hond. 'Ik ben van de politie namelijk.' | 'Het julle papiere?' vra die hond. 'Want ek is van die polisie.' |
| Een politiehond, dacht Otje. Maar waar is zijn baas? | 'n Polisiehond, dink Ottie. Maar waar is sy baas? |
| 'Als je geen papieren hebt, zal ik je moeten bekeuren,' zei de hond. 'Vooruit! Kom op met je papieren.'. | 'As jy nie papiere het nie, sal ek jou moet beboet,' sê die hond. 'Kom nou, wys my jou papiere.' |
| Otje was steeds meer achteruit gegaan, bang voor die grote bek met tanden, bang voor die boze ogen. Ze drukte zich vlak tegen de auto en wou om hulp roepen, toen ze ineens dacht: Een hond kan ons niet bekeuren. Onmogelijk. | Ottie het die hele tyd al meer agteruit geloop, bang vir die groot bek met tande, bang vir die kwaai oë. Sy druk haar rug vas teen die motor en wou net vir hulp roep, toe sy meteens dink: 'n Hond kan ons nie beboet nie. Onmoontlik. |

Ze kreeg plotseling moed. Ze ging rechtop staan, deed een stap naar voren en zei: ‘Luister eens... hoe heet je eigenlijk?’

‘Herman,’ zei de hond.

‘Luister eens Herman. Doe gewoon en hou op met die onzin. Misschien kan je baas ons bekeuren, maar jij niet. En nou wegwezen. Goeiendag!’

De hond Herman was totaal verbluft. Hij draaide zich om en begon op een sukkeldrafje weg te lopen. Maar toen keerde hij terug, met een heel andere uitdrukking op z’n bruine snoet. Een beetje beschaamd.

’Je mag me aaien,’ zei hij.

Otje deed het.

’Weet je wat het is ?’ zei Herman. ’Mijn baas, wachtmeester Jansen is van plan om hier te komen en jullie te bekeuren. Hij is van alle kanten gewaarschuwd dat er hier een raar stelletje zwervelingen zit te kamperen. En toen ik dat hoorde dacht ik: Ik zal ze vast even waarschuwen. Snap je dat? Ik ben zelfs losgebroken en weggelopen. Tegen de orders in! Begrijp je dat?’

’0, ga dan gauw terug,’ zei Otje. ’Anders krijg je misschien slaag! Bedankt, bedankt, maar ga gauw!’

Herman rende weg en Otje riep hem nog na: ’Dank je!’

Intussen was de wachtmeester Jansen al een half uur op zoek naar z’n hond. Hij zocht en zocht en door al dat zoeken had hij gelukkig geen tijd om Tos en Otje te bekeuren. ’Met wie stond je te praten?’ vroeg Tos, die op de parkeerplaats terugkwam met brood en melk.

’O pappa, we moeten hier weg. Vlug vlug !’

’Weg? Hier? Waarom?’

’De politie...’

’De politie? Was er een agent?’

’Nee, z’n hond,’ zei Otje.

Meteens skep sy moed. Sy gaan regop staan, neem ’n tree vorentoe en sê: ‘Luister hier....wat is jou naam nou eintlik?’

‘Herman,’ sê die hond.

‘Nou luister ’n bietjie, Herman. Gedra jou net gewoon en hou op met die twak. Miskien kan jou baas ons beboet, maar jy nie. Maak dat jy wegkom. Totsiens!’

Herman die hond was totaal oorbluf. Hy draai om en begin op ’n sukkeldraffie wegloop. Maar toe kom hy terug met glad ’n ander uitdrukking op sy bruin snoet. ’n Bietjie verleë.

‘Jy mag my streel,’ sê hy.

Ottie doen dit.

‘Weet jy wat is dit?’ sê Herman. ‘My baas, Sersant Van der Merwe, is van plan om hiernatoe te kom en julle te beboet. Baie mense het dit by hom aangegee dat hier ’n paar eienaardige rondlopers besig is om te kampeer. En toe ek dit hoor, dag ek : Ek sal hulle gou waarsku. Verstaan jy? Ek het selfs losgebreek en weggeloop. Teen my bevele. Begryp jy dit?’*

‘O, maar dan moet jy gou teruggaan,’ sê Ottie. ‘Anders kry jy miskien slae! Baie, baie dankie, maar gaan gou!’

Herman hardloop weg en Ottie roep nog agter hom aan: ‘Baie dankie!’

Intussen was Sersant Van der Merwe al ’n halfuur lank besig om te soek na sy hond. Hy het gesoek en gesoek en met die soekery het hy gelukkig nie tyd gekry om Tom en Ottie te beboet nie. ‘Met wie het jy hier gestaan en praat?’ vra Tom wat by die parkeerterrein terugkom met brood en melk.

‘O Pappa, ons moet hier wegkom. Haastig, haastig!’

‘Wegkom? Hier? Hoekom?’

‘Die polisie...’

‘Die polisie? Was hier ’n polisieman?’

‘Nee, sy hond,’ sê Ottie.

'Z'n hond?'

'Ik leg het je straks uit. Help gauw even met inpakken. De politie komt. En we hebben immers geen papieren?'

'Sy hond?'

'Ek sal jou nou-nou vertel. Help eers gou met die inpak. Die polisie is aan die kom. En ons het mos nie papiere nie?'

Kwark de kraai

'Zo zie je,' zei Tos. 'Zelfs gewoon op een parkeerterrein staan is al gevaarlijk.'

'Gelukkig zijn we nog op tijd weggekomen,' zei Otje. 'We moeten een plekje zien te vinden waar geen mensen zijn. Alleen maar bomen en water en dieren.'

'Maar waar vinden we dat?' zuchtte Tos. 'We rijden nu al weer twee uur, dan weer op de snelweg, dan weer op een zijweg: en telkens stuiten we weer op nieuwbouw of fabrieken. Nu zitten we op een landweg. Even een plasstop.'

Toen ze stilstonden langs de berm, haalde Otje de muizen uit hun vergiet.

'Willen jullie er nu even uit?' vroeg ze.

'Ja natuurlijk willen we eruit ! ' riep Lodewijk.

Otje zette Lodewijk en Suzie voorzichtig tussen het gras van de berm. 'Niet weglopen,' zei ze. 'Netjes in de buurt blijven.'

Lodewijk ging op z'n achterpootjes staan en snuffelde.

'De wijde wereld!' riep hij verrukt. 'Eindelijk de wijde wereld. Kom mee, Suzie, we gaan erin!'

'Wacht even, wacht even,' zei Otje. 'Blijf dicht bij me.'

'Zijn hier katten?' vroeg Lodewijk.

'Nee. '

'Zijn er vallen?'

'Ook niet.'

'Dan is dit Musopia,' juichte Lodewijk. 'Kom mee, Suzie.' Hij greep z'n nichtje bij een poot en hoep! De muizen waren verdwenen.

'De muizen zijn weggelopen !' riep Otje toen Tos terugkwam van z'n plas.

'Die vind je nooit meer,' zei Tos somber.

Kwark die kraai

'Nou ja, sien jy,' sê Tom. 'Net om op 'n parkeerterrein te staan, is al gevaarlik.'

'Gelukkig het ons nog betyds weggekom,' sê Ottie . Ons moet vir ons 'n plekkie kry waar daar glad nie mense is nie. Net bome en water en diere.'

'Maar waar kry ons dit?' sug Tom. 'Ons ry nou al twee uur lank, partykeer op die snelweg, dan op 'n afdraaipad en elke keer loop ons ons vas teen nuwe woonbuurte of fabrieke. Nou is ons op 'n plaaspad. Kom ons klim eers af om 'n draaitjie te loop.

Toe hulle stilstaan langs die pad, haal Ottie die muise uit die vergiet.

'Wil julle 'n bietjie uitkom?' vra sy.

'Ja, natuurlik wil ons uitkom!' roep Lodewyk.

Ottie sit vir Susie en Lodewyk versigtig tussen die gras langs die pad neer. 'Moenie ver weggaan nie,' sê sy. 'Bly nou mooi hier naby.'

Lodewyk gaan staan op sy agterpootjies en snuif.

'Die wye wêreld!' roep hy in verrukking uit. 'Eindelik die wye wêreld ! Kom saam, Suzie, ons gaan die wye wêreld in!'

'Wag 'n bietjie, wag 'n bietjie,' sê Ottie. 'Bly naby my.'

'Is hier katte?' vra Lodewyk.

'Nee.'

'Is hier muisvalle?'

'Ook nie.'

'Dan is dit Musopia,' juig Lodewyk. 'Kom saam, Suzie.' Hy gryp sy niggetjie aan haar poot en woeps! Weg was die muise.

'Die muise het weggeloop!' roep Ottie toe Tom terugkom van sy draai.

'Dan sal jy hulle nooit weer kry nie,' sê Tom neerslagtig.*

| | |
|---|---|
| Otje zocht langs de berm. De muizen waren nergens te zien. | Ottie soek langs die pad. Die muise was nêrens te sien nie. |
| 'We kunnen hier niet de hele dag blijven,' zei Tos. 'We zullen ze moeten achterlaten. ' | 'Ons kan nie die hele dag hier bly nie,' sê Tom. 'Ons sal hulle maar hier moet los.' |
| 'O nee,' riep Otje. 'Ik laat ze niet in de steek. Stil 's... Ik hoor piepen.' | 'O nee,' roep Ottie. 'Ek gaan hulle nie in die steek laat nie. Stil bietjie..... Ek hoor 'n gepiep.' |
| Ze holde langs de berm naar de plek waar ze iets had gehoord. | Sy hol langs die pad af na die plek toe waar sy iets gehoor het. |
| Daar, achter een struik, stond een grote zwarte vogel met een scherpe snavel en zwarte kraalogen. | Daar, agter 'n bos, staan 'n groot swart voël met 'n skerp snawel en swart kraaloë. |
| Hij fladderde even op, toen Otje kwam, maar dadelijk daarna ging hij weer zitten op dezelfde plek. Otje hoorde nu duidelijk een angstig gepiep. Ze bukte zich en keek. Tussen een paar grote stenen, in een holletje zag ze vier angstige muizeoogjes. | Toe Ottie nader kom, fladder hy eers 'n bietjie op, maar gaan dadelik daarna weer op dieselfde plek sit. Nou hoor Ottie duidelik 'n angstige gepiep. Sy buk af en kyk. Tussen 'n paar groot klippe in 'n gaatjie sien sy vier bang muisogies. |
| 'Ga je weg!' riep ze tegen de kraai. | 'Loop jy!' skree sy vir die kraai. |
| 'Kraa!' riep hij nijdig terug. Hij pikte naar de muizen. 'Kraa!' | 'Kraa!' roep hy nydig. Hy pik na die muise. 'Kraa!' |
| Otje sloeg naar hem en krijste. Toen fladderde de kraai op en ging een meter verderop zitten. | Ottie slaan na hom en skree. Toe fladder die kraai op en gaan sit 'n meter verderaan. |
| Ze pakte de muizen en hield ze dicht tegen zich aan. | Sy tel die muise op en hou hulle styf teen haar vas. |
| 'Ziezo,' zei ze tegen de kraai. | 'Nou-ja toe,' sê sy vir die kraai. |
| 'Ja ja, en dat was dat,' zei de kraai. ''t Is jammer.' | 'Ja, ja, dis neusie verby,' sê die kraai. 'Dis jammer.' |
| Tos toeterde. Hij hing uit het portier en riep: 'Otje ! Komen !' | Tom toet. Hy hang by die deur uit en skree: 'Ottie! Kom nou!' |
| Otje kwam aanhollen, de twee muizen veilig in haar zak. | Ottie kom aangehol met die twee muise veilig in haar sak. |
| 'Pappa,' zei ze. 'Wacht even. Daar is een kraai. Hij heet Kwark en hij weet een plek waar geen mensen komen, zegt hij.' | 'Pappa,' sê sy. 'Wag 'n bietjie. Daar is 'n kraai. Sy naam is Kwark en hy weet van 'n plek waar glad nie mense kom nie, sê hy.' |
| Haastig zette ze Lodewijk en Suzie binnen in hun kooitje. | Haastig sit sy vir Lodewyk en Susie terug in hulle hokkie. |

'Vertel eens,' zei Tos tegen Kwark. 'Waar is dat rustige plekje?'

'Krijg ik een muis als ik het zeg ?'

'Helemaal niet,' zei Tos. 'Wel een stuk kaas.'

'Mooi,' zei Kwark. 'Volg me dan maar. '

Hij maakte een paar rondjes boven de auto, terwijl Tos de motor startte.

Toen vloog hij met een statige vleugelslag dwars over de sloot en dwars over het veld.

'Hee !' schreeuwde Tos. 'Heeeee !'

Eerst hoorde Kwark hem niet. Maar toen hij achterom keek en zag dat de wagen nog niet reed, kwam hij terug.

'Waarom kom je niet?' vroeg hij krib-big.

'Een auto rijdt niet dwars over alles heen,' zei Tos. 'Een auto rijdt over een weg. Zou je asjeblieft voor ons uit willen vliegen over de weg?'

'Maar de weg gaat niet naar dat plekje,' zei Kwark.

'Ook niet een zijweggetje?' vroeg Otje.

Kwark stond even te peinzen. 'Moeilijk,' zei hij. 'Ik heb het nooit bij de hand gehad. Maar ik zal het proberen.'

Nu volgde er een vreemde autotocht. Tos kon de vliegende kraai net bijhouden, maar af en toe vloog het beest toch weer rechtdoor over een stuk bos; dan moesten ze stoppen en wachten tot hij omdraaide. Soms vloog hij snel een zijweg in en keerde onmiddellijk weer terug, zodat Tos gevaarlijke scherpe bochten moest nemen, maar ze bleven volhouden. Het laatste stuk ging over hobbelig terrein en het allerlaatste stuk was niet te berijden. Ze zetten de wagen neer en volgden Kwark te voet door dichte struiken.

'Sê 'n bietjie vir ons,' sê Tom vir Kwark. 'Waar is die rustige plekkie?'

'Kan ek 'n muis kry as ek vir julle sê?' vra die kraai.

'Beslis nie,' sê Tom. 'Maar jy kan 'n stuk kaas kry.'

'Gaaf,' sê Kwark. 'Ry dan maar net agter my aan.'

Hy maak 'n paar draaie bokant die motor, terwyl Tom die masjien aan die gang sit.

Toe vlieg hy met 'n statige klap van sy vlerke dwars oor die sloot en deur die veld.

'Haai!' skreeu Tom. 'Haaaai!'

Eers hoor Kwark hom nie. Maar toe hy omkyk en sien dat die motor nog nie ry nie, kom hy terug.

'Hoekom kom jy nie?' vra hy vererg.

''n Motor kan nie dwarsoor alles ry nie,' sê Tom. ''n Motor ry op 'n pad. Sal jy asseblief voor ons uit vlieg oor die pad?'

'Maar die pad gaan nie na die plekkie toe nie,' sê Kwark.

'Ook nie 'n afdraaipaadjie nie?' vra Ottie.

Kwark dink 'n rukkie. 'Dis moeilik,' sê hy. 'Ek het dit nog nooit nodig gekry nie. Maar ek sal probeer.'

En toe volg daar 'n snaakse rit. Tom kon net-net byhou by die vlieënde kraai, maar af en toe vlieg die voël tog weer reguit oor 'n stuk bos; dan moes hulle stilhou en wag tot hy omgedraai het. Partykeer vlieg hy vinnig in 'n afdraaipad in en draai dan onmiddellik terug, sodat Tom gevaarlike skerp draaie moet gooi, maar hulle hou aan. Die laaste stuk was oor hobbelrige grond en die heel laaste stuk kon hulle nie ry nie. Hulle parkeer die motor en volg Kwark te voet deur digte bosse.

Ze waren bij een riviertje met een glooiende groene oever, met ruisende bomen en bloeiende wilde planten.

'En?' vroeg Kwark.

'Dit is het,' zei Tos. 'Kom, Otje, we gaan eerst het water in. Ik heb het zo heet gekregen van die tocht.'

Ze namen een bad in het koele riviertje. Toen ze daarna op de oever zaten, zei de kraai: 'Waar blijft me kaas?'

Hulle kom by 'n riviertjie met groen walle wat afloop tot teen die water met ruisende bome en pragtige wilde blomme.

'Wat sê julle?' vra Kwark.

'Dis net die regte plek,' sê Tom. 'Kom, Ottie, ons gaan eers in die water in. Ek het nou so warm geword van die ryery.'

Hulle bad toe eers in die koel riviertjie. As hulle daarna op die wal sit, sê die kraai: 'En waar is my kaas?'

Brandnetelsoep

'Dit is het allermooiste plekje van de wereld,' zie Otje. "t Is jammer dat ik hier niet kan rolschaatsen, maar verder is het heerlijk.'

'Hier kunnen we de hele zomer blijven,' zei Tos.

Ze kampeerden nu al meer dan een week aan de oever van het riviertje. Ze sliepen buiten met een paraplu boven de slaapzakken, voor als het eens mocht regenen, maar tot nu toe was het aldoor mooi weer gebleven.

Ze kenden nu alle vogels die in het bosje woonden en Kwark, de kraai, was een hele goede vriend geworden.

De twee muizen, Lodewijk en Suzie, speelden krijgertje in het gras.

'Misschien is dit eindelijk jullie land Musopia,' zei Otje. 'Een land zonder vallen en zonder katten.'

'Nee,' zei Lodewijk. 'Het echte Musopia is een land zonder vallen, zonder katten en zonder kraaien.' Hij keek angstig omhoog naar Kwark die op een tak zat te loeren.

'Hij heeft beloofd dat hij jullie niets zal doen,' zei Otje.

'Ik heb gezegd: Voorlópig,' zei Kwark. En hij keek zo hongerig naar de muizen dat ze een eind verderop gingen spelen.

Tos was bezig soep te koken van brandnetels met wilde kruiden die hijin de omgeving had ontdekt.

'Per slot ben ik nog altijd kok,' zei hij. 'Brandnetelsoep kook ik heel goed.'

Het werd avond. De zon zakte langzaam weg achter de bosjes. Tos en Otje aten hun soep uit grote kommen. De muizen waren naar bed, in hun vergiet. Het was allemaal erg vredig en ze waren diep gelukkig.

Toen stond daar plotseling de man.

Het was een man met een bril. Hij keek heel ernstig en kwam naar hen toe.

Brandnetelsop

'Dit is die heel mooiste plekkie op die wêreld,' sê Ottie. 'Dis jammer dat ek nie hier kan rolskaats nie, maar verder is dit heerlik.'

'Hier kan ons die hele somer lank bly,' sê Tom.

Hulle was nou al meer as 'n week besig om te kampeer op die wal van die riviertjie. Snags het hulle buite geslaap met 'n sambreel bokant die slaapsakke, net vir in geval dit dalk mag reën, maar tot nou toe was die weer die hele tyd mooi.

Hulle ken nou al al die voëls wat in die klein bos woon, en Kwark, die kraai, het 'n baie goeie vriend van hulle geword.

Die twee muise, Lodewyk en Susie, speel aan-aan in die gras.

'Miskien is dit nou uiteindelik julle land Musopia,' sê Ottie. ''n Land sonder muisvalle en sonder katte.'

'Nee,' sê Lodewyk. 'Die regte Musopia is 'n land sonder muisvalle, sonder katte en sonder kraaie.' Hy kyk bang boontoe na Kwark wat op 'n tak sit en loer.

'Hy het beloof hy sal niks aan julle doen nie,' sê Ottie.

'Ek het gesê : Vir éérs,' sê Kwark. En hy kyk so hongerig na die muise dat hulle 'n ent verder weg gaan speel.

Tom was besig om sop te kook van brandnetels met wilde kruie wat hy in die omgewing ontdek het.

'Per slot van rekening is ek nog altyd 'n kok,' sê hy. 'Brandnetelsop kan ek baie goed kook.'

Dit word aand. Die son sak stadig weg agter die bosse. Tom en Ottie eet hulle sop uit groot bakke. Die muise is al in die bed, in hulle vergiet. Alles is baie vreedsaam en hulle voel diep gelukkig.

Toe skielik staan die man daar.

Dit was 'n man met 'n bril. Hy lyk vreeslik ernstig en kom na hulle toe.

| | |
|---|---|
| 'Goeiendag,' zei hij. | 'Goeiedag,' sê hy. |
| 'Goeiendag,' zei Tos. | 'Goeiedag,' sê Tom. |
| 'Mag ik vragen hebt u een wandelkaart?' vroeg de man. | 'Mag ek vra of u 'n wandelkaart het?' vra die man. |
| 'Een wandelkaart ? Nee, maar we wandelen niet erg veel,' zei Tos. 'We dribbelen wat heen en weer. En we slapen hier.' | "n Wandelkaart? Nee, maar ons wandel nie so baie nie,' sê Tom. 'Ons drentel maar so 'n bietjie op en af. En ons slaap hier.' |
| 'Zo,' zei de man. 'Mag ik dan wel even uw kampeervergunning zien?' | 'O so,' sê die man. 'Kan ek dan asseblief u kampeerpermit sien?' |
| 'Kampeervergunning?' vroeg Tos. | 'Kampeerpermit?' vra Tom. |
| 'Inderdaad, uw kampeervergunning,' zei de man. 'Ik ben van de natuurbescherming en ik moet zorgen dat dit gebied volstrekt ongerept blijft.' | 'Ja seker, u kampeerpermit,' sê die man. 'Ek is van natuurbewaring en ek moet sorg dat hierdie gebied heeltemal ongerep bly.' |
| '0, maar dat blijft het,' zei Tos. 'We zorgen ervoor dat het ongerept blijft. We komen nergens aan. We plukken wat brandnetels voor de soep. Maar daar blijft het bij.' | 'O, maar dit bly beslis ongerep,' sê Tom. 'Ons sorg daarvoor. Ons verniel niks nie. Ons pluk 'n paar brandnetels vir sop. Maar dit is al.' |
| 'Er zijn hier uitsluitend zeldzame brandnetels,' zei de man. 'En ik moet u gelasten dit natuurreservaat te verlaten. ' | 'Die brandnetels hier is almal baie seldsaam,' sê die man. 'En ek moet u gelas om hierdie natuurreservaat te verlaat.' |
| Hij sprak wel moeilijke taal, maar Otje begreep het en zei angstig: 'Moeten we nu dadelijk al weg?' | Die man se taal was 'n bietjie moeilik, maar Ottie het dit tog verstaan en sê bang: 'Moet ons nou dadelik weggaan?' |
| 'Vannacht mag u hier nog blijven,' zei de man. 'Maar morgen kom ik terug. Als blijkt dat u geen gevolg hebt gegeven aan mijn verzoek dan zal ik helaas de politie moeten waarschuwen. Goeiendag. ' | 'Vannag mag u nog hier slaap,' sê die man. 'Maar môre kom ek terug. As dit dan blyk dat u nie gehoor gegee het aan my versoek nie, sal ek ongelukkig die polisie in kennis moet stel. Goeiedag.' |
| Tos en Otje bleven verbluft en verslagen achter. | Tom en Ottie bly oorbluf en verslae agter. |
| 'De politie...' mompelde Tos. | 'Die polisie....' mompel Tom. |
| 'Maar we doen toch geen kwaad?' riep Otje wanhopig. | 'Maar ons doen tog nie kwaad nie?' roep Ottie moedeloos. |
| "t Gaat alweer over papieren,' zei Tos. 'Een wandelkaart... een kampeervergunning. Altijd weer papieren.' | 'Dis alweer oor papiere,' sê Tom. "n Wandelkaart... 'n kampeerpermit. Altyd weer papiere.' |
| Kwark, de nieuwsgierige kraai kwam van z'n boomtak en vroeg: 'Wat is er?' | Kwark, die nuusgierige kraai vlieg van sy boomtak af en vra: 'Wat makeer?' |

| | |
|---|---|
| 'We moeten weg,' zei Tos. | 'Ons moet weggaan,' sê Tom. |
| 'Waarom ?' | 'Hoekom?' |
| 'Mijn vader heeft geen papieren,' zei Otje. 'Daarom zijn we op de vlucht. Daarom moeten we ons aldoor schuilhouden. Zonder papieren kun je niet leven, zegt mijn vader.' | 'My pa het nie papiere nie,' sê Ottie. 'Dis waarom ons aan die vlug is. Dis hoekom ons altyd wegkruip. Sonder papiere kan 'n mens nie lewe nie, sê my pa.' |
| 'Ik wel,' zei Kwark. 'Ik weet niet wat papieren zijn, maar ik weet zeker dat ik ze niet heb. En toch leef ik.' | 'Ek kan,' sê Kwark. 'Ek weet nie wat papiere is nie, maar ek is seker ek het dit nie. En tog leef ek.' |
| 'Ik wou dat het met ons ook zo was,' zei Otje zuchtend. | 'Ek wens dit was met ons ook so,' sug Ottie. |
| Het werd donker en ze gingen in hun slaapzakken, buiten onder de bomen. De maan scheen en alle vogels sliepen, behalve een nachtegaal die zachtjes begon te zingen. | Dit word donker en hulle kruip in hulle slaapsakke onder die bome. Die maan skyn en al die voëls slaap, behalwe 'n nagtegaal wat saggies begin te sing. |
| Midden in de nacht begon Tos onrustig te draaien. Hij mompelde: 'Geen papieren... geen papieren...' | In die middel van die nag begin Tom rusteloos te woel. Hy mompel: 'Nie papiere nie.....nie papiere nie..' |
| Boven hem sliep de kraai op een tak. Hij werd ook onrustig en mompelde: 'Geen papieren... wat vreselijk.' Een vinkje vlakbij werd halfwakker en mompelde in haar slaap: 'Geen papieren... geen papieren, de arme man heeft geen papieren.' | Bokant hom slaap die kraai op 'n tak. Hy word ook rusteloos en mompel: 'Nie papiere nie....hoe vreeslik.' 'n Vinkie daar naby word half wakker en mompel in haar slaap; 'Nie papiere nie...nie papiere nie, die arme man het nie papiere nie.' |
| Tos sliep weer in, maar lang voordat het licht werd, waren de vogels in de buurt wakker en praatten met elkaar. | Tom raak weer aan die slaap, maar lank voor dit lig word, was die voëls in die buurt wakker en praat met mekaar. |
| 'De arme man heeft geen papieren,' zei Kwark. 'We moeten hem helpen.' | 'Die arme man het nie papiere nie,' sê Kwark. 'Ons moet hom help.' |
| Dat vonden de anderen ook. | Die ander stem saam. |
| Maar wat zijn papieren? | Maar wat is papiere? |
| 'Een soort wormen misschien?' vroeg de merel. | 'Is dit dalk 'n soort wurm?' vra die swart lyster. |
| 'Je bent in de war met pieren. Dit zijn papieren,' zei Kwark. | 'Jy is deurmekaar met piere. Dit is *pa*piere,' sê Kwark. |
| 'Misschien zijn er papieren en mapieren,' begon de merel weer, maar nu kwam er een mus bij het gezelschap. Het was een dorpsmus die het beter begreep. 'Papieren?' riep hij. 'In het dorp zijn papieren. Waar mensen zijn, daar is ook papier.' | 'Miskien kry 'n mens *pa*piere en *ma*piere,' begin die swart lyster weer, maar nou kom daar 'n mossie by die groepie. Dit was 'n dorpsmossie wat meer daarvan verstaan het. 'Papiere?' roep hy. 'In die dorp is daar papiere. Waar daar mense is, is daar ook papier.' |

'Mooi,' zei Kwark. 'Dan zullen we dus naar het dorp gaan om voor onze eigen Tos papieren te halen. Kom mee.'

'Mooi,' sê Kwark. 'Dus sal ons dorp toe gaan om vir ons eie Tom papiere te gaan haal. Kom saam.'

| | |
|---|---|
| <u>Wie durft er door een raam te vliegen?</u> | <u>Wie sal waag om by die venster in te vlieg?</u> |
| De zon was nog niet op maar het begon een heel klein beetje te schemeren in het oosten. | Die son was nog nie op nie, maar in die ooste was dit al 'n bietjie skemer. |
| Tos en Otje sliepen nog in hun slaapzakken en ze merkten niet dat alle vogels uit het bosje zich verzameld hadden en in een lange vliegende stoet wegtrokken. | Tom en Ottie was nog aan die slaap in hulle slaapsakke en het nie agtergekom dat al die voëls van die bos bymekaar gekom het en toe in 'n lang stoet weggevlieg het nie. |
| Kwark vloog voorop met Toep, de mus. En achter hen kwamen spreeuwen, merels, piepers, gorzen en kwikstaarten. | Kwark het vooraan gevlieg saam met Toep, die mossie. En agter hulle was die spreeus, swart lysters, lewerikies, vinke en kwikstertjies. |
| Ze gingen papieren halen, dat wisten ze allemaal. Wat het waren wisten ze niet. Maar gelukkig wist Toep het wel en hij wees ook de weg. | Hulle was op pad om papiere te gaan haal, dit het hulle almal geweet. Wat dit was, het hulle nie geweet nie. Maar gelukkig het Toep darem geweet en hy het ook sommer die pad gewys. |
| Het dorp was niet zo ver. Het was voor de vogels maar tien minuten vliegen. Eerst kwamen er een paar boerderilen. | Die dorp was nie so ver nie. Vir die voëls was dit maar tien minute se vlieg. Eers was daar 'n paar plase. |
| 'Hier nog niet!' riep de mus. | 'Dis nog nie hier nie!' roep die mossie. |
| Toen kwamen er rijtjes nieuwbouwhuizen. | Toe kom daar rye huise van 'n nuwe woonbuurt. |
| 'Hier ook nog niet!' | 'Ook nie hier nie!' |
| En nu kwamen ze in het dorp zelf. | En toe kom hulle in die dorp self. |
| Het leek uitgestorven. Alle mensen sliepen nog. | Dit het gelyk soos 'n spookdorp. Al die mense het nog geslaap. |
| De vogels streken neer in de grote kastanjeboom op het dorpsplein. | Die voëls gaan sit in die groot kastaiingboom op die dorpsplein. |
| 'Daar zitten we,' zei Kwark tegen de mus.' Vertel me nou maar eens waar we papieren kunnen vinden.' | 'Hier sit ons nou,' sê Kwark vir die mossie. 'Sê jy nou vir ons waar kan ons papiere kry.' |
| Toep de mus vloog snel naar beneden en kwam terug met een vies oud snippertje krant in z'n snavel. | Toep die mossie vlieg vinnig grond toe en kom terug met 'n ou vuil snippertjie van 'n koerant in sy bek. |
| 'Kijk,' zei hij. 'Dit is papier.' | 'Kyk,' sê hy. 'So lyk papier.' |
| 'O ja?' zei Kwark verbaasd. 'Weet je 't zeker? Ik bedoel... ik heb Tos horen zeggen dat hij zonder papier niet kan leven. Denk je echt dat hij dit bedoelt?' | 'Haai, regtig?' sê Kwark verbaas. 'Is jy seker? Ek bedoel.....ek het gehoor Tom sê hy kan nie sonder papier lewe nie. Dink jy regtig hy het so iets bedoel?' |

'Er zijn ook andere papieren,' zei Toep. 'Wacht, ik zie er nog een.' Weer vloog hij naar beneden en weer kwam hij even later terug met een papiertje. Ditmaal was het een zuurtjespapiertje.

'Ook al zo viezig,' zei Kwark.

'Er zijn wel schone papieren,' zei de mus. 'Maar die zijn binnen in de huizen. Zie je dat hele grote huis daar? Dat is het gemeentehuis. Het is hartstikke vol met papieren. Grote witte schone papieren met wat lettertjes erop.'

'Hoe komen we daaraan?' vroeg Kwark.

'Dat ene raam staat een beetje open. Je kunt er makkelijk in.'

'Ik?' vroeg Kwark. 'Naar binnen bij mensen ?'

'Er zijn geen mensen binnen. Het is nog nacht. Alleen overdag zijn er mensen. Kom, haal een papier. Of durf je soms niet?' De kleine mus keek de grote zwarte kraai heel uitdagend aan. En Kwark wilde niet toegeven dat hij bang was.

'Natuurlijk durf ik wel,' zei hij.

'Doe het dan.'

'Kraaa!' riep Kwark. Hij vloog naar het gemeentehuis en zette zich op de vensterbank van het open raam. Er waren geen mensen binnen. Wel zag hij stapels en stapels witte vellen. Hij vloog het raam in, greep met z'n snavel een papier en vloog ermee terug naar de kastanjeboom.

Alle vogels in de boom begonnen te kwetteren van opwinding. Ze kregen moed. Ze durfden ook papieren te zoeken. Alles wat ze vonden op straat aan papier legden se in een oud verlaten nest in de kastanje. En telkens gingen ze opnieuw zoeken. De mus wees hen de gebouwen waar geen mensen waren: het postkantoor, de school en een kantoor. Overal stond wel ergens een raampje open en overal was wel iets van papier te vinden.

'Misschien hebben we nu genoeg,' zei Kwark.

Maar Toep de mus was heel overmoedig geworden.

'Daar is ook nog ander papiere,' sê Toep. 'Wag, daar sien ek nog een.' Weer vlieg hy grond toe, en weer kom hy 'n bietjie later terug met 'n papiertjie. Hierdie keer was dit 'n lekkergoedpapiertjie.

'Dis net so vuil,' sê Kwark.

'Daar is ook skoon papiere,' sê die mossie. 'Maar hulle is binne in die huise. Sien julle daardie yslike groot huis daar? Dit is die stadsraadskantore. Dit is prop en blok vol papiere. Groot, wit skoon papiere met hier en daar lettertjies op.'

'Hoe kry ons dit in die hande?' vra Kwark.

'Daardie een venster staan 'n entjie oop. Jy kan maklik daar inkom.'

'Ek?' vra Kwark. 'Invlieg by mense?'

'Daar is nie nou mense daar binne nie. Dis nog nag. Dis net bedags wat daar mense is. Kom, gaan haal 'n papier. Of is jy dalk te bang om dit te waag?' Die klein mossie kyk uitdagend na die groot, swart kraai. En Kwark wil nie erken dat hy bang is nie.

'Natuurlik sal ek dit waag,' sê hy.

'Nou doen dit dan.'

'Kraaa!' roep Kwark. Hy vlieg na die kantoorgebou en gaan sit op die vensterbank van die oop venster. Binne was daar niemand nie. Maar hy sien stapels en stapels wit velle. Hy vlieg by die venster in, gryp 'n vel papier met sy bek en vlieg daarmee terug na die kastaiingboom.

Al die voëls in die boom begin te kwetter van opgewondeheid. Hulle skep moed. Nou waag hulle ook om papiere te soek. Elke papier wat hulle in die straat kry, sit hulle neer in 'n ou verlate nes in die kastaiingboom. En elke keer gaan soek hulle weer. Die mossie wys vir hulle die geboue waar daar nie mense is nie: die poskantoor, die skool en nog 'n kantoor. Oral was daar êrens 'n venstertjie oop en oral was daar een of ander papier te vinde.

'Miskien het ons nou genoeg,' sê Kwark.

Maar Toep die mossie het nou heeltemal oormoedig geword.

'Wie durft er in een woonhuis naar binnen vliegen!' riep hij. 'Wie durft?'

Stilte.

Er was geen enkele vogel die zo iets durfde.

'Jij toch wel?' vroeg Toep aan de kraai. 'Zo'n grote sterke superkraai durft toch wel ergens naar binnen om een papiertje weg te halen, ook al zijn er *mensen*?'

'Kraaaa!' riep Kwark. Het kon ja of nee betekenen. In elk geval durfde hij niet te bekennen dat hij bang was.

'Nou, ik durf het wel,' riep Toep. 'Alle mensen slapen immers nog ? Ze merken toch niks. Ik neem dat open raam daar! Neem jij dan dat raam daar! Of durf je niet?'

'Natuurlijk durf ik het,' zei Kwark.

Hij vloog naar het huis dat de mus had aangewezen. Het raam was op de tweede verdieping en Kwark ging op de vensterbank zitten. Hij keek naar binnen. Hoewel het nog tamelijk donker was, kon hij met z'n scherpe ogen een groot bed onderscheiden met een meneer en een mevrouw. Hij hoorde ze snurken. Naast het bed stond een nachtkastje met een glas water. Naast het glas lag een papiertje. Kwark wipte naar binnen, greep het papiertje en vloog er trots mee naar de kastanjeboom.

'Wie sal dit waag om by 'n woonhuis in te vlieg!' roep hy. 'Wie sal?'

Stilte.

Daar was nie 'n enkele voël wat die moed gehad het om so iets te doen nie.

'Jy sal tog seker?' vra Toep vir die kraai. 'So 'n groot, sterk superkraai sal tog waag om êrens in te vlieg om 'n ou papiertjie te gaan haal, al is daar ook mense?'

'Kraaa!' roep Kwark. Dit kon ja of nee beteken. In elk geval wou hy nie erken dat hy bang was nie.

'O, maar ék sal dit waag,' roep Toep. 'Al die mense slaap mos nog? Hulle sal dit tog nie agterkom nie. Ek sal daardie oop venster daar neem! Of is jy te bang om dit te waag?

'Natuurlik sal ek dit waag,' sê Kwark.

Hy vlieg na die huis toe wat die mossie gewys het. Die venster is op die tweede verdieping en Kwark gaan op die vensterbank sit. Hy kyk binnetoe. Hoewel dit nog taamlik donker is, kan hy met sy skerp oë 'n groot bed onderskei met 'n man en 'n vrou. Hy hoor hoe hulle snork. Langs die bed staan 'n bedkassie met 'n glas water. Langs die glas lê 'n papiertjie. Kwark wip na binne, gryp die papiertjie en vlieg trots daarmee na die kastaiingboom.

Een stoet van vogels

Toen Otje die ochtend wakker werd, was de zon al op en Tos stond naast zijn slaapzak naar boven te kijken.

'Waar kijk je naar, pappa?'

''t Is zo gek...' zei Tos.

'Wat is gek?'

'Geen vogels. Geen een vogel ! Kwark is ook weg.'

Tos en Otje wisten niet dat de vogels uit de buurt met z'n allen naar het dorp waren.

Ze zaten nu allemaal in de grote kastanjeboom op het dorpsplein. IJverig hadden ze papieren verzameld; een hele stapel lag klaar in het oude vogelnest. Allemaal weggehaald uit kantoren en huizen en ook een heleboel zomaar van de straat.

''t Is geloof ik wel genoeg,' zei Kwark. Maar de mus Toep vond het zo spannend om huizen in en uit te vliegen, dat hij van geen ophouden wist.

'Nog eentje !' tjilpte hij. 'Ik ga nog een open raam in. Ik ben zo terug.'

In het huis waar Toep naar toe vloog, woonde een jonge man, Dirk Jan. Hij lag te slapen achter het open raam. De avond tevoren was hij naar een feestje geweest. En na het feestje had hij thuis een brief geschreven aan een meisje dat hij had ontmoet. De brief lag op tafel. Er stond:

*Lieve schat,*

*ik hou van je.*

*Wil je met me trouwen?*

*Dirk Jan*

De slapende Dirk Jan merkte niet dat er een mus naar binnen wipte die het velletje van de tafel oppakte en ermee wegvloog.

'n Hele stoet voëls

Toe Ottie die oggend wakker word, was die son al op. Tom staan langs sy slaapsak en kyk boontoe.

'Waarna kyk jy, Pappa?'

'Dis so snaaks....' sê Tom.

'Wat is snaaks?'

'Hier is nie voëls nie. Nie 'n enkele voël nie. Kwark is ook weg.'

Tom en Ottie het nie geweet dat die voëls van die omgewing almal saam dorp toe gegaan het nie.

Hulle sit nou almal in die groot kastaiingboom op die dorpsplein. Baie fluks het hulle papiere bymekaar gemaak; daar lê 'n hele stapel klaar in die ou voëlnes, almal weggedra uit kantore en huise en ook 'n hele klomp wat sommer van die straat af kom.

'Ek reken dit sal genoeg wees,' sê Kwark. Maar vir Toep, die mossie, was dit so opwindend om by die huise in en uit te vlieg, dat hy nie daarvan wou weet om op te hou nie.

'Nog énetjie,' tjilp hy. 'Ek gaan nog by één oop venster invlieg. Ek is nou weer hier.'

In die huis waarheen Toep nou vlieg, woon 'n jong man, Dirk Jan. Hy lê en slaap voor die oop venster. Die aand tevore was hy by 'n partytjie. En toe hy na die partytjie by die huis kom, het hy 'n brief geskryf aan 'n meisie wat hy ontmoet het. Die brief lê nou op die tafel. Daar staan geskryf:

*Liewe Skat,*

*ek het jou lief.*

*Sal jy met my trou?*

*Dirk Jan*

Die slapende Dirk Jan het nie agtergekom dat daar 'n mossie binnetoe wip wat die velletjie papier van die tafel af gryp en daarmee wegvlieg nie.

Toen de mus terugkwam in de kastanje riep Kwark: 'En nou is het welletjes. Starten maar!'

Zevenenveertig vogels begonnen de terugtocht naar de rivier. Allemaal hadden ze een papier in hun bek. Er waren hele grote bladen bij en hele kleine vodjes, maar papier was het. Het was een merkwaardig gezicht, die grote stoet vliegende vogels van allerhande soort, allemaal met een briefje in de snavel. Maar omdat de mensen nog sliepen was er niemand die het zag. Alleen een kat die dacht: Ik moet me nodig wassen, ik droom nog.

Toen de hele troep aankwam in het bos bij de rivier, stonden Tos en Otje verwonderd naar boven te kijken. Ze waren opgelucht omdat de vogels terug waren, maar ze begrepen er niets van.

Al het papier werd aan de voeten van Tos neergelegd.

'Alsjeblieft,' zei Kwark plechtig. 'Je hebt gezegd dat je papieren nodig had. Ziedaar, we hebben ze veroverd.'

Tos staarde verbluft naar de hele berg voor hem. Er was van alles bij: snippers krant, lege patatzakjes, een halflege wcrol, drie reclamefolders met voordelige aanbiedingen, verschillende getypte brieven, een geschreven brief (die van Dirk Jan), vijf belastingformulieren, een boodschappenlijstje en een roze giro-envelop.

'Papieren!' riep Otje. 'Maar zijn het wel de goeie...'

Tos viel haar in de rede.

'Ze zijn geweldig,' zei hij. 'Ik ben jullie zo dankbaar, lieve vrienden.'

Otje begreep dat haar vader de vogels niet wou teleurstellen. Ze mocht volstrekt niet zeggen dat ze hier niets aan hadden.

'Haal even mijn receptenmap uit de auto, kind,' zei Tos. 'Dan zal ik alles daarin opbergen.'

Otje haalde de map. Toen Tos de papieren gladstreek en opborg, vond hij tussen twee stukjes krant een briefje van honderd gulden.

Toe die mossie terugkom in die kastaiingboom, roep Kwark: 'Nou is dit genoeg. Begin maar!'

Sewe-en-veertig voëls begin die terugtog na die rivier. Elkeen het 'n papier in sy bek. Daar was yslike groot blaaie by, en baie klein flentertjies, maar papier was dit papier. Dit was regtig iets om te sien, die groot stoet voëls van allerhande soorte, wat elkeen met 'n briefie in sy bek vlieg. Maar omdat die mense nog besig was om te slaap, was daar niemand wat dit gesien het nie. Net 'n kat wat gedink het: Ek moet my regtig was, ek droom nog.

Toe die hele klomp in die bos by die rivier aankom, staan Tom en Ottie verwonderd boontoe en kyk. Hulle was verlig dat die voëls terug was, maar kon nie verstaan wat aangaan nie.

Al die papiere word by Tom se voete neergesit.

'Dis vir jou,' sê Kwark plegtig. 'Jy het gesê jy het papiere nodig. Kyk net, ons het hulle vir jou gekry.'

Tom staar oorbluf na die hele berg voor hom. Daar was* allerhande soorte: snippers koerant, leë skyfiesakkies , 'n halfleë toiletrol, drie advertensieblaaie met spesiale aanbiedings, verskillende getikte briewe, een brief wat met die hand geskryf was (Dirk Jan s'n), vyf belastingvorms, 'n inkopielys en een pienk koevert van 'n kitsbank.

'Papiere!' roep Ottie. 'Maar is dit nou die regte...'

Tom val haar in die rede.

'Dis wonderlik,' sê hy. 'Ek is so dankbaar, liewe vriende.'

Ottie verstaan dat haar pa die voëls nie wou* teleurstel nie. Sy mag glad nie sê dat hierdie papiere hulle nie sal help nie.

'Bring tog my reseptelêer uit die motor, my kind,' sê Tom. 'Dan sal ek alles daarin bêre.'

Ottie bring die lêer. Toe Tom die papiere gladstryk en bêre, kry hy tussen twee stukkies koerant 'n honderd gulde noot.

| | |
|---|---|
| 'O, wat fijn!' riep Otje. | 'O, maar dis gaaf!' roep Ottie. |
| Tos stond er heel lang naar te kijken. | Tom staan vir 'n lang tyd en kyk daarna. |
| 'Daar kunnen we een hele tijd mee toe,' zei Otje. 'Ben je niet blij, pappa?' | 'Dit sal ons vir 'n hele tyd deursien,' sê Ottie. 'Is jy nie bly nie, Pappa?' |
| Tos aarzelde. Toen schudde hij z'n hoofd. 'We mogen dit niet houden,' zei hij. | Tom aarsel. Toe skud hy sy kop. 'Ons mag dit nie hou nie,' sê hy. |
| 'Kaaaa!' riep Kwark. 'Is er iets niet goed aan soms? Weet je dat ik dat uit een mensenhuis gehaald heb? Met de mensen bloedlevend vlak naast me?' | 'Kaaa!' roep Kwark. 'Is daar dalk iets verkeerd daarmee? Weet jy dat ek dit uit 'n huis van mense gevat het? Met die mense in lewende lywe net langs my?' |
| 'Luister,' zei Tos. 'Otje en ik zijn heel blij met de papieren. Maar dit mag ik niet aannemen. Het is geld. En geld wegpikken mag niet. Het spijt me.' | 'Luister,' sê Tom. 'Ottie en ek is baie bly oor die papiere. Maar dít kan ek nie aanneem nie. Dit is geld. En om geld te gaps is verkeerd. Ek is jammer.' |
| 'Je wilt toch niet zeggen dat ik het terug moet brengen?' vroeg Kwark verschrikt. | 'Jy wil tog nie sê ek moet dit terugvat nie?' vra Kwark verskrik. |
| 'Want dat durft hij niet !' jouwde Toep. | 'Want hy is te bang om dit te waag!' koggel Toep hom uit. |
| 'Durven? Natuurlijk durf ik het,' zei de kraai verontwaardigd. | 'Waag? Natuurlik sal ek dit waag,' sê die kraai verontwaardig. |
| 'Mooi,' zei Tos opgewekt. 'Doe het meteen. 't Is nog vroeg, de mensen slapen nog.' | 'Mooi,' sê Tom opgewek. 'Doen dit dadelik. Dit is nog vroeg, die mense slaap nog.' |
| 'Moet er soms nog iets terug?' vroeg Toep gretig. 'Ik vind het enig!' | 'Is daar dalk nog iets wat moet teruggaan?' vra Toep gretig. 'Ek geniet dit so!' |
| 'Ja kijk, er is een brief bij van een jongen aan een meisje. Een liefdesbrief. 't Is maar beter om die terug te brengen. Deze bedoel ik.' | 'Ja, kyk hier. Hier is 'n brief van 'n jongman aan 'n meisie. 'n Liefdesbrief. Dit sal beter wees om dit terug te vat. Hierdie een bedoel ek.' |
| 'Ja, die heb ik zelf uit een kamer weggepikt,' riep de mus. ''t Komt voor mekaar.' | 'Ja, dit het ek self uit 'n kamer gegaps,' roep die mossie. 'Ek sal daarvoor sorg.' |
| En zo gingen de kraai en de mus voor de tweede maal die ochtend op weg naar het dorp, elk met een papiertje in de snavel. | En so gaan die kraai en die mossie* vir die tweede maal die oggend na die dorp toe, elkeen met 'n papiertjie in sy bek. |

## Twee papieren moeten terug

Kwark vloog boven het dorp met het briefie van honderd in z'n bek. Hij wist nog precies uit welk huis hij het had weggenomen. Daar was het. Het raam stond nog open.

Kwark ging buiten op de vensterbank zitten en keek door het raam.

De mensen waren op. De meneer en de mevrouw hadden ruzie.

'Ik heb geen geld van je nachtkastje gepakt!' schreeuwde mevrouw.

'O nee? Wie heeft het dan gedaan? De kaboutertjes?' riep haar man.

Ze hadden het zo druk met ruzie maken dat ze de kraai bij het raam niet opmerkten.

Ik kan niet naar binnen, dacht Kwark. Mislukt. Hij vloog haastig weg. Wat moet ik er nou mee doen ? Terugbrengen naar Tos ? Dan lacht de mus me uit en dat wil ik niet.

Hij ging in de kastanje zitten en keek rond. De mensen waren bezig op te staan. Er stonden overal ramen open maar achter de meeste ramen was beweging. Kleedjes werden uitgeklopt. Mannen stonden zich te scheren. Vlakbij zag hij een open raam, waar niets achter bewoog. Hij vloog erheen en keek naar binnen. Er was toch iemand in de kamer. Een oud vrouwtje. Kwark wilde wegvliegen, maar hij zag dat het vrouwtje niet op hem lette. Ze lag geknield op de vloer met haar ogen toe en praatte, hoewel ze alleen was. Ze zei: 'En geef me astublieft geld om de huur te betalen, anders wordt vandaag m'n boeltje weggehaald door die enge deurwaarder, dank u.' Ze deed haar ogen open.

Kwark was al vier straten verder, maar vlak voor haar op de vloer lag een briefie van honderd gulden.

'Een wonder...' riep het oude vrouwtje. 'Een wonder!'

## Twee papiere moet teruggebring word

Kwark vlieg bokant die dorp met die honderd gulde noot in sy bek. Hy weet nog presies uit watter huis hy dit gevat het. Dáár was dit. Die venster staan nog oop.

Kwark gaan buite op die vensterbank sit en kyk deur die venster.

Die mense is al op. Die man en vrou is besig om rusie te maak.

'Ek hét nie geld van jou bedkassie af gevat nie!' skreeu die vrou.

'O nie? Wie het dit dan gedoen? Die kaboutertjies?' roep haar man uit.

Hulle is so besig om rusie te maak dat hulle nie die kraai by die venster raaksien nie.

Ek kan nie ingaan nie, dink Kwark. Dit het nie gewerk nie. Hy vlieg haastig weg. Wat moet ek nou daarmee doen? Terugvat na Tom toe? Dan lag die mossie my uit en dit wil ek nie hê nie.

Hy gaan sit in die kastaiingboom en kyk rond. Die mense is besig om op te staan. Oral staan vensters oop, maar agter die meeste vensters was daar beweging. Matjies word uitgeskud. Mans staan en skeer. Baie naby hom sien hy 'n venster waaragter daar niks beweeg nie. Hy vlieg soontoe en kyk in. Daar is tóg iemand in die kamer. 'n Ou vroutjie. Kwark wil wegvlieg, maar hy sien dat die ou vroutjie hom nie bemerk nie. Sy staan gekniel op die vloer met toe oë en praat, al is sy alleen. Sy sê: 'En gee my asseblief* geld om die huur te betaal, anders word my goed vandag weggeneem deur die kwaai balju, dankie.' Sy maak haar oë oop.

Kwark was al vier blokke ver, maar voor haar op die vloer lê 'n honderd gulde noot.

''n Wonder...' roep die ou vroutjie. ''n Wónder!'

Intussen was Toep de mus bezig om de liefdesbrief terug te brengen. Maar dat ging ook niet zo erg makkelijk. Hij zat op een tak vlak bij het open raam. Daarbinnen liep de jongeman Dirk Jan heen en weer. Hij was bezig thee te zetten en brood te roosteren. Af en toe bleef hij stilstaan en keek peinzend naar de tafel. Ik heb hier vannacht toch een brief zitten schrijven dacht hij. Een brief aan Riekje. En nou ligt die brief er niet meer. Of heb ik soms gedroomd dat ik die brief schreef?

'Hier durf ik niet naar binnen, dat is me te link,' zei Toep. 'Wat nu ? Terugbrengen naar Tos? Wat zal die rotkraai me uitlachen. Nee, niet terugbrengen naar Tos.'

Drie huizen verder stond een raam open. Toep streek neer op de vensterbank en keek. Er lag een jong meisje te slapen. Ze merkte niet dat er een mus door het open raam vloog met een briefie. Pas een half uur later, toen ze wakker werd, vond ze de brief op de vloer bij het raam. Verwonderd las ze:

*Lieve schat,*

*ik hou van je.*

*Wil je met me trouwen?*

*Dirk Jan*

Ze kreeg een diepe kleur. Dirk Jan... Ze kende hem alleen van zien. Nooit had ze met hem gesproken, maar ze kenden elkanders naam en ze waren elkaar vaak tegengekomen op straat.

Ze ging onder de douche, trok een mooie roze jurk aan en liep de straat op.

Drie huizen verder belde ze aan bij Dirk Jan, die zelf opendeed.

Hij had zich juist geschoren en hij keek verbaasd.

'Dag Lenie,' zei hij.

Lenie bloosde en zei: 'Dag Dirk Jan. Ik wil wel.'

Toen hij verwonderd bleef kijken liet ze hem de brief zien.

Intussen is Toep, die mossie, besig om die liefdesbrief terug te neem. Maar dit is ook nie heeltemal so maklik nie. Hy sit op 'n tak baie naby aan die oop venster. Binnekant loop die jongman, Dirk Jan, heen en weer. Hy is besig om tee te maak en brood te rooster. Af en toe bly hy staan en kyk ingedagte na die tafel. Ek het tog vannag hier 'n brief gesit en skryf, dink hy. 'n Brief aan Riekie. En nou is die brief nie meer hier nie. Of het ek dalk gedroom dat ek die brief geskryf het?

'Ek kan nie waag om hier in te gaan nie, dit is te gevaarlik vir my,' sê Toep. 'Wat nou? Moet ek dit terugvat vir Tom? Dan sal die vrotsige kraai lekker lag. Nee, ek vat dit nie terug na Tom toe nie.'

Drie huise verderaan staan 'n venster oop. Toep gaan sit op die vensterbank en kyk. Daar lê 'n jong meisie en slaap. Sy kom nie agter dat 'n mossie by die venster invlieg met 'n briefie nie. Eers 'n halfuur later toe sy wakker word, kry sy die brief op die vloer by die venster. Verwonderd lees sy:

*Liewe skat,*

*ek het jou lief.*

*Sal jy met my trou?*

*Dirk Jan*

Sy bloos bloedrooi. Dirk Jan.... Sy ken hom net van sien. Sy het nog nooit met hom gepraat nie, maar hulle ken mekaar se name en hulle het mekaar al dikwels teëgekom in die straat.

Sy neem 'n stort, trek 'n mooi pienk rok aan en loop die straat op.

Drie huise verder lui sy die klokkie by Dirk Jan, wat self die deur oopmaak.

Hy het net klaar geskeer en hy lyk verbaas.

'Môre, Lenie,' sê hy.

Lenie bloos en sê: 'Môre, Dirk Jan. Ja, ek sal.'

Toe hy nog steeds verbaas lyk, wys sy vir hom die brief.

| | |
|---|---|
| Dirk Jan wilde zeggen: Dat is een vergissing, die brief is niet voor jou. | Dirk Jan wil sê: Dit is 'n misverstand, die brief is nie vir jou nie. |
| Maar terwyijl hij haar aankeek dacht ij: Ze is veel liever en veel leuker dan Riekje. Wat stom van me om dat niet eerder te zien. | Maar terwyl hy na haar kyk, dink hy: Sy is baie liewer en mooier as Riekie. Ek is dom dat ek dit nog nie eerder raakgesien het nie. |
| En hij hakkelde: 'Dat is dan okee dus ?' | En hy hakkel: 'Dan is dit oukei?' |
| 'Voor mij dus wel dus...' zei Lenie. | 'Ja, vir my is dit...' sê Lenie. |
| 'Kom dus maar binnen... dus,' zei Dirk Jan. | 'Kom dan maar in ... dan,' sê Dirk-Jan. |
| 'Is het gelukt?' riep Toep, al vliegend. | 'Het jy dit reggekry?' roep Toep so in die vlieg. |
| 'Prima,' schreeuwde Kwark, ook vliegend. 'Levensgevaarlijk, dat spreekt, maar ik heb het gedaan.' | 'Ja, eersteklas,' skreeu Kwark, ook in die vlieg. 'Natuurlik was dit lewensgevaarlik, maar ek het dit gedoen.' |
| 'Ik ook,' zei Toep. 'Niks gevaarlijks an hoor. Fluitje van 'n cent.' | 'Ek ook,' sê Toep. 'Glad nie gevaarlik nie, hoor. Sommer kinderspeletjies. |
| Ze kwamen terug bij de rivier, waar Tos en Otje stonden te wachten. | Hulle kom terug by die rivier waar Tom en Ottie staan en wag. |
| 'We waren erg ongerust,' zei Otje. | 'Ons was baie onrustig,' sê Ottie. |
| 'En?' vroeg Tos. 'Hebben jullie die papieren netjes teruggebracht?' | 'En toe?' vra Tom. 'Het julle die papiere mooi teruggevat?' |
| 'Jazeker,' zeiden ze allebei. | 'O ja,' sê hulle altwee. |
| 'Dan is het goed.' | 'Dis goed.' |
| Tos en Otje gingen verder met hun ontbijt. Maar ze keken elkaar aan en zuchtten diep. Tos had nu een dikke map vol papieren. Maar de papieren die ze nodig hadden, waren er niet bij. | Tom en Ottie gaan verder met hulle ontbyt. Maar hulle kyk vir mekaar en sug diep. Tom het nou 'n dik lêer vol papiere. Maar die papiere wat hulle nodig het, is nie daarby nie. |
| Straks moesten ze dit heerlijke plekje verlaten. | Binnekort moet hulle hierdie heerlike plekkie verlaat. |
| Weer op de vlucht. | Weer op* die vlug. |

## Een nieuwe schuilplaats

'Wat idioot !' riep Kwark de kraai. 'Waarom moeten jullie weg?'

'Omdat we hier niet mogen kamperen,' zei Otje.

'En wat gebeurt er als je toch blijft?'

'Dan komt de politie. En dan gebeuren er heel nare dingen want we hebben geen papi...' Midden in het woord hield Otje op.

Maar de kraai zei woedend: 'Geen papieren, wou je zeggen? En dat terwijl wij met z'n allen uren hebben gevlogen, naar het dorp en weer terug. En weer naar het dorp, raam in, raam uit, onder levensgevaarlijke omstandigheden. Kra! We hebben wel honderd papieren meegebracht. Zijn ze niet goed soms?'

'Nou kijk,' zei Otje, 'het zijn echt hele mooie papieren, dat wel, maar toevallig zijn de echte er niet bij. Ik bedoel de echte papieren die we nodig hebben.'

'Moeten we er dan nog meer halen dan ?'

'Nou nee,' zei Otje haastig. 'Nee heus, dat zou niet helpen. We moeten zo gauw mogelijk weg.'

'En waar gaan jullie dan naar toe?'

'Dat weten we nog niet. Trekken, met de auto, net zo lang tot we weer een stil plekje vinden. Vlieg je met ons mee, Kwark ?'

'Nee,' zei Kwark bits. Hij was uit z'n humeur. Hij ging op een tak zitten mokken en keek beledigd.

Otje zuchtte en ging haar vader helpen opruimen en inpakken.

'Ja m'n kind, het is jammer,' zei Tos. ''t Was hier geweldig. Ik heb de slaapzakken al opgerold, de tas is ingepakt, alleen de muizen kan ik niet vinden.'

Otje ging op zoek naar de twee muizen. Maar toen ze ze eindelijk vond, tussen het groen aan de waterkant, toen bleken er weer nieuwe moeilijkheden te ri jzen.

## 'n Nuwe wegkruipplek

'Dis simpel!' roep Kwark die kraai. 'Hoekom moet julle weggaan?'

'Want ons mag nie hier kampeer nie,' sê Ottie.

'En wat sal gebeur as julle tog hier bly?'

'Dan sal die polisie kom. En dan gaan daar vreeslike dinge gebeur, want ons het nie papi...' In die middel van die woord hou Ottie op.

Maar die kraai sê woedend: 'Het nie papiere nie, wou jy sê? En dit terwyl ons almal ure lank gevlieg het, dorp toe en terug. En weer dorp toe, in by die vensters, uit by die vensters, onder lewensgevaarlike onstandighede. Kra! Ons het minstens honderd papiere gebring. Is hulle dalk nie goed genoeg nie?'

'Luister,' sê Ottie, 'dis regtig baie mooi papiere, maar toevallig is die regtes nie daarby nie. Ek bedoel die regte papiere wat ons nodig het.'

'Moet ons dan nog meer gaan haal?'

'Nee, nee,' sê Ottie haastig. 'Nee, dit sal regtig nie help nie. Ons moet so gou moontlik weggaan.'

'En waarnatoe gaan julle dan?'

'Ons weet nog nie. Ons gaan weg met die motor totdat ons weer 'n stil plekkie kry. Gaan jy saam met ons vlieg, Kwark?'

'Nee,' sê Kwark kwaad. Hy was skoon uit sy humeur uit. Hy gaan sit dikbek op 'n tak en lyk beledig.

Ottie sug en gaan help haar pa om op te ruim en in te pak.

'Ja, my kind, dis jammer,' sê Tom. 'Dit was fantasties hier. Ek het klaar die slaapsakke opgerol en die tas is ingepak. Ek kan net nie die muise kry nie.'

Ottie begin soek na die twee muise. Maar toe sy hulle eindelik kry, tussen die groen gras aan die kant van die water, begin daar weer nuwe moeilikhede.

| | |
|---|---|
| Lodewijk weigerde mee te gaan. | Lodewyk weier om saam te gaan. |
| 'We zijn heel dankbaar hoor, daar niet van,' zei hij. 'Je hebt ons geholpen en zo. Maar Suzie en ik hebben besloten om hier te blijven. Nietwaar Suzie?' | 'Ons is baie dankbaar, hoor, moenie 'n fout maak nie,' sê hy. 'Jy het ons gehelp en so aan. Maar ek en Susie het besluit om hier te bly. Is dit nie so nie, Susie?' |
| Suzie knikte van ja. | Susie knik . |
| 'We hebben geen zin meer om 'snachts onder een vergiet te slapen en te worden meegedragen in een tas. Of in jullie zakken, nietwaar Suzie ? Dat willen we toch niet meer?' | 'Ons is nie meer lus om snags onder 'n vergiet te slaap en saamgedra te word in 'n tas nie. Of in julle sakke nie, is dit nie so nie, Susie? Ons wil dit nie meer hê nie, nè?' |
| Suzie schudde van nee. | Susie skud haar kop. |
| 'Bovendien,' zei Lodewijk, 'bovendien zijn we vriendjes geworden met Kwark. Eerst wou hij ons opeten, maar vanmorgen zei hij erg vriendelijk tegen ons: "Ik lust jullie niet." We blijven dus hier en we hebben besloten om watermuizen te worden. Nietwaar, Suzie?' | 'Bowendien,' sê Lodewyk, 'bowendien het ons nou vriende geword met Kwark. Eers wou hy ons opvreet, maar vanmôre sê hy baie vriendelik vir ons: 'Ek is nie lus vir julle nie.' Dus bly ons hier en ons het besluit om watermuise te word. Is dit nie so nie, Susie?' |
| Suzie knikte weer. Maar ze keek een beetje angstig. Het leek wel of ze niet zo erg veel zin had om een watermuis te worden. | Susie knik weer. Maar sy lyk 'n bietjie bang. Dit lyk amper of sy nie so baie lus was om 'n watermuis te word nie. |
| Otje wilde de muizen niet dwingen om mee te gaan. Maar juist toen ze afscheid van ze wou nemen, kwam er een vogeltje op haar schouder zitten. Het was Toep, de mus. | Ottie wou die muise nie dwing om saam te gaan nie. Maar net toe sy hulle wou groet, kom daar 'n voëltjie op haar skouer sit. Dit was Toep, die mossie. |
| 'Ik heb gehoord dat jullie weer op de vlucht gaan,' zei hij. 'Omdat je gezocht wordt door mensen. Is dat zo?' | 'Ek het gehoor julle gaan weer vlug,' sê hy. 'Omdat die mense julle soek. Is dit so?' |
| 'Dat is zo,' zei Otje. | 'Ja, dit is so,' sê Ottie. |
| 'Ze komen op deze plek zoeken?' | 'Sal hulle hier kom soek?' |
| 'Ja,' zei Otje. 'Gisteren is hier immers een meneer geweest, die zei dat we hier niet mochten kamperen?' | 'Ja,' sê Ottie. 'Gister was hier mos 'n man wat gesê het ons mag nie hier kampeer nie.' |
| 'Luister,' zei Toep. 'Het riviertje maakt daarginds een bocht, zie je wel? Daar om de hoek is ook een prachtig plekje. Er loopt geen weggetje naar toe, dus er komen geen mensen. Wat denk je daarvan?' | 'Luister,' sê Toep. 'Die riviertjie maak daar anderkant 'n draai, sien jy? Daar om die draai is ook 'n pragtige plekkie. Daar loop nie 'n pad soontoe nie, dus kom daar nie mense nie. Wat dink jy daarvan?' |
| Otje riep haar vader erbij. | Ottie roep haar pa nader. |
| 'Wat denk je pappa? Zullen we het doen ?' | 'Wat dink jy, pappa? Sal ons dit doen?' |
| Tos moest even nadenken. | Tom moes eers 'n bietjie dink. |

'Je kunt het best door het water erheen gaan,' zei de mus.

'Pootje baden. Want als je langs de kant gaat, kom je in al die stekelige bosjes.'

'We doen het!' riep Otje.

'Wacht even,' zei Tos. 'Ik vind het een erg goed plan, maar als ze komen vinden ze de auto. Die staat hier aan 't weggetje. Wat doen we daarmee?'

'Kunnen we 'm niet van de weg af zetten, tussen de struiken?'

'We gaan het proberen,' zei Tos.

Een halfuur later stond de bestelwagen tussen de bosjes. Tos en Otje sneden boomtakken af met veel bladeren en legden die op de auto.

'Ik zie nog een stukje dak!' riep Toep.

'Dat komt omdat je erboven vliegt,' zei Otje. 'Ze komen niet met een helikopter.'

Toen er niets meer van de wagen te zien was gingen ze hun boeltje bij elkaar pakken, om te vertrekken.

'Kijk eens wat ik in de auto vond,' zei Otje tegen de muizen. 'Een mandje met klepje en een ruitjesvoering. Wil je daarin?'

'Nee,' zei Lodewijk.

'We blijven aan de rivier hoor. 't Is maar een klein endje verderop. Gaan jullie mee of niet?'

'Nee,' zei Lodewijk. 'We blijven hier, nietwaar Suzie?'

Suzie keek nog eens naar het mooie mandje. Ze wipte erin en zei: 'Blijf jij dan maar hier, Lodewijk. Dag!'

Even leek het alsof Lodewijk achter zou blijven. Het was maar heel even. Toen zei hij: 'Vooruit dan maar.'

Bepakt en beladen begonnen Tos en Otje hun tocht door de rivier.

'Die beste is om deur die water soontoe te loop,' sê die mossie.

'Voete natmaak. Want as jy langs die kant loop, beland jy in al die stekerige bossies.'

'Kom ons doen dit!' roep Ottie.

'Wag 'n bietjie,' sê Tom. 'Dit lyk vir my na 'n baie goeie plan, maar as hulle kom, kry hulle die motor. Hy staan hier langs die pad. Wat doen ons met hom?'

'Kan ons hom nie van die pad af wegtrek tussen die bosse nie?'

'Ons gaan probeer,' sê Tom.

'n Halfuur later staan die stasiewa tussen die bossies. Tom en Ottie sny boomtakke af met baie blare aan en pak dit op die motor.

'Ek sien nog 'n stukkie van die dak!' roep Toep.

'Dis omdat jy bokant hom vlieg,' sê Ottie. 'Hulle sal nie met 'n helikopter kom nie.'

Toe 'n mens niks meer van die motor kon sien nie, het hulle hulle goed bymekaar gemaak om te vertrek.

'Kyk net wat kry ek in die motor,' sê Ottie vir die muise. ''n Mandjie met 'n deksel en 'n voering van materiaal. Wil julle daarin klim?'

'Nee,' sê Lodewyk.

'Ons bly hier by die rivier, hoor. Dis maar net 'n klein entjie verderaan. Gaan julle saam of nie?'

'Nee,' sê Lodewyk. 'Ons bly hier, is dit nie so nie, Susie?'

Susie kyk nog 'n slag na die mooi mandjie. Sy wip daarin, en sê: 'Bly jy dan maar hier, Lodewyk. Totsiens!'

Vir 'n oomblik het dit gelyk of Lodewyk sou agterbly. Dit was maar net vir 'n kort oomblik. Toe sê hy: 'Nou-ja, goed dan.'

Volgepak en opgelaai begin Tom en Ottie hulle tog deur die rivier.

Herman

Het nieuwe plekje aan de rivier was bijna nog mooier dan het vorige. In ieder geval was het beter beschut en veiliger, omdat er geen weg en zelfs geen pad naar toe liep. Ze kampeerden tussen het riet en als ze naar de bestelwagen wilden, moesten ze of door het water waden, of zich een heel eind door dichte struiken heenwringen. Otje kon dat het beste.

'Vergeet de kaas niet,' riep Tos. 'En breng m'n hemd mee!'

Otje was al een paar keer heen en weer geweest naar de wagen, die zorgvuldig verborgen onder en tussen het groen stond. Elke keer als ze iets uit de auto haalde, legde ze de takken en bladeren weer terug. En nu was ze weer op weg. Glad als een aal gleed ze tussen de doornige heesters en de ruige bosjes door. Het was niet veel verder dan vijf minuten lopen en ze wist de weg. Daar achter die hoge varens stond de...

Otje stond stil. Daar stond de bestelwagen. Kaal. De bladeren waren eraf gehaald. De achterklep stond open.

Otje trilde van top tot teen. Ze waren ontdekt. Ze zag geen mensen bij de auto maar ze waren er wel geweest. En ze zouden terugkomen. Wat moest ze doen? Terug naar pappa, dacht ze.

Ze draaide zich om en zag de hond. De reusachtige herdershond. Hij lichtte z'n bovenlip op en liet z'n scherpe tanden zien, terwijl hij waarschuwend bromde.

'Herman...' zei Otje. 'Je kent me toch nog?'

Ze kwam een stap dichter bij de politiehond. 't Was net of hij wilde gc kwispelen, maar hij hield z'n staart bedwang en bleef boos kijken.

'Je bent in overtreding,' zei hij streng. Ik moet je aanhouden op grond van artikel vijfhonderdvierenzestig sub a. Of was het vierhonderdzesenvijftig? Nou ja, in elk geval sub a. Waar zijn je papieren?'

'We hebben geen papieren,' zei Otj

'Zo,' zei Herman. 'Dat is dan niet zo mooi.'

Herman

Die nuwe plekkie langs die rivier was amper nog mooier as die vorige een. In elk geval was dit meer beskut en veiliger, omdat daar nie 'n pad, selfs nie eers 'n voetpad soontoe geloop het nie. Hulle het tussen die riete gekampeer en as hulle na die stasiewa toe wou gaan, moes hulle óf deur die water loop, óf 'n hele ent ver deur die bosse kruip. Ottie kon dit die beste doen.

'Moenie vergeet van die kaas nie,' roep Tom. 'En bring my onderhemp saam!'

Ottie was al 'n paar keer na die stasiewa toe wat sorgvuldig weggesteek was onder en tussen groen bome en takke. Elke keer as sy iets uit die stasiewa haal, sit sy die blare en takke weer versigtig terug. Sy was nou juis weer op pad. So glad soos 'n paling gly sy tussen die stekerige rankplante en ruie bossies deur. Dit was nie veel verder as vyf minute se loop nie, en sy ken al die pad. Daar agter die hoë varings staan die ....

Ottie gaan staan. Daar staan die stasiewa. Kaal. Die blare is afgehaal. Die agterdeur staan oop.

Ottie bewe van kop tot tone. Hulle is ontdek. Sy sien nie mense by die motor nie, maar hulle wás daar. En hulle sal terugkom. Wat moet sy doen? Terug na Pappa, dink sy.

Sy draai om en sien die hond. Die reusagtige herdershond. Hy trek sy bolip op en wys sy skerp tande, terwyl hy waarskuwend grom.

'Herman....' sê Ottie. 'Jy ken my mos nog?'

Sy gee 'n treetjie nader aan die polisiehond. Dit lyk net of hy sy stert wil swaai, maar hy bedwing hom en hou aan om kwaai na haar te kyk.

'Jy is op 'n verbode plek.' sê hy streng. 'Ek moet jou aanhou op grond van artikel vyfhonderdvierensestig subartikel a. Of was dit vierhonderd ses en vyftig? Nou ja, in elk geval subartikel a. Waar is jou papiere?'

'Ons het nie papiere nie,' sê Ottie.

'So,' sê Herman. 'Dit lyk nie so goed nie.'

'Luister 's Herman,' zei Otje. 'Waar is je baas?'

'Mijn baas is bezig het motorvoertuig te doorzoeken,' zei de hond. 'Het staatt verdekt opgesteld. Dat is zeer verdacht.'

'Zit hij in onze bestelwagen?' vroeg Otje. 'Wat vreselijk. En wat gebeurt er nu ?'

'Mijn baas zal me aan de lijn nemen,' zei Herman. 'Hij zal me eventueel aan enkele kledingstukken laten ruiken. En dan moet ik jullie opsporen.'

'Maar je hebt me al opgespoord,' zei Otje.

'Ja dat is zo,' zei Herman. 'Jammer. Ik doe niets liever dan opsporen.'

'Je kunt m'n vader nog opsporen,' zei Otje. 'Hij zit...'

'Zeg het niet...' smeekte Herman. 'Dan is er geen aardigheid meer aan.'

'Hij zit daar,' wees Otje. 'Aan de rivier. Dwars door deze bosjes heen. Dan kom je er. 't Is zo makkelijk. Je hebt gelijk, Herman, er is heus geen aardigheid aan.'

Otje ging nog dichter bij Herman staan. Ze stak haar hand uit.

'Herman...' fluisterde Otje en ze legde haar hoofd tegen de ruige bruine nek. 'Zou je ons willen helpen ? Voor een keertje? We hebben echt niets gedaan dat verkeerd is, heus.'

Er kwam een dromerige blik in de ogen van Herman. Hij kreeg dat altijd van aaien. Het maakte hem zwak.

Toen klonk er een schril politiefluitje.

Met grote sprongen verdween Herman in de richting van de auto, zonder dag te zeggen. Otje was onmiddellijk weggedoken tussen de hoge varens.

'Hoor hier, Herman,' sê Ottie. 'Waar is jou baas?'

'My baas is besig om die motorvoertuig deur te soek,' sê die hond. 'Dit staan hier weggesteek. Dit lyk baie verdag.'

'Is hy in óns stasiewa?' vra Ottie. 'Dis vreeslik. En wat gaan nou gebeur?'

'My baas gaan vir my 'n leiband aansit,' sê Herman. 'Moontlik sal hy my aan een of twee stukke klere laat ruik. En dan moet ek julle opspoor.'

'Maar jy hét my al opgespoor,' sê Ottie.

'Ja, dit is so,' sê Herman. 'Dis nou jammer, want daar is niks waarvoor ek so lief is soos vir spoorsny nie.'

'Jy kan my pa se spoor nog sny,' sê Ottie. 'Hy is...'

'Moenie sê nie...' smeek Herman. 'Dan is daar niks aan nie.'*

'Hy is daar,' wys Ottie. 'Langs die rivier. As jy reg deur die bossies gaan, kom jy daar. Dit is baie maklik. Dis soos jy sê, Herman, daar is regtig niks aan nie.'

Ottie gaan staan nog 'n bietjie nader aan Herman. Sy steek haar hand uit.

'Herman,' fluister Ottie en sy druk haar kop teen die harige bruin nek. 'Wil jy ons nie help nie? Net vir een keertjie? Ons het regtig niks gedoen wat verkeerd is nie, sowaar.'

Daar kom 'n dromerige blik in Herman se oë. Hy word altyd so as iemand hom streel. Dit maak hom swak.

Meteens klink daar 'n skril polisiefluitjie.

Met lang hale verdwyn Herman in die rigting van die motor, sonder om totsiens te sê. Ottie duik onmiddellik tussen die hoë varings in.

Haar hart bonsde, ze zou het liefst zo snel mogelijk naar hun plekje bij de rivier lopen. Terug naar Tos. Waarschuwen. Misschien nog vluchten, samen met haar vader, naar de overkant en verder het bos in. Maar ze begreep op hetzelfde moment dat ze geen schijn van kans zouden hebben.

Terwijl ze daar zo aarzelend zat weggedoken, kon ze de bestelwagen voor een deel zien. Ze zag de politieagent ernaast staan. Hij had iets in z'n hand.

Pappa z'n hemd, dacht Otje. Dat is het hemd wat ik moest meebrengen. Ze zag dat Herman eraan rook. Er daarna aan iets blauws. M'n sokken, dacht Otje. Hij ruikt aan m'n sokken. Helemaal niet meer nodig want hij weet precies hoe ik ruik. Ze zag dat Herman aan een lijn werd gelegd.

'Vooruit maar!' riep z'n baas.

Herman begon te blaffen. Het was een woedende opgewonden blaf waar Otje zo van schrok dat ze hals over kop vluchtte. Ze lette niet op dorens, ze voelde niet dat ze schrammen opliep, ze viel een keer languit in de brandnetels, maar ze huilde niet.

Tos zat met z'n voeten in het water rustig te kijken naar de spelende muizen aan de wallekant, toen Otje ineens naast hem neerplofte, hijgend.

'Pappa,' zei ze. Ze klemde zich vast aan z'n arm.

'Wat is er gebeurd?'

'Pappa, ze hebben ons gevonden.'

Haar hart klop vreeslik hard. Sy sou liewer so vinnig as moontlik na hulle plekkie langs die rivier wou hardloop. Terug na Tom toe. Om hom te waarsku. Miskien nog om saam met haar pa te vlug, na die oorkant en verder in die bos in. Maar sy snap dadelik dat sy nie 'n kat se kans het nie.

Terwyl sy daar so sit en twyfel terwyl sy wegkruip, kan sy 'n deel van die stasiewa sien. Sy sien die polisieman daarby staan. Hy het iets in sy hand.

Pappa se onderhemp, dink Ottie. Dis die onderhemp wat ek moes saambring. Sy sien hoe Herman daaraan ruik. En daarna aan 'n blou ding. My sokkies, dink Ottie. Hy ruik aan my sokkies. Dis heeltemal onnodig, want hy weet presies hoe ek ruik. Sy sien dan dat daar vir Herman 'n leiband aangesit word.

'Begin maar!' roep sy baas.

Herman begin blaf. Dit is 'n woedende opgewonde blaf wat Ottie so laat skrik dat sy halsoorkop vlug. Sy kyk nie na die dorings nie, sy voel nie die skrape nie, sy val 'n slag plat in die brandnetels, maar sy huil nie.

Tom sit met sy voete in die water en kyk ewe rustig hoe die muise op die wal speel, toe Ottie meteens hygend langs hom neerplof.

'Pappa,' sê sy. Sy klou aan sy arm vas.

'Wat het gebeur?'

'Pappa, hulle het ons gekry.'

Achtervolgd

'Wat zeg je me nou?’ riep Tos.

Hij had zich zo veilig gevoeld, hier op dit verlaten plekje aan de rivier, tussen het riet en nu kwam Otje hem dodelijk verschrikt vertellen dat ze gevonden waren.

Hij trok z’n voeten uit het water en zei: 'Vertel op !’

'Een agent,’ zei Otje hijgend. 'Hij heeft de bestelwagen gevonden. En Herman heeft aan je hemd geroken.’

'Een agent? Heeft aan m’n hemd geroken ?’

'Z’n hond. En nu komen ze hierheen. Om ons op te sporen. Kunnen we nog weg? O pappa, laten we vluchten.’

Tos stond op en begon zenuwachtig de slaapzakken op te rollen terwijl Otje allerlei rommel bij elkaar graaide en in een tas smeet. Maar even later ging Tos moedeloos zitten en zei: 'We kunnen dus niet naar de auto?’

'Nee.’

'Waar moeten we dan naar toe vluchten? Zomaar het bos in? En waarom? En trouwens... als we gaan lopen zal die hond ons toch vinden.’

'Ssst...’ zei Otje. 'Stil, ik hoor ze komen.’

Er was geritsel in het riet. Ze bleven doodstil zitten luisteren.

"t Is maar een vogel,’ zei Tos. En dat was het ook.

De kraai Kwark kwam fladderend te voorschijn.

'Kra !’ riep hij. 'Er komt een agent hier naar toe. Met een hond aan de lijn.’

'We weten het,’ zei Otje. 'Komen ze echt deze kant uit?’

'Ja.’

Agtervolg

‘Wat vertel jy my?’ roep Tom.

Hy het so veilig gevoel, hier op hierdie verlate plekkie by die rivier, tussen die riete en nou kom Ottie hom doodverskrik vertel dat die mense hulle gekry het.

Hy haal sy voete uit die water en sê: ‘Vertel my alles!’

‘’n Polisieman,’ sê Ottie hygend. ‘Hy het die stasiewa ontdek. En Herman het aan jou onderhemp geruik.’

‘’n Polisieman? Aan my onderhemp geruik?’

‘Sy hond. En nou kom hulle hiernatoe. Om ons op te spoor. Kan ons nog wegkom? Pappa, kom ons vlug.’

Tom staan op en begin senuweeagtig die slaapsakke oprol terwyl Ottie allerhande gemors bymekaarskraap en in ’n sak smyt. Maar ’n bietjie later gaan Tom moedeloos sit en sê: ‘Dus kan ons nie na die motor toe gaan nie?’

‘Nee.’

‘Waarnatoe moet ons dan vlug? Sommer in die bos in? En waarom? Bowendien.... as ons loop sal die hond ons tog kry.’

‘Sjuut,’ sê Ottie. ‘Stil, ek hoor hulle aankom.’

Daar is ’n geritsel tussen die riete. Hulle bly doodstil sit en luister.

‘Dis net ’n voël,’ sê Tom. En hy was reg.

Kwark, die kraai kom met ’n gefladder te voorskyn.

‘Kraa!’ roep hy. ‘Daar is ’n polisieman op pad hiernatoe. Met ’n hond aan ’n leiband.’

‘Ons weet,’ sê Ottie. ‘Kom hulle regtig in hierdie rigting?’

‘Ja.’

'Oh...' zuchtte Otje. Ze had nog even gehoopt dat Herman zou weigeren om hen op te sporen. Maar het was natuurlijk z'n plicht. En hij deed het immers zo graag?

'Hoever zijn ze?'

'Zonet waren ze bij dat elzenbosje, weet je wel? Maar 't gaat langzaam want ze staan telkens stil.'

'Ga nog 's kijken, Kwark.'

Kwark vloog terug.

De agent en z'n hond waren nu dichterbij, maar weer stonden ze stil. De hond snuffelde langs de grond, heel lang. Toen stak hij z'n neus in de lucht en snoof zorgvuldig in alle windrichtingen.

Kwark zat op een tak en bleef kijken.

Ineens ging de hond lopen. Hij trok z'n baas mee. Maar, heel vreemd, hij liep niet in de richting van Tos en Otje. Hij ging een heel andere kant op.

'Een dom beest,' zei Kwark tot zichzelf. 'En dat voor een politiehond. Ik ben benieuwd waar ze naar toe gaan.'

Hij vloog telkens een eindje mee en ging dan weer op een tak zitten. 'Een heel andere kant uit...' mompelde hij. 'Die hond deugt niet voor z'n vak. Een beetje hond moest ze toch allang gevonden hebben.'

Herman liep nu zo snel dat z'n arme baas werd meegesleurd, dwars door stekelige struiken in de richting van de rlvier.

'Wel wel,' zei Kwark. 'Het ziet er warempel naar uit dat ze naar het oude kampeerplekje gaan. Waar Tos en Otje allang niet meer zitten.'

Hij volgde ze.

Er was geen twijfel mogelijk, de hond trok z'n baas terug naar de oude plaats, vlak bij de auto. En aan de rand van het water, waar Otje en Tos geslapen hadden, daar bleef hij een hele poos in een kringetje ronddraaien, al snuffelend.

'Ag,' sug Ottie. Sy het nog 'n bietjie gehoop dat Herman sou weier om hulle op te spoor. Maar dit is natuurlik sy plig. En hy doen dit tog so graag.

'Hoe ver is hulle nog?'

'Hulle was nou-nou daar by die klompie elsbome. Jy weet mos waar dit is? Maar dit gaan maar stadig, want kort-kort staan hulle stil.'

'Gaan kyk weer 'n bietjie, Kwark.'

Kwark vlieg terug.

Die polisieman en sy hond was nou nader, maar weer staan hulle stil. Die hond snuffel op die grond rond, vir 'n lang tyd. Toe steek hy sy neus in die lug en snuif sorgvuldig in alle windrigtings.

Kwark sit op 'n tak en hou hulle dop.

Meteens gaan die hond aan die hardloop. Hy trek sy baas saam. Maar, dis baie snaaks, hy hardloop nie na Tom en Ottie se kant toe nie. Hy gaan heeltemal in 'n ander rigting.

'Dom dier,' sê Kwark vir homself. 'En dit nogal 'n polisiehond. Ek wonder waar gaan hulle heen.'

Hy vlieg elke keer 'n endjie saam en gaan dan weer op 'n tak sit. 'Heeltemal in 'n ander rigting...' mompel hy. 'Die hond is nie goed genoeg vir sy werk nie. Enige hond wat iets weet, moes hulle tog lankal gekry het.'

Herman hardloop nou sou vinnig dat sy arme baas saamgesleep word, dwarsdeur doringbossies in die rigting van die rivier.

'Nou toe nou,' sê Kwark. 'Dit lyk sowaar of hulle na die ou kampeerplekkie toe gaan. Waar Tom en Ottie lankal nie meer is nie.'

Hy volg hulle.

Daar is geen twyfel daaraan nie, die hond trek sy baas terug na die ou plek, naby die motor. En by die kant van die water, waar Ottie en Tom geslaap het, hou hy 'n hele rukkie aan om in die rondte te snuffel.

Toen, zonder enige waarschuwing, trok Herman z'n baas mee de rivier in.

'Hee!' riep de agent. Maar hij moest wel mee, als hij de hond niet los wou laten. Hijgend en spetterend liet hij zich door het water meevoeren langs de oever waar het ondiep was. Het was duidelijk: ze legden nu precies dezelfde weg af, die Otje en Tos twee dagen tevoren waren gegaan. En het ging langzaam.

Pijlsnel vloog Kwark over het bos terug naar Otje en haar vader die dicht tegen elkaar aan zaten te wachten.

'Gauw gauw! Kra kra! Opschieten,' riep hij. 'Naar de auto.'

'Z-z-zijn ze weg?' stotterde Tos.

'Nee, ze komen hierheen, maar door het water en dat duurt wel een uur. Gauw dan, schiet op.'

Ze graaiden haastig al hun spullen bij elkaar en zeulden ermee weg, door de struiken en bosjes heen, in de richting van de auto. Otje was het gewend en ze kon flink opschieten, maar de arme dikke Tos bleef telkens in de dorens vastzitten. Af en toe viel hij, met alles om hem heen verspreid maar Otje hielp hem overeind en Kwark spoorde hem aan.

Eindelijk... daar stond de bestelwagen. Tos liet zich met een zucht achter het stuur vallen, terwijl otje de boel achterin gooide en de mand met muizen er voorzichtig naast zette.

Toen de wagen uit de struiken op het weggetje was gezet, riep Otje: 'Dank je, Kwark! Vlieg je met ons mee?'

'Je ziet me nog wel eens af en toe,' zei Kwark.

Ze reden weg.

Vijf minuten later kwamen Herman en z'n baas druipnat aan op de plaats waar de auto had gestaan.

'Wel verdraaid,' zei de agent. 'Had ik nou het nummer maar meteen opgenoteerd. En die hond van mij... misschien deugt hij niet voor politiehond. Maar ik ben zo aan 'm gehecht.'

Toe, sonder enige waarskuwing, trek Herman sy baas saam met hom in die rivier in.

'Haai!' roep die polisieman. Maar hy moes eenvoudig saamgaan as hy die hond nie wou laat los nie. Hygend en proestend laat hy hom saamsleep langs die wal waar dit vlak was.* Dit was nou duidelik: hulle loop nou presies dieselfde pad wat Ottie en Tom twee dae tevore geloop het. En dit gaan stadig.

Pylsnel vlieg Kwark oor die bos terug na Ottie en haar pa wat styf teen mekaar sit en wag.

'Gou, gou! Kraa, kraa! Opskud,' roep hy. 'Na die motor toe.'

'H-h-het hulle weggegaan?'* hakkel Tom.

'Nee, hulle kom hiernatoe, maar deur die water en dit sal maklik 'n uur neem. Maak nou gou, opskud.'

Hulle skraap haastig al hulle goed bymekaar en storm daarmee weg, deur die struike en bossies, na die motor se kant toe. Ottie was gewoond daaraaan en sy kon gou maak, maar die arme Tom met sy dik lyf steek elke keer vas in die dorings. Af en toe slaan hy neer, en laat al die goed om hom val, maar Ottie help hom op en Kwark spoor hulle aan.

Eindelik....daar staan die stasiewa. Tom val met 'n sug agter die stuur neer, terwyl Ottie die spul goed agterin gooi en die mandjie met muise versigtig daar langsaan neersit.

Toe hulle die motor uit die bosse op die pad getrek het, roep Ottie: 'Baie dankie, Kwark! Vlieg jy saam met ons?'

'Jy sal my darem nog af en toe sien,' sê Kwark.

Hulle ry weg.

Vyf minute later kom Herman en sy baas druipnat op die plek aan waar die motor gestaan het.

'My genugtig,' sê die polisieman. 'Plaas dat ek nou sommer dadelik die nommer neergeskryf het. En die hond van my....miskien is hy nie goed vir 'n polisiehond nie. Maar ek is so geheg aan hom.'

Herman schudde krachtig het water uit z'n vacht. En hij dacht: Misschien deug ik niet voor politiehond. Maar ik ben zo aan m'n baas gehecht.

Herman skud met mening die water uit sy hare uit. En hy dink: Miskien is ek nie goed genoeg vir 'n polisiehond nie. Maar ek is so geheg aan my baas.

De poes van de wasserette

Op het dorpsplein van Garzelen staat hotel De Kroon.

Het was zaterdagmiddag en de gasten zaten in de gelagkamer naar de televisie te kijken. Er was een voetbalwedstrijd aan de gang en ook de waard van het hotel zat voor het toestel.

Toen kwamen er twee mensen binnen.

Een kok en een klein meisje.

De baas keek nauwelijks op. De wedstrijd was veel te boeiend.

Tos kuchte en klopte hem op de schouder.

'Wat wou je?' vroeg de waard knorrig.

'Ik wou...' zei Tos, 'ik dacht... er staat bij u op de deur: "Kok gevraagd", en daarom...'

De baas draaide z'n stoel een kwartslag om en keek.

'Ik heb weliswaar geen papieren,' zei Tos, 'maar misschien zou ik een tijdelijke baan kunnen krijgen?'

Nu bekeek de waard Tos van top tot teen.

'Misschien zou dat kunnen,' zei hij. 'Maar ik wil geen vieze kok.'

'Vies?' stamelde Tos. Hij keek naar beneden, naar z'n jasje. Hij had op reis al twee jasjes vuilgemaakt. Dit was z'n laatste. Otje had het gewassen in een plas. En ja... het was wel wat groezelig en erg gekreukt.

'Het kan gewassen worden,' zei hij.

'Ik neem geen landloper,' zei de waard. 'Goeiendag.' En hij zette zich weer voor het toestel.

Tos werd boos. Z'n wenkbrauwen trokken samen, z'n gezicht werd bloedrood, z'n ogen puilden uit. Hij pakte een stoel op...

'Niet doen !' riep Otje. Ze zag het aankomen. Tos had een driftbui. Zo meteen zou hij met die stoel de televisie verbrijzelen. 'Niet doen!'

Die kat by die wasoutomaat

Op die dorpsplein van Garsalia staan die hotel Die Kroon.

Dit is Saterdagmiddag en die gaste sit in die sitkamer en kyk televisie. Daar is 'n voetbalwedstryd aan die gang en selfs die hotelbaas sit voor die kassie.

Toe kom daar twee mense binne.

'n Kok en 'n klein meisietjie.

Die baas kyk skaars op. Die wedstryd is glad te boeiend.

Tom gee 'n kuggie en raak aan sy skouer.

'Wat wil jy hê?' vra die baas knorrig.

'Ek wou....' sê Tom, 'ek dog....ek sien op die deur staan "Kok gesoek", en daarom...'

Die baas draai sy stoel 'n entjie om en kyk na Tom.

'Ek het nou wel nie papiere nie,' sê Tom, 'maar miskien kan ek 'n tydelike werk kry?'

Nou bekyk die baas vir Tom van kop tot tone.

'Miskien kan jy dalk,' sê hy. 'Maar ek wil nie 'n vuil kok hê nie.'

'Vuil?' stamel Tom. Hy kyk af na sy baadjie. Hy het op hulle reis al twee baadjies vuilgesmeer. Hierdie een was die laaste. Ottie het dit gewas in 'n waterpoel. Sowaar...dit is 'n bietjie vetterig en baie gekreukeld.

'Dit kan gewas word,' sê hy.

'Ek neem nie 'n rondloper in diens nie,' sê die hotelbaas. 'Totsiens.' En hy plak hom weer voor die televisie neer.

Tom word kwaad. Sy wenkbroue trek saam, sy gesig word bloedrooi, sy oë peul uit. Hy tel 'n stoel op...

'Moenie!' roep Ottie. Sy sien dit aankom. Tom kry 'n woedebui. Nou-nou gaan hy met die stoel die televisie flenters slaan. 'Moenie!'

Tos luisterde niet. Hij deed een stap vooruit, de stoel boven z'n hoofd getild. Otje keek snel om zich heen, greep een glas kersenlimonade met ijs, dat voor een van de gasten stond en smeet met kracht de inhoud pardoes in haar vaders gezicht.

Dat hielp.

Tos proestte en hoestte en liet de stoel zakken .

'Kom mee,' zei Otje. 'We gaan weg.'

Ze had een hele opschudding verwacht in de zaal, maar het vreemde was dat geen mens iets had gemerkt. Zo spannend was de wedstrijd op de buis.

Otje trok haar vader mee naar buiten.

'Nu ben ik werkelijk vies!' jammerde Tos, toen ze weer in de auto klommen. 'En ik kleef!'

'Wacht even, rij nog niet weg, daar is een wasserette,' zei Otje. 'Ik ga nog even kijken of ze open zijn.'

De wasserette was dicht. Het was zaterdagmiddag vijf uur. De straten van het dorp waren doodstil want alle mensen zaten thuis bij de televisie.

Alleen een dikke grijsgestreepte poes lag te slapen op de stoep. Toen Otje langs liep deed ze een oog open en zei: 'Had je iets te wassen gehad?'

'Twee tassen vol,' zei Otje.

'De vrouw is naar huis,' zei de poes. 'Ze woont naast de wasserette. Ik ook. Ik woon bij de vrouw.'

Toen deed de poes haar ogen weer dicht. Het leek of ze weer in slaap was gevallen, maar toen Otje verder liep, zei ze: 'Aan de achterkant staat een raam open. '

'Bedoel je dat ik daarbinnen...' begon Otje.

'Natuurlijk bedoel ik dat,' zei de kat. 'Haal je was maar, ik wijs je de weg.'

Tom luister nie. Hy gee 'n tree vorentoe, terwyl hy die stoel bokant sy kop hou. Ottie kyk vinnig rond, gryp 'n glas kersiekoeldrank met ys wat voor een van die gaste staan en smyt dit so hard sy kan kaplaks in haar pa se gesig.

Dit help.

Tom hoes en proes en laat die stoel sak.

'Kom saam,' sê Ottie. 'Ons loop.'

Hulle het 'n yslike opskudding verwag in die saal, maar die snaaksste was dat g'n mens iets agtergekom het nie. So spannend was die wedstryd op die skerm.

Ottie trek haar pa buitentoe aan sy hand.

'Nou is ek rêrig vuil!' kerm Tom toe hulle weer in die motor klim. 'En taai!'

'Wag 'n bietjie, moet nog nie ry nie, daar is 'n wasoutomaat,' sê Ottie. 'Ek gaan gou kyk of hulle nog oop is.'

Die wasoutomaat was toe. Dit was Saterdagmiddag vyfuur. Die strate van die dorp was doodstil, want al die mense was besig om televisie te kyk by die huis.

Net 'n vet grysgestreepte kat lê en slaap op die sypaadjie. Toe Ottie by haar verby loop, maak sy een oog oop en sê: 'Het jy iets wat jy wou gewas het?'

'Twee sakke vol,' sê Ottie.

'Die vrou is huis toe,' sê die kat. 'Sy woon langs die wasoutomaat. Ek ook. Ek woon by die vrou.'

Toe maak die kat haar oë weer toe. Dit lyk of sy weer aan die slaap geraak het, maar toe Ottie verder loop, sê sy: 'Aan die agterkant staan 'n venster oop.'

'Bedoel jy dat ek daardeur...' begin Ottie.

'Natuurlik bedoel ek dit,' sê die kat. 'Gaan haal jou wasgoed, dan wys ek jou die pad.'

Otje liep snel naar de wagen, pakte de tassen met vuil goed en zei: ’Kom mee vader, de kat achterna.’

’De kat achterna...’ mompelde Tos. Maar hij kreeg geen tijd om erover na te denken. Gehoorzaam volgde hij Otje en de poes. Ze kwamen door een steegje bij de achterkant van de wasserette.

’Hier is het,’ zei de kat. ’Ik ga vast voor.’ Ze sprong in de wingerd en klauterde naar boven waar een raam openstond op de eerste verdieping.

’Kom maar !’ riep de poes uit het raam.

’Ga jij maar alleen,’ zei Tos.

’Nee,’ zei Otje. ’We gaan samen. Alle kleren die je aanhebt moeten ook gewassen. Ik ga voorop en ik hijs je wel naar boven. ’

Het was een stevige wingerd die tegen het huis groeide en Tos zakte er niet doorheen toen hij omhoog klom, geholpen door Otje. Puffend wrong hij zich door het raam. Ze waren binnen.

’Nu een trapje af,’ zei de poes. ’Volg mij.’

Beneden in de salon stond een rijtje wasmachines.

’Vwala,’ zei de kat. ’Die knop is voor de bonte was en die is voor de witte.’

’Mogen we eh... onze kleren uittrekken?’ vroeg Tos.

’Het hindert mij absoluut niet,’ zei de kat.

Even later zaten ze voor de draaiende wasmachine op een bankje.

’Wel wel,’ zei Tos. ’Dit is nog mooier dan de televisie. Weet je zeker dat je vrouw niet ineens kan binnenkomen? En ons hier vindt?’

’Vanavond komt ze nog even langs,’ zei de poes. ’Maar pas na het journaal. Dus jullie kunnen ook nog strijken.’

Ottie loop vinnig na die motor toe, kry die sakke met vuil wasgoed beet en sê: ‘Kom saam, Pa. Ons gaan agter die kat aan.’

‘Agter die kat aan...’ mompel Tom. Maar hy kry nie tyd om verder daaraan te dink nie. Gehoorsaam volg hy vir Ottie en die kat. Hulle kom deur ’n agterstraatjie* by die agterkant van die wasoutomaat uit.

‘Hier is dit,’ sê die kat. ‘Ek sal sommer voor loop.’ Sy spring in die druiwestok en klouter boontoe waar ’n venster oopstaan op die eerste verdieping.

‘Kom maar!’ roep die kat uit die venster.

‘Gaan jy maar alleen,’ sê Tom.

‘Nee,’ sê Ottie. ‘Ons gaan saam. Al die klere wat jy aanhet, moet ook gewas word. Ek sal eerste gaan, en ek sal jou optrek.’

Dit is ’n stewige druiwestok wat teen die huis groei en Tom val nie deur toe hy boontoe klim met Ottie se hulp nie. Met ’n gehuf en ’n gepuf wurm hy deur die venster. Hulle is binne.

‘Nou net af met die trap,’ sê die kat. ‘Volg my.’

Onder in die winkel staan ’n ry wasmasjiene.

‘Here you are,’ sê die kat. ‘Hierdie knop is vir die bont wasgoed en hierdie een vir die wit wasgoed.’

‘Mag ons.... ons klere uittrek?’ vra Tom.

‘Dit sal my nie in die minste pla nie,’ sê die kat.

’n Bietjie later sit hulle voor die draaiende wasmasjien op ’n bankie.

‘Nou toe nou,’ sê Tom. ‘Dis nog mooier as die televisie. Weet jy verseker dat jou nooi nie skielik kan inkom nie? En ons dan hier kry nie?’

‘Sy sal vanaand nog weer vinnig aankom, maar eers as die nuus klaar is. So julle kan nog stryk ook.’

Toen de wasmachine stilstond konden ze het goed er strijkdroog uithalen en de kat wees hun de weg naar de strijkkamer.

'Wat heerlijk,' zuchtte Otje. 'Alles schoon. Je mutsen en je jasjes en mijn truitjes en onze handdoeken.'

Juist toen het laatste hemd gestreken was en Otje de stapel was in de tassen pakte, toen stak de poes haar oortjes op en zei: 'Daar is ze!'

'Hemel, en ik ben bloot,' riep Tos.

'Ik hoor de sleutel in de voordeur,' zei de kat. 'Gauw gauw. Terug. Eerst naar boven en dan weer door het raam.'

Hoewel de voetbalwedstrijd was afgelopen, liepen er toch maar weinig mensen op straat. En dat was gelukkig, anders zou een blote kok in de wingerd veel opzien hebben gebaard.

Toen Tos en Otje veilig in de auto zaten, stond de vrouw van de wasserette verwonderd aan de ijzers te voelen.

'Nog heet...' mompelde ze. 'Hoe kan dat nou toch, poes?'

Maar de poes sliep.

Toe die wasmasjien gaan stilstaan, was die wasgoed droog genoeg om gestryk te word en die kat wys hulle waar die strykkamer is.

'Ag, hoe lekker,' sug Ottie. 'Alles is nou skoon. Jou musse en jou baadjies en my truitjies en ons handdoeke.'

Net toe die laaste onderhemp gestryk was en Ottie die stapel wasgoed in die sakke pak, trek die kat haar oortjies op en sê: 'Daar kom sy!'

'Hemel, en ek is kaal,' roep Tom.

'Ek hoor die sleutel in die voordeur,' sê die kat. 'Gou, gou. Terug. Eers boontoe en dan weer deur die venster.'

Hoewel die voetbalwedstryd verby was, was daar tog maar min mense op straat. En dit was gelukkig, anders sou 'n kaal kok in die druiwestok groot verbasing gaande gemaak het.

Toe Tom en Ottie veilig in die motor sit, staan die vrou van die wasoutomaat verwonderd en voel aan die ysters.

'Nog warm...' mompel sy. 'Hoe is dit nou moontlik, kietsie?'

Maar die kat was vas aan die slaap.

## Een portret van Tos

Al een paar weken stond de bestelwagen aan de oever van de Kokkelse plas, een heel eind van het dorp. Het was er stil en mooi, je kon naar de zeilbootjes kijken die in de verte dansten op de golven en Tos ging elke dag vissen.

Dat was nodig want geld om eten te kopen was er bijna niet meer. Ze hadden nog wel wat spaargeld apart gehouden, maar dat was bestemd voor benzine.

Met rubber handschoenen aan plukte Otje iedere dag brandnetels. Tos kookte er soep van en het was een wonder dat hij telkens met andere verse kruiden weer andere brandnetelsoep kon maken. Een maal in de week kochten ze een halfie bruin in het dorp en dat aten ze mondjesmaat. Met appelstroop.

Met een hagelwit jasje en een hagelwitte muts was Tos op zoek geweest naar een betrekking als kok. Alle hotels en alle restaurants in de buurt had hij bezocht. Overal konden ze wel een kok gebruiken. Maar overal vroegen ze naar zijn papieren. En hij had ze niet.

Zelfs de muizen begonnen te klagen over honger.

'Die paar kruimeltjes brood op zondag en verder niks...' jammerde Lodewijk. 'Geen kaas, geen spek. En vis lusten we niet.'

'Je wou toch zo graag de wijde wereld in?' vroeg Otje kwaad. 'Dit hier is de wijde wereld. En hoe wijder de wereld, hoe minder eten. Ga maar met Suzie in het gras zoeken naar zaadjes.'

Mokkend gingen de muizen weg en Otje was net van plan een dutje te doen in het gras toen ze naast zich het klappen van vleugels hoorde.

Ze keek op.

'Kwark!' riep ze. 'Wat fijn dat je er bent. We hebben je al die tijd niet gezien. '

## 'n Portret van Tom

Vir 'n paar weke lank staan die stasiewa nou al aan die kant van die Kokkelse meer, 'n hele endjie van die dorp af. Dit was daar stil en mooi, jy kon na die seilbootjies kyk wat in die verte op die golwe dans en Tom het elke dag gaan visvang.

Dit was ook nodig, want geld om kos te koop, was daar amper nie meer nie. Hulle het nou wel nog 'n bietjie spaargeld uitgehou, maar dit was bestem om petrol mee in te gooi.

Met rubberhandskoene aan pluk Ottie elke dag brandnetels. Tom kook sop daarvan, en die wonderlikste was dat hy elke dag met ander vars kruie weer 'n ander soort brandnetelsop kon maak. Eénmaal in 'n week koop hulle 'n halwe bruin brood in die dorp en daaraan eet hulle bietjie vir bietjie. Met appelstroop.*

Met 'n spierwit mus en 'n spierwit baadjie het Tom gaan werk soek as kok. Hy het al die restaurante en hotelle in die buurt besoek. Oral het hulle wel werk gehad vir 'n kok, maar oral het hulle sy papiere gevra. En dit het hy nie gehad nie.

Selfs die muise het begin kla dat hulle honger ly.

'Die paar krummeltjies brood op Sondag en verder niks....' kerm Lodewyk. 'Geen kaas, geen spek. En vir vis is ons nie lus nie.'

'Maar jy wou mos so graag die wye wêreld ingaan?' vra Ottie kwaad. 'Hier is jy nou in die wye wêreld. En hoe wyer die wêreld is, hoe minder kos is daar. Gaan soek maar saam met Susie vir saadjies in die gras.'

Brom-brom loop die muise weg, en Ottie was net van plan om vir 'n kort slapie op die gras te gaan lê, toe sy langs haar die geklap van vlerke hoor.

Sy kyk op.

'Kwark!' roep sy. 'Dis gaaf dat jy weer gekom het. Ons het jou 'n hele ruk laas gesien.'

| | |
|---|---|
| De kraai kon niet dadelijk antwoord geven. Hij had een groot papier in z'n snavel. Hij legde het neer aan Otjes voeten, zette z'n grote klauw erop zodat het niet meer kon wegwaaien en riep toen: 'Kraaaa !' | Die kraai kon nie dadelik antwoord nie. Hy het 'n groot papier in sy bek gehad. Hy sit dit voor Ottie se voete neer, sit sy groot poot daarop sodat die nie kon* wegwaai nie, en roep toe: 'Kraaaa!' |
| 'Waar was je al die tijd?' vroeg Otje. | 'Waar was jy al die tyd?' vra Ottie. |
| 'Ik had andere dingen te doen,' zei Kwark. 'En ik was jullie om je de waarheid te zeggen, totaal vergeten. Heb je niet iets lekkers te eten? Worst of zo?' | 'Ek het ander dinge gehad om te doen,' sê Kwark. 'En om die waarheid te sê, ek het heeltemal van julle vergeet. Het jy nie iets lekkers om te eet nie? Wors of so iets?' |
| 'We hebben zelf bijna niets,' zei Otje. 'We eten brandnetelsoep.' | 'Ons het self byna niks nie,' sê Ottie. 'Ons eet brandnetelsop.' |
| 'Hoe is het met de muizen?' | 'Hoe gaan dit met die muise?' |
| 'Goed,' zei Otje. | 'Goed,' sê Ottie. |
| 'Zijn ze hier in de buurt?' | 'Is hulle hier naby?' |
| 'Ja, daar ergens.' | 'Ja, daar êrens.' |
| Kwark keek hongerig rond. | Kwark kyk hongerig rond. |
| 'Je zult ze toch niets doen?' riep Otje verschrikt. 'Denk erom Kwark! Pas op hoor. ' | 'Jy gaan tog nie iets aan hullle doen nie?' roep Ottie verskrik. 'Gedra jou Kwark! Pasop vir jou.' |
| 'Hoe heten ze ook al weer?' vroeg Kwark. | 'Wat was hulle name nou weer?' vra Kwark. |
| 'Lodewijk en Suzie.' | 'Lodewyk en Susie.' |
| 'Dank je, dat helpt. Dan wordt het anders.' | 'Dankie, dit help my. Dan is dit anders.' |
| 'Wat bedoel je? Wat wordt dan anders?' | 'Wat bedoel jy? Wat is anders?' |
| 'Nou kijk,' zei Kwark, 'als diertjes lekker zijn, eet ik ze op. Maar als ze een naam hebben, zoals Truus of Jan, of Lodewijk... tja... dan heb ik er niet zo'n trek meer in. Een diertje dat een naam heeft is niet om op te eten maar om mee te praten, begrijp je wel? Als een beest een naam heeft, is hij *iemand.*' | 'Kyk,' sê Kwark, as diertjies lekker is, eet ek hulle. Maar as hulle name het, soos Truida of Jan, of Lodewyk....ja...dan is ek nie meer so lus vir hulle nie. 'n Diertjie wat 'n naam het, moenie opgeëet word nie, maar mee gepraat word, verstaan jy? As 'n dier 'n naam het, is hy *iemand.*' |
| 'O ja,'zei Otje. 'Gelukkig maar dat onze muizen namen hebben. Wat is dat voor een papier?' | 'Ja,' sê Ottie. 'Gelukkig het ons muise name. Watse papier is dit?' |
| Maar Kwark ging nog even door over zijn idee. | Maar Kwark hou nog aan met praat oor sy idee. |

| | |
|---|---|
| 'Gek he?' zei hij. 'Zelfs met hele kleine beestjes is dat zo. Ik heb eens bijna een kever opgegeten. Totdat ik hoorde dat hij Dirk heette. Je kunt toch niet iemand opeten die Dirk heet?' | 'Snaaks, nè?' sê hy. 'Selfs met baie klein diertjies is dit so. Eenkeer het ek amper 'n kewer opgeëet. Totdat ek gehoor het sy naam is Dirk. 'n Mens kan tog nie iemand opeet met die naam van Dirk nie?' |
| 'Wat is dat voor papier?' vroeg Otje. | 'Watse papier is dit?' vra Ottie. |
| 'O,' zei Kwark, 'dat kwam ik jullie even brengen. Zie je die toren aan de overkant van de plas ? Die is van het stadhuis. Van een stadje... hoe heet het ook weer, nou ja het doet er niet toe. Daar zat ik op een muurtje en zag dit prachtige papier liggen. En toen dacht ik aan jullie. Ik ben door het raam gevlogen en asjeblieft.' Hij trok zijn poot weg en Otje bekeek het papier. Het was oud en een tikje geel en rafelig aan de kanten, maar er hing een zegel aan met lintjes. | 'O,' sê Kwark, 'ek het dit gou vir julle gebring. Sien jy die toring aan die oorkant van die meer? Dit is die stadsaal se toring. Van 'n stadjie met die naam....wat was dit nou weer, ag nou-ja, dit maak ook nie saak nie. Ek het daar op 'n muurtjie gesit en toe sien ek die pragtige papier lê. En toe dink ek aan julle. Ek het deur die venster gevlieg en hier het jy hom nou.' Hy trek sy poot weg en Ottie bekyk die papier. Dit was oud en 'n bietjie geel en toiingrig aan die kante, maar daar was 'n seël op met lintjies wat daaraan hang. |
| 'Mooi,' zei Otje. | 'Dis mooi,' sê Ottie. |
| Aan een kant was het papier beschreven met dunne krullige letters, maar ze kon nog niet goed lezen en het schrift was ook te vaag. | Aan die een kant van die papier was daar geskryf in dun, krullerige letters, maar sy kon nog nie goed lees nie, en die skrif was ook te dof. |
| 'Bedankt,' zei ze. | 'Baie dankie,' sê sy. |
| 'Ik weet wel dat jullie een heel ander soort papieren nodig hebben,' zei Kwark. 'Dat heeft je vader me verteld. Maar als ik af en toe papieren meebreng, dan moeten er op de duur toch eindelijk de goeie bij zijn? Of soms niet?' | 'Ek weet natuurlik dat julle 'n ander soort papier nodig het,' sê Kwark. 'Dit het jou pa vir my gesê. Maar as ek af en toe papiere saambring, dan moet die regte een op die een of ander tyd daarby wees? Of dink jy nie so nie?' |
| 'Dat denk ik wel...' zei Otje weifelend. 'In elk geval ben ik altijd blij als ik je zie.' | 'Ja, ek dink so.....,' sê Ottie aarselend. 'In elk geval is ek altyd bly om jou te sien.' |
| 'Nou, tot ziens en de groeten,' zei Kwark. 'Kraaa!' | 'Nou-ja, totsiens en groete,' sê Kwark. 'Kraa!' |
| Hij vloog weg. En juist op+ dat moment kwam Tos terug. Hij had niets gevangen. Otje was daar een beetje blij om want ze dacht: Stel dat hij een visje vangt dat Annemarie heet. | Hy vlieg weg. En net op die oomblik kom Tom terug. Hy het niks gevang nie. Ottie was 'n bietjie bly daaroor, want sy het by haarself gedink: Sê nou net hy vang 'n vissie met die naam Annemarie. |
| 'Kwark heeft een papier gebracht,' zei ze. | 'Kwark het 'n papier gebring,' sê sy. |
| Tos bekeek het. 'Heel oud,' zei hij. 'Perkament. Ik kan het niet lezen.' | Tom bekyk dit. 'Baie oud,' sê hy. 'Perkament. Ek kan dit nie lees nie.' |
| 'Aan deze kant staat niets,' zei Otje. 'Mag ik erop tekenen?' | 'Op hierdie kant staan niks nie,' sê Ottie. 'Mag ek daarop teken?' |

| | |
|---|---|
| 'Zeker wel. We hebben er verder niets aan. Wat ga je tekenen?' | 'Ja, met plesier. Ons kan tog niks daarmee doen nie. Wat gaan jy teken?' |
| 'Ik ga jou tekenen,' zei Otje. Ze trok het zegel met de lintjes los en maakte het vast op Tos z'n jasje. | 'Ek gaan vir jou teken,' sê Ottie. Sy trek die seël met die lintjies los en maak dit aan Tom se baadjie vas. |
| 'Een medalje,' zei ze. 'Omdat je de knapste kok bent van de hele wijde wereld.' | ''n Medalje,' sê sy. 'Omdat jy die knapste kok in die hele wye wêreld is.' |
| Het werd een mooi portret. | Dit was nogal 'n mooi portret. |
| Ze hingen het op in de bestelwagen. | Hulle het dit in die stasiewa opgehang. |

Autopech

'Waarom konden we eigenlijk niet bij de plas blijven?' vroeg Otje. 'Het was er mooi en stil en veilig.'

Ze zaten in de bestelauto die weer was bepakt met al hun spullen: de slaapzakken en het kookgerei en de tassen en de mand met muizen. Ze waren weer onderweg.

'Het geld, kind,' zei Tos. 'We kunnen niet helemaal zonder geld. Ik moet werk vinden. Ik ben daar in de buurt naar alle hotels geweest om te vragen of ze me konden gebruiken als kok. Maar je weet het, ze hebben me nergens aangenomen. Toch geef ik de moed niet op. Een eind verder, in een andere streek ga ik het weer opnieuw proberen. En gelukkig vliegt Kwark met ons mee. Hij heeft beloofd dat hij een mooi kampeerplekje voor ons zal zoeken.'

'Rij niet te hard, pappa,' zei Otje. 'Als je zo hard gaat kan hij ons niet bijhouden.'

Ze waren al uren aan het rijden. En tot nu toe had Kwark hen kunnen bijhouden. Soms zagen ze hem voor de wagen uit vliegen, soms was hij er een hele tijd niet, maar als ze stopten voor een rust dan kwam hij aldoor weer aanvliegen.

'Ik heb een goeie kampeerplek voor jullie,' kraste hij. 'Hier vlakbij. Jullie willen toch ergens waar geen mensen komen ?'

'Ja precies,' zei Otje. 'Waar is het?'

'Daar die zijweg in. En dan de eerste rechtsaf.'

'Bedankt,' zei Tos.

Ze stapten in en volgden de weg die Kwark had gewezen.

Maar toen ze rechtsaf sloegen, zoals afgesproken, stopte Tos en riep: 'Kijk dat nou toch!'

'Een autokerkhof,' zei Otje. 'Wat naar !'

Het was een allerakeligst gezicht. Al die roestige wrakken, al die gedeukte, bemodderde, verkreukelde overblijfsels van auto's.

Teenspoed met die motor

'Hoekom kon ons nou nie by die meer gebly het nie?' vra Ottie. 'Dit was mooi daar en stil en veilig.'

Hulle sit weer in die stasiewa wat gelaai is met al hulle goed: die slaapsakke en die kookgerei en die sakke en die mandjie met muise. Hulle was weer op pad.

'Die geld, my kind,' sê Tom. 'Ons kan nie heeltemal sonder geld klaarkom nie. Ek moet werk kry. Ek was daar in die omgewing by al die hotelle om te vra of hulle my kon gebruik as kok. Maar jy weet niemand van hulle het my in diens geneem nie. Maar ek het nog nie moed opgegee nie. 'n Ent verder weg, in 'n ander streek sal ek weer van voor af probeer. En gelukkig vlieg Kwark saam met ons. Hy het beloof om vir ons 'n mooi kampeerplekkie te soek.'

'Moenie te vinnig ry nie, Pappa,' sê Ottie. 'As jy so vinnig ry, kan hy nie byhou nie.'

Hulle was al ure op pad. En tot nou toe kon Kwark nog byhou. Partykeer sien hulle hom voor die motor uit vlieg, partykeer verdwyn hy vir 'n hele tyd, maar as hulle stop om te rus, kom hy elke keer weer aangevlieg.

'Ek het 'n goeie kampeerplek vir julle,' kras hy. 'Net hier. Julle wil mos êrens wees waar daar nie mense kom nie?'

'Ja, presies,' sê Ottie. 'Waar is dit?'

'Met daardie afdraaipaadjie af. En dan die eerste pad regs.'

'Baie dankie, sê Tom.

Hulle klim weer in en volg die pad wat Kwark hulle beduie het.

Maar toe hulle regs afdraai soos hy gesê het, stop Tom en roep uit: 'Kyk nou net so!'

''n Motorbegraafplaas,' sê Ottie. 'Hoe aaklig!'

Dit was 'n verskriklike gesig. Al die geroeste wrakke, al die geduikte, bemodderde, verkreukelde oorblyfsels van motors.

Otje keek naar boven om te zien waar Kwark was gebleven. Hoe kon hij dit toch uitkiezen?

'We blijven hier niet,' zei Tos. 'Ik ga keren.'

Toen kwam de kraai weer aanvliegen. Hij keek een beetje verlegen. 'Niet goed?' vroeg hij.

'Afschuwelijk,' zei Otje.

'Het moest stil zijn,' zei Kwark. 'En eenzaam. Er zijn niet veel stille en eenzame plekjes meer.'

'Weet je er niet nóg een Waar het groen is?'

'Een eind verder,' zei Kwark, 'daar is nog een heel rustige plaats. Met treurwilgen. Prachtig groen.'

'Misschien is dat iets? Kun je er komen met de auto?'

'Ja. En er zijn grote witte stenen met zwarte letters en kruizen en bloemkransen,' zei Kwark.

'Toch niet... toch niet...'

'Ja,' zei Kwark.

'O Kwark,' riep Otje. 'Eerst breng je ons naar een autokerkhof en nu wil je ons naar een echt kerkhof brengen? Wat is er met je aan de hand vandaag?'

'Niets,' zei Kwark. 'Maar daar ben ik een kraai voor, geef mij maar een kerkhof. Stiller kan het niet. Maar als jullie zo kieskeurig zijn. Rij maar door. Ga maar verder. Ik hou jullie in de gaten en ik zoek wel weer iets anders.'

Het gebeurde na een kwartier rijden.

Tos hoorde het het eerst. Het gewone zoemen van de motor veranderde. Er kwam een raar geluid bij.

'Hoor je 't ook?' vroeg hij.

'Ik hoor niks,' zei Otje. Maar even later werd het erger. Het werd een gebonk en geratel daarbinnen. 'Verdraaid !' riep Tos.

Ottie kyk boontoe om te sien waar Kwark wegbly. Hoe kon hy dit nou gekies het?

'Ons gaan nie hier bly nie,' sê Tom. 'Ek draai om.'

Toe kom die kraai weer aangevlieg. Hy lyk 'n bietjie verleë. 'Is dit nie goed nie?' vra hy.

'Afskuwelik,' sê Ottie.

'Dit moes stil wees,' sê Kwark. 'En afgeleë. Daar is nie meer baie stil en afgeleë plekkies nie.'

'Weet jy nie van nog een nie? Waar dit groen is?'

''n Ent verderaan,' sê Kwark, 'daar is nog 'n baie rustige plek. Met treurwilgers. Pragtig groen.'

'Sal dit miskien goed wees? Kan 'n mens daar kom met die motor?'

'Ja. En daar is groot wit stene met swart letters en kruise en blomkranse,' sê Kwark.

'Tog nie....tog nie...'

'Ja,' sê Kwark.

'O, Kwark,' roep Ottie. 'Eers bring jy ons na 'n motorbegraafplaas en nou wil jy ons na 'n regte begraafplaas toe vat? Wat gaan vandag met jou aan?'

'Niks,' sê Kwark. 'Maar ek is mos 'n kraai, gee my maar 'n begraafplaas. Stiller kan jy nie kry nie. Maar as julle so kieskeurig is, ry maar aan. Gaan maar verder. Ek hou julle dop en ek sal maar weer iets anders soek.'

Na nog 'n kwartier se ry gebeur dit.

Tom het dit eerste gehoor. Die gewone gebrom van die motor het verander. Daar het 'n snaakse geluid bygekom.

'Hoor jy dit ook?' vra hy.

'Ek hoor niks nie,' sê Ottie. Maar 'n bietjie later word dit erger. Dit word 'n geklop en 'n geratel in die motor. 'Vervlaks!' roep Tom.

| | |
|---|---|
| Hij stopte. Hij keek onder de motorkap. | Hy stop. Hy kyk onder die enjinkap. |
| 'Ik kan niet zien waar het aan ligt,' zei Tos. 'Heb jij ergens een garage gezien Kwark?' | Ek kan nie uitmaak wat die oorsaak is nie,' sê Tom. 'Het jy êrens 'n garage gesien, Kwark?' |
| 'Een garage ? Toevallig ben ik tien minuten geleden over dat dorp gevlogen,' zei Kwark, 'en daar is een garage.' | "n Garage? Toevallig het ek tien minute gelede oor daardie dorp gevlieg,' sê Kwark, 'en daar is 'n garage.' |
| 'Luister eens,' zei Tos. 'Je haalt altijd papieren. Kun je deze keer niet een papier brengen? Een briefie naar de garage ?' | 'Hoor 'n bietjie hier,' sê Tom. 'Jy bring altyd papiere hiernatoe. Kan jy nou hierdie keer 'n papier wegbring? 'n Briefie na die garage toe?' |
| 'Brengen...' zei Kwark. 'Ik?' Het denkbeeld maakte hem erg zenuwachtig. 'Naar mensen toe om iets te brengen. . .' zei hij. | 'Wegbring...?' sê Kwark. 'Ek?' Die gedagte maak hom baie senuweeagtig. 'Na mense toe om iets weg te bring...' sê hy. |
| 'Probeer het maar,' zei Otje. | 'Probeer dit gerus,' sê Ottie. |
| De man van de garage stond juist met een klant te praten over de hoge prijs van benzine, toen er tot zijn verbazing een briefie uit de lucht kwam fladderen. Het kwam op z'n schoen terecht. Hij keek op en zag nog net een grote zwarte vogel wegvliegen. | Die man van die garage staan net met 'n klant en praat oor die hoë petrolprys, toe daar tot sy verbasing 'n briefie uit die lug aangefladder kom. Dit land op sy skoen. Hy kyk op en sien net betyds hoe 'n groot swart voël wegvlieg. |
| 'Wat krijgen we nou?' riep hij. | 'Wat gaan nou aan?' roep hy uit. |
| Hij raapte het briefie op. | Hy tel die briefie op. |
| *We staan met pech op de weg tussen Weldorp en Koordwijk haal ons s.v.p.* | *Ons staan met 'n stukkende motor op die pad tussen Weldorp en Koordwyk kom haal ons asb.* |
| Dit is weer 's wat anders,' zei de garageman tegen z'n klant. 'Die doet het niet per praatpaal, die stuurt een vogel. Wat was het, een albatros?' | 'Dis nou 'n nuwe ding,' sê die garageman vir sy klant. 'Hierdie man bel nie op van die S.O.S.-foon* af nie, hy stuur 'n voël. Wat was dit, 'n albatros?' |
| 'Een kraai,' zei de klant. 'Merkwaardig.' | "n Kraai,' sê die klant. 'Eienaardig.' |
| 'Voor de grap ga ik 't toch maar 's onderzoeken,' zei de man van de garage. | 'Net vir die grap sal ek tog maar ondersoek instel,' sê die man van die garage. |
| Een half uur later was de bestelauto met Tos en Otje erin achter een kraanwagen op weg naar de garage. | 'n Halfuur later was die stasiewa met Tom en Ottie daarin agter 'n insleepvragmotor op pad na die garage toe. |
| Het was een leuk ritje. Maar toen de motor van hun wagen in de werkplaats grondig was bekeken, zei de garageman: 'Dat ziet er niet best uit, meneer. ' | Dit was 'n lekker ritjie. Maar toe die enjin van hulle motor deeglik bekyk is in die werkswinkel, sê die garageman: 'Dit lyk nie so goed nie, meneer.' |
| 'O,' zei Tos, 'maar het kan toch gemaakt worden?' | 'O,' sê Tom, 'maar dit kan tog seker reggemaak word?' |

'Jazeker, dat wel."

'Kan ik erop wachten?'

'Erop wachten ? Hoho, meneer, ik moet onderdelen bestellen en dat duurt wel een paar weken.'

'Een paar weken?' riep Tos. 'En hoeveel gaat dat kosten?'

'Dat kan ik niet precies zeggen meneer, maar het zal toch tegen de duizend gulden aan liggen.'

'Otje m'n kind,' zei Tos. 'Haal de slaapzakken er maar uit en het kookgerei en de tandenborstels en de mand met muizen. We moeten gaan lopen.'

'O ja, dit kan.'

'Kan ek daarvoor wag?'

'Daarvoor wag? Stadig, meneer, ek moet onderdele bestel en dit sal 'n paar weke neem.'

''n Paar weke?' roep Tom. 'En wat gaan dit kos?'

'Dit kan ek nie presies sê nie, meneer, maar dit sal seker so ongeveer duisend gulde wees.'

'Ottie, my kind,' sê Tom. 'Haal die slaapsakke uit en die kookgerei en die mandjie met die muise. Ons sal moet stap.'

Tos heeft een baan

In een buitenwijk van de stad, vlak bij de snelweg, stond een groot nieuw hotel. Het heette hotel Do-Do. Er waren tach-tig kamers en tachtig badkamers; er was een enorme parkeerplaats en het was erg duur.

Op deze donderdagmorgen zaten enkele gasten op het terras te wachten op hun koffie. 'Wat duurt dat lang,' zeiden ze. 'Het lijkt wel of de ober in slaap is gevallen.'

En dat was ook zo. De ober stond nog wel overeind, maar hij sliep, geleund tegen het buffet. En hij was niet de enige. De portier lag te slapen bij de ingang. De kamermeisjes sliepen languit in de gangen en de liftboy snurkte in de lift. Dat kwam omdat ze allemaal die nacht hadden gedanst. In de buurt was een discotheek die 's nachts open-bleef en het hele personeel van hotel Do-Do ging daar 's avonds laat naar toe om te dansen. Geen wonder dat ze overdag sliepen.

In de keuken lag de kok diep in slaap boven op het koude fornuis. Hij merkte niet dat er een grote zwarte kraai naar binnen vloog die met z'n felle kraalogen alles goed bekeek. De kraai tripte door de keuken, pikte in een tomaat, riep heel hard: 'Kraaa' en vloog weg.

Tussen de auto's van het parkeerter-rein zaten Tos en Otje op hem te wach-ten.

'En?' vroeg Tos. 'Hoe ziet het er daarbinnen uit?'

'Mooi,' zei Kwark.

'Veel te mooi en te duur en te deftig zeker?' vroeg Tos. 'Ik durf in dit hotel niet naar binnen om te vragen of ze werk voor me hebben.'

'Er is een kok,' zei Kwark. 'Hij slaapt.'

'Hij slaapt? 's Morgens om elf uur?'

'Als je 't mij vraagt slaapt iedereen daarbinnen,' zei Kwark.

Tom kry werk

In 'n buitewyk van die stad, teenaan die snelweg, het 'n groot nuwe hotel gestaan. Dit was die Hotel Do-Do. Daar was tagtig kamers en tagtig badkamers; daar was 'n enorme parkeerplek en dit was vreeslik duur.

Op hierdie Donderdagoggend sit 'n paar gaste op die stoep en wag vir hulle koffie. 'Hemel, maar dit neem lank,' sê hulle. ''n Mens sou sweer die kelner het aan die slaap geraak.'

En dit was presies wat aan die gang was. Die kelner het nog wel regop gestaan, maar hy was besig om te slaap terwyl hy teen die buffet leun. En hy was nie die enigste een nie. Die deurwag het gelê en slaap by die ingang. Die kamerbediendes het lankuit gelê en slaap in die gange en die seun wat in die hyser werk, het gesit en snork in die hyser. Dit was omdat hulle almal die vorige nag gaan dans het. Daar naby was 'n disko wat snags oop gebly het en al die personeel van die Hotel Do-Do het saans laat soontoe gegaan om te dans. Geen wonder dat hulle bedags aan die slaap geraak het nie.

In die kombuis lê die kok vas aan die slaap bo-op die koue stoof. Hy kom nie agter dat 'n groot swart kraai ingevlieg kom en alles met sy skerp kraaloë bekyk nie. Die kraai stap deur die kombuis, pik aan 'n tamatie, roep kliphard: 'Kraaa' en vlieg weg.

Tussen die motors op die parkeerterrein sit Tom en Ottie en wag vir hom.

'En toe?' vra Tom. 'Hoe lyk dit daarbinne?'

'Mooi,' sê Kwark.

'Seker glad te mooi en te deftig en te duur?' vra Tom. 'Ek kan nie waag om in hierdie hotel in te gaan en te vra of hulle werk het vir my nie.'

'Daar is 'n kok,' sê Kwark. 'Hy slaap.'

'Hy slaap? Elfuur in die môre?'

'As jy my vra, slaap almal daarbinne,' sê Kwark.

| | |
|---|---|
| 'Allemaal, behalve de gasten.' | 'Almal, behalwe die gaste.' |
| 'Ga het maar proberen, pappa,' zei Otje. 'Misschien is de kok wel erg blij dat hij hulp kan krijgen. Dan kan hij verder slapen.' | 'Gaan probeer maar, Pappa,' sê Ottie. 'Miskien is die kok baie bly om hulp te kry. Dan kan hy verder slaap.' |
| 'Ja, maar als hij naar m'n papieren vraagt...' zei Tos. 'En je weet...' | 'Ja, maar as hy my papiere vra...' sê Tom. 'En jy weet...' |
| 'Ga nou maar!' riep Otje. | 'Gaan nou maar!' roep Ottie. |
| 'De keukeningang is aan de achterkant!' riep Kwark. | 'Die kombuisdeur is aan die agterkant!' roep Kwark. |
| Met lood in z'n schoenen klopte Tos op de deur van de hotelkeuken. | Met lood in sy skoene klop Tom aan die hotel se kombuisdeur. |
| Toen er niets gebeurde ging hij naar binnen. | Toe daar niks gebeur nie, gaan hy binne. |
| Daar lag de kok. | Daar lê die kok. |
| Tos kuchte. En toen dat niet hielp schudde hij hard met een paar pannen. | Tom kug. En toe dit nie help nie, rammel hy 'n paar kastrolle teen mekaar. |
| 'He? Wat? Wat is er?' vroeg de kok, nog duizelig. | 'He? Wat? Wat gaan aan?' vra die kok, nog deur die slaap. |
| 'Ik wou vragen... kunt u misschien nog een kok gebruiken? Een hulpkok? Een onderkok?' | 'Ek wou vra....kan u miskien nog 'n kok gebruik? 'n Hulpkok? 'n Onderkok?' |
| 'Die zou ik wel kunnen gebruiken,' zei de man. 'Maar ik mag niemand aannemen.' | 'Ek sou wel een kan gebruik,' sê die man. 'Maar ek mag niemand in diens neem nie.' |
| 'Ik kan goed koken,' zei Tos. 'Ik heb weliswaar geen papieren, maar...' | 'Ek kan goed kook,' sê Tom. 'Ek het nou wel nie papiere nie, maar....' |
| De kok dacht even na. Geen papieren... ik zou hem stiekem kunnen aannemen en hem heel weinig loon geven, dacht hij. Dan laat ik hem alles doen. En dan kan ik zelf thuis in bed blijven. | Die kok dink 'n bietjie. Nie papiere nie....ek sou hom skelmpies kon inneem en hom baie min betaal, dink hy. Dan laat ek hom alles doen. En dan kan ek by die huis in die bed bly. |
| 'Ik kan je vijfentwintig gulden per dag geven,' zei hij. | 'Ek kan jou vyf-en-twintig gulde per dag betaal,' sê hy. |
| 'Dat is altijd meer dan niks,' zei Tos. | 'Dis darem beter as niks,' sê Tom. |
| 'Als je 't maar stilhoudt,' zei de kok. 'Mondje toe, aan niemand zeggen. Okee?' | 'Solank jy dit net stilhou,' sê die kok. 'Nie 'n woord rep nie, vir niemand iets sê nie. Oukei?' |
| 'Okee,' zei Tos. 'Wanneer kan ik beginnen ?' | 'Oukei,' sê Tom. 'Wanneer kan ek begin?' |
| 'Over 'n uur.' | 'Oor 'n uur.' |

| | |
|---|---|
| 'Uitstekend. Maar ik wou nog een ding vragen: Kan ik hier ook slapen? Ik bedoel 's nachts. Is er een kamertje ergens voor mij en m'n kleine dochtert je ?' | 'Uitstekend. Maar ek wou nog een ding vra: Kan ek ook hier slaap? Ek bedoel snags. Is daar êrens 'n kamertjie vir my en my klein dogtertjie?' |
| 'Nee,' zei de kok. 'Dat is uitgesloten Alle kamers zijn voor de gasten.' | 'Nee,' sê die kok. 'Dis onmoontlik. Al die kamers is vir die gaste.' |
| 'Misschien op de zolder?' vroeg Tos. | 'Miskien op die solder?' vra Tom. |
| 'Er is geen zolder.' | 'Hier is nie 'n solder nie.' |
| 'Of in de kelder?' | 'Of in die kelder?' |
| 'Er is geen kelder. En hoepel nu op. Over een uur zal ik je alles wijzen, maar laat me nu nog even slapen.' | 'Hier is nie 'n kelder nie. En waai nou asseblief. Oor 'n uur sal ek jou alles wys, maar laat my nou nog eers 'n bietjie slaap.' |
| 'Gelukt! Het is gelukt !' riep Tos, toen hij terugkwam op de parkeerplaats bij Otje en Kwark. 'Ik heb werk! Ook al verdien ik niet veel, dat is toch geweldig ?' | 'Geslaag! Dit het geslaag!' roep Tom toe hy terugkom op die parkeerplek by Ottie en Kwark. 'Ek het werk gekry! Al verdien ek nou nie baie nie, is dit tog wonderlik, nie waar nie?' |
| 'En waar slapen we?' vroeg Otje. | 'En waar slaap ons?' vra Ottie. |
| 'We zullen de slaapzakken hier ergens tussen de auto's moeten leggen, want er is geen kamertje voor ons.' | 'Ons sal die slaapsakke hier êrens tussen die motors moet uitsprei, want daar is nie 'n kamertjie vir ons nie.' |
| 'Hier op het parkeerterrein? Slapen tussen de auto's?' | 'Hier op die parkeerterrein? Moet ons tussen die motors slaap?' |
| 'Ik heb iets veel beters gezien,' zei Kwark. 'De bloembak.' | 'Ek het iets gesien wat baie beter is,' sê Kwark. 'Die blombak.' |
| 'De wat?' | 'Die wat?' |
| 'De bloembak van hotel Do-Do. Aan de zijkant.' | 'Die blombak van Hotel Do-Do. Aan die kant van die gebou.' |
| 'We kunnen toch niet kamperen in een bloembak?' | 'Ons kan tog nie in 'n blombak kampeer nie?' |
| 'Deze is heel groot,' zei Kwark. ''t Is bijna een tuin. Er staan bomen in en struiken en van alles. Kom mee.' | 'Dis 'n baie groot een,' sê Kwark. 'Dis amper 'n tuin. Daar staan bome in en struike en allerhande goed. Kom saam met my.' |

Otje en Tos pakten hun slaapzakken, hun tassen en de mand met muizen. Schichtig om zich heen kijkend volgden ze de kraai naar de zijkant van het hotel. Ze waren bang om gezien te worden, bang dat ze zouden worden weggejaagd door het personeel. Maar omdat het personeel sliep werden ze alleen opgemerkt door een paar gasten die naar hun auto liepen. En die lieten hen rustig doorgaan.

'Kijk,' zei Kwark, 'Is het niet heel prachtig? Dit is de bloembak.'

Het was inderdaad een klein tuintje. Er groeide een palm, er waren dichte struiken en een piepklein gazonnetje, net groot genoeg voor twee slaapzakken.

'Er is zelfs een watervalletje! ' schreeuwde Otje.

'Ssst... niet zo hard. We zitten hier vlak bij de eetzaal,' zei Tos. 'Als ze ons maar niet zien. We mogen hier natuurlijk volstrekt niet kamperen.'

'Niemand kan ons zien,' zei Otje. 'Als we maar tussen de struiken blijven. 0, wat mooi! En ik kan gaan rolschaatsen op het parkeerterrein terwijl jij werkt, pappa. En de muizen mogen hier spelen. Dank je wel, Kwark!'

'Kraaa, tot je dienst,' zei Kwark. 'En tot ziens, ik kom nog wel eens langs.' Hij sloeg z'n vleugels uit en vloog weg.

'Dit is nu ons thuis,' zei Tos. 'De bloembak. Ik ga nu naar m'n werk, jij blijft thuis en als ik straks terugkom breng ik eten mee voor ons en voor de muizen. Ben je gelukkig?'

'Heel gelukkig,' zei Otje. En ze liet Lodewijk en Susie uit hun muizemand.

Ottie en Tom gryp hulle slaapsakke, hulle ander sakke en die mandjie met muise. Terwyl hul bangerig omkyk, volg hulle die kraai na die sykant van die hotel. Hulle was bang hulle word gesien, bang hulle word weggejaag deur die personeel. Maar omdat die personeel aan die slaap was, word hulle net raakgesien deur 'n paar gaste wat na hulle motor loop. En die gaste steur hulle nie aan hulle nie.

'Kyk,' sê Kwark, 'Is dit nie te mooi nie? Hier is die blombak.'

Dit was regtig 'n klein tuintjie. Daar was 'n palm, digte struike en 'n piepklein grasperkie, net groot genoeg vir twee slaapsakke.

'Hier is tot 'n watervalletjie!' skreeu Ottie.

'Sjuut....nie so hard nie. Ons is hier teenaan die eetsaal,' sê Tom. 'As hulle ons nou net nie sien nie. Ons mag natuurlik glad nie hier kampeer nie.'

'Niemand kan ons sien nie,' sê Ottie. 'Solank ons net tussen die struike bly. Ag, hoe mooi! En ek kan gaan rolskaats op die parkeerterrein terwyl jy werk, Pappa. En die muise kan hier speel. Baie dankie, Kwark!'

'Kraaa! dis 'n plesier,' sê Kwark. 'En totsiens, ek sal weer kom inloer.' Hy maak sy vlerke oop en vlieg weg.

'Dit is nou ons tuiste,' sê Tom. 'Die blombak. Ek gaan nou werk toe, jy bly tuis, en as ek later terugkom, bring ek kos saam vir ons en vir die muise. Is jy gelukkig?'

'Baie gelukkig,' sê Ottie. En sy laat vir Lodewyk en Susie uit die mandjie uitklim.

De sleutel van kamer 17

De gasten van hotel Do-Do bleven nooit erg lang. Meestal kwamen ze per auto aan, ze aten en sliepen, ze ontbeten en betaalden en trokken dan weer verder.

In de hal, achter het buro, zat meneer Guus van de Ontvangst. Hij schreef de namen van de gasten op als ze kwamen, hij gaf ze de sleutel van hun kamer en als ze weggingen of uitgingen, nam hij de sleutel aan en hing ’m op het sleutelrek.

Vrijdagmorgen kwam er een dame bij hem aan het buro. Ze zei: ’Meneer Guus, ik heb kamer I7 voor een maand gehuurd, zoals u weet. Maar ik moet een paar dagen op reis. Hier is de sleutel.’

’Goed mevrouw,’ zei meneer Guus geeuwend (ook hij had ’s nachts gedanst). ’We zullen de kamer voor u vrijhouden, er komt niemand in.’

’Ik kan helaas mijn poedeltje niet meenemen,’ zei de dame. ’Kunnen jullie zolang voor hem zorgen?’

’Natuurlijk mevrouw, we zullen uitstekend voor hem zorgen.’

’Elke dag biefstuk!’ zei de dame.

’Elke dag biefstuk,’ beloofde meneer Guus. En hij dacht: Elke dag Bonzo uit een blikje.

Ze reed weg in haar gele sportauto en liet haar poedeltje achter bij de portier.

’Nu kwam er een andere gast aan het buro.

’Ik kom klagen,’ zei hij.

’Wel, wel,’ zei meneer Guus meewarig, ’was er iets niet goed ? Het eten misschien?’ De meeste mensen klaagden over het eten, want de kok had de gewoonte kant-en-klaar-maaltijden op te warmen. Alles smaakte naar plastic.

’Nee, nee,’ zei de gast. ’Integendeel, ik heb gisteravond uitstekend gegeten.’

Die sleutel van kamer 17

Die gaste in die Hotel Do-Do het nooit juis lank gebly nie. Hulle het meesal per motor gekom, geëet en geslaap, ontbyt geëet, betaal en verder gereis.

In die portaal, agter die toonbank, het mnr. Guus van Ontvangs gesit. Hy het altyd die name van die gaste opgeskryf wanneer hulle kom, vir hulle die sleutel van hulle kamers gegee en wanneer hulle weggaan of uitgaan, het hy die sleutel by hulle gekry en op die sleutelbord gehang.

Vrydagoggend kom daar ’n dame by hom by die toonbank. Sy sê: ‘Meneer Guus, ek het kamer 17 vir ’n maand bespreek, soos u weet. Maar ek moet vir ’n paar dae weggaan. Hier is die sleutel.’

‘Goed, mevrou,’ sê mnr. Guus met ’n gaap (ook hy het die vorige nag gaan dans). ‘Ons sal die kamer vir u oop hou, ons sal niemand daarin sit nie.’

‘Ongelukkig kan ek my poedeltjie nie saamneem nie,’ sê die dame. ‘Kan julle solank vir hom sorg?’

‘Natuurlik, mevrou, ons sal baie mooi na hom kyk.’

‘Elke dag biefstuk!’ sê die dame.

‘Elke dag biefstuk,’ beloof meneer Guus. En hy dink by homself: Elke dag Bonzo uit ’n blikkie.

Sy ry weg met haar geel sportmotor en sy los haar poedeltjie by die portier.

Toe kom daar ’n ander gas by die toonbank.

‘Ek kom kla,’ sê hy.

‘Nou toe nou,’ sê meneer Guus meewarig, ‘is daar iets wat nie reg is nie? Miskien die kos?’ Die meeste mense het oor die kos gekla, want die kok het die gewoonte gehad om kitsmaaltye op te warm. Alles het na plastiek gesmaak.

‘Nee, nee,’ sê die gas. ‘Om die waarheid te sê, ek het gisteraand baie lekker geëet.’

Dat klopte want het was de eerste avond dat Tos als kok in de keuken had gestaan. De echte kok kwam helemaal niet meer.

'Wat was er dan niet goed ?' vroeg meneer Guus.

'Nou kijk,' zei de gast. 'Ik ben heel laat opgebleven. Ik zat tot over twaalf in de eetzaal.'

'En?' vroeg meneer Guus.

' Ik vind het schandalig dat de kok in de bloembak slaapt,' zei de gast. 'Zoiets hoort niet in een duur hotel. Een slaapzak tussen de bloemen en de was die hangt te drogen aan een palm.'

'U hebt volkomen gelijk,' zei meneer Guus. 'Ik maak er dadelijk werk van.'

Hij liet z'n buro even in de steek en holde naar de keuken. Daar was Tos druk bezig omeletten te bakken voor de lunch.

'Luister 's even kok,' zei meneer Guus. 'Ik hoor dat jij in de bloembak slaapt. Met een slaapzak en wasgoed aan de palm ! Dat moet onmiddellijk uit zijn! Begrepen ?'

'Jawel meneer,' zei Tos.

Meneer Guus ging terug naar z'n buro. Hij dacht nog vaag: Hee . . .een andere kok? Of niet? Toen viel hij in slaap.

Zodra Tos klaar was met koken, ging hij naar buiten, naar de grote bloembak. Otje was aan het rolschaatsen vlakbij. Ze kwam aanglijden en riep: 'Wat is er pappa?'

'Ssst...kind,' zei Tos radeloos. 'Iets vreselijks. We zijn ontdekt! We mogen hier niet kamperen. Wat nu ? Gauw gauw, alles inpakken!'

'Even rustig blijven,' zei Otje. 'Niet zo haastig, niet zo angstig. Wacht even, ik verzin er wel wat op.'

Ze keek rond.

Er stopte juist een busje met toeristen voor hotel Do-Do. Otje greep een lege tas en liep achter het groepje reizigers mee naar binnen.

Dit was waar want dit was die eerste aand dat Tom as kok in die kombuis gestaan het. Die regte kok het glad nie meer gekom nie.

'Wat is dan verkeerd?' vra meneer Guus.

'Kyk,' sê die gas. 'Ek het baie laat opgebly. Ek het nog tot oor twaalf in die eetsaal gesit.'

'Ja, en toe?' vra meneer Guus.

'Dis 'n skande dat die kok in die blombak slaap,' sê die gas. 'So iets behoort nie in 'n duur hotel te gebeur nie. 'n Slaapsak tussen die blomme en die wasgoed opgehang aan 'n palm.'

'U is heeltemal reg,' sê meneer Guus. 'Ek sal dadelik werk maak daarvan.'

Hy verlaat die toonbank vir 'n rukkie en hol kombuis toe. Daar was Tom druk besig om omelette te bak vir die middagete.

'Hoor hierso, kok,' sê meneer Guus. 'Ek hoor jy slaap in die blombak. Met 'n slaapsak en wasgoed aan die palmboom! Dit moet dadelik end kry! Verstaan jy?'

'Ja, meneer,' sê Tom.

Meneer Guus gaan terug na sy toonbank. Vaagweg dink hy nog: Haai....'n ander kok? Of is dit nie? Toe raak hy weer aan die slaap.

Sodra Tom klaar gekook het, gaan hy buitentoe, na die groot blombak. Ottie was besig om daar naby te rolskaats. Sy kom aangegly en roep: 'Wat makeer, Pappa?'

'Sjuut...kind,' sê Tom radeloos. 'Iets vreesliks het gebeur. Ons is ontdek! Ons mag nie hier kampeer nie. Wat nou? Gou, gou, pak alles in!'

'Bly net kalm,' sê Ottie. 'Moenie so haastig en bang wees nie. Wag maar, ek sal wel 'n plan maak.'

Sy kyk rond.

Net toe stop daar 'n bussie met toeriste voor die Hotel Do-Do. Ottie gryp 'n leë sak en loop agter die groepie reisigers aan na binne.

Daar zat meneer Guus achter het buro. Hij schrok wakker en deed wat hij moest doen: hij vroeg namen en hij reikte de sleutels uit.

Otje stond midden in het rijtje.

Ze deed net alsof ze erbij hoorde. De mensen achter haar dachten dat ze bij de mensen vóór haar hoorde. En de mensen vóór haar zagen haar niet eens. Meneer Guus zag haar wel. Hij dacht dat ze wel bij iemand zou horen, maar bij wie precies... ach, hij was veel te slaperig om daarover na te denken.

Een sleutel kreeg Otje natuurlijk niet. Een kamer kreeg ze niet, ze vroeg er ook niet om. Het was alleen maar de bedoeling dat iedereen zou denken dat ze in dit hotel logeerde. Wel, dat bereikte ze. Otje ging met het groepje mee in de lift. Ze liep boven door de gangen. En ook de liftjongen en de kamermeisjes dachten dat ze een van de gasten was.

Ze besloot ergens in het hotel een hoekje of een hokje te vinden waar ze met haar vader kon kamperen. Maar alle tachtig kamers waren bezet. En er was geen enkel plekje waar je ongemerkt een slaapzak kon neerleggen.

Teleurgesteld ging Otje naar beneden. Vlak bij de ingang was wel een heel klein vertrekje, maar dat was het portiershok, daar zat meestal de portier te slapen. De portier was er nu niet. Otje keek naar binnen. Er zat een hondje. Een mooi wit poedeltje. 'Hallo,' zei ze. 'Hoe heet je?'

'Ik heet Heppie,' zei het hondje treurig. 'Maar ik ben niet heppie. Mijn vrouwtje, mijn bazin, heeft me hier achtergelaten bij de portier en zelf is ze op reis. Ben jij ook niet heppie?'

'Ik ook niet,'zei Otje. 'Ik kan nergens slapen.' En ze vertelde alles over zichzelf en haar vader.

'Weet je wat je doet?' zei Heppie. 'De kamer van m'n vrouwtje staat immers leeg? Ze is er toch niet. Ga daar slapen.'

'Hoe kom ik aan de sleutel?' vroeg Otje.

'Nummer 17 zei Heppie. 'Hij hangt aan het rek.'

Daar sit meneer Guus agter die toonbank. Hy skrik wakker en doen wat hy moet doen: hy vra name en hy gee sleutels uit.

Ottie staan in die middel van die ry.

Sy maak net asof sy daar hoort. Die mense agter haar dink sy hoort by die mense vóór haar. En die mense vóór haar sien haar nie eers nie. Meneer Guus sien haar darem. Hy dink sy hoort wel by iemand, maar by wie presies... ag, hy is glad te vaak om verder daaraan te dink.

'n Sleutel het Ottie natuurlik nie gekry nie. En 'n kamer het sy nie gekry nie, sy het ook nie vir een gevra nie. Haar plan was maar net dat almal moes dink dat sy in die hotel bly. En daarin het sy geslaag. Ottie gaan saam met die groepie in die hysbak op. Bo loop sy deur die gange. En ook die hysbakseun en die kamermeisies dink sy is een van die gaste.

Sy het besluit om êrens in die hotel 'n hoekie of 'n hokkie te kry waar sy en haar pa kon kampeer. Maar al tagtig die kamers was beset. En daar was nie 'n enkele plekkie waar jy ongemerk 'n slaapsaak kon oopgooi nie.

Teleurgesteld gaan Ottie ondertoe. Teenaan die ingang was daar wel 'n baie klein kamertjie, maar dit was die portier se plek en hy het meesal daar gesit en slaap. Op hierdie oomblik was die portier nie daar nie. Ottie kyk daar in. Daar sit 'n hondjie. 'n Mooi wit poedeltjie. 'Hallo,' sê sy. 'Wat is jou naam?'

'My naam is Happy,' sê die hondjie treurig. 'Maar ek is nie happy nie. My nooi, my eienares, het my hier by die portier gelos en sy het op reis gegaan. Is jy ook nie happy nie?'

'Nee, ek ook nie,' sê Ottie. 'Ek kan nêrens slaap nie.' En sy vertel alles van haar en haar pa.

'Weet jy wat kan jy doen?' sê Happy. 'My nooi se kamer staan mos leeg? Sy is tog nie hier nie. Gaan slaap daar.'

'Hoe kry ek die sleutel in die hande?' vra Ottie.

'Nommer 17,' sê Happy. 'Hy hang op die sleutelbord.'

'Bedankt,' zei Otje. Ze ging naar het buro en zei: 'Nummer I7 graag.'

Meneer Guus greep geeuwend achter zich en reikte haar de sleutel aan. Even kwam er traag een gedachte bij hem op . . . nummer 17 . . . was dat niet de kamer van... en had die een kind? Had die niet een hondje. . . ? Maar van dat denken werd hij zo slaperig dat hij niet verder kon denken.

Otje ging met de sleutel in haar hand in de lift. Ze was erg bang dat ze boven op de gang een kamermeisje zou tegenkomen die zou vragen: 'Wat doe jij hier, jij hoort hier niet.' Er was wel een kamermeisje Op de gang vlak voor nummer 17. Maar ze was diep in slaap.

'Baie dankie,' sê Ottie. Sy gaan na die toonbank en sê: 'Nommer 17 asseblief.'

Met 'n gaap steek meneer Guus sy hand agtertoe en gee vir haar die sleutel aan. Vir 'n oomblik kom 'n moeë gedagte by hom op...nommer 17.... was dit nie die kamer van....en het sy 'n kind? Het sy nie 'n hondjie nie....? Maar van al die gedinkery word hy so vaak dat hy nie verder kan dink nie.

Ottie het met die sleutel in haar hand in die hysbak opgegaan. Sy was baie bang dat sy bo in die gang 'n kamermeisie sou teëkom wat sou vra: 'Wat maak jy hier, jy hoort nie hier nie.' Daar was wel 'n kamermeisie in die gang vlak voor nommer 17. Maar sy was vas aan die slaap.

Een gele sportauto

Otje deed de deur open met haar sleutel en ging naar binnen.

Kamer 17 was groot en licht en mooi. Er stonden twee bedden, er lagen zachte kleden op de vloer, er was een badkamer bij en er waren drie schemerlampen.

'Een eigen kamer...' zuchtte Otje. 'We hebben een hele eigen kamer. Ik ga het meteen aan pappa vertellen.'

Tos was aan 't werk in de keuken. Hij had de slaapzakken en de muizemand vlak bij zich en hij zei dadelijk: 'Heb je iets gevonden? Heb je een hoekje voor ons gevonden om te slapen?'

'We hebben een kamer,' zei Otje. En ze vertelde hoe het was gelukt.

'Als je klaar bent met werken, pappa, kom dan ook. Het is nummer 17. Ik neem vast de muizen mee. En we leggen de slaapzakken in een kast op de gang.'

'Maar kind,' zei Tos. 'We mogen niet zomaar in een kamer. Weet je wel dat een nachtje slapen in zo'n kamer honderd gulden kost?'

'Maar hij staat toch leeg?' riep Otje. 'Niemand heeft toch last van ons?'

'Ja maar,' zei Tos ongelukkig, 'als die dame onverwachts terugkomt, wat dan? Hoe heet ze? Waar is ze naar toe? Hoe lang blijft ze weg?'

'Ik zal het nog eens aan haar hondje vragen,' zei Otje.

Ze vond het poedeltje Heppie beneden in het portiershok.

'Hoe heet die mevrouw van je?' vroeg ze. 'En hoe lang blijft ze weg? En waar is ze naar toe?'

'n Geel sportmotor

Ottie sluit die deur oop met haar sleutel en gaan binne.

Kamer 17 was groot en lig en mooi. Daar was twee beddens, sagte matte op die vloer, daar was 'n badkamer by en drie lampe met 'n sagte lig.

''n Eie kamer...' sug Ottie. 'Ons het 'n hele kamer vir onsself. Ek gaan nou dadelik vir Pappa vertel.'

Tom was besig om te werk in die kombuis. Hy het die slaapsakke en die mandjie met muise naby hom neergesit en hy sê dadelik: 'Het jy iets gekry? Het jy 'n hoekie vir ons gekry om in te slaap?'

'Ons het 'n kamer,' sê Ottie. En sy vertel hoe sy dit reggekry het.

'As jy klaar gewerk het, Pappa, kom dan soontoe. Dis nommer 17. Ek neem solank die muise saam. En die slaapsakke bêre ons in 'n kas in die gang.'

'Maar my kind,' sê Tom. 'Ons kan nie sommer in 'n kamer ingaan nie. Weet* jy dat een nag se slaap in so 'n kamer honderd gulde kos?'

'Maar hy staan tog leeg?' roep Ottie. 'Ons pla tog niemand nie?'

'Ja maar,' sê Tom ongelukkig, 'as die dame onverwags terugkom, wat dan? Wat is haar naam? Waarheen is sy? Hoe lank gaan sy wegbly?'

'Ek sal weer vir haar hondjie vra,' sê Ottie.

Sy kry vir Happy, die poedeltjie, onder in die portier se hokkie.

'Wat is jou nooi se naam?' vra sy. 'En hoe lank gaan sy wegbly? En waarheen is sy?'

'Niet zoveel vragen tegelijk,' zei Heppie. 'Mijn vrouwtje heet mevrouw Bontebaai. Ze laat me heel vaak alleen, dan is ze op reis voor zaken. Soms komt ze dezelfde dag onverwachts terug. Dikwijls midden in de nacht. Maar af en toe moet ze naar New York. Dan parkeert ze haar gele sportwagen op het vliegveld. En dan blijft ze wel tien dagen weg.'

'En je weet niet of ze nu...?' vroeg Otje.

'Ik weet niets,' zei Heppie. 'Aan mij heeft ze niets gezegd.'

Otje ging terug naar kamer 17 en liet de muizen uit hun mandje. Ze liepen dadelijk de hele kamer rond, klommen in de schemerlampen, kropen onder de bedden en vonden alles prachtig.

'Misschien is het maar voor heel even,' zei Otje somber. Ze voelde zich helemaal niet veilig. Het was immers mogelijk dat mevrouw Bontebaai die zelfde dag nog terug zou komen. Ze deed het raam open en keek naar buiten.

'Kraaa!' hoorde ze vlakbij.

'Kom maar binnen, Kwark.'

'Ik zocht overal naar jullie,' zei Kwark. 'Wonen jullie nu binnen?'

'Eventjes maar,' zei Otje. Ze vertelde het hele verhaal en vroeg: 'Kun jij niet eens rondvliegen en uitkijken naar een gele sportauto?'

'Ik?' riep Kwark. 'Uitkijken naar een auto? Er zijn honderdduizend wegen en miljoen auto's! Wat denk je wel?'

'Ik dacht... als we wisten hoe ver ze hier vandaan is...' begon Otje.

'Onzin,' zei Kwark. 'En misschien komt ze vannacht aan. Ik zie geen auto's als ik slaap. Zelfs geen gele auto's.'

'Nee, je hebt gelijk,' zuchtte Otje.

'Een oogje in 't zeil houden, dat kan altijd,' zei Kwark. 'Ik kom nog wel eens langs.'

'Nie so baie vrae op een slag nie,' sê Happy. 'My nooi is mevrou Pelsekleed. Sy laat my baiekeer alleen bly, dan gaan sy op reis vir sake. Partykeer kom sy dieselfde dag onverwags terug. Dikwels in die middel van die nag. Maar af en toe moet sy New York toe gaan. Dan parkeer sy haar geel sportmotor by die lughawe. En dan bly sy sommer tien dae weg.'

'En jy weet nie of sy nou...?' vra Ottie.

'Ek weet niks,' sê Happy. 'Vir my het sy niks gesê nie.'

Ottie gaan terug na kamer 17 en laat die muise uit hulle mandjie uitkom. Hulle loop dadelik die hele kamer deur, klim in die bedlampe, kruip onder die beddens in en hou baie van alles.

'Dalk is dit maar net vir 'n baie klein rukkie,' sê Ottie bedruk. Sy voel* glad nie veilig nie. Dit was dan moontlik dat mevrou Pelsekleed dieselfde dag kon terugkom. Sy maak die venster oop en kyk uit.

'Kraaa!' hoor sy naby haar.

'Kom maar binne, Kwark.'

'Ek het julle orals gesoek,' sê Kwark. 'Woon julle nou binne in die hotel?'

'Net vir 'n rukkie,' sê Ottie. Sy vertel die hele verhaal en vra: 'Kan jy nie 'n bietjie rondvlieg en uitkyk vir 'n geel sportmotor nie?'

'Ek?' roep Kwark. 'Uitkyk vir 'n motor? Daar is honderdduisende paaie en miljoene motors! Hoe werk jou kop dan?'

'Ek dog... as ons weet hoe ver hiervandaan sy is...' begin Ottie.

'Onsin,' sê Kwark. 'En miskien kom sy vannag. Ek sien nie motors as ek slaap nie, nie eers geles nie.'

'Nee, jy is reg,' sug Ottie.

'Ek kan altyd 'n ogie in die seil hou,' sê Kwark. 'Ek sal weer 'n draai hier kom maak.'

Hij vloog weg en Otje ging in een van de twee bedden liggen. Maar al was het een heerlijk zacht en warm bed, erg rustig lag ze niet. Ze hoopte dat haar vader gauw klaar zou zijn met z'n werk. En dat hij iets te eten zou meebrengen. Ze piekerde over de mevrouw die misschien plotseling terug zou komen. Ze tobde en peinsde... en viel in slaap.

Ze werd wakker met een schok door een oorverdovend getjilp en gepiep. De kamer was vol vogels. Ze zaten aan het voeteneind en op de bovenrand, ze zaten op de lampen en op het vloerkleed en in de badkamer en ze kwetterden allemaal zo hard, dat Otje er niets van kon verstaan.

'Kraaa!' riep Kwark boven alles uit. 'Even bekken dicht.'

'Ik heb ze allemaal meegebracht,' zei hij tegen Otje. 'Er is een heel goeie kennis van je bij. Kijk maar.'

Een mus hipte op Otjes kussen, vlak bij haar oor.

'Toep!' riep ze. 'Wat leuk om je weer te zien.'

'Luister,' zei Kwark. 'Ik heb aan alle vogels in de buurt gevraagd om uit te kijken naar een gele sportauto.'

'We hebben het aan elkaar doorgegeven,' zei een spreeuw. 'We hebben het bericht doorgestuurd, de een gaf het weer door aan de ander.'

'En ik heb 'm gevonden !' schreeuwde Toep. 'Want ik zat in een boom bij het vliegveld. En daar op de parkeerplaats staat een gele sportauto met een blauw vlaggetje. Jawel, jawel!'

'Bedankt,' zei Otje. 'Bedankt allemaal.'

'Graag gedaan,' riepen de vogels en ze poepten op de dekbedden, de kussens, de lampen en de vloerkleden. Otje keek wel even verschrikt maar ze besloot er niets van te zeggen. Straks was ik het er wel weer uit, dacht ze.

'Moeten we nog papieren voor je halen?' vroeg Toep.

Hy vlieg weg en Ottie gaan op een van die twee beddens lê. Maar al was* dit 'n heerlike sagte, warm bed, lê sy tog nie baie rustig nie. Sy hoop haar Pa kry gou klaar met sy werk. En dat hy iets te ete sal saambring. Sy bekommer haar oor die mevrou wat miskien gou sou* terugkom. Sy dink oor en oor aan dieselfde dinge....en raak aan die slaap.

Sy word met 'n skok wakker van 'n oorverdowende getjilp en gepiep. Die kamer was* vol voëls. Hulle sit op die voetenent en koppenent van die bed, op die lampe en op die mat en in die badkamer en hulle kwetter almal so hard dat Ottie niks daarvan kan verstaan nie.

'Kraa!' roep Kwark bo alles uit. 'Hou bietjie julle bekke.'

'Ek het hulle almal saamgebring,' sê hy vir Ottie. 'Daar is een by wat jy baie goed ken. Kyk 'n bietjie.'

'n Mossie wip op Ottie se kussing, vlak by haar oor.

'Toep!' roep sy. 'Dis lekker om jou weer te sien.'

'Luister,' sê Kwark. 'Ek het al die voëls hier in die omgewing gevra om uit te kyk vir 'n geel sportmotor.'

'Ons het dit vir mekaar vertel,' sê 'n spreeu. 'Ons het die berig aangestuur, van die een na die ander.'

'Ek het hom gekry!' skreeu Toep. 'Want ek het in 'n boom by die lughawe gesit. En daar op die parkeerterrein staan 'n geel sportmotor met 'n blou vlaggie. Ja regtig, ja regtig!'

'Baie dankie,' sê Ottie. 'Baie dankie, almal.'

'Dis 'n plesier,' roep die voëls en hulle maak poefies op die dekens, die kussings, die lampe en die matte. Ottie skrik wel 'n bietjie toe sy dit sien, maar sy besluit om niks daaroor te sê nie. Ek sal dit netnou weer uitwas, dink sy.

'Moet ons nog papiere vir jou bring?' vra Toep.

'Dat hoeft echt niet meer,' zei Otje.

'Jammer, het was zo leuk om te doen. Als het nodig is zeg je het maar.'

Toen de vogels weg waren en Otje zo goed mogelijk de vieze vlekken had weggewassen, ging ze naar beneden om met het poedeltje Heppie te praten.

'De auto staat op het vliegveld geparkeerd,' zei ze. 'Een gele sportauto met een blauw vlaggetje.'

'Dat is 'm,' zei Heppie. 'Op het vliegveld? Dan is ze naar New York.'

'En dan kan ze niet vandaag al terug zijn?' vroeg Otje. 'Of morgen?'

'Nee natuurlijk niet,' zei Heppie. 'Dan blijft ze tien dagen weg.'

'O Heppie, wat heerlijk,' zei Otje.

Ze ging terug naar de kamer en eindelijk voelde ze zich op haar gemak. Ze deed een kast open. Daar hingen de kleren van mevrouw Bontebaai. Otje kon de verleiding niet weerstaan. Ze trok een japon aan, zette een hoed op en ging voor de spiegel staan. Zo stond ze nog, toen Tos binnenkwam.

Hij moest erg lachen. 'Trek ze gauw uit, m'n kind,' zei hij. 'Ik heb eten meegebracht uit de keuken. Ik ben heel voorzichtig hierheen geslopen en niemand heeft me gezien. Maar ik ben wel erg bang dat de dame terugkomt.'

'Ze komt nog lang niet, pappa,' zei Otje.

'Hoe weet je dat?'

Otje vertelde het hem.

En daarna gingen ze eten, samen met de muizen.

'Dis regtig nie meer nodig nie,' sê Ottie.

'Dis jammer, want dit was so lekker om dit te doen. Jy moet maar sê as dit nodig is.'

Toe die voëls weg was en Ottie so goed as moontlik die vuil kolle afgewas het, gaan sy ondertoe om met Happy die poedeltjie te praat.

'Die motor staan by die lughawe geparkeer,' sê sy. ''n Geel sportmotor met 'n blou vlaggie.'

'Dis hy,' sê Happy. 'By die lughawe? Dan is sy New York toe.'

'En dan kan sy nie vandag al terug wees nie?' vra Ottie. 'Of môre nie?'

'Nee, natuurlik nie,' sê Happy. 'Dan bly sy tien dae weg.'

'Ag, Happy, hoe lekker,' sê Ottie.

Sy gaan terug na die kamer toe, en eindelik voel sy gerus. Sy maak 'n kas oop. Daar hang mevrou Pelsekleed se klere. Ottie kon* die versoeking nie weerstaan nie. Sy trek 'n rok aan, sit 'n hoed op en gaan voor die spieël staan. Sy staan nog so toe Tom binnekom.

Hy kon nie help om vreeslik te lag nie. 'Trek dit gou uit, my kind,' sê hy. 'Ek het kos saamgebring van die kombuis af. Ek het baie versigtig hiernatoe gesluip en niemand het my gesien nie. Maar ek is tog baie bang die dame kom terug.'

'Sy kom nie nou al nie, Pappa,' sê Ottie.

'Hoe weet jy?'

Ottie vertel hom.

En toe begin hulle te eet, saam met die muise.

## Het verhaal van de schrijver

In kamer 23 van hotel Do-Do logeerde een van de weinige gasten die langer dan een dag bleven. Hij heette Marius Mengel en hij was schrijver. Om rustig zijn nieuwe boek te schrijven had hij de kamer voor veertien dagen gehuurd en nu zat hij ingespannen te tikken op z'n schrijfmachine.

Er waren al vijf hoofdstukken klaar, de tafel en de vloer lagen vol dichtbetypte papieren. Nu was hij bezig aan hoofdstuk 6, dat ging over een dappere brandweerman die een meisje met haar poes uit een brandend huis redt.

Hij stopte even met tikken.

Of zou ik die kat laten omkomen? dacht hij. Dat is treurig, maar een boek mag toch ook wel een beetje treurig zijn, af en toe? Hij besloot er nog even over na te denken tijdens de lunch, hij liet alle papieren liggen en ging naar de eetzaal, waar de halfslapende ober hem na lang wachten een maaltijd voorzette van bloemkool met saucijsjes.

De bediening blijft slecht, dacht de schrijver, maar het eten is de laatste dagen veel beter. Zou er een nieuwe kok zijn? Ik zal er een flesje wijn bij nemen.

Toen hij eindelijk z'n servet neerlegde en naar boven ging, naar z'n kamer, voelde hij zich een tikje duizelig maar erg gelukkig.

De kat moet omkomen, dacht hij. Tragisch, maar veel echter. Hij zette zich aan de schrijfmachine maar... z'n hoofdstuk 6 was weg! Drie van de vier velletjes waren verdwenen ! Hoe kon dat ? Uit het raam gewaaid ? Maar er was geen wind. Hij zocht tussen de papieren op tafel, hij zocht tussen de papieren op de vloer, kruipend op handen en voeten en toen hij opstond was ook het vierde velletje verdwenen. Terwijl het er net nog lag !

Te veel wijn gedronken, dacht de schrijver. Even op bed gaan liggen. Laten bezinken. Rustig blijven. Geen paniek. Straks weer verder zoeken.

## Die verhaal van die skrywer

In kamer 23 van die Hotel Do-Do het een van die min gaste gewoon wat langer as een nag gebly het. Sy naam was Marius Mengel en hy was 'n skrywer. Om rustig sy nuwe boek te skryf het hy die kamer vir veertien dae gehuur en nou was hy besig om met groot konsentrasie te werk op sy tikmasjien.

Daar is al vyf hoofstukke klaar, die tafel en die vloer lê vol volgetikte papiere. Hy is nou besig aan hoofstuk ses wat gaan oor 'n dapper brandweerman wat 'n meisie met haar kat uit 'n brandende huis red.

Hy hou 'n oomblik op met tik.

Of sal ek die kat laat omkom? dink hy. Dit is treurig, maar 'n boek mag tog ook af en toe 'n bietjie treurig wees? Hy besluit om nog 'n bietjie daaroor te dink terwyl hy gaan eet. Hy laat al die papiere lê en gaan na die eetsaal toe, waar die kelner wat half aan die slaap is, hom na 'n lang wag 'n maaltyd van blomkool en worsies voorsit.

Die bediening bly maar sleg, dink die skrywer, maar die kos is die laaste paar dae baie beter. Sou daar 'n nuwe kok wees? Ek gaan 'n botteltjie wyn by die kos neem.

Toe hy eindelik sy servet neersit en boontoe gaan, na sy kamer, voel hy 'n bietjie duiselig, maar baie gelukkig.

Die kat moet omkom, dink hy. Tragies, maar baie meer lewensgetrou. Hy gaan sit by die tikmasjien, maar.... sy hoofstuk 6 was weg! Drie van die vier bladsye het verdwyn! Hoe is dit moontlik? Dalk by die venster uitgewaai? Maar daar was nie wind nie. Hy soek tussen die papiere op die tafel, hy soek tussen die papiere op die vloer, kruip hande viervoet rond en toe hy opstaan is ook die vierde vel weg. Terwyl dit nou net nog daar was!

Te veel wyn gedrink, dink die skrywer. Eers 'n bietjie op die bed gaan lê, dat die wyn 'n bietjie afsak. Kalm bly. Nie paniekerig word nie. Netnou weer verder soek.

In kamer 17 kwam een mus door het raam vliegen met een vel papier in z'n snaveltje. Hij legde het triomfantelijk op tafel, waar al drie andere vellen lagen en riep: 'Tsjiep!'

Er kwam geen antwoord.

'Tsjiep!' riep de mus nog eens dringend.

Tos kwam uit de badkamer met natte haren en in z'n kamerjas. Hij had na de lunch altijd een paar uur vrij en nam dan een bad.

'Wat heb je daar nou?' vroeg hij.

'Papieren,' riep Toep de mus. 'Papieren gehaald voor jullie.'

'Maar dat moet je niet doen,' zei Tos. 'Dat mag niet.'

'O nee?' zei Toep teleurgesteld. 'En ik heb zo m'n best gedaan ! Ik deed het voor jullie, voor Otje en jou. En 't is nog gevaarlijk ook, weet je dat?'

'Ja ja, ik ben echt erg dankbaar,' zei Tos, 'maar op 't moment heb ik papieren genoeg.'

'Er zijn er nog veel meer hoor, daar waar ik ze vandaan heb gehaald.'

'Nee nee, het hoeft niet meer. Bedankt.'

Toep vloog weg en Tos ging in bed liggen, met de papieren.

Otje was buiten aan het rolschaatsen, maar de muizen Lodewijk en Suzie zaten gezellig bij hem.

'Een verhaal...' zei Tos. 'Het is een hoofdstuk van een boek dat nog gedrukt moet worden.'

'Is het spannend?' vroeg Lodewijk. 'Lees eens voor.'

Tos begon te lezen. Het was inderdaad een adembenemend verhaal. Over het huis dat in brand stond, het meisje dat opgesloten was in haar kamer en radeloos heen en weer liep.

'De vloer brandde reeds,' las Tos, 'de poes zat in de gordijnen.'

'Een poes?' riep Lodewijk.

In kamer 17 kom 'n mossie deur die venster ingevlieg met 'n vel papier in sy bekkie. Hy sit dit triomfantelik op die tafel neer waar al drie die ander velle lê en roep: 'Tsjiep!'

Daar kom geen antwoord nie.

'Tsjiep!' roep die mossie weer dringend.

Tom kom uit die badkamer met nat hare en sy kamerjas aan. Na die middagete het hy altyd 'n paar uur vry, en bad dan gewoonlik.

'Wat het jy daar?' vra hy.

'Papiere,' roep Toep die mossie. 'Papiere gebring vir julle.'

'Maar jy moet dit nie doen nie,' sê Tom. 'Dis verkeerd.'

'Ag, mag ek nie?' sê Toep teleurgesteld. 'En ek het so baie moeite gedoen! Ek het dit vir julle gedoen, vir jou en Ottie. En dis boonop gevaarlik, weet jy?'

'Ja, ja, ek is baie dankbaar,' sê Tom, 'maar op die oomblik het ek genoeg papiere.'

'Daar is nog baie meer waar ek hierdie gekry het, hoor.'

'Nee, nee, dis nie nodig nie. Baie dankie.'

Toep vlieg weg en Tom gaan lê op sy bed met die papiere.

Ottie was buite besig om te rolskaats, maar die muise, Lodewyk en Susie, het hom geselskap gehou.

''n Storie...' sê Tom. 'Dit is 'n hoofstuk van 'n boek wat nog gedruk moet word.'

'Is dit spannend?' vra Lodewyk. 'Lees 'n bietjie hard.'

Tom begin te lees. Dit was regtig 'n asemrowende verhaal. Van die huis wat aan die brand was, die meisie wat opgesluit was in haar kamer en besig om radeloos heen en weer te loop.

'Die vloer was reeds aan die brand,' lees Tom. 'Die kat het bo in die gordyne gesit.'

''n Kat?' roep Lodewyk.

| | |
|---|---|
| 'Een doordringende rook verstikte Emilia schier...' | ''n Deurdringende rook verstik Emilia bykans...' |
| 'Heet ze Emilia Schier?' vroeg Suzie. | 'Is haar naam Emilia Bykans?' vra Susie. |
| 'Nee, schier betekent "bijna",' zei Tos. 'Verstikte haar bijna, doch op dat moment verscheen de helm van een brandweerman voor het raam. Met een bijl sloeg hij de ruiten in. Hij vatte Emilia bij de tengere leest en legde haar over zijn schouders. Red astublieft mijn Mimi...' fluisterde ze. | 'Nee, bykans beteken "byna",' sê Tom. 'Verstik haar byna, dog op daardie oomblik verskyn die helm van 'n brandweerman voor die venster. Met 'n byl slaan hy die glas stukkend. Hy neem Emilia se tengerige gestalte oor sy skouer. Red asseblief my Miemie...' fluister sy. |
| 'Is dat de kat?' vroeg Lodewijk. 'Redt hij de kat ook?' | 'Is dit die kat?' vra Lodewyk. 'Gaan hy die kat ook red?' |
| 'Dat weet ik niet,' zei Tos. 'Hier houdt het op.' | 'Ek weet nie,' sê Tom. 'Hier hou dit op.' |
| 'Hij moet die rotkat niet redden !' schreeuwde Lodewijk. | 'Hy moet die vervloekte kat nie red nie!' skreeu Lodewyk. |
| 'Stil,' zei Tos. 'Het is maar een verhaal.' | 'Stil,' sê Tom. 'Dis maar net 'n storie.' |
| Buiten was Otje aan het rolschaatsen op de parkeerruimte bij het hotel. Ze reed behendig tussen geparkeerde auto's door. Op een open stuk reed ze hard en woest en boing... tegen iemand aan. Iemand die op de grond lag bij de bloembak. | Buite was Ottie besig om te rolskaats op die parkeerplek by die hotel. Sy ry behendig tussen die geparkeerde motors deur. Op 'n oop stuk ry sy hard en woes en boing... vas teen iemand. Iemand wat op die grond lê by die blombak. |
| '0, neem me niet kwalijk!' riep Otje. 'Heb ik u pijn gedaan?' | 'O, ekskuus tog!' roep Ottie. 'Het ek u seergemaak?' |
| 'Nee nee, 't is niets,' zei de man. 'Ik lag op m'n knieen omdat ik zoek naar papieren die uit m'n raam zijn gewaaid, wat niet kan want er is geen wind, maar wat wel moet want waar zijn ze anders?' | 'Nee, nee, dis niks nie,' sê die man. 'Ek het op my knieë gestaan want ek was besig om te soek vir my papiere wat by die venster uit gewaai het, wat onmoontlik is, want daar is nie wind nie, maar dit moet so wees, want waar is hulle anders?' |
| 'Was uw raam open?' vroeg Otje. Er kwam een vermoeden bij haar op. De vogels... Kwark? Of Toep? | 'Was u venster oop?' vra Ottie. Daar kom 'n vermoede by haar op. Die voëls... Kwark? Of Toep? |
| 'Wat is het nummer van uw kamer?' vroeg ze. | 'Wat is u kamernommer?' vra sy. |
| 'Nummer 23. Mijn naam is Marius Mengel. Ik ben schrijver. En dit was hoofdstuk 6 van mijn nieuwe boek. Het gaat over een...' | 'Nommer 23. My naam is Marius Mengel. Ek is 'n skrywer. En dit was hoofstuk 6 van my nuwe boek. Dis van 'n ....' |
| Hij zweeg want Otje reed van hem weg in grote haast. Hij zag haar op rolschaatsen de stoep opkrabbelen en door de hoteldeur verdwijnen. | Hy bly stil, want Ottie skaats met groot haas van hom af weg. Hy sien hoe sy met die rolskaatse die stoep opsukkel en deur die hoteldeur verdwyn. |

'Merkwaardig...' mompelde Marius Mengel. 'Ze wil niet eens horen waar mijn verhaal over gaat.'

'Snaaks...' mompel Marius Mengel. 'Sy wil nie eers hoor waaroor gaan my storie nie.'

Brandnetels voor de soep

De schrijver Marius Mengel zat moedeloos op zijn hotelkamer. Hij zocht niet langer naar zijn verloren papieren. 'Dat hoofdstuk is weg,' zei hij somber. ' Ik moet het helemaal overnieuw schrijven.'

Toen werd er aan de deur geklopt.

'Ja!' riep hij.

Het kleine meisje van de rolschaatsen kwam binnen. En achter haar stond de kok, met velletjes papier in z'n hand.

'Mijn hoofdstuk !' juichte de schri jver. 'Alle vier bladzijden! Waar waren ze?'

'Tja,' zei Tos, 'dat kwam doordat de vogels . . .'

'Ze lagen bij de keukendeur,' zei Otje snel. 'Weggewaaid, denken we.'

'0, wat ben ik gelukkig,' zei de schrijver. 'Mag ik jullie wat geven? Een tientje ?'

'Nee nee,' zei Tos. 'Dank u, dat is volstrekt niet nodig. Maar wat we erg graag zouden willen weten is... eh... wordt de poes ook gered in uw verhaal ?'

'Dus u hebt het gelezen?' vroeg de schrijver.

'Misschien mocht dat niet,' zei Tos, 'maar de eerste regels waren zo spannend dat ik door bleef lezen. Ik heb het ook aan m'n dochtertje voorgelezen.'

'En wordt de poes uit de brand gered?' vroeg Otje.

'Dat weet ik nog niet,' zei de schrijver.

'Weet u dat niet? Maar het is toch een verhaal? En het verhaal gaat toch verder ?'

'Dat is het juist,' zei de schrijver. 'Ik verzin zelf hoe het verder gaat. En ik mag alles verzinnen wat ik wil. Ik wou eigenlijk de kat laten omkomen bij de brand. '

'Nee nee nee!' riep Otje. 'Nee, wat gemeen !'

'Goed,' zei Marius Mengel. 'Dan zal ik de kat laten redden.'

Brandnetels vir die sop

Die skrywer Marius Mengel sit moedeloos in sy hotelkamer. Hy soek nie meer na sy verlore papiere nie. 'Daardie hoofstuk is weg,' sê hy terneergedruk. 'Ek sal dit heel-temal van vooraf moet skryf.'

Toe kom daar 'n klop aan die deur.

'Ja!' roep hy.

Die klein meisie wat hy sien rolskaats het, kom binne. En agter haar staan die kok met velletjies papier in sy hand.

'My hoofstuk!' juig die skrywer. 'Al vier bladsye! Waar was hulle?'

'Tja,' sê Tom, 'dis deur die voëls....'

'Hulle het by die kombuisdeur gelê,' sê Ottie vinnig. 'Seker weggewaai, dink ons.'

'Ag, hoe gelukkig is ek tog,' sê die skrywer. 'Kan ek vir julle iets gee? Tien gulde?'

'Nee, nee,' sê Tom. 'Baie dankie, dis beslis nie nodig nie. Maar wat ons baie graag sou wil weet is.. eh...word die kat ook gered in u verhaal?'

'U het dit dus gelees?' vra die skrywer.

'Miskien mag ons dit nie gedoen het nie,' sê Tom, 'maar die eerste reëls was so spannend dat ek aangehou het met lees. Ek het dit ook vir my dogtertjie voorgelees.'

'En word die kat uit die brand gered?' vra Ottie.

'Ek weet nog nie,' sê die skrywer.

'Weet u nie? Maar dit is tog 'n storie? En die storie gaan tog verder?'

'Dis juis die ding,' sê die skrywer. 'Ek moet self uitdink hoe dit verder gaan. En ek kan enigiets uitdink wat ek wil. Ek wou eintlik die kat laat omkom in die brand.'

'Nee nee nee!' roep Ottie. 'Nee, hoe gemeen!'

'Goed,' sê Marius Mengel. 'Dan sal ek die kat laat red.'

Hij glimlachte en zei tegen Tos: 'Het eten was weer heerlijk vandaag.'

'Dank u!' zei Tos blij. 'Is er soms iets dat ik speciaal voor u mag koken?'

'Het lekkerste vind ik brandnetelsoep,' zei de schrijver. 'Dat krijgt men nooit in een hotel.'

'Vanavond krijgt u brandnetelsoep,' zei Tos. 'Ik geef Otje rubber handschoenen mee om ze ergens te gaan plukken.'

Voordat Otje het hotel uitging om op zoek te gaan naar brandnetels schudde ze de portier wakker en vroeg: 'Mag ik het poedeltje een tijdje mee uitnemen ?'

'Tja..' zei de portier. 'Hij is niet van mij. Hij is van mevrouw Bontebaai. En hij mag niks verkeerds eten. En hij mag zich niet vuilmaken.'

'Ik zal erop letten,' zei Otje.

Ze nam Heppie mee aan de lijn. Hij was dolgelukkig dat hij mee mocht.

'Vertel 's, wat zou je nu het allerliefste willen doen?' vroeg Otje.

Heppie dacht even na.

'Los!' zei hij toen.

'Straks mag je los. En wat wil je dan het liefst?'

'Kippen opjagen,' zei Heppie zonder te aarzelen.

'Kippen opjagen ? Maar je wil ze toch niet echt kwaad doen?'

'Nee, enkel lekker opjagen.'

'Maar waar vinden we kippen,' zei Otje. 'O, daar komt Kwark aanvliegen. Die weet het wel.'

'Ik zal jullie de weg wijzen naar een boerderij,' zei Kwark. 'Ik vlieg wel vooruit.'

Hy glimlag en sê vir Tom: 'Die kos was vandag heerlik.'

'Baie dankie' sê Tom. 'Is daar dalk iets wat ek spesiaal vir u kan gaarmaak?'

'Vir my is brandnetelsop die lekkerste,' sê die skrywer. 'Dit kry 'n mens nooit in 'n hotel nie.'

'Vanaand kry u brandnetelsop,' sê Tom. 'Ek sal vir Ottie rubberhandskoene gee om dit êrens te gaan pluk.'

Voordat Ottie die hotel verlaat om brandnetels te gaan soek, skud sy die portier wakker en vra: 'Mag ek die poedeltjie 'n rukkie uitneem?'

'Tja,' sê die portier. 'Dis nie my hondjie nie. Dit is mevrou Pelsekleed s'n. En hy mag niks verkeerd eet nie. En hy mag hom nie vuilmors nie.'

'Ek sal daarvoor sorg,' sê Ottie.

Sy vat vir Happy saam aan sy leiband. Hy is dolgelukkig dat hy kan saamgaan.

'Sê my, wat sou jy nou die heel graagste wou doen?' vra Ottie.

Happy dink 'n bietjie.

'Los!' sê hy toe.

'Netnou kan jy los loop. En wat wil jy dan die graagste doen?'

'Hoenders opjaag,' sê Happy sonder om te aarsel.

'Hoenders opjaag? Maar jy wil hulle tog nie regtig seermaak nie?'

'Nee, net lekker opjaag.'

'Maar waar kry ons hoenders,' sê Ottie. 'O, daar kom Kwark aangevlieg. Hy sal beslis weet.'

'Ek sal vir julle die pad na 'n plaas toe wys,' sê Kwark. 'Ek sal vooruit vlieg.'

| | |
|---|---|
| Het duurde een tijd voordat ze echt buiten waren. Ze moesten eerst door een heel stuk nieuwbouw en Heppie wilde aan iedere vuilniszak ruiken en bij elke lantarenpaal plassen. Toen vond hij een oud bot en ging eraan liggen knagen. | Dit het 'n ruk geduur voordat hulle regtig buitekant die dorp was. Hulle moes deur 'n hele nuwe woonbuurt loop en Happy wou aan elke vuilgoedsak ruik en by elke lamppaal sy been lig. Toe ontdek hy 'n ou been en gaan lê en kou daaraan. |
| 'Dat duurt mij te lang,' zei Kwark. | 'Dit vat te lank vir my,' sê Kwark. |
| "t Is Heppie z'n uitgaansdag,' zei Otje. 'Hij mag doen wat hij wil.' | 'Dis Happy se uitgaandag,' sê Ottie. 'Hy mag doen wat hy wil.' |
| 'Als je deze weg in loopt, kom je bij een boerderij,' zei Kwark. 'Goeiendag!' | 'As jy hierdie pad vat, kom jy by 'n plaas,' sê Kwark. 'Totsiens!' |
| En hij vloog weg. | En hy vlieg weg. |
| Aan het eind van de weg was inderdaad een klein boerderijtje waar kippen vredig op het erf liepen te pikken. | Aan die einde van die pad was toe regtig 'n klein plasie waar hoenders rustig op die erf rondpik. |
| 'Grrrrrr...' gromde Heppie. 'Grrrrrr . . . kippen . . . lekkere fladderkippen !' | 'Grrr..' grom Happy. 'Grrr... hoenders...lekker fladderhoenders!' |
| 'Toe maar,' zei Otje. | 'Gaan maar aan,' sê Ottie. |
| Heppie hield zich stil tot ze vlak bij de kippen waren. Toen nam hij een geweldige sprong en vloog keffend op ze af. | Happy hou homself doodstil tot hy vlak by die hoenders is. Toe gee hy 'n geweldige sprong en storm keffend op hulle af. |
| 'Waaaaaak... waaaaaaak tok- tok tok - tok - tooook.' | 'Wáááááák...wáááák tok - tok - tok - tóóók.' |
| De kippen stoven kakelend uiteen, de veren vlogen in het rond, de haan fladderde opgewonden het hoogst van allemaal. | Die hoenders spat kekkelend uitmekaar, en vere trek deur die lug, die haan fladder opgewonde die hoogste van hulle almal. |
| 'Nou is het genoeg !' schreeuwde Otje. En toen Heppie door wou gaan en de kippen tot helemaal over de heg wou jagen, stapte ze ferm op hem af en greep hem bij z'n halsband. Net op tijd want de boer stond al dreigend buiten. | 'Dis nou genoeg!' skree Ottie. En as Happy wil aanhou en die hoenders tot heeltemal oor die heining wil jaag, stap sy ferm na hom toe en gryp hom aan sy halsband. Net betyds want die boer staan al dreigend buite. |
| 'Gauw gauw, kom mee,' zei Otje. 'Vond je het leuk?' | 'Gou, gou, kom ons loop,' sê Ottie. 'Was dit vir jou lekker?' |
| 'Enig!' zei Heppie. 'Wat een dag!' | 'Heerlik!' sê Happy. 'Wat 'n dag!' |
| 'Nu mag je even de wei in, Heppie, terwijl ik brandnetels pluk.' | 'Nou mag jy 'n rukkie in die veld hardloop, Happy, terwyl ek die brandnetels pluk.' |
| Ze bukte zich, deed haar handschoenen aan en plukte een hele bos. | Sy buk, trek haar handskoene aan en pluk 'n hele bos. |
| Toen ze opkeek stond Heppie hijgend naast haar. | Toe sy opkyk staan Happy hygend langs haar. |

'Wat heb je nou gedaan?' vroeg Otje verschrikt.

'Wat het jy nou gedoen?' vra Ottie verskrik.

'Er was zo'n lekker modderslootje,' zei Heppie verlegen.

'Daar was so 'n lekker modderslootjie,' sê Happy verleë.

'O, wat zie je d'r uit ! En je mooie blauwe strik. We gaan gauw terug naar het hotel. En we gaan stiekem langs de portier. En ik zal je wassen in het bad.'

'Hemel, kyk hoe lyk jy! En jou mooi blou strik. Ons gaan gou terug hotel toe. En ons sluip skelmpies by die portier verby. En ek sal jou was in die bad.'

'Dit was de allermooiste dag van m'n hele leven,' zei Heppie.

'Dit was die heel mooiste dag in my hele lewe,' sê Happy.

Meneer Zelf

Toen Otje met het vuile poedeltje op de terugweg was naar het hotel, kwam Kwark haar tegemoet vliegen.

'Kraaaa! Gevaar!' riep hij.

'Wat is er?'

'Er is een gele sportauto aangekomen !'

'O, wat vreselijk,' zei Otje. 'Hoor je dat, Heppie? Je vrouwtje is terug, mevrouw Bontebaai.'

'Laten we maar weglopen,' zei Heppie. 'Wij samen, Otje. Dan gaan we ons hele leven verder kippen opjagen.'

'Dat kan niet,' zei Otje. 'Mijn vader is nog in 't hotel. En nu worden we betrapt ! We hebben in haar kamer geslapen.'

In de hal van het hotel stond een opgewonden dame.

'M'n hondje weg!' riep ze tegen de portier. 'En muizen in m'n kamer ! Vlekken en kruimels op de bedden ! En het hele personeel slaapt! Is dit een hotel? En waar is m'n poedeltje?'

'Hier,' zei Otje, die net binnenkwam met Heppie en een grote bos brandnetels.

Mevrouw Bontebaai keek sprakeloos naar het vieze hoopje hond.

'Is dat...' begon ze.

'Dat is Heppie,' zei Otje. 'Maar hij kan gewassen worden.'

Mevrouw Bontebaai wilde de lijn pakken maar ze greep in de brandnetels.

'Au! Ook dat nog!' schreeuwde ze. Ze rukte Heppie naar zich toe, pakte de telefoon en zei: 'Nu bel ik meneer Zelf.'

Een zenuwachtige stemming breidde zich over het hele hotel uit. Het personeel schrok wakker, de kamermeisjes, de liftjongen, de ober . . . Ze fluisterden: 'Meneer Zelf komt. O, o, meneer Zelf.'

Meneer Self

Terwyl Ottie met die vuil poedeltjie op pad terug is na die hotel, kom Kwark haar tegemoet gevlieg.

'Kraaa! Gevaar!' roep hy.

'Wat makeer?'

'Daar het 'n geel sportmotor aangekom!'

'Ag, hoe verskriklik,' sê Ottie. 'Hoor jy dit, Happy? Jou nooi is terug, mevrou Pelsekleed.'

'Kom ons loop liewer weg,' sê Happy. 'Ons twee saam, Ottie. Dan gaan ons ons hele lewe verder hoenders opjaag.'

'Ons kan dit nie doen nie,' sê Ottie. 'My pa is nog in die hotel. En nou word ons betrap! Ons het in háár kamer geslaap.'

In die voorportaal van die hotel staan 'n ontstelde dame.

'My hondjie is weg!' skree sy vir die portier. 'En daar is muise in my kamer. Vlekke en krummels op die beddens! En die hele personeel slaap! Dis nou vir jou 'n hotel! En waar is my poedeltjie?'

'Hier,' sê Ottie, wat net inkom met Happy en 'n groot bos brandnetels.

Mevrou Pelsekleed kyk sprakeloos na die smerige hopie hond.

'Is dat...' begon ze.

'Dit is Happy,' sê Ottie. 'Maar hy kan gewas word.'

Mevrou Pelsekleed wil die leiband vat, maar sy raak aan die brandnetels.

'Eina! Dit ook nog!' skreeu sy. Sy pluk Happy nader, gryp die telefoon en sê: 'Nou bel ek meneer Self.'

'n Senuweeagtige gevoel versprei deur die hele hotel. Die personeel skrik wakker, die kamermeisies, die hysbakseun, die kelner..... Hulle fluister: 'Meneer Self kom. O, o, meneer Self.'

Tos stond in de keuken en hoorde het van de echte kok, die toevallig langs kwam om Tos z'n weekgeld te geven.

'Dat wordt donderen,' zei de echte kok.

Meneer Zelf was de super-opper-directeur van hotel Do-Do. Hij kwam alleen als er iets flink misging. En dat was nu.

Hij kwam met een hele grote auto, een klein koffertje en een strenge oogopslag.

Hij sprak eerst kalmerend tot de kwade mevrouw Bontebaai en zorgde persoonlijk dat ze een andere, nog mooiere kamer kreeg. Daarna sprak hij het personeel toe. Dat was niet erg kalmerend. Ze stonden sidderend op een rijtje. Er was ook een koksmaatje bij die een hele week in de kast had liggen slapen.

We worden allemaal ontslagen, dacht Tos.

Dat was ook precies wat meneer Zelf het liefst had willen doen. Maar hij wist dat er niet zo makkelijk ander personeel te krijgen was. Hij tierde en dreigde, sloeg met z'n vuist op tafel en hij bulderde een kwartier lang. Daar bleef het bij, maar het hielp reusachtig. Iedereen ging hard aan het werk.

Meneer Guus van de Ontvangst wou laten zien hoe ijverig hij was en deed nu alles tegelijk: telefoneren, stofzuigen, sleutels uitreiken en nieuwe gasten inschrijven. De kelner holde met bladen rond, ook als er niets besteld werd. de kamermeisjes veegden en dweilden, de liftjongen ging als een gek met de lift op en neer, ook als er niemand in stond.

Intussen was meneer Zelf naar de keuken gegaan.

'Is dit de groente voor vandaag?' vroeg hij. Hij voelde even aan de bladeren en schreeuwde: 'Au! Wat is dit?'

'Brandnetels,' zei Tos. 'We hebben vandaag brandnetelsoep. Op verzoek van een van de gasten.'

Tom staan in die kombuis en hoor dit van die regte kok wat toevallig net aangekom het om Tom te betaal vir die week.

'Dit gaan 'n gemors afgee,' sê die regte kok.

Meneer Self was die super-opper-direkteur van die Hotel Do-Do. Hy het net altyd gekom wanneer daar iets behoorlik skeefloop. En dit was nou.

Hy kom toe met 'n baie groot motor, 'n klein tassie en 'n streng blik in sy oë.

Eers praat hy paaiend met die woedende mevrou Pelsekleed en sorg persoonlik dat sy 'n ander, nog mooier kamer kry. Daarna spreek hy die personeel toe. Dit was nie so paaiend nie. Hulle staan en bewe in 'n ry. Daar was ook 'n hulpkok by wat 'n hele week in die kas gelê en slaap het.

Ons gaan almal ontslaan word, dink Tom.

Dit was presies wat meneer Self die graagste sou wou doen. Maar hy het geweet dit sal nie so maklik wees om ander personeel te kry nie. Hy tier en dreig, slaan met sy vuis op die tafel en bulder vir 'n kwartier lank. Dit was al, maar dit het geweldig baie gehelp. Almal het hard begin werk.

Meneer Guus van Ontvangs wou wys hoe fluks hy was en doen nou alles tegelyk : Hy bel, suig met die stofsuier, gee sleutels uit en skryf nuwe gaste in. Die kelner hol rond met skinkborde, ook wanneer daar niks bestel is nie, die kamermeisies vee en was die vloere, die hysbakseun ry soos 'n gek op en af met die hysbak, ook wanneer daar niemand in is nie.

Intussen gaan meneer Self kombuis toe.

'Is dit vandag se groente?' vra hy. Hy voel effens aan die blare en skreeu: 'Eina! Wat is dit?'

'Brandnetels,' sê Tom. 'Ons het vandag brandnetelsop. Op versoek van een van die gaste.'

'Brandnetelsoep...' fluisterde meneer Zelf. Hij wankelde even. 'Brandnetelsoep in hotel Do-Do... Dit is nog het aller-allerergste. Wat ben jij voor een kok ?'

Tos, die tot nog toe heel onderdanig was geweest, richtte zich nu op.

'Ik ben de beste kok van het land,' zei hij. 'Ik ben de enige hier die hard heeft gewerkt terwijl iedereen sliep. Vraag het aan de gasten, ze zijn erg tevreden. '

'Bah,' zei meneer Zelf minachtend. 'Een brandnetelkok!'

Tos werd vuurrood. Het was weer zo ver! Hij kreeg een van z'n verschrikkelijke driftbuien. Met de theedoek die hij in z'n hand had greep hij de bos brandnetels om ze in het gezicht van meneer Zelf te duwen. Net op tijd kwam Otje binnen en hield hem tegen.

'Niet doen, pappa, hou op en kom dadelijk mee,' zei ze. Ze pakte hem bij een arm en trok hem mee de keuken uit, naar buiten door de achterdeur.

'We moeten hier weg...' hakkelde Tos, 'anders bega ik een ongeluk!'

'Natuurlijk moeten we hier weg,' zei Otje. 'Dat zag ik al aankomen en daarom heb ik stiekem de muizen uit kamer 17 gehaald. En de tassen. En alles is nu in de bloembak, ook de slaapzakken. Kom maar.'

Tos liet zich gewillig meenemen naar de bloembak, die eigenlijk een tuintje was. Daar, onder de palm en tussen de struiken, verborgen in het groen met hun spullen en de muizemand, daar werd Tos langzaam weer zichzelf.

'Brandnetelsop...' fluister meneer Self. Hy lyk of hy wil omval. 'Brandnetelsop in die Hotel Do-Do. Dit is nog die heel-heel ergste. Wat vir 'n kok is jy?'

Tom wat tot nou toe heeltemal onderdanig was, rig homself nou op tot sy volle lengte.

'Ek is die beste kok in die land,' sê hy. 'Ek is die enigste een hier wat hard gewerk het terwyl almal geslaap het. Vra maar vir die gaste, hulle is baie tevrede.'

'Sies,' sê meneer Self met minagting. 'n Brandnetelkok!'

Tom word vuurrooi. Dit was weer sulke tyd! Hy kry een van sy verskriklike woedebuie. Met die doek wat hy in sy hand het, gryp hy die bos brandnetels om dit in meneer Self se gesig te druk. Net betyds kom Ottie binne en hou hom terug.

'Moenie, Pappa, hou op en kom dadelik saam met my,' sê sy. Sy vat hom aan sy arm en sleep hom saam met haar by die kombuis uit en uit by die agterdeur.

'Ons moet hier wegkom...' hakkel Tom, 'anders gaan ek 'n ongeluk verooorsaak!'

'Natuurlik moet ons wegkom,' sê Ottie. 'Dit het ek al sien kom en daarom het ek skelmpies die muise uit kamer 17 gaan haal. En die sakke. En alles is nou in die blombak, ook die slaapsakke. Kom nou.'

Tom laat hom gewillig weglei na die blombak wat eintlik 'n tuintjie is. Daar, onder die palmboom en tussen die struike, weggesteek saam met hulle goed en die muismandjie, kom Tom stadigaan tot verhaal.

'Gelukkig dat jij binnenkwam, kind,' zei hij. 'Anders had ik meneer Zelf misschien helemaal in mekaar geslagen. Ik was zo vreselijk kwaad. En weet je waarom? Wel kijk, als hij had gezegd: Jij bent de echte kok niet, dus je moet eruit, dan had ik dat heel rechtvaardig gevonden. Of als hij had gezegd: Je hebt stiekem in een gastenkamer geslapen, dan had ik gezegd u hebt gelijk, dat was verkeerd. Maar hij noemde mij een brandnetelkok! En dat was zo onrechtvaardig ! Zo schandelijk !' Tos werd weer paars van woede.

'Niet weer driftig worden, pappa,' zei Otje. 'We hebben het hier erg leuk gehad, maar we wisten allebei heel goed dat het niet zo kon blijven. We moeten weg, maar waar naar toe? Hebben we nu genoeg geld om de bestelwagen af te halen bij de garage?'

'Nee,' zei Tos. 'Gelukkig heb ik wel m'n loon gekregen. Maar het is lang niet genoeg voor de reparatie van de auto. We moeten lopen. Met ons hele boeltje. '

Twee vogels streken naast hen neer in de bloembak. Het waren Kwark de kraai en Toep de mus.

'Tsjiep! jullie moeten naar de stad,' riep Toep. 'Daar zijn honderd kleine hotelletjes en kleine eethuisjes. Daar kun je vast werk vinden.'

'Kraaa ! Niet naar de stad,' kraste Kwark. 'De stad is afschuwelijk druk en gevaarlijk.'

'Wat weet je daarvan ?' schreeuwde Toep. 'Je bent er nog nooit geweest.'

'Jawel,' zei Kwark. 'Ik heb een neef daar in de kerk. Hij is torenkraai. En ik ga wel eens bij hem op bezoek. Dan zitten we samen op het kerkhof. Daar is het vredig. Het enige rustige plekje van de stad. Misschien zou ik jullie daarheen kunnen brengen.'

'Ze willen geen kerkhof,' zei Toep. 'Ze willen een lief klein hotel, waar Tos een baantje kan krijgen. Is het niet zo, Tos ?'

'Ja, maar hoe vinden we dat?' vroeg Tos.

'Kom mee naar de stad,' zei de mus. 'Het is niet ver. En ik zal voor je uitkijken. Ik waarschuw jullie als ik iets vind.'

'Gelukkig het jy ingekom, my kind,' sê hy. 'Anders het ek meneer Self dalk heeltemal pap geslaan. Ek was so verskriklik kwaad. En weet jy waarom? Kyk, as hy nou gesê het: Jy is nie die regte kok nie, dus moet jy gaan, dan sou ek gesê het dis heeltemal regverdig. Of as hy gesê het: jy het skelmpies in 'n gastekamer geslaap, dan sou ek gesê het dit is waar, dit was verkeerd. Maar hy noem my 'n brandnetelkok! En dit was só onregverdig! Só skandalig!' Tom word weer pers van woede.

'Moenie weer kwaad word nie, Pappa,' sê Ottie. 'Dit was baie lekker hier, maar ons het altwee baie goed geweet dat dit nie so kon bly nie. Ons moet weggaan, maar waarnatoe? Het ons nou genoeg geld om die stasiewa te gaan haal by die garage?'

'Nee,' sê Tom. 'Gelukkig het ek darem my betaling gekry. Maar dis nog lank nie genoeg vir die regmaak van die motor nie. Ons moet loop. Met ons hele pakkaas.'

Twee voëls kom land langs hulle in die blombak. Dit is Kwark die kraai en Toep die mossie.

'Tsjiep! julle moet stad toe gaan,' roep Toep. 'Daar is honderd klein hotelletjies en restourantjies. Daar sal jy seker werk kry.'

'Kraaa! Nie stad toe nie,' kras Kwark. 'Die stad is ontsettend besig en gevaarlik.'

'Wat weet jy daarvan?' skree Toep. 'Jy was nog nooit daar nie.'

'Ja, ek was,' sê Kwark. 'Ek het 'n neef daar in die kerk. Hy is die toringkraai. En ek gaan kuier partykeer by hom. Dan sit ons saam in die kerkhof. Daar is dit rustig. Dis die enigste rustige plekkie in die stad. Miskien kan ek julle daarnatoe bring.'

'Hulle wil nie in 'n kerkhof wees nie,' sê Toep. 'Hulle soek 'n oulike hotelletjie waar Tom 'n werk kan kry. Is dit nie so nie, Tom?'

'Ja, maar waar kry ons dit?' vra Tom.

'Kom saam stad toe,' sê die mossie. 'Dis nie ver nie. En ek sal vir julle 'n plek soek. Ek sê julle as ek iets kry.'

'Laten we dat maar doen, pappa,' zei Otje. 'Toep heeft gelijk, in de stad hebben we meer kans.'

'Dan neem ik nu afscheid van jullie,' zei de kraai. 'Ik wil jullie overal volgen, maar niet in een stad.'

'Zodra we de auto weer hebben gaan we weer naar buiten,' zei Otje. 'Ik hoop dat je ons dan weer opzoekt, Kwark. En bedankt! En tot ziens!'

'Kraaa,' zei Kwark en hij vloog weg.

'Kom ons doen dit maar, Pappa,' sê Ottie. 'Toep is reg. In die stad het ons 'n beter kans.'

'Dan neem ek nou afskeid van julle,' sê die kraai. 'Ek sal orals agter julle aangaan, maar nie na 'n stad toe nie.'

'Sodra ons weer die motor gekry het, gaan ons weer buite die stad,' sê Ottie. 'Ek hoop jy soek ons dan weer op, Kwark. Baie dankie. En totsiens!'

'Kraaa,' sê Kwark en hy vlieg weg.

## De Stevige Pot

In een oud gedeelte van de stad, in een nauw bochtig straatje, stond een aardig eethuisje. Het heette De Stevige Pot en daarbinnen waren tafeltjes met roodgeblokte kleedjes. Het eethuis werd gedreven door juffrouw Twiddel.

Op een dag, zo tussen twaalf en half een, kwam er een heel bijzondere gast binnenlopen. Een heel belangrijke gast in een uniform vol strepen en medaljes. Het was admiraal Strafport. Eigenlijk was hij geen admiraal meer, hij was oud en met pensioen, maar hij kon moeilijk afstand doen van zijn mooie uniform en daarom had hij het nog aan. Admiraal Strafport had even geaarzeld voor hij het eenvoudige eethuis binnenging, maar omdat hij wel hield van stevig voedsel besloot hij het erop te wagen.

Juffrouw Twiddel was erg onder de indruk toen ze deze hoge officier in haar eetzaal zag zitten.

'Wat zal het zijn meneer?' vroeg ze bedeesd.

'Kaapse raasdonders,' zei admiraal Strafport onmiddellijk, zonder aarzelen.

'Uitstekend meneer,' zei juffrouw Twiddel en ze ging naar de keuken. Daar stond ze stil en dacht na.

Ik weet niet wat kaapse raasdonders zijn, dacht ze, maar ik denk dat het een soort pannekoeken zijn. Ze begon beslag te maken.

Toen de admiraal een halfuur later een schaal pannekoeken voor zich kreeg, werd hij kwaad.

'Wat moet dit betekenen!' riep hij. 'Ik heb kaapse raasdonders besteld en wat krijg ik? Flenzen! Fletse tetse flenzen !'

Hij pakte de pannekoek van z'n bord en smeet 'm door het open raam naar buiten.

Juffrouw Twiddel liep verschrikt naar hem toe.

'Waar blijven m'n raasdonders?' riep de admiraal.

## Die Stewige Pot

In 'n ou deel van die stad, in 'n nou, krom straatjie, staan* 'n oulike eetplekkie. Die plek se naam was Die Stewige Pot en binnekant was tafeltjies met rooi geruite tafeldoekies. Die baas van hierdie eetplekkie was juffrou Twiddel.

Op 'n dag, so tussen twaalfuur en halfeen kom daar 'n baie besondere gas binne. 'n Baie belangrike gas met 'n uniform aan vol strepe en medaljes. Dit was admiraal Strafport. Eintlik was hy nie meer 'n admiraal nie, hy was oud en afgetree, maar dit was vir hom swaar om sy mooi uniform te laat staan en daarom het hy dit nog aangetrek. Admiraal Strafport het 'n bietjie geaarsel voordat hy in die eenvoudige eetplekkie ingegaan het, maar omdat hy lief was vir 'n stewige bord kos, het hy besluit om dit maar te waag.

Juffrou Twiddel was baie beïndruk toe sy hierdie hoë offisier in haar restourant sien sit.

'Wat sal dit wees, meneer?' vra sy bedeesd.

'Kaapse raasdonders,' sê admiraal Strafport onmiddellik, sonder om te aarsel.

'Alte seker, meneer,' sê juffrou Twiddel en sy loop kombuis toe. Daar staan sy stil en dink 'n bietjie.

Ek weet nie wat Kaapse raasdonders is nie, dink sy, maar ek dink dis 'n soort pannekoek. Sy begin pannekoekdeeg aanmaak.

Toe die admiraal 'n halfuur later 'n skottel pannekoeke voor hom kry, word hy kwaad.

'Wat gaan nou aan?' roep hy uit. 'Ek het Kaapse raasdonders bestel en wat kry ek? Pannekoekies! Slappe lappe pannekoekies!

Hy gryp die pannekoek van sy bord af en smyt dit by die oop venster uit.

Juffrou Twiddel loop verskrik na hom toe.

'Wanneer kom my raasdonders?' skree die admiraal.

Nog altijd durfde juffrouw Twiddel niet te zeggen: Ik weet niet wat het zijn. Ze bloosde en hakkelde en zei: 'Raasdonders nemen altijd erg veel tijd, meneer. Als u vanavond om zes uur terug wilt komen voor het diner dan beloof ik u dat er kaapse raasdonders op het menu staan.'

'Een mooie boel hier...' knorde de admiraal. Maar na enig weifelen beloofde hij precies om zes uur terug te zullen komen, maar dan moest hij ook...

'Ja ja ja,' zei juffrouw Twiddel, 'dan krijgt u ook echt kaapse raasdonders.'

'Goed, tot vanavond,' zei de admiraal en hij verliet het eethuis.

Op de binnenplaats achter het eethuis waren vijftig mussen aan het kibbelen en aan het vechten om de pannekoek die uit het raam was gesmeten. Een van de mussen was Toep. Hij vocht niet mee met de anderen. Hij keek het eventjes aan. Toen vloog hij snel weg over de huizen, naar een straat waar Tos en Otje in een portiek stonden te wachten.

'En?' vroeg Tos.

'Geen hotel hier in de buurt,' zei Toep. 'Maar wel een eethuis. En ze hebben daar vast en zeker een kok nodig. De gasten gooien er de pannekoeken zomaar floets het raam uit. Kun je nagaan !'

'Wijs ons de weg maar,' zei Tos.

Intussen was juffrouw Twiddel radeloos achtergebleven in haar eethuis. Ze bladerde bijna stikkend van de zenuwen in haar grote kookboek. Raasdonders stonden er niet in. Wel raapstelen, radijsjes en ramenas. Ze zocht bij de k van kaapse. Ook niet. Wel kaaskoekjes, kaassaus en karnemelksepap.

'O,' jammerde juffrouw Twiddel. 'Voor zes uur moet ik kaapse raasdonders klaar hebben en ik heb geen idee wat het zijn. Zal ik opbellen om het te vragen? Maar wie moet ik opbellen? Het postkantoor? Of het station? Wie zou zo iets nou weten?'

Er werd op de deur van de keuken geklopt.

Nog steeds is juffrou Twiddel te bang om te sê: Ek weet nie wat dit is nie. Sy bloos en hakkel en sê: 'Raasdonders vat altyd baie lank om gaar te maak, meneer. As u vanaand sesuur terugkom vir die hoofmaaltyd dan beloof ek u dat daar Kaapse raasdonders op die spyskaart sal wees.'

'Dis nou vir jou 'n mooi grap...' knor die admiraal. Maar nadat hy 'n bietjie geaarsel het, beloof hy om presies om sesuur terug te kom, maar dan móés hy ook......

'Ja ja ja,' sê juffrou Twiddel, 'dan sal u regte Kaapse raasdonders kry.'

'Nou goed, tot vanaand dan,' sê die admiraal en hy verlaat die restourant.

In die binnehof agter die eetplekkie is vyftig mossies besig om te kibbel en te baklei oor die pannekoek wat by die venster uitgesmyt is. Een van die mossies is Toep. Hy neem nie deel aan die bakleiery nie. Hy bekyk dit maar net. Toe vlieg hy haastig weg oor die huise, na 'n straat waar Tom en Ottie onder 'n portiek, dit is 'n toegeboude boog by die ingang van 'n gebou, staan en wag.

'Ja en nou?' vra Tom.

'Hier is nie hotelle in hierdie omgewing nie,' sê Toep. 'Maar darem 'n eetplekkie. En daar het hulle definitief 'n kok nodig. Die gaste gooi die pannekoeke sommer floets by die venster uit. Dan moet jy dink!'

'Nou wys ons die pad,' sê Tom.

Intussen was juffrou Twiddel raadop in haar eetplekkie. Sy blaai in haar groot kookboek terwyl sy omtrent stik van senuweeagtigheid. Van raasdonders staan daar niks in die boek nie. Daar was raapstele, radysies en ramenas. Sy soek by die k vir Kaapse. Ook niks nie. Kaaskoekies, kaassous en karringmelkpap.

'Ag,' kerm juffrou Twiddel. 'Voor sesuur moet ek Kaapse raasdonders reg hê en ek het nie 'n idee wat dit is nie. Sal ek iemand bel en vra? Maar wie moet ek bel? Die poskantoor? Of die stasie? Wie sal so iets weet?'

Daar kom 'n klop aan die kombuisdeur.

'Ja,' riep juffrouw Twiddel.

De deur ging open. En voor haar stond een kok. Een echte kok.

'Weet je wat kaapse raasdonders zijn?' vroeg juffrouw Twiddel nog voordat een van hen goeiendag had gezegd.

'Zeker wel,' zei Tos.

''t Zijn geen pannekoeken?'

'Zeker niet,' zei Tos. ''t Zijn grauwe erwten met spek en uien en bepaalde kruiden. '

'Kun je ze klaarmaken?'

'Zeer zeker,' zei Tos. 'Ik wou juist vragen of u een kok zou kunnen gebruiken.'

'Voor een middag,' zei juffrouw Twiddel. 'Alleen om kaapse raasdonders te koken. Hoeveel geld moet je daarvoor hebben ?'

'Ach...' zei Tos. 'Als ik met m'n dochtertje hier zou mogen eten. . . ?'

'Dat mag,' zei juffrouw Twiddel.

'En vannacht op zolder zou mogen slapen...' ging Tos door. 'We hebben slaapzakken.'

'Dat kan ook,' zei juffrouw Twiddel.

'Laat mij dan maar m'n gang gaan,' zei Tos vrolijk. 'Maar ik roep eerst even m'n dochtertje binnen.'

Nadat Otje de slaapzakken en de tassen op zolder had gebracht, hielp ze haar vader in de keuken.

Om klokslag zes uur zat de admiraal aan een tafeltje in de eetzaal. Juffrouw Twiddel zette een dampende schaal voor hem neer. De admiraal laadde zijn bord vol, snoof, proefde, kneep z'n ogen dicht en zei: 'Aaaaah... de allerbeste kaapse raasdonders die ik ooit gegeten heb.'

'Ja, ik heb een uitstekende kok,' zei juffrouw Twiddel trots.

'Ja,' roep juffrou Twiddel.

Die deur gaan oop. En voor haar staan 'n kok. 'n Regte kok.

'Weet jy wat Kaapse raasdonders is?' vra juffrou Twiddel nog voordat een van hulle gegroet het.

'Sekerlik,' sê Tom.

'Dis nie pannekoeke nie?'

'Sekerlik nie,' sê Tom. 'Dit is droë ertjies met spek en uie en sekere kruie.'

'Weet jy hoe om dit te kook?

'Baie beslis,' sê Tom. 'Ek wou juis vra of u nie dalk 'n kok nodig het nie.'

'Vir één middag,' sê juffrou Twiddel. 'Net om Kaapse raasdonders te kook. Hoeveel geld wil jy daarvoor hê?'

'Ag,' sê Tom. 'As ek en my dogtertjie miskien hier kan eet...?'

'Dis goed,' sê juffrou Twiddel.

'En miskien vannag op die solder kan slaap..' gaan Tom nog aan. 'Ons het slaapsakke.'

'Dis ook goed,' sê juffrou Twiddel.

'Nou ja, laat dit dan maar aan my oor,' sê Tom vrolik. 'Maar ek roep net eers my dogtertjie om in te kom.'

Nadat Ottie die slaapsakke en die ander sakke solder toe geneem het, help sy haar pa in die kombuis.

Klokslag sesuur sit die admiraal aan 'n tafeltjie in die restourant. Juffrou Twiddel sit 'n stomende skottel voor hom neer. Die admiraal laai sy bord vol, snuif die geur op, proe, knyp sy oë toe en sê: 'Aaaaah.... die allerbeste Kaapse raasdonders wat ek nog ooit geëet het.'

'Ja, ek het 'n uitstekende kok,' sê juffrou Twiddel trots.

| | |
|---|---|
| 'Een kok? Laat hem straks even hier komen. Ik wil hem bedanken.' | ''n Kok? Roep hom 'n bietjie. Ek wil hom bedank.' |
| Even later stond Tos met knikkende knieën voor de deftige admiraal Strafport. | 'n Klein rukkie later staan Tom met knikkende knieë voor die deftige admiraal Strafport. |
| 'Mijn beste man,' zei de admiraal. Ik ga binnenkort een reis maken. Het is een plezierreis, want ik ben nu oud en met pensioen. Een reis op een schip. Een maand lang. En ik zou graag een eigen scheepskok meenemen. Zou juffrouw Twiddel je een maand kunnen missen? Zou je een maand verlof kunnen krijgen om met me mee te gaan?' | 'My liewe man,' sê die admiraal. 'Ek gaan binnekort op reis. Dit is 'n plesierreis, want ek is nou oud en afgetree. 'n Reis op 'n skip. Vir 'n maand lank. En ek wil graag my eie skeepskok saamneem. Sal juffrou Twiddel vir 'n maand sonder jou kan klaarkom? Sal jy miskien 'n maand verlof kan kry om saam met my te gaan?' |
| 'Eh... ik ben hier maar tijdelijk in dienst,' zei Tos. | 'Eh...ek werk maar net tydelik hier,' sê Tom. |
| 'Wel, des te beter. Je krijgt een goed loon bij mij, dat beloof ik je. En dat is dus afgesproken? Volgende week donderdag vertrekken we.' | 'Wel, soveel te beter. Jy sal 'n goeie salaris by my kry, dit beloof ek jou. Is dit dan afgespreek so? Volgende week en Donderdag vertrek ons.' |
| 'Tja...' stamelde Tos. 'Ik zou het erg graag doen, meneer de admiraal. Maar het zit zo... ik heb een dochtertje bij me. Zou ik die dan ook mogen meebrengen ? Ze is helemaal niet lastig, weet u en ze kan me helpen in de keuken of hoe heet dat op een schip. . . de kombuis . . .' | 'Tja...' stamel Tom. 'Ek sou dit baie graag wou doen, meneer die admiraal. Maar die ding is nou net... ek het 'n dogtertjie by my. Sal ek haar kan saamvat? Sy is glad nie lastig nie, weet u en sy kan my help in die kombuis.... of wat 'n mens dit ookal noem op 'n skip...' |
| 'Nee,' zei de admiraal kortaf. 'Geen vrouwen op m'n schip.' | 'Nee,' sê die admiraal kortaf. 'Geen vroumense op my skip nie.' |
| 'Maar ze is nog geen vrouw,' zei Tos. 'Ze is nog maar heel klein.' | 'Maar sy is nog nie 'n vrou nie,' sê Tom. 'Sy is nog maar baie klein.' |
| 'Klein of groot, nóóit vrouwen op mijn schip,' zei admiraal Strafport. 'Laat je dochter hier, beste man.' | 'Klein of groot, ek laat nóóit vroumense toe op my skip nie,' sê admiraal Strafport. 'Los haar hier, ou kêrel.' |
| 'Dat. . . dat kan ik niet doen,' stamelde Tos. | 'Dit....dit kan ek nie doen nie,' stamel Tom. |
| De admiraal haalde een kaartje uit z'n zak. | Die admiraal haal 'n kaartjie uit sy sak. |
| 'Hier,' zei hij. 'Dit is mijn naam en adres en telefoonnummer. Denk er nog eens over. Slaap er nog eens een nachtje over. En bel me op! De allerbeste raasdonders van de wereld.' | 'Hierso,' sê hy 'Dit is my naam en adres en telefoonnommer. Dink maar nog 'n bietjie daaroor. Slaap nog maar 'n nag daaroor. En bel my! Die allerbeste raasdonders in die wêreld.' |
| Tos nam het kaartje aan en ging naar de zolder waar Otje al in haar slaapzak lag. | Tom vat die kaartjie en gaan na die solder waar Ottie al in haar slaapsak lê. |

'En wat zei de admiraal?' vroeg ze slaperig.

'O, hij heeft me bedankt. Hij vond de raasdonders heerlijk, echt overheerlikj...' zuchtte Tos.

'En wat heb je daar voor een papiertje, pappa?'

'Dat is...dat is... och, dat is niks. Ik gooi het maar weg...'

'Maar wat is het dan? En waarom zucht je zo? En waarom kijk je zo ongelukkig?'

Tos zuchtte nog dieper.

'Dit is het telefoonnummer van de admiraal,' zei hij. 'Hij wou me aannemen als scheepskok. Op een boot. Voor een maand. Maar ik moest natuurlijk nee zeggen.'

'Nee zeggen ? Waarom ?'

'Omdat ik jou niet mag meenemen. Daarom. Maar ik vind wel ergens anders werk, m'n kind. Laten we gaan slapen. Morgen trekken we verder. En Toep blijft voor ons zoeken naar een hotel of een eethuis waar ze een kok nodig hebben.'

Tos kroop in z'n slaapzak.

Maar hoewel het prettig en rustig was op zolder bij juffrouw Twiddel, konden ze geen van beiden de slaap vatten. Ze lagen te piekeren en te tobben. Nu had Tos eindelijk werk kunnen krijgen, al was het maar voor een maand, maar hij kon het niet aannemen.

'En wat sê die admiraal?' vra sy vaak.

'O, hy het my bedank. Dit was vir hom heerlik, regtig besonder heerlik...' sug Tom.

'En watse papiertjie het jy daar, Pappa?'

'Dit is..dit is...ag, dis niks. Ek gooi dit maar weg...'

'Maar wat is dit dan? En waarom sug jy so? En waarom lyk jy so ongelukkig?'

Tom sug nog dieper.

'Dit is die admiraal se telefoonnommer,' sê hy. 'Hy wou my werk gee as 'n skeepskok. Op 'n boot. Vir 'n maand. Maar ek moes natuurlik nee sê.'

'Nee sê? Waarom?'

'Omdat ek jou nie mag saamneem nie, dis hoekom. Maar ek sal wel êrens anders werk kry, my kind. Kom ons gaan slaap. Môre reis ons verder. En Toep hou aan met soek vir 'n hotel of eetplek waar hulle 'n kok nodig het.'

Tom kruip in sy slaapsak in.

Maar hoewel dit aangenaam en rustig was op die solder van juffrou Twiddel, kon nie een van hulle twee aan die slaap raak nie. Hulle lê die hele tyd en dink en tob. Eindelik kon Tom nou werk gekry het, al was dit net vir 'n maand, maar hy kon dit nie neem nie.

Tantes

'Wat jammer dat ik je niet in dienst kan nemen Tos,' zei juffrouw Twiddel de volgende morgen aan het ontbijt. 'Ik zou niets liever willen, maar ja, mijn eethuisje is erg klein en ik kan het werk best in m'n eentje af. Maar je hebt me geweldig geholpen. Ik wil je er graag voor betalen.'

'Nee nee,' zei Tos. 'We hebben hier gegeten en geslapen, dat is voldoende. Ik ben blij dat ik u kon helpen en ik hoef er niets voor te hebben.'

'Blijf dan in elk geval nog bij het middageten,' zei juffrouw Twiddel. 'Er staat kip met appelmoes op het menu.' 'We moeten eigenlijk verder,' zei Tos.

'We moeten eigenlijk verder,' zei Tos.

'Maar het regent,' zei juffrouw Twiddel.

Ze keken naar buiten. Het miezerde en de stad leek zo grauw dat ze besloten van de uitnodiging gebruik te maken en nog maar even te blijven tot na het middagmaal.

Het eethuis had op doordeweekse middaguren meestal niet veel klanten en ook nu leek het erop dat Tos en Otje de enigen waren in de eetzaal.

Maar juist toen ze aan een van de gedekte tafeltjes gingen zitten, kwamen er gasten binnen.

Het waren twee keurige dames. Ze zetten zich aan het tafeltje vlak naast dat van Tos en Otje. Ze pakten het menu en bekeken het langdurig.

'De kip is hier altijd goed,' zei de een. 'Wil je ook kip, Lena?'

'He ja Mies, kip met appelmoes,' zei de ander. Toen keek de dame die Lena heette op en zag Tos.

'Kijk nóú toch!' riep ze.

'Wat zie je Lena ?' vroeg de dame die Mies heette.

'Draai je om. En kijk wie daar zit!'

Tantes

'Dis so jammer dat ek jou nie in diens kan neem nie, Tom,' sê juffrou Twiddel die volgende môre aan die ontbyttafel. 'Ek sou dit nogal graag wou doen, maar my eethuisie is baie klein, en ek kan al die werk goed behartig op my eie. Maar jy het my geweldig baie gehelp. Ek wil jou graag daarvoor betaal.'

'Nee nee,' sê Tom. 'Ons het hier geëet en geslaap, dit is genoeg. Ek is bly dat ek u kon help en dis nie nodig dat ek daarvoor betaal word nie.'

'Bly dan in elk geval nog tot middagete,' sê juffrou Twiddel. 'Daar is hoender met appelmoes op die spyskaart.'

'Ons moet eintlik verder gaan,' sê Tom.

'Maar dit reën,' sê juffrou Twiddel.

Hulle kyk uit. Daar val 'n motreëntjie en die stad lyk so grou dat hulle besluit om van die uitnodiging gebruik te maak en nog maar 'n bietjie te bly tot na die middagete.

Die eetplekkie het in die middag op weeksdae meesal nie baie klante gekry nie, en ook nou het dit gelyk of Tom en Ottie die enigste in die eetkamer was.

Maar net toe hulle by een van die gedekte tafeltjies gaan sit, kom daar gaste binne.

Dit was twee netjiese dames. Hulle gaan sit aan die tafeltjie net langs dié van Tom en Ottie. Hulle tel die spyskaart op en bekyk dit vir 'n lang ruk.

'Die hoendervleis is hier altyd lekker,' sê die een. 'Wil jy ook hoender hê, Lena?'

'Ja wat, Mies, hoender met appelmoes,' sê die ander een. Toe kyk die dame met die naam van Lena op en sien vir Tom.

'Wat sien ek?' roep sy uit.

'Wat sien jy, Lena?' vra die dame met die naam van Mies.

'Draai om en kyk net wie sit daar!'

| | |
|---|---|
| De ander draaide zich om. | Die ander een draai om. |
| 'Neef Tos!' riep ze. 'Hoe is het mogelijk! Neef Tos.' | 'Neef Tom!' roep sy uit. 'Hoe is dit moontlik! Neef Tom.' |
| Ze stonden allebei op. En nog voordat Tos iets kon uitbrengen, werd hij omhelsd en geknuffeld door allebei de dames. | Hulle staan altwee op, en nog voor Tom 'n woord kan uitkry, word hy omhels en gedruk deur albei die dames. |
| 'Ken je ons niet meer?' riepen ze. 'Ken je je eigen tantes niet meer? Wij zijn toch de zusters van je moeder! Vroeger heb je bij ons op schoot gezeten. Tante Mies en tante Lena, je kent ons toch nog wel?' | 'Ken jy ons nie meer nie?' roep hulle uit. 'Ken jy nie meer jou eie tantes nie? Ons is tog jou ma se susters! Vroeër het jy op ons skote gesit. Tant Mies en Tant Lena, jy ken ons mos nog?' |
| 'O ja, jazeker,' zei Tos verward en erg verlegen. 'Natuurlijk ken ik u nog. Wat leuk om u te zien. Hoe gaat het met u?' | 'O ja, ja sekerlik,' sê Tom verward en baie verleë. 'Natuurlik ken ek u nog. Dis gaaf om u te sien. Hoe gaan dit?' |
| 'En dit is je kleine dochtertje?' riep tante Lena. 'Schatje, kom eens hier.' | 'En dis seker jou klein dogtertjie?' roep Tant Lena uit. 'Kom hier, liefie.' |
| Ook Otje werd gezoend en geknepen. | Ook Ottie word gesoen en bevoel. |
| 'Laten we bij elkaar gaan zitten en samen eten,' zeiden de tantes. 'We hebben elkaar zo lang niet gezien. We hebben elkaar zoveel te vertellen.' | 'Kom ons sit bymekaar, dan eet ons saam,' sê die tantes. 'Ons het mekaar so lanklaas gesien. Ons het so baie om vir mekaar te vertel.' |
| Tos en Otje namen hun borden mee naar het andere tafeltje. Ze waren een beetje beduusd. De tantes vroegen een heleboel, maar ze luisterden nauwelijks naar de antwoorden. Ze kwebbelden en ratelden aan een stuk door. | Tom en Ottie neem hulle borde na die ander tafeltjie toe. Hulle was 'n bietjie oorbluf. Die tantes vra vreeslik uit, maar luister skaars na die antwoorde. Hulle babbel en kekkel aanmekaar. |
| 'Maar luister eens, neef Tos,' zei tante Mies. 'Het is beslist niet goed voor dat arme kind om alleen met haar vader rond te trekken.' | 'Maar hoor hierso, Tom,' sê Tant Mies. 'Dis beslis nie goed vir die arme kind om alleen met haar vader rond te trek nie.' |
| 'Helemaal niet goed,' zei tante Lena, 'Absoluut verkeerd.' | 'Glad nie goed nie,' sê Tant Lena, 'Absoluut verkeerd.' |
| 'Niet normaal,' zei tante Mies beslist. | 'Nie normaal nie,' sê Tant Mies beslis. |
| 'Dat kind moet in een keurig huishouden met een bed en elke week schone lakens. Ze moet langzamerhand naar school. Ze moet nette kleertjes hebben. Ze moet... ze moet...' | 'Die kind hoort in 'n ordentlike huishouding met 'n bed en elke week skoon lakens. Een van die dae moet sy skool toe gaan. Sy moet netjiese kleertjies kry. Sy moet....sy moet....' |
| De tantes hijgden en wonden zich op bij het bedenken van alles wat er zou moeten. | Die tantes hyg opgewonde as hulle dink aan alles wat eintlik moet gebeur. |
| 'Luister, lieve tantes,' zei Tos. 'Otje en ik zijn erg gelukkig. Ik bedoel erg gelukkig met elkaar. En zodra ik ergens een vaste baan heb, dan kunnen we samen ergens wonen in een huis en dan kan Otje naar school.' | 'Luister, my liewe tantes,' sê Tom. Ek en Ottie is baie gelukkig. Ek bedoel baie gelukkig by mekaar. En sodra ek êrens 'n vaste werk kry, kan ons saam êrens woon in 'n huis en dan kan Ottie skool toe gaan.' |

'Neef Tos,' zei tante Mies. 'Je moet natuurlijk doen wat jij het beste vindt. Maar wij zijn het er niet mee eens. En we stellen je voor om Otje zolang bij ons in huis te nemen. Niet voorgoed, maar ik zeg: zolang. Totdat jij een vaste baan hebt gevonden.'

Tos keek even opzij naar Otje. Ze had al die tijd nog geen woord gezegd, maar ze keek nu met grote bange ogen naar de twee dames.

'We eh. . . We zullen er inderdaad eens over nadenken,' zei Tos. 'We vinden het heel vriendelijk van u en als de nood aan de man komt, dan zullen we misschien graag uw aanbod aannemen. Maar op het ogenblik is het nog niet nodig. Wel bedankt intussen.'

De tantes zuchtten.

'In elk geval,' zei tante Lena, 'geven we jullie ons adres. Hier is het. We wonen hier dicht in de buurt, in de Klaverstraat. Het telefoonnummer staat erbij .'

'Dank u wel,' zei Tos.

Toen iedereen klaar was met de pudding stonden de tantes op.

'We hopen zo dat je Otje bij ons zult brengen,' zeiden ze.

'In ieder geval tot ziens,' zei Tos hartelijk.

Otje werd weer gezoend en Tos kreeg een innige omhelzing. Toen gingen de tantes weg.

''t Is erg aardig van ze,' zei Tos, 'maar . . .'

'Maar het hoeft niet, he pappa?'

'Zeker niet,' zei Tos.

Nu kwam juffrouw Twiddel in de eetzaal.

'Die twee dames hebben niet afgerekend,' zei ze. 'Ze hebben niet betaald. Is het de bedoeling dat...'

'O, ik zal wel voor ze betalen,' zei Tos. 'Per slot zijn het mijn tantes.'

'Neef Tom,' sê Tant Mies. 'Jy moet natuurlik doen wat jy dink is goed. Maar ons stem nie daarmee saam nie. En ons stel voor dat ons vir Ottie solank by ons in die huis neem. Nie vir altyd nie, maar ek sê: solank. Totdat jy 'n vaste werk gekry het.'

Tom kyk sydelings na Ottie. Sy het al die tyd nog nie 'n woord gesê nie, maar sy kyk nou met groot bang oë na die twee dames.

'Ons eh... Ons sal regtig daaroor dink,' sê Tom. 'Dis besonder vriendelik van u en ás die nood aan die man kom, dan sal ons miskien graag u aanbod aanneem. Maar op die oomblik is dit nog nie nodig nie. Baie dankie solank.'

Die tantes sug.

'In elk geval,' sê Tant Lena, 'ons gee vir julle ons adres. Hier is dit. Ons woon hier baie naby, in Klawerstraat. Die telefoonnommer staan ook daarby.'

'Baie dankie,' sê Tom.

Toe almal klaar was met die nagereg, staan die tantes op.

'Ons hoop so dat jy vir Ottie na ons toe sal bring,' sê hulle.

'In elk geval, totsiens,' sê Tom hartlik.

Ottie word weer gesoen en Tom kry 'n liefderike druk. Toe gaan die tantes weg.

'Dis baie gaaf van hulle,' sê Tom, 'maar...'

'Maar dis nie nodig nie, nè, Pappa?'

'Beslis nie,' sê Tom.

Juffrou Twiddel kom die eetkamer binne.

'Die twee dames het nie betaal nie,' sê sy. 'Is dit die idee dat...'

'O, ek sal vir hulle betaal,' sê Tom. 'Per slot van rekening is dit my tantes.'

'Nee dat hoeft niet,' zei juffrouw Twiddel. 'Ik ben blij dat ik iets terug kan doen, nu je me gisteren zo goed hebt geholpen. En voordat jullie weggaan, wou ik je nog iets geven.'

Uit een laatje van de kast haalde ze twee spiegeltjes te voorschijn.

'Kijk,' zei ze. 'Dit zijn geen gewone spiegeltjes. Hier, kijk er maar in.'

Ze gaf Tos en Otje elk een spiegeltje. Tos keek in het zijne en zag tot zijn verbazing niet zichzelf, maar hij zag Ot je.

En Otje zag in haar spiegeltje niet zichzelf, maar haar vader.

'Ze zijn heel oud,' zei juffrouw Twiddel. 'Nog van m'n grootmoeder. Het zijn de zogenaamde malkanderspiegeltjes. Zelf heb ik er niets aan, want ik ben maar alleen.'

'En... wat moeten wij ermee doen?' vroeg Tos.

'Zolang jullie samen zijn,' zei juffrouw Twiddel, 'zolang heb je er niet veel aan. Maar als jullie ver van elkaar zijn, dan is zo'n spiegeltje een grote troost voor alle twee.'

'Dank u wel,' zeiden Tos en Otje tegelijk. Maar ze dachten allebei: Als je elkaar de hele dag ziet, waarom moet je elkaar dan ook nog in de spiegel zien?

De regen was opgehouden. Tos en Otje drukten juffrouw Twiddel de hand, bedankten nog eens en vertrokken met hun boeltje.

Op straat stond Toep de mus te wachten.

'Ik weet nog een heleboel hotelletjes,' zei hij. 'Ik wijs je de weg wel. Kom mee, ik vlieg vooruit.'

'Nee, dis nie nodig nie,' sê juffrou Twiddel. 'Ek is bly dat ek weer vir jou iets kan doen, nadat jy my gister so mooi gehelp het. En voordat julle weggaan, wou ek julle nog iets gee.'

Uit 'n laaitjie van die kas haal sy twee spieëltjies te voorskyn.

'Kyk,' sê sy. 'Dis nie gewone spieëltjies nie. Vat dit en kyk daarin.'

Sy gee vir Tom en Ottie elkeen 'n spieëltjie. Tom kyk in syne en sien tot sy verbasing nie homself nie, maar hy sien vir Ottie.

En Ottie sien in haar spieëltjie nie haarself nie, maar haar pa.

'Hulle is baie oud,' sê juffrou Twiddel. 'Dit was nog my ouma s'n. Dit word genoem die oor-en-weer-spieëltjies. Vir my beteken dit nie soveel nie, want ek is mos alleen.'

'En... wat moet ons daarmee maak?' vra Tom.

'Solank as julle bymekaar is,' sê juffrou Twiddel, 'dan beteken hulle nie veel nie. Maar as julle ver van mekaar af is, dan is so 'n spieëltjie 'n groot troos vir altwee.'

'Baie dankie,' sê Tom en Ottie gelyk. Maar hulle dink altwee: As 'n mens mekaar elke dag sien, hoekom moet jy mekaar dan ook nog in die spieël sien?

Die reën het intussen opgehou. Tom en Ottie groet juffrou Twiddel met die hand, bedank haar nogmaals en vertrek met hulle goedjies.

In die straat wag Toep die mossie vir hulle.

'Ek weet van nog 'n hele klomp hotelletjies,' sê hy. 'Ek sal vir hulle die pad wys. Kom saam met my, ek vlieg vooruit.'

Otje hakt de knoop door

Otje zat in een portiek te schuilen voor de regen. Ze had de slaapzakken naast zich en de tassen en de mand met muizen. Ze keek heel mismoedig. Toep fladderde om haar heen en probeerde haar te troosten.

'Tsjiep, nooit de moed opgeven,' riep hij. 'Deze keer lukt het misschien wel.' Twee nachten hadden Tos en Otje in een portiek geslapen. Twee dagen had Tos door de stad gelopen, van het ene hotel naar het andere, om werk te zoeken. Maar het was niet gelukt. Nu deed hij nog een laatste poging; hij was naar een restaurant om zich aan te bieden als kok. Het duurde erg lang voor hij terugkwam, Otje zat te wachten in de kille portiek en toen ze eindelijk haar vader zag aankomen, zag ze meteen al aan z'n gezicht dat het mis was.

'Ze hadden wel een kok nodig,' zei Tos moedeloos. 'Maar ja, 't is weer hetzelfde liedje. Ik heb geen papieren en dus ...'

'Zal ik nog weer 's wat papieren voor jullie halen?' vroeg Toep hoopvol.

'Nee,' zei Tos. "t Is aardig aangeboden, maar het zou me niet helpen.'

'Hadden we onze auto maar terug,' zei Otje. 'Dan konden we daar in slapen. Nu moeten we vannacht weer in een portiek.'

'Ja,' zei Tos. 'En de auto is klaar. Ik zou 'm zo kunnen afhalen, als ik maar genoeg geld had om de reparatie te betalen.'

Een poosje zaten ze zwijgend naast elkaar te kijken naar de regen.

Toen zei Otje: 'Pappa, we moeten het maar doen.'

'Wat moeten we doen, m'n kind?'

'Jij moet mee op het schip en ik moet bij de tantes in huis.'

'Nee!' riep Tos. Hij stond op en liep driftig heen en weer in de nauwe portiek. 'Nee kind, nee kind, nee...'

Ottie hak die knoop deur

Ottie sit onder 'n portiek, dit is 'n toegeboude boog by die ingang van 'n groot gebou, waar sy skuil teen die reën. Sy het die slaapsakke langs haar en die sakke en die mandjie met muise. Sy lyk baie mismoedig. Toep fladder om haar rond en probeer haar troos.

'Tsjiep, moet nooit moed opgee nie,' roep hy. 'Miskien sal hy hierdie keer gelukkig wees.' Twee nagte het Tom en Ottie al in 'n portiek geslaap. Twee dae lank het Tom nou al deur die stad geloop, van die een hotel na die ander, om werk te soek. Maar hy kon niks kry nie. Hy was nou besig om 'n laaste poging aan te wend. Hy sou na 'n restourant gaan om sy dienste as kok aan te bied. Dit neem baie lank voor hy terugkom terwyl Ottie sit en wag in die ysige portiek en toe sy uiteindelik haar pa sien aankom, sien sy dadelik aan sy gesig dat dit verkeerd geloop het.

'Hulle soek wel 'n kok,' sê Tom moedeloos. 'Maar dis maar weer die ou storie. Ek het nie papiere nie en dus...'

'Moet ek weer 'n keer vir julle papiere gaan haal?' vra Toep hoopvol.

'Nee,' sê Tom. Dis gaaf van jou om dit aan te bied, maar dit sal my nie help nie.'

'As ons maar net weer ons motor gehad het,' sê Ottie. 'Dan kon ons daarin slaap. Nou moet ons vannag weer in 'n portiek slaap.'

'Ja,' sê Tom. 'En die motor is klaar. Ek sou hom dadelik kon gaan haal, as ek maar net genoeg geld gehad het om te betaal vir die herstelwerk.'

'n Rukkie lank sit hulle sonder om te praat langs mekaar en kyk na die reën.

Toe sê Ottie: 'Pappa, ons moet dit maar doen.'

'Wat moet ons doen, my kind?'

'Jy moet saam met die skip gaan en ek moet by die tantes in hulle huis gaan bly.'

'Néé!' roep Tom uit. Hy staan op en loop ontsteld heen en weer in die nou portiek. 'Nee my kind, nee my kind, nee...'

Maar z'n laatste 'nee' klonk veel minder heftig. En Otje ging door.

'Het is maar voor een maand, pappa. En in die maand verdien je genoeg om de auto te betalen. En ik kan het best een maand uithouden bij die tantes, denk ik...' Dat laatste kwam er wat bibberig uit.

'Denk je heus?'

'Ja,' zei Otje nu heel stellig. 'Een maand is toch niet zo vreselijk lang? En we hebben de malkanderspiegeltjes, pappa. We kunnen elkaar altijd zien.'

'Dat is zo,' zei Tos. 'Goed, ik bel meteen de admiraal op. Dat moet eerst, want ik moet zeker zijn dat die bootreis doorgaat.'

Toen Tos even later in een telefooncel stond, hoopte hij dat de admiraal geen gehoor zou geven. Maar admiraal Strafport was wel degelijk thuis. Hij riep dadelijk: 'Aha! de kok van de raasdonders! Prima, beste kerel, je bent net op tijd, het schip vertrekt vanavond. Ik leg je even uit aan welke kade je moet wezen. '

'Het is gelukt, Otje. Vanavond vertrek ik en nu moet ik jou dus bij de tantes brengen,' zuchtte Tos, toen hij terug was in de portiek.

'Vind je 't niet fijn om een bootreis te maken?' vroeg Otje.

'Nee,' zei Tos. 'Ik ben al zeeziek in een kano. Maar 't ergste vind ik dat ik jou achter moet laten.'

''t Is maar voor een maand, pappa. Dat kan nooit zo erg zijn. Maar wat doen we met de slaapzakken en de rest van onze bagage?'

'We brengen alles eerst naar de bestelwagen in de garage,' zei Tos. 'Daar ligt het allemaal veilig. We moeten met de bus, 't is helemaal aan 't andere eind van de stad.'

'Even Toep goeiendag zeggen,' zei Otje. Maar de mus was nergens meer te zien, hij was weggevlogen.

Maar sy laaste 'nee' klink baie minder heftig. En Ottie gaan aan.

'Dis net vir 'n maand, Pappa. En in die maand verdien jy genoeg om die motor te betaal . En ek kan darem 'n maand uithou by die tantes, dink ek...' Die laaste woorde was maar 'n bietjie bewerig.

'Dink jy regtig so?'

'Ja,' sê Ottie nou baie beslis. 'Eén maand is tog nie so vreeslik lank nie? En ons het die oor-en-weer-spieëltjies, Pappa. Ons kan mekaar altyd sien.'

'Dit is waar,' sê Tom. 'Goed, ek bel dadelik die admiraal. Dit moet ek eerste doen, want ek moet seker wees dat die bootreis nog gaan plaasvind.'

Toe Tom 'n rukkie later in die telefoonhokkie staan, hoop hy die admiraal antwoord nie die foon nie. Maar admiraal Strafport is wel deeglik tuis. Hy roep dadelik uit: 'Aha, die kok wat die raasdonders gekook het! Eersteklas, my liewe man, jy is net betyds, die skip vertrek vanaand. Ek sal jou nou beduie by watter kaai jy moet wees.'

'Dis alles gereël, Ottie. Vanaand vertrek ek en nou moet ek jou dus na die tantes toe vat,' sug Tom, toe terugkom by die portiek.

'Hou jy nie van die idee om op 'n bootreis te gaan nie?' vra Ottie.

'Nee,' sê Tom. 'Ek word in 'n kano al seesiek. Maar die ergste is vir my dat ek jou hier moet los.'

'Dis net vir 'n maand, Pappa. Dit kan nooit so erg wees nie. Maar wat doen ons met die slaapsakke en die res van ons bagasie?'

'Ons vat alles na die stasiewa toe in die garage,' sê Tom. 'Daar sal dit veilig wees. Ons moet met die bus gaan, want dis heeltemal aan die ander kant van die stad.'

'Net gou vir Toep totsiens sê,' sê Ottie. Maar die mossie was nêrens te sien nie, hy het weggevlieg.

| | |
|---|---|
| Pas toen ze in de garage stonden en bezig waren hun boeltje in te pakken, riep Otje: 'Wat doen we met de muizen ? Neem jij ze mee, pappa?' | Eers toe hulle in die garage besig is om hulle goedjies in te pak, roep Ottie: 'Wat gaan ons met die muise maak? Neem jy hulle saam, Pappa?' |
| 'Nee,' zei Tos. 'Ik kan geen muizen meenemen op het schip van admiraal Strafport. ' | 'Nee,' sê Tom. 'Ek kan nie muise saamneem op admiraal Strafport se skip nie.' |
| 'Dan neem ik ze mee,' zei Otje. | 'Dan vat ek hulle,' sê Ottie. |
| Maar nu begon Lodewijk hard te piepen in z'n mand. Otje liet hem eruit en hij praatte opgewonden. 'Luister eens,' zei hij. 'Suzie en ik hebben nu lang genoeg in dat rotmandje gewoond. Ik heb altijd de wijde wereld in gewild. En Suzie ook. Nietwaar, Suzie?' | Maar nou begin Lodewyk hard te piep in sy mandjie. Ottie laat hom uitkom en hy praat opgewonde. 'Luister nou,' sê hy. 'Ek en Susie het nou lank genoeg in die dekselse mandjie gewoon. Ek wou nog altyd die wye wêreld ingaan. En Susie ook. Nie waar nie, Susie?' |
| Suzie knikte bedremmeld. | Susie knik bedremmeld. |
| 'En dus moet je ons nu maar loslaten,' zei Lodewijk. 'We gaan niet mee. Bedankt evengoed, Otje. Kom mee Suzie.' | 'En dus moet jy ons nou maar loslaat,' sê Lodewyk. 'Ons gaan nie saam nie. Dankie in elk geval, Ottie. Kom saam met my, Susie.' |
| Ze stonden in de wijde open deur van de garage. Buiten regende het pijpestelen. Suzie keek even en wipte toen terug in het mandje. Haar vinnige oogjes keken over de rand. 'Ga jij maar alleen, Lodewijk,' zei ze. 'Ik blijf bij Otje. ' | Hulle staan in die groot oop deur van die garage. Buite reën dit in strome. Susie gee 'n vinnige kyk en wip terug in die mandjie. Haar vinnige* ogies kyk oor die rand. 'Gaan jy maar alleen, Lodewyk,' sê sy. 'Ek bly by Ottie.' |
| Lodewijk aarzelde. Toen draaide hij zich om en sprong in het mandje bij Suzie. | Lodewyk aarsel. Toe draai hy om en spring in die mandjie by Susie. |
| Tos nam enkel een klein bundeltje kleren mee voor op het schip en Otje nam enkel de muizemand mee. | Tom vat maar net 'n klein bondeltjie klere saam vir die skip en Ottie vat net die muismandjie. |
| 'En nu gaan we naar de tantes,' zei Tos en hij haalde het adres te voorschijn. | 'En nou gaan ons na die tantes toe,' sê Tom en hy haal die adres uit. |
| De tantes woonden in een keurig huis op de derde etage in de Klaverstraat. | Die tantes woon in 'n netjiese woonstel op die derde verdieping in Klawerstraat. |
| 'Wel wel, ach ach, lieve neef,' zeiden ze, toen Tos en Otje in de huiskamer zaten. 'Natuurlijk willen we dat arme kind bij ons opnemen, het liefst voorgoed !' | 'Wel wel, ag ag, liewe neef,' sê hulle toe Tom en Ottie in die woonkamer sit. 'Natuurlik sal ons die arme kind in die huis neem, liefs vir altyd!' |
| 'Nee nee, niet voorgoed,' zei Tos haastig. 'Over een maand kom ik haar halen.' | 'Nee nee, nie vir altyd nie,' sê Tom haastig. 'Oor 'n maand kom ek haar haal.' |
| 'En ze krijgt een snoeperig kamertje voor haar alleen,' zei tante Mies. | 'En sy kry 'n oulike kamertjie vir haar alleen,' sê Tant Mies. |
| 'Met iedere week schone lakens,' zei tante Lena. | 'Met elke week skoon lakens,' sê Tant Lena. |

| | |
|---|---|
| 'Ik hoop eh... dat u aardig voor m'n dochtertje zult zijn...' stotterde Tos met een kleur. | 'Ek hoop eh... dat u goed sal wees vir my dogtertjie..' stotter Tom rooi in die gesig. |
| 'O, we zullen alles voor haar doen. Alles!' riepen de tantes. | 'O, ons sal alles vir haar doen. Alles!' roep die tantes uit. |
| 'Dan ga ik maar,' zei Tos. | 'Dan gaan ek nou maar,' sê Tom. |
| 'Ik breng je even tot bij de deur,' zei Otje. Ze liep met haar vader de trap af en zei: 'Denk erom pappa, we hebben de malkanderspiegeltjes van juffrouw Twiddel. Als je me wil zien, kijk dan in je spiegeltje. En als je driftig wordt daar op het schip, kijk dan vooral naar mij. Dat helpt!' | 'Ek stap saam tot by die deur,' sê Ottie. Sy loop saam met haar pa die trappe af en sê: 'Onthou Pappa, ons het die oor-en-weer-spieëltjies van juffrou Twiddel. As jy my wil sien, moet jy in die spieëltjie kyk. En as jy kwaad word daar op die skip, moet jy veral na my kyk. Dit sal help!' |
| 'En als jij je alleen voelt,' zei Tos, 'kijk dan in jouw spiegeltje en denk eraan dat ik gauw weer bij je ben.' | 'En as jy alleen voel,' sê Tom, 'moet jy in jou spieëltjie kyk en daaraan dink dat ek gou weer by jou sal wees.' |
| Ze kusten elkaar end toen ging Tos de deur uit, terwijl Otje langzaam de trappen opging, terug naar de huiskamer. | Hulle soen mekaar en toe gaan Tom by die deur uit terwyl Ottie stadig die trappe opklim, terug na die woonkamer. |
| 'Je kleertjes zitten zeker hierin?' vroeg tante Lena en ze wees naar het mandje. | 'Jou kleertjies is seker hierin?' vra Tant Lena en sy wys na die mandjie. |
| 'Nee,' zei Otje. 'Daar zitten Lodewijk en Suzie in.' Ze deed het mandje open. | 'Nee,' sê Ottie. 'Lodewyk en Susie is daarin.' Sy maak die mandjie oop. |
| 'Hoe-oe-oei!' gilde tante Mies. | 'Hoe-oe-oei!' gil Tant Mies. |
| 'Muizen !' schreeuwde tante Lena. | 'Muise!' skreeu Tant Lena. |
| De tantes klemden zich rillend aan elkaar vast. | Die tantes klou bewend aan mekaar vas. |
| 'Ze zijn heel lief, ze doen niets,' riep Otje verbaasd. | 'Hulle is baie soet, hulle doen niks nie,' roep Ottie verbaas uit. |
| 'Muizen kunnen we niet gebruiken,' zei tante Mies beslist. | 'Vir muise het ons nie plek nie,' sê Tant Mies beslis. |
| 'Ook niet als ze op mijn kamertje blijven?' | 'Ook nie as hulle in my kamertjie bly nie?' |
| 'Nee, ze moeten weg,' zei tante Lena. 'Absoluut !' | 'Nee, hulle moet weg,' sê Tant Lena. 'Definitief!' |
| 'O,' zei Otje. 'Dan kan ik hier ook niet blijven.' Ze stond op, deed de muizen in hun mand en wilde weggaan. | 'O,' sê Ottie. 'Dan kan ek ook nie hier bly nie.' Sy staan op, sit die muise in hulle mandjie en wil weggaan. |
| 'Weg? Waar wil je dan naar toe?' | 'Weg? Waarheen wil jy dan gaan?' |
| 'Dat weet ik niet,' zei Otje. 'Ik vind wel iets... ergens.' | 'Ek weet nie,' sê Ottie. 'Ek sal wel iets kry... êrens.' |

De tantes keken elkaar wanhopig aan.

'Nou... weet je...' zei tante Lena. 'Als je ze op je kamer houdt...'

'En vooral in het mandje...' zei tante Mies.

'Dan zullen we 't nog eens aanzien...' zeiden de beide tantes tegelijk.

Die tantes kyk wanhopig na mekaar.

'Nou...weet jy...' sê Tant Lena. 'As jy hulle in jou kamer hou...'

'En veral in die mandjie...' sê Tant Mies.

'Dan verdra ons dit maar 'n bietjie...' sê albei tantes gelyk.

Bij de tantes in huis

Otje zat op haar kamertje en keek naar de nieuwe roze schoentjes die ze had gekregen bij haar nieuwe roze jurk.

Ze was nu een week bij de tantes in huis en al direct op de eerste dag had tante Lena gezegd: 'Kind, nu je bij ons woont, kun je niet met die vieze ouwe broek lopen en met die smerige schoenen. Kom, we gaan een jurk voor je kopen.'

Toen ze terugkwamen uit de winkel zei tante Mies: 'En nu gooien we die ouwe broek weg.'

'Nee nee,' riep Otje. 'Niet weggooien! Als m'n vader terugkomt wil ik 'm weer aan. En dan doe ik ook m'n eigen schoenen weer aan.'

En nu lag de broek in een kast op haar kamer en in de zak zat het spiegeltje. Een van de twee malkanderspiegeltjes. Als ze erin keek zag ze niet haar eigen gezicht maar dat van Tos. En dan dacht ze: Misschien kijkt pappa nu ook in z'n spiegeltje. En dan ziet hij mij.

Achter haar bed had ze eenendertig streepjes gezet met een potlood. Haar vader zou eenendertig dagen wegblijven had hij gezegd. En elke avond schrapte ze een streepje dwars door, zodat het een kruisje werd. Er waren nog erg veel streepjes over.

'Denk erom dat je de muizen nooit los laat lopen,' zeiden de tantes telkens weer.

De eerste dag had Otje heel gehoorzaam het mandje dicht gelaten, maar toen ze 's avonds in bed lag hoorde ze Lodewijk en Suzie piepen: 'Honger !' Otje had wat kruimels meegesmokkeld van tafel. Ze deed de mand open en de muizen sprongen er dadelijk uit.

'Jullie moeten er weer in,' zei Otje. 'Als een van de tantes binnenkomt en jullie ziet lopen...'

'Als een van de tantes binnenkomt,' zei Lodewijk, 'dan klim ik in haar jurk en ik ga in haar nek zitten. Wat zal ze gillen!'

'Maar ze durven helemaal niet binnen te komen,' zei Suzie. 'Ze zijn ontzettend bang voor ons.'

By die tantes

Ottie sit in haar kamertjie en kyk na die nuwe pienk skoentjies wat sy gekry het by haar nuwe pienk rok.

Sy was nou al 'n week by die tantes in hulle huis en op die heel eerste dag het Tant Lena gesê: 'Kind, noudat jy by ons woon, kan jy nie met die vuil ou broek loop en met die smerige skoene nie. Kom, ons gaan koop vir jou 'n rok.'

Toe hulle terugkom van die winkel af sê Tant Mies: 'En nou gooi ons die ou broek weg.'

'Nee nee,' roep Ottie. 'Moenie hom weggooi nie! As my pa terugkom wil ek hom weer dra. En dan gaan ek ook weer my eie skoene aantrek.'

En nou lê die broek in 'n kas in haar kamer en in die sak lê die spieëltjie. Eén van die twee oor-en-weer-spieëltjies. As sy daarin kyk, sien sy nie haar eie gesig nie, maar Tom s'n. En dan dink sy: Miskien kyk Pappa nou ook in sy spieëltjie. En dan sien hy vir my.

Agter haar bed het sy een-en-dertig strepies getrek met 'n potlood. Haar pa sou een-en-dertig dae wegbly het hy gesê. En elke aand trek sy een strepie deur, sodat dit 'n kruisie word. Daar was nog vreeslik baie strepies oor.

'Onthou om die muise nooit los te laat loop nie,' sê die tantes elke keer weer.

Die eerste dag het Ottie ewe gehoorsaam die mandjie toe gehou, maar toe sy die aand in die bed lê, hoor sy Lodewyk en Susie piep: 'Honger!' Ottie het 'n paar krummels saam gesmokkel van die tafel af. Sy maak die mandjie oop en die muise spring dadelik uit.

'Julle sal weer moet inklim,' sê Ottie. 'As een van die tantes inkom en julle sien rondloop...'

'As een van die tantes inkom,' sê Lodewyk, 'dan klim ek teen haar rok op en gaan sit in haar nek. Dink net hoe sy sal gil!'

'Maar hulle sal nie waag om in te kom nie,' sê Susie. 'Hulle is ontsettend bang vir ons.'

En dat was ook zo. Otje maakte haar eigen kamertje schoon omdat de tantes er niet in durfden te komen. En ze liet de muizen vrij rondlopen, maar als ze naar beneden ging, naar de huiskamer, dan moesten de muizen in hun mand.

Elke dag deed Otje het raam open, leunde naar buiten en keek rond over de daken in de omtrek. Er waren vogels af en toe, mussen vooral, maar Toep was er nooit bij. En van Kwark de kraai was geen spoor te bekennen.

Ze zijn me vergeten, dacht Otje. Of weten ze niet waar ik ben ? Nee, ze weten niet waar ik ben en misschien zoeken ze nu door de hele stad. Als pappa terug is gaan we onze bestelauto uit de garage halen. Dan trek ik m'n ouwe broek weer aan. Die mag ik tenminste vuilmaken. En er zitten zakken in. En als we dan naar buiten rijden, weg uit de stad, dan komen Kwark en Toep weer naar ons toe. 'Nog vierentwintig streepjes . . . ' zuchtte ze. En ze haalde het spiegeltje te voorschijn om even naar Tos te kijken.

Tos was heel ver weg. Hij voer als kok op een schip en elke dag moest hij kaapse raasdonders klaarmaken voor de admiraal. Hoewel het een moeilijk leven was zo midden op zee op een deinend schip, deed Tos zoveel mogelijk z'n best. Ook hij had streepjes gezet bij z'n kooi en elke dag schrapte hij er eentje door. Af en toe keek hij in z'n spiegeltje. Dag Otje, zei hij dan, over drie weken ben ik bij je. Dan hebben we geld genoeg om de auto te betalen. Dan trekken we weer samen het land door.

Als ik tenminste geen driftbui krijg. . . dacht hij. Wat gebeurt er als ik ontslagen word midden op zee ? Zouden ze me dan overboord gooien? Ik mag absoluut niet driftig worden.

Maar op een ochtend ging het mis.

Tos moest de admiraal z'n ontbijt op bed brengen.

Het stormde hevig. De golven sloegen over dek. Hij kon zich nauwelijks op de been houden en de eitjes vlogen de pan uit.

Moeizaam sleepte hij zich terug naar de kombuis om nieuwe eieren te bakken maar het ontbijt kwam veel te laat.

En dit was ook so. Ottie het self haar kamertjie skoongemaak omdat die tantes nie wou waag om daar in te gaan nie. En sy het die muise vry laat rondloop, maar as sy ondertoe gaan, na die woonkamer toe, dan moes die muise in hulle mandjie klim.

Elke dag maak Ottie die venster oop, leun uit en kyk rond oor die dakke in die omtrek. Af en toe was daar voëls, veral mossies, maar Toep was nooit onder hulle nie. En van Kwark die kraai was daar nie 'n spoor nie.

Hulle het my vergeet, dink Ottie. Of weet hulle nie waar ek is nie? Nee, hulle weet nie waar ek is nie en miskien soek hulle nou die hele stad deur. As Pappa terug is, gaan ons ons stasiewa by die garage haal. Dan trek ek weer my ou broek aan. Hom kan ek ten minste maar vuilsmeer. En hy het sakke. En as ons dan uitry, buitekant die stad, sal Kwark en Toep weer na ons toe kom. 'Nog vier-en-twintig strepies...' sug sy. En sy haal die spieëltjie te voorskyn om 'n slag na Tom te kyk.

Tom was baie ver weg. Hy het as kok op 'n skip gevaar en elke dag moes hy Kaapse raasdonders kook vir die admiraal. Hoewel dit 'n moeilike lewe was so midde op die see op 'n wiegende skip, het Tom sover hy kon sy bes gedoen. Ook hy het strepies getrek by sy hangmat en elke dag trek hy enetjie deur. Af en toe kyk hy in sy spieëltjie. Hallo, Ottie, sê hy dan, oor drie weke is ek by jou. Dan het ons genoeg geld om die motor te betaal. Dan trek ons weer saam deur die land.

As ek net nie 'n woedebui kry nie...dink hy. Wat sal gebeur as ek midde op die see ontslaan word? Sal hulle my dan oorboord gooi? Ek mág net nie woedend word nie.

Maar een oggend het die dinge verkeerd geloop.

Tom moes vir die admiraal sy ontbyt in die bed bring.

Daar was 'n hewige storm aan die gang. Die golwe slaan oor die dek. Hy kon skaars op sy voete bly en daar skiet die eiers uit die pan!

Moeisaam sleep hy homself terug na die kombuis om nuwe eiers te bak, maar die ontbyt was baie laat.

De admiraal was woedend.

'Kameel !' schreeuwde hij tegen Tos.

Tos werd vuurrood. Hij voelde de drift in zich opstijgen en hij wist dat het verkeerd ging. Het scheelde maar een haartje of hij had de hete eieren in het gezicht van de admiraal gegooid.

Maar hij zette het ontbijt voorzichtig neer en greep in z'n zak naar het spiegeltje. Otje keek hem aan. Het was net alsof ze zei: Niet doen, pappa.

Dat hielp. Hij zuchtte een keer heel diep en de bui zakte weg.

De admiraal keek verbaasd.

'Kijk je in de spiegel om te zien of je echt een kameel bent?' vroeg hij. Tos lachte verlegen en zei niets. Maar hij was heel gelukkig en opgelucht.

Die admiraal was woedend.

'Kameel!' skreeu hy vir Tom.

Tom word vuurrooi. Hy voel hoe die woede in hom opkom en hy weet dit gaan verkeerd loop. Dit was baie amper of hy het die warm eiers in die admiraal se gesig gegooi.

Maar hy sit die ontbyt versigtig neer en gryp in sy sak na die spieëltjie. Ottie kyk hom aan. Dit was kompleet of sy sê: Moenie, Pappa.

Dit help. Hy sug een keer baie diep en die bui sak weg.

Die admiraal kyk hom verbaas aan.

'Kyk jy in die spieël om te sien of jy regtig 'n kameel is?' vra hy. Tom lag verleë en sê niks. Maar hy was baie bly en verlig.

Juffrouw Ochtendster

Eenendertig dagen zou Tos wegblijven. Eenendertig streepjes had Otje achter haar bed op het behang getekend. Elke dag kraste ze er eentje door. De dagen duurden erg lang, het was saai bij de tantes en ze had niemand om mee te praten behalve de muizen die af en toe in haar kamertje uit hun mandje mochten.

Toen Otje het laatste streepje had doorgekrast dacht ze: Vandaag komt pappa me halen.

De hele dag zat ze voor het raam in de zitkamer van de tantes en wachtte en wachtte maar er gebeurde niets. Tos kwam niet. De volgende dag ging ze buiten op de stoep zitten wachten totdat de tantes haar binnenriepen en zeiden: 'Dat heeft geen zin, kind. Als je vader komt dan belt hij aan.' Maar haar vader kwam niet. En ook niet de dag daarop.

Toen ze de vierde dag in de vroege ochtend beneden kwam en op de gang stond, hoorde ze de tantes binnen met elkaar praten.

'Neef Tos komt niet terug,' zei tante Lena.

'Dat vrees ik ook,' zei tante Mies. 'Hij was er anders al geweest. Die zit natuurlijk ergens in Zuid-Amerika en denkt er niet over om terug te komen.'

'Wat moeten we dan met het kind?' vroeg tante Lena.

'Het kind doen we in een tehuis. Zo gauw mogelijk.'

Otje stond verstijfd van schrik te luisteren op de gang. Toen sloop ze weer naar boven, haalde het spiegeltje te voorschijn uit de zak van haar oude broek en keek erin. Ze zag het gezicht van Tos en ze zuchtte diep. "t Is niet waar, he pappa,' zei ze hardop. 'Je komt wel terug. '

'Luister 's kind,' zei tante Lena, toen ze weer beneden kwam. 'Nu moet je niet de hele dag gaan zitten wachten. Ga nu eerst maar eens een boodschap voor ons doen. Haal een pak diepvriesspinazie bij de supermart. Hier is een gulden, denk erom dat je vijf cent terugkrijgt. Hup!'

Juffrou Môrester

Een-en-dertig dae sou Tos wegbly. Een-en-dertig strepies het Ottie agter haar bed op die muurpapier geteken. Elke dag trek sy enetjie deur. Die dae was baie lank, dit was vervelig by die tantes en sy het niemand gehad om mee te praat nie, behalwe die muise wat af en toe in haar kamertjie uit hulle mandjie kon kom.

Toe Ottie die laaste strepie deurgetrek het, dag sy: Vandag kom Pappa my haal.

Die hele dag het sy voor die venster in die tantes se sitkamer gesit en wag, maar daar het niks gebeur nie. Tos het nie gekom nie. Die volgende dag het sy buite op die sypaadjie gaan sit en wag totdat die tantes haar ingeroep het en gesê het: 'Dit help tog nie, my kind. As jou pa kom, sal hy die voordeurklokkie lui.' Maar haar pa het nie gekom nie, en ook nie die dag daarop nie.

Toe sy op die vierde dag vroeg die oggend ondertoe gaan en in die gang staan, hoor sy hoe die tantes binne met mekaar praat.

'Neef Tos kom nie terug nie,' sê Tant Lena.

'Ek vrees dit ook,' sê Tant Mies. 'Anders was hy al hier. Hy sit natuurlik êrens in Suid-Amerika en dink nie meer daaraan om terug te kom nie.'

'Wat gaan ons nou met die kind maak?' vra Tant Lena.

'Die kind sit ons in 'n kinderhuis. So gou as moontlik.'

Ottie staan stokstyf van die skrik en luister in die gang. Toe sluip sy weer boontoe, haal die spieëltjie te voorskyn uit die sak van haar ou broek en kyk daarin. Sy sien Tos se gesig en sug diep. 'Dis nie waar nie, nè Pappa,' sê sy hardop. 'Jy sál terugkom.'

'Hoor hier, kind,' sê Tant Lena toe sy weer onder kom. 'Nou moet jy nie die hele dag sit en wag nie. Gaan nou eers gou vir ons winkel toe. Koop 'n pak bevrore spinasie by die supermark. Hier is 'n gulde. Onthou dat jy* vyf sent kleingeld moet kry. Toe nou!'

'Helemaal naar de supermart ?' zei Otje. 'Maar als pappa komt...'

'Als hij komt dan laten we hem binnen,' zei tante Mies. 'Hij wacht wel op je.'

Otje ging de trappen af en de voordeur uit. Ze liep langs de vuilniszakken die klaar stonden aan de stoep en ging op weg. Ze had al dikwijls boodschappen gedaan voor de tantes en ze wist precies in welk vak de diepvriesgroente lag. Maar toen ze met haar wagentje bij de kassa kwam, stond er een lange rij mensen en het duurde erg lang voor ze buiten was met haar pak spinazie. Ze holde terug naar het huis van de tantes. Misschien was haar vader nu... maar nee. Alles was nog net zo. Er was niemand gekomen. Ze wilde het pak spinazie in de koelkast leggen, maar weer hoorde ze in de zitkamer de tantes praten.

'He he,' zei tante Mies. 'Dat is tenminste gelukt.'

'Wat een rustig gevoel,' zei tante Lena, 'dat we geen muizen meer in huis hebben.'

Otje legde het pak spinazie neer en rende de trap op naar haar kamertje. De mand met muizen was weg. Ze keek in de kast. En ze zag dat de broek ook weg was. De broek met het spiegeltje in de zak!

Binnen drie seconden stond ze in de kamer bij de tantes.

'Waar zijn de muizen?' riep ze.

'Waar is de spinazie?' vroeg tante Lena.

'En de broek? Waar is m'n broek?' huilde Otje.

'Niet zo schreeuwen kind,' zei tante Mies. 'En wind je niet zo op ! We hadden genoeg van je muizen. Je hebt ons beloofd dat je de mand altijd dicht zou laten. Maar je liet de muizen er telkens uit, dat weten we zeker want er lagen keutels op het kleed.'

'Maar waar zijn ze?' riep Otje.

'We hebben de mand aan de stoep gezet,' zei tante Lena. 'En de vuilnisman is geweest.'

'Die hele ent na die supermark?' sê Ottie. 'Maar as Pappa kom...'

'As hy kom, dan laat ons hom inkom,' sê Tant Mies. 'Hy sal tog vir jou wag.'

Ottie loop af met die trappe en uit by die voordeur. Sy loop verby die vuilgoedsakke wat reggesit is langs die sypaadjie en kry koers winkel toe. Sy het al dikwels inkopies gedoen vir die tantes en sy het presies geweet in watter rak die bevrore groente was. Maar toe sy met haar waentjie by die kasregister kom, staan daar 'n lang ry mense en dit duur baie lank voor sy buite kom met haar pak spinasie. Sy hol terug na die tantes se huis. Miskien was haar pa nou...maar nee. Alles was nog net so. Niemand het gekom nie. Sy wou die pak spinasie in die yskas sit, maar weer hoor sy die tantes praat in die sitkamer.

'Nou ja,' sê Tant Mies. 'Dit het ons darem reggekry.'

'Wat 'n rustige gevoel,' sê Tant Lena, 'dat ons nou nie meer muise in die huis het nie.'

Ottie sit die pak spinasie neer en hardloop die trappe op na haar kamertjie. Die mandjie met muise was weg. Sy kyk in die kas. En sy sien dat die broek ook weg is. Die broek met die spieëltjie in sy sak!

Binne drie sekondes staan sy in die woonkamer by die tantes.

'Waar is die muise?' roep sy uit.

'Waar is die spinasie?' vra Tant Lena.

'En die broek? Waar is my broek?' huil Ottie.

'Moenie so skree nie, kind. En moet jou nie so opwen nie! Ons het genoeg gehad van jou muise. Jy het ons beloof om die mandjie altyd toe te hou. Maar jy het die muise elke keer weer laat uitkom, daarvan is ons seker, want daar was kittels op die mat.'

'Maar waar is hulle?' roep Ottie.

'Ons het die mandjie op die sypaadjie gesit,' sê Tant Lena. 'En die vuilgoedman is al verby.'

'En die ouwe vieze broek hebben we boven op de mand gelegd,' zei tante Mies. 'Kijk niet zo radeloos kind, wat heb je aan zo'n voddige broek ! En muizen zijn alleen maar ongedierte.'

Otje luisterde niet langer. Ze draaide zich om en ze liep weg, de trap af, de deur uit, de straat op.

'Hebt u de vuilniswagen gezien ?' vroeg ze aan een mevrouw.

'Jazeker, maar die is allang weg. Die is vast al in de volgende wijk.'

Otje holde in de richting die de mevrouw aanwees. Ze liep de ene straat uit en de andere in, ze vroeg telkens aan voorbijgangers naar de vuilniswagen, ze viel languit in een plas en ze verloor een schoen maar ze bleef lopen tot ze ineens een schril getjilp naast zich hoorde. Ze stond stil. Vlak bij haar op een paaltje zat de mus Toep.

'Eindelijk!' riep hij. 'Weet je dat ik je aldoor heb gezocht? Waar zat je en waar is je vader?'

'O Toep...' snikte Otje. 'M'n vader is op zee en misschien komt hij nooit terug en de muizen zijn meegegeven met de vuilniswagen en m'n broek ook en het spiegeltje ook en...'

'Niet zo haastig,' zei Toep. 'Vertel het kalm.'

Toen Otje het hele verhaal had verteld zei ze: 'Help me asjeblieft, Toep. Help me om de vuilniswagen te vinden. Misschien is het nog niet te laat.'

'Ik heb 'm niet gezien,' zei Toep. 'Maar wacht... ik vraag het hier in de buurt.'

Hij vloog weg maar hij was in een oogwenk terug met een stuk of wat andere vogels.

'De vuilniswagen is al helemaal aan de andere kant van de stad,' zei een spreeuw.

'Die haal je nooit meer in,' krijste een meeuw. 'Die is al naar de vuilstortplaats !'

'En die ou vuil broek het ons bo-op die mandjie gesit,' sê Tant Mies. 'Moenie so moedeloos lyk nie, kind, wat kan jy maak met so 'n vuil broek! En muise is niks anders as ongediertes nie.'

Ottie luister nie verder nie. Sy draai om en loop weg, af met die trappe, uit by die deur, die straat op.

'Het u die vuilgoedwa gesien?' vra sy aan 'n vrou.

'O ja, maar hy is lankal weg. Hy is seker al in die volgende woonbuurt.

Ottie hardloop in die rigting wat die vrou beduie het. Sy hardloop die een straat op en die ander straat af. Sy vra telkens vir verbygangers na die vuilgoedwa, sy val plat in 'n waterplas en sy verloor een skoen, maar sy hou aan hardloop tot sy meteens 'n skril getjilp langs haar hoor. Sy staan stil.... Net langs haar op 'n paaltjie sit Toep die mossie.

'Eindelik!' roep hy uit. 'Weet jy dat ek jou die hele tyd gesoek het? Waar was jy en waar is jou pa?'

'O Toep...' snik Ottie. 'My pa is op die see en miskien kom hy nooit weer terug nie en die muise is vir die vuilgoedwa gegee en my broek ook en die spieëltjie ook en...'

'Nie so haastig nie,' sê Toep. 'Vertel dit nou rustig.'

Toe Ottie die hele storie vertel het, sê sy: 'Help my asseblief, Toep. Help my om die vuilgoedwa te kry. Miskien is dit nog nie te laat nie.'

'Ek het hom nie gesien nie,' sê Toep. 'Maar wag....ek sal 'n bietjie hier rond vra.'

Hy vlieg weg, maar hy kom in 'n oogwink terug met 'n hele paar ander voëls.

'Die vuilgoedwa is al heeltemal aan die ander kant van die stad,' sê 'n spreeu.

'Jy sal hom nooit meer inhaal nie,' krys 'n meeu. 'Hy is al weg na die plek waar die vuilgoed gestort word!'

| | |
|---|---|
| Het waren allemaal sombere berichten die Otje van de vogels hoorde, totdat er een vriendje van Toep bij kwam, een andere mus die zei: 'Juffrouw Ochtendster.' | Al wat Ottie van die voëls hoor, is slegte nuus, totdat daar 'n vriendjie van Toep bykom, 'n ander mossie wat sê: 'Juffrou Môrester.' |
| 'Wat? Wat?' riepen de vogels. | 'Wat? Wat?' roep die voëls. |
| 'Juffrouw Ochtendster heb ik langs zien fietsen. Die neemt toch 'smorgens alles mee wat naast de vuilniszakken staat? Ik geloof zelfs dat ik een mandje heb gezien dat ze boven op alle rommel had gezet op haar bakfiets. Kan dat jouw mandje soms zijn?' | 'Ek het gesien hoe juffrou Môrester verbykom met haar fiets. Sy vat mos soggens alles saam wat langs die vuilgoedsakke staan. Ek verbeel my tot dat ek 'n mandjie gesien het wat sy bo op al die rommel gesit het op haar bakfiets. Kan dit dalk jou mandjie wees?' |
| 'Dat is je kans,' riep Toep. 'Kom mee, Otje, we gaan op zoek naar juffrouw Ochtendster. ' | 'Dis nou jou kans,' roep Toep. 'Kom saam, Ottie, ons gaan vir juffrou Môrester soek.' |
| 'Een mandje met twee muizen? Jazeker, dat had ik op m'n bakfiets,' zei juffrouw Ochtendster. | ''n Mandjie met twee muise? O ja, definitief. Ek hét dit op my bakfiets gehad,' sê juffrou Môrester. |
| 'En waar is het nu?' vroeg Otje, hijgend van 't harde lopen. De vogels hadden haar geholpen om eindelijk, na uren zoeken, het vrouwtje te vinden dat afgedankte rommel ophaalde langs de trottoirs. | 'En waar is dit nou?' vra Ottie, wat hyg van die hardloop. Die voëls het haar gehelp om eindelik na ure se soek die vroutjie te kry wat weggegooide rommel van die sypaadjies af versamel. |
| 'Verkocht,' zei juffrouw Ochtendster. 'Aan de antiekwinkel. Er lag een broek bij, die heb ik nog. Hier, je kunt hem krijgen. Alleen... het spiegeltje dat erin zat heb ik ook verkocht.' | 'Verkoop,' sê juffrou Môrester. 'Aan die antiek-winkel. Daar was 'n broek by, dit het ek nog. Hier, jy kan hom kry. Net... die spieëltjie wat daarin was, het ek ook verkoop.' |
| 'Waar is die winkel?' vroeg Otje. | 'Waar is die winkel?' vra Ottie. |
| 'Daar, aan de overkant bij de brug. Ga maar vragen of je de boel terugkrijgt. Maar de muizen heb ik losgelaten.' | 'Daar oorkant, by die brug. Gaan vra maar of jy die goed kan terugkry. Maar die muise het ek losgelaat.' |
| 'Losgelaten?' riep Otje. 'Waar?' | 'Losgelaat?' roep Ottie. 'Waar?' |
| 'Vlak voor die antiekwinkel, op straat,' zei juffrouw Ochtendster. 'Wou je ze gaan zoeken? Dan mag je wel vlug zijn. 't Zit daar vol katten.' Juffrouw Ochtendster reed verder op haar bakfiets en Otje bleef op de stoep staan. | 'Net voor die antiekwinkel, in die straat,' sê juffrou Môrester. 'Wou jy hulle gaan soek? Dan sal jy vinnig moet wees. Die wêreld is daar vol katte.' Juffrou Môrester ry verder op haar bakfiets en Ottie bly staan op die sypaadjie. |
| De muizen weg... haar dierbare spiegeltje verkocht... Ze keek om zich heen. Geen vogels meer, ook Toep de mus was verdwenen. | Die muise weg... haar kosbare spieëltjie verkoop...Sy kyk rond. Die voëls was ook weg, selfs Toep die mossie het verdwyn. |
| Moet ik eerst de muizen gaan zoeken ? dacht ze. Maar als pappa in die tijd terugkomt, vindt hij me niet thuis. Moet ik dan maar terug naar de tantes ? Ze keek naar haar jurkje. Het was pikzwart en gescheurd. En ze had alle twee haar roze schoenen verloren. | Moet ek eers die muise gaan soek? dink sy. Maar as Pappa in die tussentyd terugkom, kry hy my nie by die huis nie. Moet ek dan maar teruggaan na die tantes? Sy kyk na haar rokkie. Dis pikswart en geskeur. En sy het al áltwee haar pienk skoene verloor. |

| | |
|---|---|
| 'Ik durf niet terug,' zei ze. | 'Ek kan nie waag om terug te gaan nie,' sê sy. |
| Ze besloot de muizen te gaan zoeken. | Sy besluit om die muise te gaan soek. |

| <u>Het komt nooit meer goed</u> | <u>Dit sal nooit weer regkom nie</u> |
|---|---|
| 'Vier dagen te laat...' kreunde Tos toen hij aan wal stapte. 'Vier dagen heeft mijn Otje in angst gezeten. Ze dacht misschien dat ik niet meer kwam. Maar wie had gedacht dat het schip vier dagen te laat zou zijn vanwege de storm?' | 'Vier dae te laat....,' kreun Tos toe hy aan wal stap. 'Vier dae het my Ottie in vrees gelewe. Miskien het sy gedink ek kom nie meer nie. Maar wie het nou kon kink dat die skip vier dae laat sou wees as gevolg van die storm?' |
| Hij voelde in zijn borstzak. Daarin zat het mapje met geld. Zijn eigen verdiende geld, genoeg voor de autoreparatie en ook nog genoeg om een maand lang te eten. | Hy voel in sy binnesak. Daarin was sy koevert met geld. Sy eie verdiende geld, genoeg vir die regmaak van die motor en ook nog genoeg om 'n maand lank te eet. |
| Tos was van plan geweest om direct na aankomst de bestelwagen af te halen bij de garage. Voor hij op reis ging had hij daar de slaapzakken heen gebracht. | Tom was eers van plan om sodra hy aankom, die stasiewa te gaan haal by die garage. Voor hy vertrek het, het hy die slaapsakke soontoe geneem. |
| Maar nu ik zo laat ben, dacht hij, heb ik geen ogenblik te verliezen. Eerst naar Otje. | Maar noudat ek so laat is, dink hy, moet ek nie 'n oomblik verloor nie. Eerste na Ottie toe. |
| Toen hij aanbelde, deed tante Lena open. | Toe hy die klokkie lui, maak Tant Lena die deur oop. |
| 'Wie is daar?' riep ze naar beneden. | 'Wie is dit?' roep sy van bo af. |
| 'Ik ben het, neef Tos. Ik kom Otje halen.' | 'Dis ek, Neef Tom. Ek kom vir Ottie haal.' |
| Er kwam geen antwoord. | Daar kom geen antwoord nie. |
| Tos liep de trap op. Boven stonden de twee tantes met verschrikte ogen. | Tom klim die trappe op. Bo staan die twee tantes met verskrikte oë. |
| 'Waar is ze?' vroeg Tos. | 'Waar is sy?' vra Tom. |
| 'Wie eh... bedoel je Otje?' stamelde tante Mies. | 'Wie eh...bedoel jy Ottie?' stamel Tant Mies. |
| 'Ja, wie anders? Waar is ze?' | 'Ja, wie anders? Waar is sy?' |
| 'Ga zitten neef,' zei tante Lena. 'Wil je een kopje thee?' | 'Kom sit, Neef,' sê Tant Lena. 'Wil jy 'n koppie tee hê?' |
| 'Ik wil Otje!' riep Tos. 'Waarom is ze er niet?' | 'Ek wil vir Ottie hê!' roep Tom uit. 'Hoekom is sy nie hier nie?' |
| 'Ga even rustig zitten. Dan zullen we het je uitleggen.' | 'Kom sit nou eers rustig. Dan sal ons vir jou verduidelik.' |
| 'Ik ga niet rustig zitten. Ik kom Otje halen. Waar is ze?' | 'Ek wil nie rustig gaan sit nie. Ek kom vir Ottie haal. Waar is sy?' |
| 'Dat weten we niet,' zei tante Lena. | 'Ons weet nie,' sê Tant Lena. |
| 'W-w-weet je dat niet...?' | 'W-w-weet jy nie...?' |

'Ze is weggelopen,' zei tante Mies 'En vannacht niet thuisgekomen.'

'En ze heeft de diepvriesspinazie op de verwarming gelegd,' zei tante Lena. 'We vonden een grote groene smeerboel op het kleed. Want het was ontdooid.'

'En ze was ontzettend brutaal,' klaagde tante Mies. 'Ze heeft tegen ons geschreeuwd toen we de muizen aan de vuilnisman meegaven.'

'En ze was nooit dankbaar,' zei tante Lena. 'We hebben een prachtige jurk voor haar gekocht en ze kreeg elke dag gehakt, maar nooit dankbaar.'

'Hou op !' bulderde Tos. 'Hebben jullie de politie gewaarschuwd?'

'Nee... Moest dat? We dachten... ze komt vanzelf wel terug...'

Zonder iets te zeggen pakte Tos z'n buideltje en ging de deur uit. Hij draafde over straat en klampte een agent aan die op de hoek stond met z'n hond.

'Waar is hier een politieburo in de buurt?' hijgde Tos.

'Eerste straat links, tweede rechts,' zei de agent kortaf. En hij keek Tos na.

Zijn hond Herman gromde zacht en kwispelde even flauwtjes met z'n staart.

Z'n baas zei: 'Ja, je hebt gelijk, Herman, we kennen die man!'

Hij nam z'n walkie-talkie en gaf de boodschap door naar het buro: 'Er arriveert een persoon, vermomd als kok. Vraag naar zijn papieren!'

Tos kwam het politieburo binnen en ging dadelijk naar de dienstdoende agent.

'Ik ben m'n dochter kwijt,' zei hij. 'Ze is weggelopen. Ze heeft een vuile broek aan... wacht even nee, ze heeft geen broek aan en...'

'Mag ik even uw papieren?' vroeg de agent.

'Papieren ?' vroeg Tos onthutst. ''t Gaat niet om papieren, het gaat om 'n kind !'

'Sy het weggeloop,' sê Tant Mies. 'En nie vannag huis toe gekom nie.'

'En sy het die bevrore spinasie op die verwarmer neergesit,' sê Tant Lena. 'Toe kry ons 'n yslike groen gemors op die mat. Want dit het ontdooi.'

'En sy was vreeslik parmantig,' kla Tant Mies. 'Sy het op ons geskreeu toe ons die muise vir die vuilgoedman gegee het.'

'En sy was nooit dankbaar nie,' sê Tant Lena. 'Ons het vir haar 'n pragtige rok gekoop en sy het elke dag maalvleis gekry, maar sy was nooit dankbaar nie.'

'Hou op!' bulder Tom. 'Het julle dit by die polisie aangemeld?'

'Nee...Was dit nodig? Ons het gedink...sy sal wel vanself weer terugkom....'

Sonder om iets te sê, tel Tom sy bondeltjie op en loop by die deur uit. Hy draf oor die straat en gryp 'n polisieman aan die arm wat op die hoek staan met sy hond.

'Waar is die naaste polisiestasie?' hyg Tom.

'Eerste straat links, tweede regs,' sê die polisieman kortaf. En hy kyk Tom agterna.

Sy hond Herman grom saggies en kwispel flouerig met sy stert.

Sy baas sê: 'Ja, jy's reg, Herman, ons ken die man!'

Hy neem sy tweerigting-radio en praat met die polisiestasie: 'Daar sal 'n persoon kom wat vermom is soos 'n kok. Vra hom sy papiere!'

Tom kom die polisiekantoor binne en loop dadelik na die polisieman op diens toe.

'Ek het my dogtertjie verloor,' sê hy. 'Sy het weggeloop. Sy het 'n vuil broek aan...wag 'n bietjie nee, sy het níé 'n broek aan nie en...'

'Kan ek asseblief u papiere sien?' vra die polisieman.

'Papiere?' vra Tom onthuts. 'Dit het niks te doen met papiere nie, dit gaan oor 'n kind!'

'Eerst even uw papieren,' zei de agent en strekte z'n hand uit.

Tos werd gloeiend en briesend van binnen, hij wist dat het misging: de driftbui kwam op. Radeloos greep hij in z'n broekzak en haalde het spiegeltje te voorschijn. Aan boord van 't schip had het hem geholpen. Zodra hij Otje in de spiegel zag zakte z'n drift. Maar nu... Het spiegeltje bleef blank. Hij zag helemaal niets. Niet zichzelf. En geen Otje. Otje is voorgoed weg... Dat was de gedachte die door z'n hoofd schoot en toen de agent voor de derde maal zei: Uw papieren, ... toen kon Tos zich niet meer bedwingen.

Hij schreeuwde en raasde en sloeg wild om zich heen. Hij sprong brullend op het buro, greep de agent bij z'n das en zou de arme man stellig gewurgd hebben als niet een paar dappere agenten hem eindelijk hadden bedwongen.

Toen bedaarde z'n drift. Hij wou nog zeggen: Heren het spijt me, zo ben ik nu eenmaal. Maar hij kreeg de kans niet om iets te zeggen.

Twee broeders kwamen binnen met een draagbaar. Een van hen gaf hem een prik. Ze bonden hem vast en liepen met hem naar de ambulance die buiten stond te wachten met een blauw licht.

Een mus vloog tjilpend boven hem toen hij werd weggedragen, maar Tos hoorde het niet. Hij was verdoofd.

Op dat ogenblik liep Otje door alle stegen en straten rond de kerk te zoeken naar de muizen. Ze begreep dat het eigenlijk onmogelijk was om tussen al dat drukke verkeer twee weggelopen muizen terug te vinden. Maar ze bleef toch rondkijken en roepen: 'Lodewijk ! Suzie ! Waar zijn jullie.' Ze keek in ieder gaatje en roostertje op de trottoirs, maar het werd donkerder en donkerder en ze was zo moe. En daarom merkte ze niet de kat op, die zat te gluren boven een straatrooster.

De kat had geduld. De kat had twee muizen in dat gat zien verdwijnen en wachtte tot ze weer te voorschijn zouden komen.

'Eers u papiere,' sê die polisieman en steek sy hand uit.

Tom word gloeiend en briesend van binne. Hy weet dinge loop verkeerd: hy kry 'n woedebui. Radeloos gryp hy die spieëltjie uit sy broeksak. Aan boord van die skip het dit gehelp. Sodra hy vir Ottie in die spieël sien, sak sy woede. Maar nou....Die spieëltjie bly leeg. Hy sien glad niks nie. Nie homself nie, en niks van Ottie nie. Ottie is vir altyd weg... Dít was die gedagte wat deur sy kop skiet en toe die polisieman vir die derde keer sê: U papiere, ...toe kon Tom homself nie meer bedwing nie.

Hy skreeu en raas en gaan tekere. Hy spring brullend op die lessenaar, gryp die polisieman aan sy das en sou die arme man seker verwurg het, as 'n paar dapper polisiemanne hom nie uiteindelik oorrompel het nie.

Toe bedaar sy woede. Hy wou nog sê: Menere, ek is jammer, maar ek ís nou maar eenmaal so. Maar hy kry nie kans om iets te sê nie.

Twee verpleërs kom binne met 'n draagbaar. Een van hulle gee hom 'n inspuiting. Hulle bind hom vas en loop met hom na die ambulans wat buite staan en wag met 'n blou lig.

'n Mossie vlieg tjilpend bokant hom verby toe hy weggedra word, maar Tom hoor dit nie. Hy is onder verdowing.

Op dieselfde oomblik loop Ottie deur al die gangetjies en strate rondom die kerk en soek na die muise. Sy weet goed dat dit eintlik onmoontlik is om twee muise wat weggeloop het in die vreeslike besige verkeer weer te kry. Maar sy hou tog aan met rondkyk en roep: 'Lodewyk! Susie! Waar is julle?' Sy kyk in elke gaatjie en elke roostertjie op die sypaadjie, maar dit word al donkerder en sy was so moeg. En daarom merk sy nie die kat op wat bokant een van die roosters in die straat in die riool aftuur nie.

Die kat was geduldig. Die kat het twee muise in die gat sien verdwyn en was besig om te wag tot hulle weer te voorskyn kom.

En onder het rooster was een heel smal richeltje, daarop zaten Lodewijk en Suzie, die elkaar vasthielden. Onder hen was het bruisende rioolwater.

'Hou me vast Suzie,' zei Lodewijk.'Pas op dat je niet valt. Hou me steviger vast !'

Suzie greep Lodewijk steviger vast. Maar nu zo stevig dat ze allebei omlaag tuimelden.

De poes bleef nog een uur wachten, gaapte toen en wandelde weg.

En Otje dwaalde door het pikkedonker in een parkje, waar ze eindelijk stuitte op een bank van steen.

Even rusten, dacht ze. Ik ben zo moe. Even gaan liggen.

En onder die rooster was 'n baie dun stafie en Lodewyk en Susie sit daarop, en klou aan mekaar vas. Onder hulle was die bruisende rioolwater.

'Hou vas aan my, Susie,' sê Lodewyk. 'Oppas dat jy nie val nie. Hou stywer vas aan my!'

Susie gryp Lodewyk stewiger vas. Maar nou so stewig dat hulle altwee afval.

Die kat sit nog 'n uur lank en wag, gee toe 'n gaap en stap weg.

En Ottie dwaal in die pikdonker in 'n parkie rond, waar sy eindelik vasloop teen 'n bank van klip.

Eers 'n bietjie rus, dink sy. Ek is so moeg. Eers 'n bietjie gaan lê.

## De winkel van meneer Pijpetoon

Waar zou ik toch zijn? dacht Otje.

Ze was nog maar half wakker en heel doezelig. Boven haar wuifden takken van een treurwilg. Ze lag op iets hards. Een soort stenen bank, maar ze wist niet wanneer en waarom ze hier was gaan liggen.

'Waar lig ik eigenlijk op?' vroeg ze hardop.

'Op een zerk,' zei een stem.

Ze keek op. Daar, op een stenen engeltje aan haar hoofdeinde zat een kraai.

'Kwark!' riep Otje. 'Waar was je toch al die tijd? Wat ben ik blij om je weer te zien? Wat is een zerk?'

'Hier ligt een ouwe zeeheld begraven,' zei Kwark.

'Bedoel je . . . is dit een grafsteen ?' Otje sprong op.

'Schrik maar niet,' zei Kwark. 'Die zeeheld is al driehonderd jaar dood. Dus zo griezelig is dat niet. Hiernaast is toch die ouwe kerk, weet je wel ? Een verlaten kerk. Hier kwam ik vroeger veel want ik hou van kerken en kerkhofies. Maar nu zijn er geen kerkdiensten meer. Nu worden er daarbinnen pingpong-middagen gehouden. Stel je voor, in een kerk! Zo gaat dat...' zuchtte de kraai. 'Dat is de moderne tijd.'

Otje luisterde maar half. Ineens wist ze weer wat er de vorige dag was gebeurd. Ze had gezocht naar juffrouw Ochtendster die er vandoor was met de muizemand en de broek met het spiegeltje.

De broek had ze terug, zonder spiegeltje. En de muizen waren door die juffrouw losgelaten, zomaar op straat. En ze had naar Lodewijk en Suzie gezocht urenlang, totdat het donker werd.

En toen ben ik natuurlijk even gaan rusten . . . dacht ze, hier onder een boom.

'Het is allemaal zo akelig !' riep ze tegen Kwark. 'Mijn vader is niet teruggekomen. En de muizen zijn natuurlijk door een kat opgegeten.'

## Meneer Pypedans se winkel

Waar sou ek tog wees? dink Ottie.

Sy was* nog maar half wakker en baie vaak. Bokant haar wuif die takke van 'n treurwilg. Sy lê op iets hards. 'n Soort bank van klip maar sy weet nie wanneer en waarom sy hier kom lê het nie.

'Waarop lê ek nou eintlik?' vra sy hardop.

'Op 'n grafmonument,' sê 'n stem.

Sy kyk op. Daar, op 'n klipengeltjie by haar koppenent sit 'n kraai.

'Kwark!' roep Ottie uit. 'Waar was jy tog al die tyd? Ek is darem bly om jou weer te sien! Wat is 'n grafmonument?'

'Hier lê 'n ou seeheld begrawe,' sê Kwark.

'Bedoel jy ... is dit 'n grafsteen?' Ottie spring op.

'Moenie skrik nie,' sê Kwark. 'Die seeheld is al driehonderd jaar dood. Dus is dit glad nie so grillerig nie. Hier langsaan is mos die ou kerk, onthou jy? 'n Verlate kerk. Vroeër het ek baie hier gekom, want ek hou van kerke en kerkhoffies. Maar nou word hier nie meer kerkdienste gehou nie. Nou word daar binne tafeltennismiddae gehou. Verbeel jou, in 'n kerk! So gaan dit maar ...' sug die kraai. 'Dit is die moderne tyd.'

Ottie luister net met 'n halwe oor. Meteens weet sy weer wat die vorige dag gebeur het. Sy het vir juffrou Oggendster gesoek wat weggery het met die muismandjie en die broek met die spieëltjie.

Die broek het sy teruggekry, sonder die spieëltjie. En die muise het die juffrou losgelaat, sommer so in die straat. En sy het vir ure na Lodewyk en Susie gesoek tot dit donker geword het.

En toe het ek natuurlik 'n bietjie gaan rus ..... dink sy, hier onder 'n boom.

'Alles is so aaklig!' skree sy vir Kwark. 'My pa het nie teruggekom nie. En die muise is natuurlik deur 'n kat opgevreet.'

'Dat hoeft helemaal niet,' zei Kwark.

'O nee?'

'Nee, ze kunnen ook best door een kraai zijn opgegeten.'

'Hou op !' zei Otje. 'En m'n spiegeltje is verkocht aan een antiekwinkel.'

'Aha,' zei Kwark. 'De antiekwinkel van meneer Pijpetoon, die is hier vlakbij. Kom maar mee, het is een vriendelijke man die van vogels houdt. We gaan vragen naar je spiegeltje.'

'Maar luister 's,' zei Otje. 'Ik moet eigenlijk naar de tantes, want stel je voor dat m'n vader terugkomt en hij vindt me niet... wat dan?'

'Er is iemand die de wacht houdt bij het huis van je tantes,' zei Kwark.

'Iemand die de wacht houdt ? Wie dan ?'

'Onze vriend Toep,' zei de kraai. 'Hij komt ons waarschuwen zodra hij je vader ziet. Dat hebben we afgesproken. Dus kom maar mee naar de antiekwinkel.'

Juist op datzelfde moment vloog de mus Toep zo hard als hij kon achter de ambulancewagen waarin Tos lag vastgebonden. Maar de auto reed te snel, Toep kon 'm niet bijhouden. Hij piepte wanhopig: 'Tjie-ie-iep ! Help !'

'Wat is er aan de hand?' vroeg een langsvliegende spreeuw.

'Otjes vader...' hijgde Toep. 'In die wagen. . . ik wil weten waar ze hem brengen. '

Uitgeput zette Toep zich op een tak neer met een piepend borstje. Hij kon niet meer, maar de spreeuw vloog snel verder en sloeg alarm. 'Tek tek tek!'

'Wat is er aan de hand?' vroeg een voorbijvliegende zwaluw.

'Otjes vader wordt meegenomen in een ziekenauto !' riep de spreeuw. 'We willen weten waar naar toe, maar de wagen rijdt te snel.'

'Dis glad nie te sê nie,' sê Kwark.

'Dink jy nie so nie?'

'Nee, hulle kan net so wel deur 'n kraai opgevreet wees.'

'Bly stil!' sê Ottie. 'En my spieëltjie is verkoop aan 'n antiekwinkel.'

'Aha,' sê Kwark. 'Die antiekwinkel van meneer Pypedans, dis sommer net hier. Kom saam met my, dit is 'n vriendelike man wat hou van voëls. Kom ons gaan vra hom van jou spieëltjie.'

'Maar hoor hier,' sê Ottie. 'Ek moet eintlik na die tantes toe gaan, want sê nou maar my pa kom terug en hy kry my nie .... wat dan?'

'Daar is iemand wat waghou by jou tantes se huis,' sê Kwark.

'Iemand wat waghou? Wie is dit?'

'Ons vriend Toep,' sê die kraai. 'Hy sal ons kom roep sodra hy jou pa sien. So het ons afgespreek. So kom maar saam na die antiekwinkel.'

Net op die presiese oomblik vlieg Toep die mossie so hard as hy kan agter die ambulans aan waarin Tom vasgebind lê. Maar die motor ry te vinnig, Toep kan nie blybly nie. Hy piep wanhopig: 'Tjie-ie-iep! Help!'

'Wat gaan aan?' vra 'n spreeu wat verbyvlieg.

'Ottie se pa ...' hyg Toep. 'In die ambulans ... ek wil weet waarheen neem hulle hom.'

Uitgeput gaan Toep op 'n tak sit met 'n borsie wat fluit. Hy kan nie meer nie, maar die spreeu vlieg vinnig verder en maak alarm. 'Tek tek tek!'

'Wat gaan aan?' vra 'n swaeltjie wat verbyvlieg.

'Ottie se pa word weggeneem in 'n ambulans!' roep die spreeu. 'Ons wil weet waarheen, maar die motor ry te vinnig.'

'Okee, wiep wiep !' riep de zwaluw. 'Ik ben sneller dan jullie allemaal. Ik volg die auto.'

'Een spiegeltje?' vroeg meneer Pijpetoon van de antiekwinkel. "s Kijken... o, jazeker, ik heb van juffrouw Ochtendster twee dingen gekocht: een ouderwets mandje en een klein spiegeltje. In het mandje hadden muizen gezeten zei ze, maar die waren eruit.'

'Ik hoef het mandje niet terug,' zei Otje. 'Maar het spiegeltje... mag ik dat hebben? 't Is mijn spiegeltje.'

'Ik heb er tien gulden voor betaald,' zei meneer Pijpetoon. 'Dus voor tien gulden kun je het terugkrijgen.'

'Dat heb ik niet,' zei Otje. 'En 't is niet zomaar een gewoon spiegeltje. Het is een van de twee malkanderspiegeltjes. In dat van mij kan ik m'n vader zien. En mijn vader ziet mij in zijn spiegeltje. En als ik het niet terug kan krijgen mag ik dan eventjes...'

Otjes stem begon te trillen.

'Eventjes wat?' vroeg meneer Pijpetoon.

'Alleen maar eventjes erin kijken,' zei Otje.

| 'Ik kan er niet tegen...' zuchtte hij. 'Als jij me aait word ik altijd zo week van binnen. En dan verzaak ik mijn plicht.' | 'Ek is nie bestand daarteen nie..... ,' sug hy. 'As jy my streel, word ek altyd so sag van binne. En dan versuim ek my plig.' |
| 'Doe net of je ons niet gezien hebt, Herman,' zei Otje. 'Ga met je baas een andere kant uit. Laat ons ontsnappen . . .' | 'Maak net asof jy ons nie gesien het nie, Herman,' sê Ottie. Loop met jou baas in 'n ander rigting. Laat ons toe om te ontsnap...' |
| Buiten klonk een fluitje. | Buite blaas 'n fluitjie. |
| Herman spitste z'n oren en rende het gebouw uit. | Herman spits sy ore en hardloop uit die gebou uit. |
| Otje bleef doodstil staan. Er gebeurde niets. Voorzichtig keek ze op straat en daar zat Kwark op een boomtak. | Ottie bly doodstil staan. Daar gebeur niks nie. Versigtig kyk sy uit in die straat en daar sit Kwark op 'n boomtak. |
| 'Gauw naar jullie auto !' riep hij. 'Herman is met z'n baas de andere kant uit !' | 'Gaan gou na julle motor toe!' roep hy. 'Herman is met sy baas na die ander kant toe!' |
| Otje haalde Tos uit de kast en sleurde hem mee. 'Lopen pappa!' zei ze. 'Hard lopen.' | Ottie gaan haal vir Tom uit die kas en sleep hom saam. 'Gou, Pappa!' sê sy. 'Hardloop.' * (loop/ hardloop) |
| Gelukkig stond de bestelwagen vlakbij. Maar toen ze er waren, riep Tos ineens: 'O! Ik moet even terug! Ga jij maar vast in de auto. Hier zijn de sleutels.' | Gelukkig is die stasiewa baie naby. Maar toe hulle by hom is, roep Tom meteens: 'O! Ek moet eers teruggaan! Klim jy maar solank in die motor. Hier is die sleutels.' |
| 'Nee pappa, waarom? Wat is er?' | 'Nee, Pappa. Hoekom? Wat makeer?' |
| 'Mijn muts! Ligt nog in de kast!' | 'My mus! Dit lê nog in die kas!' |
| En Tos holde terug naar het raadhuis, terwijl Kwark luid krassend boven hem fladderde en riep: 'Opschieten dan!' | En Tom hol terug na die raadshuis, terwyl Kwark met 'n harde gekras * bokant hom fladder en roep: 'Opskud dan!' |

Otje bleef ongeduldig heen en weer lopen bij de auto. Het duurde en het duurde en ze was net van plan om haar vader achterna te gaan, toen Kwark terug kwam.

'Kraaaa! De stommerd!' riep hij.

'Wat is er? Is pappa...'

'Hij is opgepakt,' zei Kwark nijdig. 'En 't is niet de schuld van Herman hoor, die is expres een eindje omgegaan met z'n baas. Nee, 't is z'n eigen stomme schuld. En dat enkel voor z'n muts!'

'En... en... waar is hij nu?' vroeg Otje.

'In het raadhuis. Opgesloten,' zei de kraai.

'O Kwark, wat moeten we doen ?' huilde Otje. 'Nou ben ik weer alleen en weer is m'n vader gevangen.'

'Niet huilen,' zei Kwark. 'Kom mee naar 't plantsoen. Daar is het stil, daar kunnen we nadenken of er niet een manier is om Tos te bevrijden. Ik zal zoveel mogelijk vogels bij mekaar roepen. Met z'n allen kunnen we vast wel iets verzinnen.'

Ottie loop ongeduldig op en af by die motor. Sy wag en sy wag en sy was net van plan om agter haar pa aan te gaan, toe Kwark terugkom.

'Kraaa! Onnosele vent!' roep hy uit.

'Wat makeer? Is Pappa..'

'Hy is gevang,' sê Kwark nydig/ kwaad. 'En dis níé Herman se skuld nie, hy het met opset 'n ompaadjie geloop met sy baas. Nee, dit is sy eie dom skuld. En dit net vir sy mus!'

'En ..en .. waar is hy nou?' vra Ottie.

'In die raadshuis. Opgesluit,' sê die kraai.

'Ag, Kwark, wat moet ons doen?' huil Ottie. 'Nou is ek wéér alleen en wéér is my pa gevang.'

'Moenie huil nie,' sê Kwark. 'Kom saam na die parkie toe. Daar is dit stil, daar kan ons bietjie dink of daar nie 'n manier is om Tom te bevry nie. Ek sal soveel voëls bymekaar roep soos ek kan. Almal saam sal wel iets kan uitdink.'

De tekenwedstrijd

Kwark de kraai had zoveel mogelijk vogels bij elkaar geroepen in het plantsoen bij het raadhuis van Kokkelburg. Ze zaten in de lindeboom boven Otjes hoofd te kwinkeleren en te sjilpen, maar het waren vooral de mussen en de duiven die iets te vertellen hadden.

'Ik heb Tos zien zitten,' zei een deftige raadhuisduif. 'Achter een raampje met tralies. We kunnen hem niet helpen, hij zit gevangen in een cel.'

'Ik ben naar binnen gevlogen,' zei Toep de mus. 'Maar ik kwam niet verder dan het zijzaaltje. Dat hangt helemaal vol met kindertekenigen. Want er is een tekenwedstrijd en zo meteen gaat de burgemeester de tentoonstelling openen en de prijs uitreiken. Ik heb het zelf gehoord. '

'Dat zal wel, maar wat hebben we daaraan?' vroeg Kwark knorrig.

'Ik ben ook binnen geweest,' schreeuwde een andere mus. 'En weet je wat ik gehoord heb? De hoofdprijs is een penning van de stad Kokkelburg. En de burgemeester is wanhopig want hij kan de prijs niet uitreiken. De oogkunde is gestolen.'

'De wat?' vroeg Toep.

'Hij bedoelt de oorkonde,' zei Kwark. 'Ik weet het. Het is een oud papier waarop staat dat Kokkelburg een stad is en geen dorp. Dat papier is gestolen en nu kunnen ze niet bewijzen dat dit plaatsje een stad is. En dus kunnen ze ook geen stadspenning uitreiken. Maar wacht 's... wacht 's... nu weet ik ineens wie dat papier gestolen heeft.'

'Wie dan?' riepen de vogels.

' Ik.'

'Jij ?'

'Ik zelf. Een hele poos geleden.'

'En wat heb je ermee gedaan?

'Aan Otje gegeven. Otje, heb je dat papier nog?'

Die tekenwedstryd

Kwark die kraai het soveel voëls as moontlik bymekaar geroep in die parkie by die raadshuis van Kokkelburg. Hulle sit in die lindeboom bokant Ottie se kop en kwetter en tjilp, maar dit is veral die mossies en die duiwe wat iets te vertel het.

'Ek het vir Tom sien sit,' sê 'n deftige raadshuisduif. 'Agter 'n venstertjie met tralies. Ons kan hom nie help nie, hy is opgesluit in 'n sel.'

'Ek het binnetoe gevlieg,' sê Toep die mossie. 'Maar ek het nie verder as die sysaaltjie gekom nie. Dié is heeltemal vol kindertekeninge. Want daar is 'n tekenwedstryd en netnou gaan die burgemeester die uitstalling open en die prys oorhandig. Ek het dit self gehoor.'

'Dit kan waar wees, maar wat help dit ons?' vra Kwark knorrig.

'Ek was ook binne,' skreeu 'n ander mosssie. 'En weet jy wat hoor ek? Die eerste prys is 'n penning van die stad Kokkelburg. En die burgemeester is moedeloos want hy kan nie die prys oorhandig nie. Die oogkunde is gesteel.'

'Die wát?' vra Toep.

'Hy bedoel die oorkonde,' sê Kwark. 'Ek weet daarvan. Dis 'n ou papier waarop daar staan dat Kokkelburg 'n stad is en nie 'n dorp nie. Die papier is gesteel, nou kan hulle nie bewys dat hierdie plek 'n stadjie is nie. En dus kan hulle ook nie 'n stadspenning uitreik nie. Maar wag 'n bietjie ...wag 'n bietjie... nou weet ek meteens wie die papier gesteel het.'

'Wie?' roep die voëls.

'Ek.'

'Jy?'

'Ek self. 'n Hele ruk gelede.'

'En wat het jy daarmee gedoen?'

'Vir Ottie gegee. Ottie het jy nog die papier?'

Otje had nauwelijks geluisterd naar het verwarde gekwetter om haar heen, zo bedroefd was ze omdat haar vader gevangen zat.

'Papier? Welk papier?' vroeg ze.

'Er zat een ding aan,' zei Kwark.

'Een soort medalje met een lintje.'

'O dat,' zei Otje. ''t Hangt in de bestelwagen, ik heb het portret van pappa getekend op de achterkant. En dat ding is een zegel, dat heb ik bewaard.'

Alle vogels werden stil.

'Dit is toch wel iets om over na te denken,' zei Kwark.

'Ik heb een idee,' zei Toep. 'Luister...'

In het zijzaaltje van het raadhuis liep de burgemeester in z'n eentje heen en weer en beet op z'n nagels. Om hem heen aan de muren hingen kindertekeningen, de een al mooier en kleuriger dan de ander, want alle kinderen van Kokkelburg hadden meegedaan aan de tekenwedstrijd.

'Over een uur moet ik de tentoonstelling openen,'mompelde de burgemeester. 'En de prijs uitreiken. De erepenning van de stad Kokkelburg. En dat kan niet. We zijn geen stad, we zijn nog steeds een dorp. De oorkonde is zoek. Zo meteen komen de bezoekers, alle kinderen met hun ouders en grootouders en ooms en tantes. Wat moet ik zeggen in mijn toespraak? Dames en heren, er is geen prijs helaas. Kokkelburg is geen stad en we bestaan geen vijflhonderd jaar en er is dus helemaal geen feest en gaat u nou maar allemaal naar huis... dat moet ik zeggen... O wat vreselijk, wat vreselijk.'

Hij was zo verdiept in z'n sombere gedachten dat hij het kleine meisje niet opmerkte dat was binnengekomen met een tekening in haar hand.

'Kan het nog?' vroeg ze.

Ottie het skaars geluister na die verwarde gekwetter rondom haar, so treurig was sy omdat haar pa gevang was.

'Papier? Watter papier?' vra sy.

'Daar was iets aan vas,' sê Kwark. '

''n Soort medalje met 'n lintjie.'

'O dit,' sê Ottie. 'Dit hang in die stasiewa, ek het 'n portret van Pappa geteken op die agterkant. En die ding is 'n seël, ek het dit gehou.'

Al die voëls word stil.

'Dis iets om oor na te dink,' sê Kwark.

'Ek het 'n idee,' sê Toep. 'Luister...'

In die sysaaltjie van die raadshuis loop die burgemeester op sy eentjie heen en weer en byt sy naels. Rondom hom aan die mure hang kindertekeninge, die een mooier en kleurvoller as die ander, want al die kinders van Kokkelburg het deelgeneem aan die tekenwedstryd.

'Oor 'n uur moet ek die uitstalling open,' mompel die burgemeester. 'En die prys oorhandig. Die erepenning van die stad Kokkelburg. En dit kan ek nie doen nie. Ons is nie 'n stad nie, ons is nog steeds 'n dorp. Die oorkonde is weg. Nou-nou kom die besoekers, al die kinders saam met hulle ma's en pa's en oumas en oupas en ooms en tantes. Wat moet ek sê in my toespraak? Dames en here, daar is helaas geen prys nie. Kokkelburg is nie 'n stad nie en ons bestaan ook nie vyfhonderd jaar nie en daar is dus glad nie 'n fees nie, en u kan maar almal huis toe gaan .... dís wat ek moet sê... Ag, hoe vreeslik, hoe vreeslik.'

Hy was so verdiep in sy somber gedagtes dat hy glad nie die klein meisie opmerk wat ingekom het met 'n tekening in haar hand nie.

'Kan ek nog?' vra sy.

| | |
|---|---|
| De burgemeester keek op. 'Ach ja,' zei hij. 'Er is nog wel een plaatsje op de muur.' | Die burgemeester kyk op. 'Ag ja,' sê hy. 'Daar sal nog êrens 'n plekkie teen die muur wees.' |
| Otje prikte de tekening met een punaise vast, tussen twee portretten van Sinterklaas. | Ottie steek die tekening met 'n drukspyker vas, tussen twee portrette van Sinterklaas. |
| Toen ging ze voor de burgemeester staan en liet hem zien wat ze in haar handje hield. | Toe gaan sy voor die burgemeester staan en wys hom wat sy in haar handjie hou. |
| Hij keek en z'n mond viel open van verbazing . | Hy kyk en sy mond val oop van verbasing. |
| 'Het zegel !' schreeuwde hij. 'Het zegel van de oorkonde. Waar is de rest? Waar is de oorkonde zelf?' | 'Die seël!' skreeu hy. 'Die seël van die oorkonde. Waar is die res? Waar is die oorkonde self?' |
| 'O, dat oude papier?' zei Otje. 'Ja, ik weet geloof ik wel waar het is.' | 'O die óú papier?' sê Ottie. 'Ja, ek dink ek weet waar dit is.' |
| 'Zeg op dan, waar is het! Toen dan z-z-z-zeg op!' De burgemeester stotterde van opwinding. | 'Nou sê dan waar dit is! Toe dan s-s-s-ê!' Die burgemeester hakkel van opwinding. |
| 'Ik wil het wel zeggen,' zei Otje. 'Maar alleen als u mijn vader vrijlaat.' | 'Ek sal sê,' sê Ottie. 'Maar net as u my pa vrylaat.' |
| 'Je vader vrijlaat?' | 'Jou pa vrylaat?' |
| 'Hij zit in een cel hier in het raadhuis.' | 'Hy is in 'n sel hier in die raadshuis.' |
| 'Aha,' zei de burgemeester. 'Is dat je vader? Die kok? Hij werd door de politie gezocht. Ik mag hem niet vrijlaten.' | 'Aha,' sê die burgemeester. 'Is dit jou pa? Die kok? Die polisie soek hom. Ek mag hom nie vrylaat nie.' |
| 'Dan zeg ik ook niet waar de oorkonde is,' zei Otje flink. | 'Dan sê ek ook nie waar die oorkonde is nie,' sê Ottie vinnig. |
| 'Jij klein brutaal nest!' De burgemeester werd nijdig. Bijna had hij Otje een klap gegeven, maar bijtijds dacht hij: Ik kan toch moeilijk een lief klein meisje slaan dat meedoet aan een tekenwedstrijd. | 'Jou parmantige klein klits!' Die burgemeester word kwaad. Ampertjies het hy vir Ottie geklap, maar betyds dink hy: Ek kan darem nie 'n liewe klein meisie slaan wat deelneem aan 'n tekenwedstryd nie. |
| Hij zuchtte en zei: 'Nou goed, vertel me dan eens iets over jezelf en over je vader.' | Hy sug en sê: 'Nou goed, vertel my dan van jouself en van jou pa.' |
| Otje ging bij hem zitten en vertelde hoe het allemaal zo gekomen was. Dat Tos geen papieren had en daardoor altijd op de vlucht was voor de politie. | Ottie gaan sit by hom en vertel hoe alles gebeur het. Dat Tom nie papiere het nie, en dus altyd aan die vlug is vir die polisie. |

| | |
|---|---|
| 'Ik wil best zeggen waar de oorkonde is,' zei ze, 'maar alleen als pappa vrij komt. *En* als u zorgt dat hij papieren krijgt, zodat hij mag werken en ergens mag wonen en in z'n auto kan rijden, zonder dat hij wordt opgepakt.' | 'Ek sal regtig sê waar die oorkonde is,' sê sy, 'maar net as Pappa vrygelaat word. *En* as u sorg dat hy papiere kry, sodat hy mag werk en êrens mag woon en in sy motor kan ry, sonder dat hy gevang word.' |
| 'Welja,' zei de burgemeester. 'Je vraagt nogal wat!' Maar hij wou dolgraag z'n oorkonde terug en bovendien was hij erg getroffen door Otjes verhaal. | 'Nou-ja,' sê die burgemeester. 'Jy vra nogal heelwat!' Maar hy wou dolgraag sy oorkonde terughê en bowendien was hy diep getref deur Ottie se verhaal. |
| 'We zullen je vader hier laten komen,' zei hij en hij drukte op een belletje. | 'Ons sal jou pa hiernatoe laat kom,' sê hy en hy druk 'n klokkie. |
| Even later werd Tos binnengebracht in het zaaltje. | 'n Rukkie later word Tom die saaltjie binnegebring. |
| 'Otje!' riep hij. 'M'n kind!' | 'Ottie!' roep hy. 'My kind!' |
| 'Pappa!' riep Otje. | 'Pappa!' roep Ottie. |
| 'Luister, meneer Tos,' zei de burgemeester. 'Uw dochtertje heeft mij verteld over uw moeilijkheden en ik geloof wel dat ik u zou kunnen helpen.' | 'Luister meneer Tom,' sê die burgemeester. 'U dogtertjie het my vertel van u moeilikhede en ek reken dat ek u sou kon help.' |
| 'Mag hij vrij?' vroeg Otje. | 'Kan hy vrygelaat word?' vra Ottie. |
| 'Hij mag vrij, maar eerst...' | 'Hy mag vrygelaat word, maar eers...' |
| 'En krijgt hij papieren?' vroeg Otje. | 'En kry hy papiere?' vra Ottie. |
| 'Daar zou ik misschien voor kunnen zorgen, maar eerst de oorkonde. Anders beloof ik niets. Waar is ie?' | 'Ek sal miskien daarvoor kan sorg, maar eers die oorkonde. Anders beloof ek niks nie. Waar is hy?' |
| 'Achter u,' zei Otje. 'Aan de muur.' | 'Agter u,' sê Ottie. 'Teen die muur.' |
| De burgemeester draaide zich om. 'Een tekening van een kok, van je vader,' zei hij. | Die burgemeester draai om. "n Tekening van 'n kok, van jou pa,' sê hy. |
| 'De achterkant,' zei Otje. | 'Die agterkant,' sê Ottie. |
| De burgemeester haalde voorzichtig het portret van Tos van de muur. Toen hij het omdraaide schoten hem de tranen in de ogen. | Versigtig haal die burgemeester die portret van Tom van die muur af. Toe hy dit omdraai, kom daar trane in sy oë. |
| 'De stadsrechten van Kokkelburg,' zei hij. 'We zijn een stad, hier staat het. We bestaan vijfhonderd jaar.' Hij wilde nog vragen: Hoe komen jullie hier aan? Maar de tijd drong, buiten klonk geroezemoes van drommen bezoekers die naar binnen wilden. | 'Die stadsregte van Kokkelburg,' sê hy. 'Ons is 'n stad, hier staan dit. Ons bestaan vyfhonderd jaar.' Hy wou nog vra: waar kry julle dit? Maar die tyd is min. Buite klink die geroesemoes van hordes besoekers wat wil inkom. |

'Meneer Tos, u bent vrij,' zei de burgemeester. 'Kom morgen met mij praten over papieren.'

Van heinde en ver waren de mensen toegestroomd om het grote feest van de stad te vieren. Eerst gingen ze naar de tentoonstelling van kindertekeningen kijken. Otje kreeg de hoofdprijs. De erepenning van de stad Kokkelburg. Voor haar tekening. die je aan twee kanten moest bekijken.

'Meneer Tom, u is vry,' sê die burgemeester. 'Kom praat môre met my oor papiere.'

Van heinde en verre het die mense toegestroom om die groot fees van die stad te vier. Eers het hulle gaan kyk na die uitstalling van kindertekeninge. Ottie het die eerste prys gekry. Die erepenning van die stad Kokkelburg. Vir haar tekening wat 'n mens aan albei kante moes bekyk.

Feest

Tussen het riet langs de Kokkelse plas liepen twee natte, bibberende muizen.

'Ik ben zo moe Lodewijk,' klaagde de kleinste.

'Even volhouden, Suzie,' zei de grotere muis.

'Maar ik heb het zo koud. En ik heb zo'n honger!'

Lodewijk trok Suzie mee, weg van de oever, maar na een poosje stond hij stil en zei: 'Ruik jij het ook?'

'Ik ruik niks.'

'Eten...' zei Lodewijk. "t Ruikt hier ergens naar worst. Kom mee!'

Hij volgde zijn neus en even later zagen ze een geparkeerde auto aan de berm. De chauffeur was er even uitgegaan voor 'n plas. Aan de auto zat een aanhangwagentje. Over dat aanhangwagentje lag een zeil. En daaronder vandaan kwam die heerlijke geur.

'We klimmen erin!' schreeuwde Lodewijk en hij sleurde Suzie mee. Toen ze na veel moeite in het wagentje waren geklommen en onder het zeil kropen, werden ze duizelig van geluk.

'Worst. . .' zei Lodewijk. 'Een hele wereld van worst!' Uitgehongerd vielen ze erop aan en ze merkten niet dat de auto ging rijden.

De chauffeur was een slager, op weg met een lading knakworstjes voor het grote feest: het vijflhonderdjarig bestaan van de stad Kokkelburg.

Fees

Tussen die riete langs die Kokkelse meer loop twee nat, bibberende muise.

'Ek is so moeg, Lodewyk,' kla die kleinste een.

'Vasbyt, Susie,' sê die grootste muis.

'Maar ek kry so koud. En ek is so honger!'

Lodewyk sleep vir Susie saam, weg van die wal af, maar na 'n rukkie staan hy stil en sê: 'Ruik jy dit ook?'

'Ek ruik niks nie.'

'Kos....' sê Lodewyk. 'Hier êrens ruik ek wors. Kom saam!'

Hy loop agter die reuk aan en 'n bietjie later sien hulle 'n geparkeerde motor langs die pad staan. Die bestuurder het net gou afgeklim om 'n draai te loop. Agter aan die motor is 'n sleepwaentjie. Oor die sleepwaentjie is 'n seil. En van onder die seil uit kom die heerlike geur.

'Ons klim in!' skreeu Lodewyk en hy sleep Susie saam. As hulle na baie moeite in die waentjie sit, en onder die seil inkruip, word hulle skoon dronk van geluk.

'Wors....' sê Lodewyk. "n Hele wêreld van wors!' Uitgehongerd val hulle weg met eet en kom nie eers agter dat die motor begin te ry nie.

Die bestuurder was 'n slagter, op pad met 'n vrag rooiworsies vir die groot fees, die vyfhonderdjarige bestaan van die stad Kokkelburg.

Daar in de stad was het feest al in volle gang. Overal vlaggen en muziek en drommen mensen met feestneuzen en toeters. Op het plein voor het raadhuis stonden lange tafels om aan te eten en te drinken. Er was kermis voor de kinderen en Otje zat al voor de vierde maal in de zweefmolen, terwijl Tos aan de hoofdtafel zat naast de burgemeester. Hij was eregast. Niet meer de schichtige vervolgde vluchteling, maar een mens zoals alle anderen, een gast op het feest met een sigaar en een glas wijn. Hij was heel gelukkig, hij had z'n dochtertje terug, hij had z'n auto terug en hij was vrij .

Alleen... en dat besefte Tos heel goed... hij had nog steeds geen papieren en als hij straks weer zou gaan trekken zou het weer allemaal opnieuw beginnen. Geen papieren, geen baan, telkens aangehouden door de politie.

Maar nu begon de burgemeester daar zelf over.

'Vertel eens, beste kerel,' zei hij. 'Hoe komt het eigenlijk dat je geen geldige papieren hebt. Heb je ze nooit gehad?'

'Zeker wel,' zei Tos. 'Maar ze zijn zoekgeraakt. In het kompjoetergebouw. Telkens en telkens ben ik bij het loket gaan vragen, maar de papieren bleven zoek en ik heb ze nooit teruggekregen.'

'Wel, kijk nou toch 's aan, wat toevallig!' riep de burgemeester. 'Je moet weten, goeie man, dat de directeur van het kompjoetergebouw een neef van me is. Een bloedeigen neef ! Nog vandaag zal ik hem opbellen. Ik zal 'm zeggen dat dit in orde moet komen. En als hij de papieren niet kan vinden, ach, dan geeft hij je nieuwe! Zo eenvoudig ligt dat.'

'Als dat eens waar mocht wezen...' zuchtte Tos.

'Maar het is waar. Geloof je me niet? Ik ga nu dadelijk bellen.'

De burgemeester stond op van de tafel en ging het raadhuis in, terwijl Tos aan de tafel bleef zitten en genietend zijn wijn dronk, z'n sigaar rookte en uitkeek over de feestende mensenmenigte.

In die stad was die fees al in volle gang. Oral was daar vlae en musiek en skares mense met rooi neuse en toeters. Op die plein voor die raadshuis was daar lang tafels waar 'n mens kon eet en drink. Daar was kermis vir die kinders en Ottie ry al vir die vierde keer op die groot wiel, terwyl Tom aan die hooftafel sit langs die burgemeester. Hy is die eregas. Nie meer die bangerige vervolgde vlugteling nie, maar 'n mens soos al die ander, 'n gas op die fees met 'n sigaar en 'n glas wyn. Hy is baie gelukkig, hy het sy dogtertjie teruggekry, hy het sy motor teruggekry en hy is vry.

Maar een ding .... en dit besef Tom baie goed... hy het nog steeds nie papiere nie, en as hy nou weer begin rondtrek, sal alles weer van vooraf begin. Nie papiere nie, nie 'n werk nie, elke keer aangehou deur die polisie.

Maar nou roer die burgemeester self die saak aan.

'Vertel my tog, my liewe man, hoe het dit dan gekom dat jy nie wettige papiere het nie. Het jy dit nooit gehad nie?'

'O ja, beslis,' sê Tom. 'Maar hulle het weggeraak. In die computergebou.* Keer op keer het ek by die venstertjie gaan vra, maar die papiere bly weg en ek het hulle net nooit teruggekry nie.'

'Haai, reken, hoe toevallig!' roep die burgemeester uit. 'Weet jy wat, my liewe vriend, die direkteur van die computergebou* is 'n neef van my. 'n Eie bloedneef! Ek sal hom vandag nog bel. Ek sal hom sê dit moet reggemaak word. En as hy nie die papiere kan kry nie, ag, dan moet hy nuwes gee. So eenvoudig is dit.'

'As dit maar waar kon word,' sug Tom.

'Maar dit is waar. Glo jy my nie? Ek gaan hom nou dadelik bel.'

Die burgemeester staan van die tafel af op en gaan die raadshuis binne, terwyl Tom aan die tafel bly sit en sy wyn geniet, sy sigaar rook en uitkyk oor die feesvierende mensemenigte.

Toen kwam er een heer naar hem toe, die hem bekend voorkwam.

Toe kom daar 'n man na hom toe wat vir hom bekend lyk.

'Meneer Tos,' zei de heer, 'kent u me nog?'

'Meneer Tom,' sê die man, 'ken u my nog?'

Tos keek hem nog eens goed aan en zei toen: 'Ja, u bent geloof ik meneer Zelf.'

Tom kyk hom weer 'n keer goed op en af en sê toe: 'Ja, u lyk vir my soos meneer Self.'

'Juist, van het hotel Do-Do. Ik zag u hier zitten en ik dacht meteen Aha!'

'Presies, van die Hotel Do-Do. Ek sien u nou hier sit en ek dink meteens Aha!'

'Waarom dacht u Aha ?' vroeg Tos een beetje wantrouwig.

'Waarom dink u Aha?' vra Tom 'n bietjie agterdogtig.

'Nou kijk, u bent een poosje bij ons in dienst geweest. Ik weet wel dat u maar tijdelijk als hulpkok bij ons hebt gewerkt, maar... van alle gasten die wij gesproken hebben hoorden we dat u de allerbeste kok was, die we ooit hebben gehad. U kon zo geweldig goed brandnetelsoep maken. Nu is zoals u weet brandnetelsoep tegenwoordig geweldig "in". Iedereen vraagt erom. Ik zou u dus een betrekking als hoofdkok bij ons willen aanbieden.'

'Kyk, u was mos 'n rukkie in ons diens. Ek weet u het net tydelik as 'n hulpkok by ons gewerk, maar... al die gaste met wie ons gepraat het, sê dat u die heel beste kok was wat ons ooit gehad het. U kon so geweldig goed brandnetelsop maak. Soos u seker weet is brandnetelsop op die oomblik vreeslik "in". Almal vra daarvoor. Ek wil u dus 'n betrekking as hoofkok by ons aanbied.'

Tos bloosde en stamelde: 'Wel . . . tja... kijk...' Hij wilde zeggen: Ik heb nog steeds geen papieren, maar meneer Zelf dacht dat Tos aarzelde omdat hij zoveel andere aanbiedingen had.

Tom bloos en stamel: 'Wel ... tja ... kyk ...' Hy wou sê: Ek het nog steeds nie papiere nie, maar meneer Self dink toe Tom aarsel omdat hy soveel ander aanbiedings gekry het.

'U krijgt een meer dan normaal salaris,' zei hij.

'U salaris sal hoër as die gewone wees,' sê hy.

'Tja... wel...' zei Tos.

'Tja ... wel ...' sê Tom.

'U hoeft niet nu meteen te beslissen,' zei meneer Zelf. 'Denkt u er nog eens rustig over na.' Hij glimlachte minzaam tegen Tos en wandelde weg op z'n gemak tussen de feestende mensen.

'U hoef nie nou dadelik te besluit nie,' sê meneer Self. 'Dink maar nog op jou tyd daaroor.' Hy glimlag vriendelik vir Tom en loop dan op sy gemak verder tussen die feesvierende mense deur.

Otje was uit de zweefmolen en ging op zoek naar de vogels Kwark en Toep. Ze wilde ze graag bedanken, maar op dit drukke plein durfden de vogels zich niet te wagen.

Ottie het van die mallemole afgeklim en gaan soek na die voëls Kwark en Toep. Sy wou hulle graag bedank, maar die voëls het nie kans gesien om op die besige plein te kom nie.

Ze liep naar het plantsoen en ineens stond ze tegenover de hond Herman.

Sy loop na die parkie toe en meteens staan Herman die hond voor haar.

'Je mag me aaien,' zei hij.

'Jy mag my streel,' sê hy.

Otje aaide hem niet alleen, ze omhelsde hem. Hij kwispelde en kwijlde van genot.

Ottie streel hom nie net nie, sy omhels hom. Hy waai sy stert en kwyl van lekkerkry.

'Het mag nu allemaal,' zei Herman. 'Want ik hoor net van m'n baas dat we jullie niet meer hoeven op te sporen. Je vader schijnt nu de vereiste papieren te hebben. En dat is maar goed ook. Ik heb twee maal m'n plicht verzaakt om jullie te helpen. Ik kwam erdoor in ernstige gewetensnood. Maar dat is nu over. Dus aai maar raak!'

'Je bent lief Herman,' fluisterde Otje. 'En dank je, dank je. Ik hoop dat we elkaar nog heel vaak zullen tegenkomen. En dan hoeven we niet meer bang te zijn voor jou en je baas. Zoek je me nog eens op? Waar ik ook ben?'

'Reken maar,' zei Herman. 'Ik ken jouw lucht nou zo goed. En die van je vader heb ik ook nog steeds in m'n neus. Dag dan!'

Otje liep verder en vond de vogels Kwark en Toep in de lindeboom. Ze zaten te praten met een lijster.

'Daar is Otje,' zei Kwark. 'Vraag het haar zelf maar.'

Otje herkende nu de lijster Tiet uit de tuin van hotel De Koperwiek.

'Ik heb lang naar je gezocht, twiet twiet, maar ik vond je niet, tiet tiet...' zei de lijster. 'Ik wou zeggen dat ons hotel te koop staat. Weet je nog? Meneer Pardoes en z'n vrouw hebben het zonder kok gedaan. Maar koken konden ze niettiet-tiet! En dus geen gasten meer. En dus fajiet-tiet-tiet! Nu verkopen ze het hotel. Vraag of je vader het overneemt. Dan komen jullie weer fijn bij ons!'

'Ik ga het hem nu meteen vragen,' zei Otje en ze draafde weg.

Toen Otje op het plein kwam vond ze haar vader aan de grote tafel naast de burgemeester. Nog voor ze iets kon zeggen, riep Tos: 'Otje m'n kind, alles is voor elkaar. Morgen kan ik de papieren afhalen hier op het gemeentehuis van dit dorp en...'

'Hee hee !' riep de burgemeester streng. 'Geen dorp, het is nu een STAD. Je kunt de papieren afhalen op het STADHUIS.'

'Nou mag jy dit alles maar doen,' sê Herman. 'Want ek het nou net by my baas gehoor ons hoef julle nie meer op te spoor nie. Dit lyk of jou pa nou die papiere het wat die wet vereis. En dis net so wel. Ek het twee maal my plig versuim om julle te help. Dit het baie swaar op my gewete gerus. Maar dis nou verby. Hou dus maar aan met streel!'

'Jy is 'n liewe hond, Herman,' fluister Ottie. 'En dankie, baie dankie. Ek hoop ons sien mekaar nog sommer baie. En dan hoef ons nie meer bang te wees vir jou en jou baas nie. Sal jy my weer kom opsoek? Waar ek ookal is?'

'Daarvan kan jy seker wees,' sê Herman. 'Ek ken jou reuk nou so goed. En jou pa s'n het ek ook nog steeds in my neus. Nou-ja, totsiens!'

Ottie loop verder en kry die voëls Kwark en Toep in die lindeboom. Hulle sit en praat met 'n lyster.

'Daar is Ottie,' sê Kwark. 'Vra haar maar self.'

Nou herken Ottie vir Twiet die lyster uit die tuin van die Koper Lyster Hotel.

'Ek het lank na jou gesoek, twiet twiet, maar ek kry jou niet, twiet twiet...' sê die lyster. 'Ek wou jou vertel dat ons hotel te koop is. Onthou jy nog hoe meneer Kaplaks en sy vrou sonder 'n kok probeer klaarkom het? Maar kook kon hulle nie, twie twie. En dus geen gaste meer nie. En dus bankrot-tot-tot! Nou verkoop hulle die hotel. Vra vir jou pa of hy dit wil oorneem. Dan kom julle weer lekker by ons bly!'

'Ek gaan hom nou dadelik vra,' sê Ottie en sy draf weg.

Toe Ottie op die plein kom, kry sy haar pa aan die groot tafel langs die burgemeester. Nog voor sy iets kon sê, roep Tom: Ottie, my kind, alles is reg. Môre kan ek die papiere kom kry hier by die dorpsraad en ...'

'Haai haai!' roep die burgemeester streng. 'Nie 'n dorp nie, dit is nou 'n STAD. Jy kan die papiere kom haal by die STADSHUIS.'*

'O juist, pardon,' zei Tos. 'Maar Otje, is dat niet geweldig? Ik zal je nog wat vertellen. Ik heb een baan ook. Ik kan hoofdkok worden in hotel Do-Do. Ik ga er vanavond nog heen om te zeggen dat ik het aanneem. Wat zeg ik? Vanavond? Nee, nu. Kom mee, kind.'

'Wacht even, pappa, wacht even,' zei Otje. 'Kom heel even mee naar het plantsoen.'

Ze bracht Tos naar de lindeboom, waar hij de lijster Tiet ontmoette.

'Een hotel kopen... daar moet je geld voor hebben,' zei hij.

'Denk eens aan, pappa,' zei Otje. 'Terug naar ons oude plekje. Hotel De Koperwiek in het bos, met die grote tuin en al die vogels!'

'Maar ik heb geen geld...' klaagde Tos.

'Je kunt het lenen,' zei een stem achter hem.

Hij draaide zich om. Daar stond meneer Pijpetoon.

'Ik hoor dat je je papieren terugkrijgt,' zei hij. 'Als je papieren hebt, dan kun je ook geld lenen bij een bank. Tenminste als ik je help en dat wil ik graag.'

'Dit is wel een heel bijzondere dag,' zei Tos. 'M'n hoofd loopt om. We moeten morgen maar eens verder praten.'

'Dat doen we,' zei meneer Pijpetoon.

Het feest duurde tot diep in de nacht.

Doodmoe en slaperig zochten Tos en Otje de bestelwagen op aan de rand van het plantsoen. De vogels sliepen allang.

Tos sliep direct in maar Otje lag nog even wakker. En toen hoorde ze naast zich in het donker twee kleine zachte stemmetjes.

'Zouden we dat nou wel doen, Suzie? Weer in dat mandje?'

'Juist wel in het mandje. 't Is toch ons mandje?'

'O natuurlik, ekskuus tog,' sê Tom. 'Maar Ottie, is dit nie fantasties nie? En ek het nog iets om jou te vertel. Ek het werk gekry. Ek kan hoofkok word in die Hotel Do-Do. Ek gaan vanaand nog soontoe om te sê dat ek dit aanneem. Wat praat ek tog? Vanaand? Nee, nóú. Kom saam, my kind.'

'Wag 'n bietjie, Pappa, wag 'n bietjie,' sê Ottie. 'Kom net eers saam na die parkie toe.'

Sy neem vir Tom na die lindeboom, waar hy die lyster Twiet ontmoet.

'Om 'n hotel te koop..... daarvoor moet jy geld hê,' sê hy.

'Dink net daaraan, Pappa,' sê Ottie. 'Terug na ons ou plekkie. Die Koper Lyster Hotel in die bos, met die yslike tuin en al die voëls!'

'Maar ek het nie geld nie,' kla Tom.

'Jy kan dit leen,' sê 'n stem agter hom.

Hy draai om. Daar staan meneer Pypedans.

'Ek hoor jy gaan weer jou papiere terugkry,' sê hy. 'As jy papiere het, dan kan jy ook geld leen by 'n bank. Ten minste as ek jou help en dit sal ek graag wil doen.'

'Dis darem vir jou 'n baie besondere dag,' sê Tom. 'My kop draai nou. Ons moet maar môre weer verder praat.'

'Dit sal ons doen,' sê meneer Pypedans.

Die fees het aangehou tot diep in die nag.

Doodmoeg en vaak het Tom en Ottie die stasiewa opgesoek aan die rand van die parkie. Die voëls was al lankal aan die slaap.

Tom het dadelik aan die slaap geraak, maar Ottie het nog 'n rukkie wakker gelê. En toe hoor sy langs haar in die donker twee klein sagte stemmetjies.

'Moet ons dit nou doen, Susie? Weer in dieselfde mandjie?'

'Presies ja, ín die mandjie. Dis mos ons mandjie, dan nie?'

'Maar we zouden toch verder trekken de wijde wereld in ? Naar het land Musopia?'

'Zoek jij maar alleen verder, Lodewijk. Ik heb nu de hele wijde wereld gezien en ik vond er niks an.'

Otje boog zich voorover naar het mandje en zei: 'Fijn dat jullie terug zijn~ Wil je soms een stukje worst?'

'Worst...' kreunde Lodewijk. 'We hebben net een hele vrachtwagen worst op.'

'Maar ons was nog van plan om verder te trek die wye wêreld in? Na die land Musopia?'

'Jy kan maar alleen verder soek, Lodewyk. Ek het nou die hele wye wêreld gesien en dis vir my glad nie snaaks nie.'

Ottie buig vooroor na die mandjie toe en sê: 'Dis gaaf dat julle terug is! Is julle lus vir 'n stukkie wors?'

'Wors...' kreun Lodewyk. 'Ons het nou net 'n hele wa vol wors opgeëet.'

## Hun eigen hotel

Drie weken later werd hotel De Koperwiek opnieuw geopend.

Tos was de nieuwe eigenaar. Hij had nu alle papieren die nodig waren, hij hoefde voor niemand meer bang te zijn en daardoor verdwenen ook zijn driftbuien.

"t Is allemaal in orde gekomen, dank zij de burgemeester van Kokkelburg,' zei hij.

'Nee,' zei Otje. 'Dank zij de vogels.'

Vogels waren er genoeg in de grote tuin van het hotel. Lijsters en merels en vinken en mezen, allemaal waren ze blij dat Tos en Otje teruggekomen waren en ze zongen en floten en taterden de hele dag.

Kwark woonde vlakbij in het bos en de mus Toep vloog vaak naar binnen in de ontbijtzaal en zat naast Otjes bord. Af en toe bracht hij een papier mee. Hij was het zo gewend geraakt om bij mensen binnen te vliegen en papieren weg te halen. Het was wel eens lastig, want behalve bankbiljetten bracht hij soms ook hele belangrijke papieren mee die hij uit een of andere villa had gepikt, een keer zelfs een rijbewijs van de buurman.

'Je moet het echt afleren Toep,' zei Otje. 'Ik moet het allemaal terugbrengen en dat is heel vervelend.'

Lodewijk en Suzie hadden hun eigen muizenfamilie weer teruggevonden op de zolder: tante Melia en alle nichten en neven. Suzie was dolgelukkig dat ze weer thuis was en om te bewijzen hoe gelukkig ze was, kreeg ze zes kindertjes tegelijk in het oude vertrouwde muizemandje. 'Ziezo,' zei ze snibbig tegen Lodewijk. 'Als jij nu de wijde wereld in wilt, dan ga je maar.'

'Dat zal ik zeker doen,' zei Lodewijk. Maar hij ging niet.

De enige die niet gelukkig was en die bitter klaagde was Betsie de kat. Ze moest aan de lijn.

## Hul eie hotel

Drie weke later is die Koper Lyster Hotel weer oopgemaak.

Tom was die nuwe eienaar. Hy het nou al die papiere gehad wat nodig was, hy hoef vir niemand meer bang te wees nie, en so het sy woedebuie ook verdwyn.

'Alles het reggekom, danksy die burgemeester van Kokkelburg,' sê hy.

'Nee,' sê Ottie. 'Danksy die voëls.'

Voëls was daar genoeg in die yslike tuin van die hotel. Allerhande soorte lysters en vinke en mese, hulle was almal bly dat Tom en Ottie teruggekom het en hulle het die hele dag gesing en gefluit en gekwetter.

Kwark het daar naby in die bos gewoon en Toep die mossie het dikwels in die eetkamer ingevlieg en langs Ottie se bord gaan sit. Af en toe het hy 'n papier saamgebring. Hy het al so gewoond geraak daaraan om in mense se huise in te vlieg en papiere saam te neem. Dit was nogal lastig, want behalwe banknote het hy partykeer belangrike papiere saamgebring wat hy in een of ander deftige huis gegaps het. Eén keer het hy glad die buurman se rybewys gebring.

'Jy sal dit regtig moet afleer, Toep,' sê Ottie toe. 'Ek moet dit alles terugvat, en dit maak my baie vies.'

Lodewyk en Susie het hulle eie muisfamilie weer op die solder gekry: Tant Melia en al die niggies en neefs. Susie was dolgelukkig dat sy weer by die huis was en om te bewys hóé gelukkig sy was, kry sy toe ses kinder-tjies gelyk in die ou bekende muismandjie. 'Daar het jy dit nou,' sê sy snipperig vir Lodewyk. 'As jy nou die wye wêreld wil ingaan, dan gaan jy maar.'

'Dit gaan ek beslis doen,' sê Lodewyk. Maar hy het nie gegaan nie.*

Die enigste een wat nie gelukkig was nie en wat bitterlik gekla het, was Betsie die kat. Sy moes vasgemaak word.

'Met zoveel vogels en zoveel muizen in huis kunnen we eigenlijk geen kat hebben,' zei Tos. 'Voorlopig moet Betsie maar opgesloten worden en, als ze buiten komt, dan aan de lijn.'

Het ging uitstekend met het hotel. Het werd langzamerhand beroemd om het lekkere eten en vooral om de brandnetelsoep die Tos zo goed kon maken.

Meneer Pijpetoon kwam eenmaal per week eten. En op een dag kwam de schrijver Marius Mengel. Hij had een poedeltje bij zich.

'Dat is Heppie!' riep Otje. 'Maar Heppie was toch uw hondje niet.'

'Nu wel,' zei de schrijver. 'Ik heb hem van mevrouw Bontebaai overgenomen omdat zij zo vaak op reis moest. Nu heeft hij het veel prettiger, nietwaar Heppie ?'

'Ik mag een keer in de week kippen opjagen,' zei Heppie met glinsterende ogen.

Op een keer kwam juffrouw Twiddel van het eethuis De Stevige Pot op visite. Ze kwam de beroemde brandnetelsoep van Tos proeven en ze vroeg om het recept.

'We hebben toch zoveel plezier gehad van de spiegeltjes,' zeiden Tos en Otje. 'De malkanderspiegeltjes. We zijn een tijdlang ver van elkaar af geweest en we konden elkaar toch zien. Wilt u ze misschien terug hebben ? We zijn immers nu weer bij elkaar.'

'Nee,' zei juffrouw Twiddel. 'Ik heb ze niet nodig, ik ben maar alleen. Hou ze maar. Je weet immers nooit of Otje niet eens een keer uit logeren gaat. Maar wat zie ik daar? Een poes aan een lijn? Wie houdt er nou een poes aan de lijn?'

'Tja,' zei Tos, ''t is gek maar het zit zo: we hebben namelijk nogal wat muizen.'

'Toch eerder een reden om de kat los te laten zou ik zeggen,' zei juffrouw Twiddel.

'In dit geval niet,' zei Tos. 'We zijn met onze eigen muizen erg bevriend.'

'Met soveel voëls en soveel muise in die huis kan ons eintlik nie 'n kat aanhou nie,' sê Tom. 'Voorlopig moet Betsie maar opgesluit word en, ás sy buite kom, dan moet sy 'n leiband aanhê.'

Dit het baie goed gegaan met die hotel. Langsamerhand het hulle beroemd geword vir hulle lekker kos en veral vir die brandnetelsop wat Tom so lekker gekook het.

Meneer Pypedans het eenmaal in 'n week kom eet. En op 'n dag kom die skrywer Marius Mengel, met 'n poedeltjie by hom.

'Dis Happy!' roep Ottie uit. 'Maar Happy is mos nie u hond nie.'

'Hy is nou,' sê die skrywer. 'Ek het hom oorgeneem by mevrou Pelsekleed omdat sy so dikwels moes weggaan. Nou is dit vir hom baie lekkerder, nie waar nie, Happy?'

'Ek mag eenmaal in 'n week hoenders jaag,' sê Happy met glinsterende oë.

Op 'n keer word hulle besoek deur juffrou Twiddel van die eetplekkie Die Stewige Pot. Sy het gekom om Tom se beroemde brandnetelsop te proe en toe wou sy die resep hê.

'Ons het die spieëltjies tog so geniet,' sê Tom en Ottie. 'Die oor-en-weer-spieëltjies. Ons was 'n ruk lank ver van mekaar af en ons kon mekaar tog sien. Wil u hulle miskien terughê? Ons is mos nou weer by mekaar.'

'Nee,' sê juffrou Twiddel. 'Ek het hulle nie nodig nie, ek is maar net een mens. Hou hulle maar. Jy weet nooit of Ottie dalk 'n keer gaan kuier nie. Maar wat sien ek daar? 'n Kat aan 'n leiband? Wie hou nou 'n kat aan 'n leiband?"

'Tja,' sê Tom, 'dis snaaks, maar die ding is dit: ons het nogal heelwat muise.'

'Maar dis eerder 'n rede om die kat los te laat, sou ek sê,' sê juffrou Twiddel.

'Nie in hierdie geval nie,'sê Tom. 'Ons is baie goed bevriend met ons eie muise.'

'En ze mag ook niet op de vogels in de tuin jagen,' zei Otje. 'Maar 't is wel zielig voor Betsie.'

'En sy mag ook nie jag maak op die voëls in die tuin nie,' sê Ottie. 'Maar dis natuurlik nie lekker vir Betsie nie.'

'Mijn eigen kat is een poosje geleden overleden,' zei juffrouw Twiddel. 'En ik heb echt een kat nodig omdat ik muizen heb. Zou ik deze mogen hebben?'

'My eie kat is 'n rukkie gelede oorlede,' sê juffrou Twiddel. 'En ek het regtig 'n kat nodig, want ek het muise. Kan ek dalk hierdie een kry?'

'We zullen het haar vragen,' zei Otje. Ze liep op Betsie toe.

'Ons sal vir haar vra,' sê Ottie. Sy loop na Betsie toe.

'Luister eens,' zei ze. 'Juffrouw Twiddel van het eethuis in de stad wil je meenemen. Wil je dat?'

'Hoor hierso,' sê sy. 'Juffrou Twiddel van die eetplekkie in die stad wil jou saamneem. Wil jy gaan?'

'Mag ik daar dan los?' vroeg Betsie. 'Hoef ik dan niet meer aan de lijn?'

'Sal ek daar dan los mag rondloop?' vra Betsie. 'Hoef ek dan nie meer aan 'n leiband te loop nie?'

'Nee, dan mag je los.'

'Nee, daar sal jy los kan loop.'

'Mag ik daar dan op muizen jagen?'

'Mag ek daar jag maak op muise?'

'Ik geloof zelfs dat je daar op muizen moet jagen,' zei Otje.

'Ek dink jy sal daar móét jag maak op muise,' sê Ottie.

'Dan ga ik graag met haar mee,' zei Betsie.

'Dan sal ek graag met haar saamgaan,' sê Betsie.

En zo vertrok Betsie die middag, in een mandje achter op de fiets van juffrouw Twiddel.

En so vertrek Betsie toe die middag, in 'n mandjie agter op juffrou Twiddel se fiets.

'Otje m'n kind,' zei Tos. 'Wat zijn we gelukkig. Alles is nu zoals het moet zijn. Binnenkort ga je naar school, zoals alle andere kinderen maar help me nu nog even in de keuken, er komen straks gasten.'

'Ottie my kind,' sê Tom. 'Ons is darem gelukkig. Alles is nou soos dit moet wees. Binnekort gaan jy skool toe, soos al die ander kinders, maar help my nou nog gou 'n bietjie in die kombuis. Daar kom nou-nou mense.'

Toen ze samen aardappelen zaten te schillen, zei Tos: 'Toch is het misschien dom dat we de kat hebben meegegeven.'

Toe hulle saam sit en aartappels skil, sê Tom: 'Dalk is dit tog dom dat ons die kat weggegee het.'

'Hoezo pappa?'

'Hoeso Pappa?'

'Wel,' zei Tos. 'Een muizenfamilie die zo aangroeit... zoveel muizen in een hotel... dat is natuurlijk niet zo best.'

'Wel,' sê Tom. ''n Muisfamilie wat so vermeerder ... so baie muise in 'n hotel ... dit is natuurlik nie so 'n goeie ding nie.'

Otje werd vuurrood. Ze stond op en riep: 'Wou je een kat op onze muizen afsturen ?'

Ottie word vuurrooi. Sy staan op en roep uit: 'Wil jy dan 'n kat op ons muise sit?'

'Ssst... bedaar een beetje,' zei Tos. 'Ik zeg alleen maar als er steeds meer en meer muizen komen dan zouden we toch weer een kat moeten...'

'Bah! Wat afschuwelijk!' schreeuwde Otje en ze smeet de bak met schillen dwars door de keuken.

'Otje m'n kind,' zei Tos verbaasd. 'Ik geloof... ik geloof...'

'Wat geloof je?' vroeg Otje nog steeds woedend.

'Ik geloof dat je mijn aard hebt geerfd.'

Nu ging Otje zitten. 'Hoe bedoel je, pappa?'

'Driftbuien,' zei Tos. 'Ik heb ze gelukkig niet zo vaak meer, maar nu begin jij.'

Otje keek hem onthutst aan.

'Zou het heus?' vroeg ze.

'We moeten er maar eens op letten,' zei Tos. 'En als een van ons driftig wordt dan moet de ander...' Hij keek om zich heen en pakte een van de vlaggetjes die op de tafels stonden, vlaggetjes van het hotel, '. . . dan zwaait de ander met zo'n vlaggetje,' zei hij. 'Afgesproken?'

'Afgesproken,' zei Otje.

'Sjjuut ... bedaar nou,' sê Tom. 'Ek sê maar net ás daar meer en meer muise kom, dan sou ons tog weer 'n kat moet ...'

'Sies! Hoe afskuwelik!' skreeu Ottie en sy smyt die bak met skille dat dit so trek deur die kombuis.

Ottie my kind,' sê Tom verbaas. 'Ek dink... ek dink...'

'Wat dink jy?' vra Ottie nog steeds woedend.

'Ek dink jy het my geaardheid geërf.'

Toe gaan Ottie sit. 'Hoe bedoel jy, Pappa?'

'Woedebuie,' sê Tom. 'Ek kry dit gelukkig nie meer so dikwels nie, maar nou begin jy.'

Ottie kyk hom onthuts aan.

'Kan dit regtig wees?' vra sy.

'Ons moet dit maar 'n bietjie dophou,' sê Tom. 'En as een van ons kwaad word, dan moet die ander een...' Hy kyk rond en vat dan een van die vlaggies wat op die tafels staan, vlaggies van die hotel, '...dan swaai die ander een so 'n vlaggie,' sê hy. 'Is dit afgespreek?'

'Afgespreek,' sê Ottie.